

DIE PERSOONLIKHEID VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOE  
AAN DIE HAND VAN DIE ANALITIESE SIELKUNDE VAN SZONDI

*deur*

PIETER FRANCOIS ERASMUS

*Proefskrif ingedien ter nakoming van die vereistes vir die graad*

*D. Phil.*

*in die Departement Sielkunde aan die*

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

*vir*

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

*Promotor: Prof. Dr. T.A. Van Dyk*

*Hulppromotor: Prof. Dr. J.H. Coetzee*

POTCHEFSTROOM

OKTOBER 1971

*Aan my vrou, Glauda, sonder wie se voortdurende  
hulp, bystand en aarmoediging hierdie proefskrif  
nooit moontlik sou gewees het nie.*

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk	Opskrif	Bladsy
	VOORWOORD	<i>xii</i>
1	PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK	1-85
1.1	Die begrip persoonlikheid	1
1.1.1	Inleiding	1
1.1.2	Die sosiologiese siening van persoonlikheid	1
1.1.3	Die biososiale siening van persoonlikheid	3
1.1.4	Die volkekundige siening van persoonlikheid	4
1.1.5	Die sielkundige siening van persoonlikheid	11
1.2	Probleemstelling en doel van die ondersoek	16
1.2.1	Probleemstelling	16
1.2.2	Die doel van die ondersoek	18
1.2.3	Die problematiese in Szondi se standpunt	18
1.3	Die rol van oorerwing en omgewing in persoonlikheidsvorming	18
1.3.1	Algemeen	18
1.3.2	Eksperimente in verband met erflikheid uitgevoer met diere	19
1.3.3	Die erflikheid/omgewingsdilemma en menslike intelligensie	22
1.3.4	Die erflikheids/omgewingsdilemma en menslike gedrag	32
1.4	Die begrippe ras, volk en kultuur	48
1.4.1	Ras	48
1.4.2	Volk	52
1.4.3	Kultuur	55
1.5	Die benadering van Szondi tot die persoonlikheid met spesiale verwysing na die familiale onderbewuste	59
1.5.1	Inleiding	59
1.5.2	Die psigo-analise van Freud in aansluiting by die uitgangspunt van Szondi	61
1.5.3	Die Analitiese Sielkunde van Jung in aansluiting by die uitgangspunt van Szondi	61

Hoofstuk	Opskrif	Bladsy
1.5.4	<i>Die familiële onderbawuste</i>	63
	(a) <i>Algemeen</i>	63
	(b) <i>Die vier beginsels van die Schicksal- analise</i>	64
	(c) <i>'n Hoofklassifikasie van 'n universele drangstruktuur</i>	68
	(d) <i>Die drie tale van die onderbawuste</i>	72
1.6	<i>Die begrip Bantoe persoonlikheid</i>	74
1.6.1	<i>Inleiding</i>	74
1.6.2	<i>Bestaan daar 'n Bantoe persoonlikheid?</i>	75
1.6.3	<i>Metodes in die bestudering van Bantoe- persoonlikheid</i>	77
1.6.4	<i>Ander ondersoeke met betrekking tot die Bantoe</i>	81
1.7	<i>Samevatting</i>	83
2	<i>DIE METODE VAN DIE ONDERSOEK</i>	86-139
2.1	<i>Inleiding</i>	86
2.2	<i>Die velêwerk</i>	86
2.2.1	<i>Die proefpersone</i>	86
2.2.2	<i>Die wyse waarop die velêwerk onderneem is</i>	88
2.2.3	<i>Die toetsleiers</i>	90
2.3	<i>Die Sxondi-toets</i>	93
2.3.1	<i>Beskrywing</i>	93
	(a) <i>Algemeen</i>	93
	(b) <i>Rasionaal</i>	94
	(c) <i>Die aard van die metode</i>	94
	(d) <i>Samestelling van die toetsmateriaal</i>	94
	(e) <i>Klassifikasie en interpretasie van die keuse-reaksies</i>	95
	(f) <i>Faktor-ontleding</i>	97
	(g) <i>Vektor-ontleding</i>	98
	(h) <i>Drangformules</i>	107
	(i) <i>Drangklasse</i>	111
	(j) <i>Dur-Mollberekening</i>	120

Hoofstuk	Opskrif	Bladsy
2.3.2	Aantal toetsafnames	121
2.3.3	Betroubaarheid	122
2.3.4	Geldigheid	126
	(a) Inleiding	126
	(b) Ondersoeke na die stimuluswaarde van die Szondi-toets	126
	(c) Slotsom	134
2.4	Verwerking van resultate	135
2.4.1	Algemeen	135
2.4.2	Statistiese en ander tegnieke van die ondersoek	135
2.5	Uiteensetting van die resultate	138
2.5.1	Algemeen	138
2.5.2	Die aanbieding van toetsgegevens vir die drie normgroepe	138
2.5.3	Die drangdiagnostiese vergelyking van Bantoe mans- en vrouegroepe	138
2.5.4	Die drangdiagnostiese vergelyking van die Szondi-beelde van Zoeloe-, Sotho-, Venda- en Tsongaproefpersone	139
2.5.5	Statistiese beduidenheid van verskille in faktoriale frekwensies tussen geslags- en etniese groepe	139
2.5.6	Verklarende beskouings	139
		139
3	DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK	140-221
3.1	Inleiding	140
3.2	Die aanbieding van die toetsgegevens vir die drie normgroepe	140
3.2.1	'n Vergelyking van die S vektorreaksies van Szondi, Roos en Erasmus	140
	(a) Bevindinge	142
	(b) Hipoteses	142
3.2.2	'n Vergelyking van die P vektorreaksies van die drie groepe onder bespreking	144
	(a) Bevindinge	145
	(b) Hipoteses	145

Hoofstuk	Opskrif	Bladsy
3.2.3	'n Vergelyking van die <i>Sch</i> (ego) vektorreaksies	147
	(a) Bevindinge	149
	(b) Hipoteses	149
3.2.4	'n Vergelyking van die <i>C</i> vektorreaksies van die drie groepe onder bespreking	151
	(a) Bevindinge	153
	(b) Hipoteses	153
3.3	Ontleding van die bevolkingsprofile van die twee Blanke normgroepe van Szondi en Roos	155
3.3.1	Bevindinge	156
3.3.2	Hipoteses	157
3.4	'n Drangdiagnostiese vergelyking van manlike en vroulike Szondi-beelde by die Suid-Afrikaanse Bantoe	162
3.4.1	'n Vergelyking van die vektoriale reaksies van manlike en vroulike Bantoeproefpersone	162
3.4.2	'n Vergelyking van die bevolkingsprofile van manlike en vroulike Bantoeproefpersone	165
	(a) Bevindinge	168
	(b) Hipoteses	168
3.5	'n Drangdiagnostiese vergelyking van die Szondi-beelde van Zoeloe-, Sotho-, Venda- en Tsongaproefpersone	168
3.5.1	'n Vergelyking van die <i>S</i> vektorreaksies van die vier etniese groepe	168
	(a) Bevindinge	171
	(b) Hipoteses	171
3.5.2	'n Vergelyking van die <i>P</i> vektorreaksies van die vier etniese groepe	172
	(a) Bevindinge	172
	(b) Hipoteses	174
3.5.3	'n Vergelyking van die <i>Sch</i> vektorreaksies van die vier etniese groepe	174
	(a) Bevindinge	177
	(b) Hipoteses	177

Hoofstuk	Opskrif	Bladsy
3.5.4	'n Vergelyking van die C vektorreaksies van die vier etniese groepe.	177
	(a) Bevindinge	180
	(b) Hipoteses	180
3.6	Ontleding van die bevolkingsprofiel van die Zoeloe-, Sotho-, Venda- en Tsongagroep	181
3.6.1	Bevindinge	186
3.6.2	Hipoteses	186
3.7	Beduidenheid van verskille in faktoriale frekwensies tussen geslags- en etniese groepe	187
3.8	'n Verklarende beskouing van die resultate van die normstudie - 'n evaluerende vergelyking van die Bantoe- en Blanke normgroepe	189
3.8.1	'n Verklarende bespreking van die vergelyking tussen die S vektorreaksies van Sondi, Roos en Erasmus	189
3.8.2	'n Verklarende bespreking van die vergelyking tussen die P vektorreaksies van Sondi, Roos en Erasmus	193
3.8.3	'n Verklarende bespreking van die vergelyking tussen die Sch vektorreaksies van Sondi, Roos en Erasmus	205
3.8.4	'n Verklarende bespreking van die vergelyking tussen die C vektorreaksies van Sondi, Roos en Erasmus	207
3.8.5	'n Verklarende bespreking van die bevolkingsprofiel van die normgroepe van Sondi, Roos en Erasmus	209
3.9	'n Verklarende beskouing van die resultate van die ondersoek met Zoeloe-, Sotho-, Venda- en Tsongaproefpersone	212
3.9.1	'n Verklarende beskouing van die S vektorreaksies by die vier etniese groepe	212
3.9.2	'n Verklarende bespreking van die P vektorreaksies by die vier etniese groepe	215
3.9.3	'n Verklarende bespreking van die Sch vektorreaksies by die vier etniese groepe	215

Hoofstuk	Opskrif	Bladsy
3.9.4	'n Verklarende bespreking van die C vektor-reaksies by die vier etniese groepe	216
3.9.5	'n Verklarende bespreking van die bevolkingsprofiel van die vier etniese groepe	217
4	SAMEVATTING EN SLOTSOM	222-233
4.1	Inleiding	222
4.2	Waardering van die Szondi-teorie en -toets	222
4.3	'n Integrasie van die persoonlikheidsbeelde van die Bantoe aan die hand van die huidige eksperiment	226
4.3.1	Die seksvektor	225
4.3.2	Die paroksismale vektor	226
4.3.3	Die egovektor	229
4.3.4	Die sirkulêre vektor	230
4.4	'n Integrerende beskouing	231
4.5	Behoeftes aan verdere navorsing	232
BYLAE A -	OORSPRONKLIKE TELLING VAN DIE BEVOLKING OP DIE SZONDITOETS	235
BYLAE B -	OORSPRONKLIKE TELLING VAN DIE MANLIKE PROEF-PERSONE OP DIE SZONDITOETS	236
BYLAE C -	OORSPRONKLIKE TELLING VAN DIE VROULIKE PROEF-PERSONE OP DIE SZONDITOETS	237
BYLAE D -	OORSPRONKLIKE TELLING VAN ZOELOEPROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS	238
BYLAE E -	OORSPRONKLIKE TELLING VAN SOTHOPROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS	239
BYLAE F -	OORSPRONKLIKE TELLING VAN VENDAPROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS	240
BYLAE G -	OORSPRONKLIKE TELLING VAN TSONGAPROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS	241
BIBLIOGRAFIE		242
I Gepubliseerde werke		242
A. Boeke		242
B. Tydskrifartikels		242

II	<i>Ongepubliceerde bronne</i>	260
A.	<i>Verhandelings en proefskrifte</i>	260
B.	<i>Verslae</i>	261

## TABELLE

Nr.	Opskrif	Bladsy
2.1	ALGEMENE GEGEWENS MET BETREKKING TOT DIE PROEFPERSONE	87
2.2	GEKOMBINEERDE TELLING-, VERSPREIDINGS- EN PROFIELBLAD	91
2.3	MOONTLIKE VEKTOR-KONSTELLASIES TEN OPSIGTE VAN DIE SEKS OF "S" VEKTOR	99
2.4	MOONTLIKE KONSTELLASIES VAN DIE PAROKSISMALE OF "P" VEKTOR	101
2.5	MOONTLIKE KONSTELLASIE VAN DIE EGO- OF "SCH" VEKTOR	103
2.6	MOONTLIKE KONSTELLASIES VAN DIE KONTAK- OF "C" VEKTOR	105
2.7	SAMESTELLING VAN DIE SZONDI-PROFIEL	108
2.8	TABELLÈRE WEERGAWE VAN DIE NIE-EKWIVALENTE DRANGKLASSE	113
2.9	DUR-MOLLKATEGORIEË	120
2.10	DIE DUR-MOLLBEREKENINGS VIR DIE GEVAL UITEENGESIT IN TABEL 2.7	120
3.1	VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE S VEKTOR- REAKSIES BY SZONDI, ROOS EN ERASMUS	141
3.2	VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE P VEKTOR- REAKSIES BY SZONDI, ROOS EN ERASMUS	144
3.3	VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE SCH OF EGO- VEKTORREAKSIES BY SZONDI, ROOS EN ERASMUS	148
3.4	VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE C OF SIRKULÈRE VEKTORREAKSIES BY SZONDI, ROOS EN ERASMUS	152

Nr.	Opskrif	Bladsy
3.5	BEVOLKINGSPROFIEL VIR 500 SUID-AFRIKAANSE BANTOEPROEF-PERSONE	155
3.6	VERGELYKING VAN DIE FREKWENSIES VAN DIE VIER VEKTOR-REAKSIES BY MANS- EN VROUEPROEFPERSONE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOE	163
3.7	VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE VIER VEKTOR-REAKSIES BY MANS- EN VROUEPROEFPERSONE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOE	164
3.8	GROEPSPROFIEL VIR 300 SUID-AFRIKAANSE BANTOEMANS	166
3.9	GROEPSPROFIEL VIR 200 SUID-AFRIKAANSE BANTOEVROUE	167
3.10	VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE S VEKTOR-REAKSIES BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE	169
3.11	VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE S VEKTOR-REAKSIES BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGA-PROEFPERSONE	170
3.12	VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE P VEKTOR-REAKSIES BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE	172
3.13	VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE P VEKTOR-REAKSIES BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE	173
3.14	VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE SCH VEKTOR-REAKSIES BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE	175
3.15	VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE SCH VEKTOR-REAKSIES BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE	176
3.16	VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE C VEKTOR-REAKSIES BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE	178

Nr.	Opskryf	Bladsy
3.17	VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE C VEKTOR- REAKSIËS BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGPROEFFERSONE	179
3.18	GROEPSPROFIEL VAN 200 ZOELOEPROEFFERSONE	182
3.19	GROEPSPROFIEL VAN 200 SOTHOPROEFFERSONE	183
3.20	GROEPSPROFIEL VAN 50 VENDAPROEFFERSONE	184
3.21	GROEPSPROFIEL VAN 50 TSONGAPROEFFERSONE	185
3.22	DIE BEDUIDENHEID VAN VERSKILLE IN FAKTORIALE FREKWENSIES TUSSEN GESLAGS- EN ETNIESE GROEPE	188

## VOORWOORD

1. Hierdie proefskrif het sy vorm en gestalte aangeneem onder die leiding van Proff. T.A. Van Dyk en J.H. Coetzee van die P.U. vir C.H.O. Genoemde here was streng, maar daarmee saam positief, doelgerig en simpatiek in hul leiding. Vir hierdie bekwame bystand, wat dikwels veel van my genoemde promotors in tyd en geduld geverg het, spreek ek my opregte dank uit.
2. Sentiment gaan gepaard met 'n subjektiwiteit wat in die wetenskaplike besinning nie geduld kan word nie, maar bly nogtans 'n menslike swakheid waaraan ek hier nie in gebreke kan bly om my skuldig te maak nie. By die afhandeling van hierdie werk dink ek met heimwee terug aan 'n kollega en vriend, wyle dr. J.G. Roos, in Lowe Dosent in die Sielkunde, deur wie ek die eerste maal met die Sielkunde van Szondi kennis gemaak het om uiteindelik in dié mate waarvan hierdie proefskrif getuig, in hierdie prosedure belang te stel.
3. Ek erken met dankbaarheid die aarmoediging en ruime finansiële bydrae wat my moeder tot my doktorsale studie gelewer het. As die afhandeling van hierdie proefskrif vir haar op haar gevorderde leeftyd blydskap sou meebring, was die werk hieraan verbonde ook al reeds veel meer as die moeite werd.
4. Mnr. M.J. Du Plessis en J. Richardson het 'n groot bydrae gelewer deur ondersoeker met die veldwerk by te staan. Hiervoor betuig ek my opregte dank.
5. Mnr. A. Van der Spuy van Piet Retief, wat vir die taalkundige versorging van die proefskrif verantwoordelik was, het hierdie belangrike taak met toewyding onder die moeilike druk van ander pligte vervul. Ook hiervoor wil ek opreg 'n woord van dank betuig.

6. *Die tikwerk, die druk en finale versorging hiervan, is op bekwame wyse deur President Litho van Pretoria onderneem. Hiervoor baie dankie aan mnr. J. Pieterse en die dames wat met 'n finale datum net om die draai, soveel vermag het.*
  
7. *Aan die 500 Bantoeoproefpersone, versprei oor 'n groot deel van die land, wat bereid was om hulle aan die toetsing vir hierdie ondersoek te onderwerp, wil ek ook opreg dankie sê.*
  
8. *Ten slotte word dié Leiding waarsonder selfs die nietigste van die mens se werke nie moontlik sou wees nie, met nederige dankbaarheid erken.*

*Die Skrywer*

*Piet Retief*

*4 Oktober 1971*

## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

#### 1.1 DIE BEGRIP PERSOONLIKHEID

##### 1.1.1 Inleiding

- (a) In die huidige ondersoek val die klem hoofsaaklik op die sielkundige bestudering van persoonlikheid. Dit is daarom noodsaaklik om vooraf aandag te gee aan die begrip persoonlikheid, soos dit in die bestaande literatuur beskryf word.
- (b) Allport (1955, bl. 24-54) bespreek die begrip persoonlikheid omvattend. Hy wys daarop dat daar nie alleen uiteenlopende benaderings binne die Sielkunde self omtrent die werklike betekenis hiervan bestaan nie, maar dat elke geesteswetenskap wat ten opsigte van persoonlikheid besin, dit vanuit 'n ander gesigspunt doen.
- (c) Benewens die sielkundige betekenis van persoonlikheid, verkry hierdie begrip ook nog biososiale, juridiese, filosofiese en ander betekenis. Waar die huidige ondersoek persoonlikheid in sy rasse-, kulturele en individuele verband wil bestudeer, is dit nodig om vooraf kennis te neem van die sosiologiese, biososiale, volkekundige en sielkundige sienings van persoonlikheid.

##### 1.1.2 Die sosiologiese siening van persoonlikheid

- (a) Vir Roucek en Warren (1961, bl. 37) is persoonlikheid gesien vanuit die sosiologiese oogpunt,  
"....the organization of biological, psychological, and sociological factors which underlie the individual's behavior."  
Dit is die organisasie van die individu se gedrag soos dit uit die wisselwerking met ander persone ontwikkel het. Die sosioloog is volgens hulle alleen in gedrag gefinteresseerd soos dit binne die sosiale orde vorm aanneem. Daarin sou die wesenlike verskil tussen die sosiologiese en sielkundige benaderings dan ook gevind kon word. Eersgenoemde laat die klem hoofsaaklik op die sosiale orde self val, terwyl die sielkundige juis op sy beurt weer in die individu self binne sy bepaalde gemeenskapsverband belang stel.

(b) 'n Mens sou bogenoemde argument in 'n vergelykende evaluasie van die Sielkunde en die Sosiologie se onderskeie terreine, nog verder kon voer. Waar die Sosiologie hom veral bemoei met die samestelling en meganisme van die gemeenskap, vra die sielkundige homself af wat die gesteldheid van elk van hierdie onderdele in die samestelling, individueel beskou, is. Die vraag ontstaan nou: hoe na aan mekaar beweeg die Sosiologie en die Sielkunde inderdaad?

Sorokin (1928, bl. 600) vergelyk die sosiologiese rigting en die psigologiese rigting binne die Sosiologie met mekaar.

'n Mens sou dit volgens hom kon vergelyk met die verskille tussen Demokrate en Republikeine in die Amerikaanse politieke lewe. Elk van die partye is, individueel gesien, beide deels republikeins en deels demokraties gesind, sodat oormenging inderdaad wye afmetings aanneem. Tog is daar verskille tussen die partye wat aanleiding gee tot hul afsonderlike bestaan. Dieselfde geld ten opsigte van die sosiologiese en psigologiese skole binne die Sosiologie. Waar eersgenoemde by die sosiale toestande begin ten einde fisiese verskynsels in die gemeenskap te verklaar, begin laasgenoemde by die individu op soek na dieselfde fisiese verskynsels. In teorie is dit wat wel beoog word, maar in die praktyk vind ons dat sosioloë uit beide skole inderdaad 'n goue middeweg volg, sodat beide in die praktyk skuldig is aan wedersydse ontlening.

(c) Volgens Morgan (1961, bl. 690) bestudeer die Sosiale Sielkunde veral houdings, gelowe en ander sielkundige faktore in groepsgedrag. Klineberg (1954, bl. 3) beklemtoon egter dat die Sosiale Sielkunde steeds in individuele gedrag belang stel, maar wel soos dit deur die gedrag van ander individue beïnvloed word. Allport (1959, bl. 3) sê dat die sosiale sielkundige die sosiale omgewing van die individu met die oog op 'n beter begrip van die individu in sy omgewingsverband bestudeer. Vir Sargent en Williamson (1950, bl. 3) is dit die bestudering van individue in hul groepsverband.

Hulle sê:

"It focuses in the individual's behavior, as it affects, and is affected by, the behavior of others."

(d) Uit voorafgaande blyk dit duidelik dat die Sosiologie en

*Sielkunde die naaste aanmekaar sal beweeg, enersyds vanuit die psigologiese benadering in die Sosiologie en, andersyds, vanuit die sosiale benadering in die Sielkunde. Aan die wesenlike verskil tussen die Sosiologie en die Sielkunde, naamlik dat eersgenoemde in die individu om doeleindes van gemeenskapstudie en laasgenoemde (in die gemeenskap) om doeleindes van individuele studie belang stel, hou hierdie vertakkings binne hul eie breëre dissiplinêre verwantskap, getrou. Die Psigologiese Sosiologie stel in die individu belang ten einde fisiese verskynsels in die gemeenskapslewe langs hierdie weg te verklaar, terwyl die Sosiale Sielkunde op sy beurt in hierdie verskynsels belang stel ten einde 'n beter begrip van die individu se gedrag in sy gemeenskapsverband te vorm. Die hoofsaak van die Psigologiese Sosiologie bly dan steeds die bestudering van fisiese verskynsels in die gemeenskapslewe, sodat hy getrou hou aan die breëre taak wat per definisie aan die Sosiologie gestel word, terwyl die Sosiale Sielkunde in sy bestudering van hierdie fisiese verskynsels weer getrou hou aan die taak van die breëre Sielkunde om die gedrag van die individu te bestudeer.*

### 1.1.3 Die biososiale siening van persoonlikheid

- (a) *Vir Sorokin (1928, bl. 357-358) kan die ontstaan van die biososiale denkwysie met reg teruggevoer word na die Bybelse woorde "Wees vrugbaar en vermeerder." Die onderliggende gedagte is dat die mens sowel 'n biologiese as sosiale rol in die gemeenskap inneem. Na sy mening is hierdie gedagte ook reeds deur Confucius, Mencius, Plato, Aristoteles, Polibius, Luther, Justus, Bruckner, Rousseau, Hume, Price, Ortes en vele andere gepropageer.*
- (b) *Hall en Lindzey (1957, bl. 503) toon aan dat die biososiale uitgangspunt sterk in die beginsels van die moderne Sielkunde gewortel is. Dit is volgens hulle dan ook inderdaad 'n sielkundige uitgangspunt. Vir hulle sien Murphy in sy biososiale uitgangspunt die mens as 'n wese wat benewens biologiese organisme, ook nog binne 'n materiële en sosiale omgewing funksioneer.*

Murphy voer juis aan dat die mens 'n geslote veld binne 'n groter omgewing is en dat daar voortdurende wisselwerking tussen hierdie twee velde bestaan. So is die mens volgens hierdie skrywers dan vir Murphy inderdaad 'n reaktor van inkomende en uitgaande energie.

- (c) Allport (1955, bl. 41) beweer dat die volgende definisie van May die biososiale uitgangspunt volkome omskryf:

"It (persoonlikheid) is the responses made by others to the individual as a stimulus that define his personality."

Verder beweer biososioloë volgens Allport dat menslike persoonlikheid alleen in sy gedrag teenoor andere geopenbaar word. Kortliks impliseer dit dat persoonlikheid alleenlik betekenis kry in gedrag teenoor andere. Daar moet iemand wees om persoonlikheid te kan waarneem alvorens dit bestaan. Die bewering is egter vergesog, aangesien dit sou beteken dat alle gedrag wat sonder waarneming geskied, inderdaad nie persoonlikheidsgebonde is of betekenis ten opsigte van persoonlikheid het nie. Verder, sê Allport, sou dit selfs kon beteken dat 'n vis, 'n boom of 'n ster persoonlikheid kan hê, mits daar iemand is om dit waar te neem en te beoordeel.

- (d) Vir Hall en Lindsey (1957, bl. 535) is Murphy se biososiale siening van persoonlikheid in werklikheid slegs 'n uitgangspunt en geen teorie nie. Buitendien sluit Murphy se beskouinge in hierdie verband volgens hulle nou aan by die veldteorieë in die Sielkunde.

- (e) Die werklike waarde van Murphy se biososiale uitgangspunt lê moontlik juis daarin dat hy met sy beklemtoning van die biologiese faktor in gedrag, die suiwer en soms miskien oordrewe environmentalistiese uitgangspunt in die Sielkunde opnuut tot besinning roep. Soos Josey (1964, bl. 104) dit stel, doen juis die individu self veel om sy omgewing te slyp en sy erflikheid is 'n belangrike determinant wat sal bepaal hoe hy dit doen.

#### 1.1.4 Die volkekundige siening van persoonlikheid

- (a) Coertze (1960, bl. 11) baken die studieveld van die Volkekunde soos volg af:

"Die Volkekunde bestudeer .... mense soos hulle in volksverbande leef, en die kultuur van mense, soos dit in 'n skeppings- en groeiproses saam met volke tot stand gekom het ..."

- (b) Hierdie vakgebied word op sy beurt deur Mühlmann (1968, bl.13), soos volg saamgevat:

"Die antropologiese Wetenskap is uit die Kuriostäts-Interesse aan verre en afgeleë Lande en hulle ander-argtige Mense ontstaan. Aan hierdie eksotiese Nuwigheid ontbindet hulle die Vrae na die Woer van die Mensgeslag, na die Oorspronge en Aanvange van die menselike Kultuur, Sprake, Geselskap en Religie, en die Afsondering van die Mensheid in Rasse en Volke, hulle Ontwikkeling onder die Einwerking van innerelike Krake en onderlinge Beeinflussing."

Dit is dan volgens hom ook veral die afgelope eeu of wat dat die mens werklik besonder geïnteresseerd begin raak het in die algemene probleemstelling en die besondere metodiek wat vandag eie aan die Volkekunde is.

- (c) Dittmer (1962, bl.7-8) voer aan dat die moderne Volkekunde in steeds toenemende mate die vraag probeer beantwoord wat die mens is, watter geestelike en psigiese moontlikhede hom voortstu of as begrensing dien wat hom inderdaad inperk, veral gesien teen die agtergrond van sy bepaalde omgewing en die moontlikhede wat sy bepaalde kultuur hom tot volle ontplooiing van sy vermoëns bied.
- (d) Vir Benedict (1968, bl. 1) is Volkekunde die studie van mense as wesens in hul eie samelewingsverbande. Dit stel veral belang in daardie fisiese verskynsels en nywerheidstegniese, konvensies en waardes, ensovoorts, wat een gemeenskap van 'n ander onderskei in die sin dat dit 'n ander-soortige tradisie in vergelyking met alle ander gemeenskappe aanhang. Hierdie taak word egter volgens haar vervul met die uitsluitlike voorbehoud dat die Volkekunde in sy studie gemeenskappe anders as die Westerse beleweniswyse betrek.
- (e) Males (1964, bl. 3) definieer op sy beurt die studieveld van die Volkekunde soos volg:

"... there is no doubt that the description of human forms in their typological variations (morphological anthropology), the description of the variable mechanism of functions (physiological anthropology), and the description of race (raciology) and constitutional biotypes (biotypology), all form the indispensable base of our anthropological knowledge."

Vir hom verteenwoordig die bestudering van oorsaak en ge-

- volg van verskynsels en die formulering van volkekundige wette, die dinamiese deel van die antropologiese dissipline.
- (f) Die wisselwerking tussen gemeenskap en individu kan volgens Herskovitz (1958, bl.337) op drieërlei wyse bestudeer word, nl. deur kulturele waarneming, deur persoonlikheid op modale wyse deur middel van psigoanalitiese metodes te benader en deur sowel individu as kultuur te bestudeer in die toepassing van projeksietegnieke uit die Sielkunde.
- (g) Seward (1956, bl.11) toon aan dat dit Ruth Benedict was wat eerste aangetoon het dat gedrag relatief van aard is. So sou gedrag wat abnormaal in een gemeenskap is, heeltemal normaal kon wees in 'n ander gemeenskap, byvoorbeeld paranoidiese gedrag, wat in ons eie gemeenskap abnormaal geag word, is heeltemal aanvaarbaar en selfs aanprysenswaardig in die Kwakiutlgemeenskap. Benedict (1968, bl.166 - 167) benadruk dan ook self dat sielkundige norme nie vanuit 'n Blank-westerse agtergrond na ander kultuurgemeenskappe veralgemeen kan word nie.
- (h) Ook Mühlmann (1968, bl.170-172) bring die persoonlikheidsaspek in sy kultureel-antropologiese verband ter sprake. Dit is volgens hom veral die Durkheimskool in die Sielkunde wat skuldig was aan 'n oorbeklemtoning van die gemeenskap. Dit is vir hom Vierkandt wat perspektief herwin deur vroeg reeds op die noodsaaklikheid van 'n bestudering van die individu binne die geledere van die sogenaamde natuurvolkere, te wys. Vervolgens toon hy aan dat die groot historikus, Meyer, in 1910 die geloof dat persoonlikheidsontwikkeling in natuurgemeenskappe geen noemenswaardige hoogtes bereik nie, kon verwerp. Dikwels is die klem in hierdie natuurgemeenskappe juis so sterk op individualiteit, dat persoonlikheidsontwikkeling van absolute belang is. Maar, erken Mühlmann self, dit was nog nie die laaste woord hieromtrent nie, want in 1929 nog sou Steinmetz die sogenaamde groepsiel vanuit 'n kollektivistiese standpunt bo die individu in die gemeenskap verhef. In die groep bestaan daar wel sanksies deurdat lede mekaar bewaak ten einde oortreding van groepswaardes te voorkom, maar vir Mühlmann is dit lank nog nie so anoniem-magtig soos Durkheim en Summer voorgee nie. Wat wel waar is, is dat 'n dwingende mag deur groepslede binne die groep aangevoel word en dat daar sodoende reëls en regulasies ontstaan, asook voorbeelde van gedrag wat deur

die Amerikaanse sosiologiese skool en Ellwood beskrywe word as die sogenaamde culture pattern en ideal pattern. Hierdie magte rus op die enkeling en ken juis aan hom verskillende rolle toe, al na gelang van die sosiale groepe waarin hy beweeg. Deur sanksies en inperking, taboes om elke hoek en draai, soos dit in die reël in die sibbehierargie in gebruik is, word persoonlikheidsontwikkeling dikwels sekondêr sterk beklemtoon. Vir Mühlmann is dit dan ook wat Jung met die persona bedoel het, nl. die masker wat die individu al na gelang van sy sosiale rol aanwend.

- (i) Mühlmann beklemtoon dus vanuit 'n kultureel-antropologiese oogpunt persoonlikheid as oorwegend kultureel bepaald en aangeleerd van aard. Dit is vir hom 'n subjektief geëvalueerde entiteit. Tereg sou 'n mens saam met Josey (1964, bl. 104) die vraag kon stel: "Who makes the environment?" Hy vervolg dan hierop: "When life came into existence on Earth it began at once to create an environment more conducive to its needs. Similarly when man came into existence he set to work to make an environment more congenial to his needs and desires."

Josey (1964, bl. 107) beklemtoon dat die environmentalistiese benadering van persoonlikheid dikwels polities geïnspireerd is en dat die verheffing daarvan tot uitsluitlike determinant in persoonlikheidsvorming en die bepaling van prestasie, eensyds by minderheidsgroepe die idee gelaat het dat die gemeenskap vir hul eie onvermoë te blameer is en, andersyds, weerhou dit hierdie mense van werklike ontwikkeling op 'n sinvolle wyse deur hul eie aard en afsonderlike behoeftes van aangebore aard te ontken en sodoende eiesoortige ontwikkeling te vertraag.

- (j) Hawkes (1960, bl. 3) dui aan dat die mens ná die skepping vir duisende jare in 'n relatief kultuurlose omgewing gestaan het. Gedurende hierdie kultuurlose periode, sou 'n mens volgens die uitgangspunt van Mühlmann soos hierbo uiteengesit, moes aanneem dat die prehistoriese mens geen persoonlikheid van enige aard gehad het nie, want daar was geen kultuur om sy persoonlikheid te ontwikkel nie. Daar was ook geen sosiale gemeenskappe waarin spesifieke sosiale rolle aan hom toegeken kon word nie. Tereg merk Allport (1961, bl. 68) dan ook op dat indien óf omgewing óf oorerwing in persoonlikheidsvorming zero sou wees, daar geen persoonlikheid sou bestaan of sou kon be-

staan nie; want, sê hy, omgewing sowel as oorerwing is bydraers tot die vorming van persoonlikheid in 'n mate tot nog toe onbekend aan ons. Die rol van oorerwing is kompleks en subtiel en hiervan begin ons nou eers iets leer. Dit sou egter geregverdig wees om te aanvaar dat in persoonlikheidsvorming een van hierdie komponente die vermenigvuldiger en die ander die gemene deler is.

(k) Josey (1964, bl. 104) sê ten opsigte van oorerwing en die individu:

".... the individual does a great deal to fashion his environment and ..... his heredity is an important determinant of how he fashions it."

Alhoewel Edison min bystand vanuit sy omgewing ontvang het, het hy sy omgewing deur sy ontdekkingswerk geplooi om sy behoeftes en aanleg van inherente aard meer te bevredig. Deur sy fisiese omgewing te manipuleer, het hy sy sosiale omgewing verander. Daarom, voer Josey (1964, bl. 106) aan, is die mens nie bloot produk van oorerwing en omgewing nie, maar produk van oorerwing, omgewing en sy eie pogings.

(l) Spuhler (1968, bl. 109) benadruk die feit dat die individu nie as 'n blote plastiese wese gebore word wat deur omgewing as enigste faktor tot persoonlikheidsweise geslyp word nie. In 'n bespreking van sielkundige toetsresultate en die kulturele hipotese, sê McGurk (1961, bl. 165) dat resultate in die praktyk 'n negatiewe verband met die kulturele hipotese toon. Hy besluit dan: "While the advocates of the 'culture hypothesis' have presented strong moral and ethical arguments against biological differences between Negroes and Whites, they have failed to present any factual data in support of their hypothesis."

(m) In 'n kultuur-antropologiese benadering toon Bidney (1953, bl. 54 - 155) aan dat sielkundige verskynsels verskille tussen rasse en verskille in geografiese omgewing onvoldoende voorkom om kulturele verskynsels te verklaar. Kultuur is 'n sui generis-verskynsel wat alleen in terme van sy eie elemente verklaar kan word. Elke kultuur word dan gekenmerk deur 'n eie historiese-unieke sameloop van omstandighede wat die totstandkoming daarvan tot gevolg het. In aansluiting by Boas, toon hy aan dat kulturele verskynsels nie alleen direk tot biologiese en sielkundige feite gereduseer kan word nie, maar dat die teorie van 'n liniêrkulturele evolusie eweneens

verkeerdelik gebaseer is op die uitgangspunt dat kulturele evolusie op biologiese evolusie berus. Vir Bidney word kulturele evolusie en kulturele ontwikkeling dan die direkte gevolge van menslike pogings tot selfkultivering en die kultivering van die natuurlike omgewing en berus dit op die moontlike oordrag van die biokulturele trekke sodoende verwerf deur middel van die proses van opvoeding (enkulturasie) en historiese en sosiale kondisionering. En, sê Bidney (1953, bl.82):

"Cultural evolution is contingent upon human effort and rational selection; it is not an inevitable product of natural selection and change variation in relation to a given environment."

Sodoende is kultuur dan geen soort uitdrukking van ras nie. Indien dit sou wees, sou die Afrikaner weens sy sterk genetiese bande met die Nederlander, hier te lande as seevarende volk gevestig geraak en dit gebly het. Eweneens is die feit dat hy hier as landbouer op die voorgrond getree het, geen erflik-biologiese resultaat van sy Afrikanerskap nie, maar wel resultaat van sy histories-geografiese omstandighede. Anders sou hy in die moderne histories-geografies-industriële opset steeds boer gebly het en sou die afgelope dekades se ontvolking van die platteland (erflik-biologies) nooit kon plaasvind nie.

- (n) Onder paragraaf 1.1.4 (h) is reeds aangetoon dat Mühlmann sy siening van persoonlikheidsontwikkeling met die persona-begrip van Jung verbind. Maar Jung (1956, p.p.20-21) onderskei juis duidelik dat persona een van die sisteme van persoonlikheid is en nie persoonlikheid as sodanig nie. Vir hom is die sosiale maskers wat die individu in sy verskillende sosiale rolle voorhou, juis dit wat persoonlikheid nie is nie. Die persona is suiwer wat die mens in sy inname van sosiale rolle voorgee om te wees, al na gelang van dit wat deur die bepaalde situasie vereis word, soos bestaande waardes en norme van die groep ten opsigte van sosiaal-aanvaarbare gedrag binne die groep voorskryf.
- (o) Dit is Mühlmann (1968, bl. 119-121) wat elders die waarneming maak dat die Sielkunde van die vorige eeu, aangespoor deur die romantiek van die tyd, analogies met die natuurwetenskappe, sigself tot die laboratorium en die

laboratorium-eksperiment gewend het. Dit wil egter ook voorkom asof dit eweneens geregverdig sou wees om af te lei dat die sosiale wetenskappe van vandag ook nie vry staan van 'n besondere romantiek van die tyd nie. Die huidige romantiek moet gesoek word in die humanisme (en dikwels liberalisme) van vandag wat, soos Garrett (1963, bl.49) aantoon, deur Coon waargeneem word met die opmerking van hom dat sekere skrywers boek na boek fabriseer met die uitsluitlike doel voor oë om terwille van die huidige humanistiese denkrigtings ras as mite uit te maak en die dogma van genetiese soortgelykheid tussen rasse te predik. Trouens, vir Elkin (1963, bl.44) is die omstrede UNESCO-verklaring van die vroeëre vyftigerjare, oor die gelykheid van rasse, niks anders nie, as 'n reaksie op Nazisme, maar 'n reaksie wat as teenvoeter teen en kompensasie vir Hitler se verwronge siening van die Duitse volk as die sogenaamde Herrenvolk moes dien en wat nou na 'n teenoorgestelde ekstremisme beweeg.

- (p) Mühlmann (1968, bl. 193-194) sê dat ras en kultuur nie gekorreleer kan word nie, maar dat 'n ras dikwels binne 'n bepaalde volksgroep kan ontstaan, soos seer seker die geval is met die Kleurling binne die geleedere van die Afrikaner. Dit sou egter sinneloos wees om kultuurvorming as noodwendig direk korreleerbaar met ras te sien indien ras enigsins 'n faktor in kultuurskepping sou wees. Minstens een tussenkomende veranderlike, nl. geo-klimatologiese faktor, word in so'n korrelasie nie konstant gehou nie. Swan (1964, bl.112) toon juis aan dat daar in die rassekundige antropologie kennis geneem word van sekere geografiese sowel as klimatologiese faktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van sowel ras as kultuur. Gregor (1961, bl. 33-34) beweer dat die beskuldiging gerig tot diegene wat rasseverskilte as van betekenis beskou, nl. dat hulle rasse-superioriteit en -inferioriteit predik, onwaar is. Dit is vir hom egter wel waar dat verskillende rasse in verskillende geografiese omgewings aangepas is, sodat hulle in hulle besondere omgewing meer superieur sal wees as nie-geakklimatiseerde rasse binne dieselfde omgewing. So is sekere rasse meer bestand teen die ultravioletstrale van die son as ander.

- (q) Herskovitz (1956, bl. 3) onderskei naas die Kulturele Antropologie (wat hoofsaaklik kultuur, sy ontstaan, ontwikkeling en huidige status, sy kenmerkende elemente en instellings be-

studeer), ook nog die Fisiese Antropologie. Dit is juis fisiese antropoloë wat hulle besig hou met die vraag na die aard van rasseverskille, die erflikheid van liggaamskenmerke, die groei, ontwikkeling en verval van die menslike organisme en die invloed van die eksterne omgewing op die biologiese mens. Die volkekundige wetenskap stel dan deurmiddel van hierdie vertekking van die breëre dissipline, steeds in die rassekunde belang.

- (r) Uit bogenoemde bespreking wil dus blyk asof persoonlikheidsvorming nog in 'n onbepaalde mate die produk is van minstens erflike, omgewings- sowel as geoklimatologiese faktore. Dit is trouens 'n standpunt wat ook in die breë deur Beals en Hoijer (1956, bl. 571) ingeneem word, terwyl ook Benedict (1968, bl. 168-169) toegee dat minstens die rol van genetiese faktore in persoonlikheidsvorming nie deur enige bestaande gegewens tot beskikking van die wetenskap óf bewys, óf verwerp word nie.

#### 1.1.5 Die sielkundige siening van persoonlikheid

- (a) Hall en Lindzey (1957, bl. 2) toon aan dat die geskiedenis van persoonlikheidsteorieë en Sielkunde nie alleen tot op groot hoogte ineengevleg is nie, maar in 'n baie groot mate sinoniem is. Nogtans verskil definisies in die Sielkunde ten opsigte van persoonlikheid dikwels hemelsbreed en hang dit af van die bepaalde uitgangspunt en benadering van 'n besondere teorie. Eenvormigheid oor wat persoonlikheid presies sou wees, bestaan daar dus nog steeds nie.
- (b) Allport (1955, bl. 43-47) voel dat die begrip persoonlikheid een van die mees abstrakte woorde in taal is; dit is die prooi van vele idiomatiese gebruike wat talle interpretasies en inderdaad ook verkeerde interpretasies ten gevolge het.
- (c) Stagner (1961, bl. 4-10) en Kluckhohn en Murray (1961, bl. 6-28) toon almal aan dat die verskillende sielkundige definisies van persoonlikheid in verskillende kategorieë geplaas kan word. As totaliteitsdefinisies, haal Stagner (1961, bl. 4) nou die volgende voorbeeld van 'n definisie deur Prince aan: "Personality is the sum total of all the biological innate dispositions, impulses, tendencies, appetites, and instincts of the individual, and the acquired dispositions and tendencies."

(d) Allport (1955, bl. 43) voer aan dat alle definisies van persoonlikheid wat dit as die somtotaal van aspekte beskryf, as totaliteitsdefinisies gereken moet word. Ook groepeer hy hieronder alle definisies wat nie-beskrywende uitdrukkings soos "composite", "aggregate", "ensemble", "congeries" of "constellation" bevat. Hy haal vervolgens Menninger se definisie aan wat na sy mening 'n goeie voorbeeld van so 'n totaliteitsdefinisie is en wat in Menninger se eie woorde opsommend saamgevat word as sou persoonlikheid alles impliseer wat iemand is en wat hy probeer word. Maar, vervolg Allport, hierdie definisies lewer geen blywende bydrae tot persoonlikheidsstudie nie, juis omdat dit die belangrikste faktor van alle lewe, te wete ordelike rangskikking, vermy. Tog sou 'n mens hier in teenstelling met Allport kon voel dat die waarde van hierdie definisies juis daarin lê dat hulle die bestudering van persoonlikheid in sy totaliteitsverband benadruk. Persoonlikheid moet dan ook inderdaad minstens in die finale stadium binne sy totaliteitsverband gesien word, omdat dit in die finale instansie in hierdie verband is dat die begrip betekenis verkry.

(e) As voorbeeld van integrerende definisies van persoonlikheid, haal Allport (1955, bl.44) die volgende definisie van MacCurdy aan:

"..... (personality is) an integration of patterns (interests) which give a peculiar individual trend to the behavior of the organism."

'n Mens sou hier egter kon redeneer dat persoonlikheid tog meer is as die blote geordende integrasie van belangstellingspatrone. Dikwels is die individu juis tot reaksie buite sy bepaalde belangstellingsveld gedwing en sy reaksie hier, alhoewel dan nie kenmerkend van sy besondere belangstellings en voorkeure nie, bly steeds kenmerkend van sy persoonlikheid. Dit is hierdie aspek van persoonlikheid wat deur hierdie definisie oor die hoof gesien word. Verder is dit ook nie presies duidelik wat MacCurdy met belangstellingspatrone bedoel nie; hoeveel hy byvoorbeeld hier aan omgewing, en hoeveel hy aan oorerwing wyt. Dat die mens dan 'n biologiese wese te midde van 'n bepaalde omgewing is en dat hy as sodanig reagerende wese op sy omgewing is, word in hierdie definisie oor die hoof gesien.

(f) As voorbeeld van die sogenaamde hiërargiese definisie, haal

Allport (1955, bl. 45) die definisie van James aan. Hier word persoonlikheid onderverdeel in:

- (i) Die materiële self, naamlik die mens se liggaam en besittings.
- (ii) Die sosiale self, wat bepaal word deur sy erkenning en aanvaarding deur diegene met wie hy saamleef. Die mens het dan net soveel sosiale selwe wat wat daar mense of groepe bestaan oor wie se oordeel en waardeskatting hy homself bekommer.
- (iii) Die spirituele self, wat, sover moontlik, al die individu se valse neigings verenig.
- (iv) Die self van die selwe of suiwer ego, wat nie duidelik van die vorige te onderskeie sou wees nie.

Ander definisies van hierdie aard (vgl. Allport, 1955, bl. 45) word onder andere voorgestel deur McDougall, Bridges, Heider, Blondel, Martin en andere.

- (g) In 'n kritiese beskouing van bogenoemde definisie, ontstaan die vraag of persoonlikheid oorsaak of gevolg van materiële besittings sou wees en of dit as sodanig werklike sinvolle verband met persoonlikheidsontwikkeling toon? Wat die sosiale self aanbetref, sou dit tog dieselfde wees as wat alreeds vroeër deur Jung (daar is vroeër reeds daarop ingegaan) as die persona beskryf is. Die spirituele self sou verder nog vergelyk kon word met wat Jung (1956, bl. 183) die skaduwee noem en waarin al die individu se valse neigings tog verenig word tot 'n persoonlikheidsstelsel. Die self van die selwe sou teruggevind word in wat deur Freud (vgl. Brown, 1964, bl. 28-29) as die Superego beskou word. Trouens, die hele definisie sluit by nadere ontleding ook nog elemente in wat hier deur Brown beskrywe word as die Ego (vgl. byvoorbeeld die sogenaamde materiële self) en Id (vgl. byvoorbeeld die spirituele self en sy valse neigings), binne die raamwerk van die siening van Freud. Dit wil ook voorkom asof die hele aangeleentheid duideliker en omvattender deur Freud en Jung bespreek word, sodat hierdie benadering van James inderdaad niks nuuts tot 'n psigoanalitiese siening van persoonlikheid bydra nie.
- (h) Stagner (1961, bl. 4) toon aan dat 'n verdere groep skrywers persoonlikheid in terme van aanpassing definieer. As voorbeeld van so 'n definisie, haal hy hierdie een deur Kempf in 1919 voorgestel, aan:

"(Personality is) the habitual mode of adjustment which the organism effects between its own egocentric drives and the exigencies of the environment."

Die waarde van hierdie siening lê daarin dat dit minstens 'n wisselwerking tussen die individu se egosentriese dryfvere en die omgewing veronderstel. Tog sou daar sekere beware teen die siening van die mens in terme van aanpassing tot sy omgewing ingebring kon word. Soos Sonnekus (1965, bl. 209) dit stel:

"'n Mens is in verhouding tot sy wêreld immers nie ingestel op 'aanpassing' aan die omgewing nie ('n term wat wel van toepassing sou wees op 'n dier se 'verhouding' tot sy omgewing), maar styg daarenteen uit bo sy omgewing, is meester daarvan en verander, en skep dit."

Verder word nie duidelik aangedui wat presies met "drives" bedoel word nie, sodat die rol van erflikheid relatief tot omgewing in die totstandkoming van hierdie egosentriese dryfvere steeds buite rekening gelaat word.

- (i) Allport (1955, bl. 46) haal die definisie van Schoen aan as 'n voorbeeld van definisies van persoonlikheid in terme van onderskeid:

"Personality is the organized system, the functioning whole or unity of habits, dispositions and sentiments that mark off any member of a group as being different from any other member of the same group."

Hiervolgens sou Adam dus geen persoonlikheid gehad het nie, want daar was nie 'n groep teenoor wie sy persoonlikheid in terme van verskille geëvalueer kon word nie. 'n Verdere bewaar teen so 'n definisie is dat persoonlikheid nie in terme van slegs verskille met ander individue gesien behoort te word nie, maar dat ooreenkomste ewe belangrik sou kon wees. Nog verder sou persoonlikheid net binne die eie groep evalueerbaar wees, sodat dit oënskynlik nie meer sou bestaan waar die individu van een groep na 'n ander beweeg nie - so sou 'n enkele Bantoe in 'n bepaalde Blanke gemeenskap geen evalueerbare persoonlikheid hê nie. Die kerngedagte is dus dat persoonlikheid nie in terme van ander individue of groepe alleen beskryfbaar is nie.

- (j) Stagner (1961, bl. 5-6) dui vervolgens aan dat persoonlikheid ook nog in terme van prikkelwaarde gedefinieer word. Hier word persoonlikheid slegs gesien in terme van sy wisselwerk-

ing met andere en juis hierin lê Stagner se eie beswaar teen sodanige definisies - dit sou byvoorbeeld daarop neerkom dat Robinson Crusoe in sy afsondering (of enige persoon wanneer hy alleen is) geen persoonlikheid sou hê nie. Dieselfde is waar ten opsigte van die sogenaamde reaksiewaarde-beskouing van persoonlikheid wat ook deur Stagner (1961, bl.3-4) bespreek word. Hy dui aan dat (Floyd) Allport persoonlikheid in 1924 soos volg definieer:

"Personality traits may be considered as so many dimensions in which people may be found to differ."

Tereg sou 'n mens andermaal kon vra: Wat dan van Adam se persoonlikheid voor die skepping van Eva en wat van Robinson Crusoe se persoonlikheid ten tye van sy afsondering op 'n eiland? Miskien, kan 'n mens redeneer, is sodanige afsondering soms juis die prikkel tot groter hoogtes in persoonlikheidsontwikkeling, juis omdat dit as uiterste prikkel tot individualisme dien.

- (k) Definisies van hierdie aard, sluit soms nou aan by die voorafbespreekte beskouing van Muhlmann, in dié sin dat dit inderdaad meer tot die definiëring van Jung se persona as tot persoonlikheidsomskrywing self bydra. So haal Stagner (1961, bl. 5-6) die volgende definisie van Guthrie binne die siening van persoonlikheid in terme van reaksiewaarde aan:

"(Personality is) those habits and habit systems of social importance that are stable and resistant to change,"

Die klem is juis te eensydig op persoonlikheid (persona, inderdaad) in terme van sy sosiale verband. Maar 'n gebrek aan weerstand teen verandering kan dikwels ook op sigself persoonlikheidskenmerkend wees, sodat dit te betwyfel is of persoonlikheid verder nog net in terme van volhardende trekke gesien word. Stagner (1961, bl.5-6) sluit dan ook hierby aan as hy juis die beswaar opper dat 'n mens nie altyd dieselfde sal reageer op dieselfde prikkel nie. Ook, sê hy, begin skrywers in die jongste tyd al meer en meer die belang daarvan insien om in die definiëring van persoonlikheid te onderskei tussen ware persoonlikheid en sosiale persoonlikheid.

- (l) Allport (1955, bl.48) stel na 'n bestudering van alle hiërargiese, integrerende, aanpassings-, onderskeidende en ander definisies van persoonlikheid, die volgende as 'n sintese voor:

...../16 "Personality

"Personality is the dynamic organization within the individual of those psychophysical systems that determine his unique adjustment to his environment."

Dit verteenwoordig volgens hom die uitgangspunt van die breëre Sielkunde.

- (m) Hierdie definisie van Allport erken dan ook die rol van sowel moontlike oorerflike as omgewingsfaktore (psychophysical systems), maar tog slaag selfs hý nie daarin om die relatiewe rolle van erflikheid en omgewing in hierdie definisie behoorlik vas te pen nie. Seer seker sou hy so iets in die lig van huidige beskikbare gegewens nie kon doen nie, maar nogtans laat dit sy eie kritiek teen die totaliteitsdefinisies boemerang: die definisie is relatief in dié sin dat ordelike rangskikking ontbreek en op sy beste van hoogs tydelike bruikbaarheid. Maar Allport (1961, bl.28) sou self die ontoereikendheid van sy definisie aanvoel en hy bring derhalwe sekere wysigings aan sodat hy persoonlikheid nou soos volg sien:

"Personality is the dynamic organization within the individual of those psychophysical systems that determine his characteristic behaviour and thought."

Dat dié wysiging egter nog geensins die toets van die tyd deurstaan het nie, en om dieselfde redes soos hierbo in verband met die vorige definisie genoem steeds 'n gebrek aan ordelike rangskikking toon, bly hier ook nie weg te redeneer nie.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

### 1.2.1 Probleemstelling

- (a) Die huidige ondersoek se probleem sou aan die hand van 'n stelling van Andor (1966, bl.166-167) geformuleer kon word. Hy toon naamlik aan dat Biesheuvel in 1959 nog kon wys op die gebrek aan enige werklike sinvolle ondersoek na Bantoepersoonlikheid en dat bestaande ondersoeke óf spekulatief óf subjektief van aard is.
- (b) Schumann (1967, bl.80-93) beskou rassespawning verder juis as die internasionale dilemma van die tyd. Verbeterde kommunikasie het mense van verskillende rasse juis in nouere kontak met mekaar gebring en sodoende die moontlikhede vir rassewrywing verhoog. Tot die verskerping van hierdie konfliktsituasie het die ontwikkeling van massamedia soos die pers, die radio, die rolprent en beeldradio vir hom 'n be-

sondere bydrae gelewer, juis omdat spanninge daardeur makliker onder die aandag gebring kon word.

Suid-Afrika het vir hom miskien die ingewikkeldste probleme van hierdie aard, weens sy besondere heterogeniteit - Bantoes, Blankes, Indiërs en Kleurlinge.

(c) Dit wil dus voorkom asof die verbeterde kommunikasie juis 'n groter eis stel aan 'n beter begrip van mekaar se behoeftes teneinde effektiewer kommunikasie mee te bring. Inderdaad spruit hieruit 'n eis tot 'n interdissiplinêre benadering van die situasie voort, waarby onder meer die Sielkunde sowel as die Volkekunde betrokke sou wees. Dit, op sy beurt, sou 'n studie van persoonlikheid teen die agtergrond van 'n bepaalde kulturele omgewing meebring.

(d) Tot sover sou die probleem wel nog hanteerbaar voorkom, maar waar die huidige studie bepaald om die persoonlikheid van die Bantoe gaan, kom minstens een faktor ter sprake wat nie noodwendig konstant gehou word wanneer persoonlikheid teen die agtergrond van 'n bepaalde kultuur bestudeer word nie. Hierdie faktor is die faktor van ras. Die vraag ontstaan dan: wat sou die relatiewe bydraes van erflikheid, soos in ras weerspieël, en omgewing, soos onder meer deur kulturele omgewing veroorsaak, tot die vorming van persoonlikheid wees? Dit word dan noodsaaklik om deeglik in te gaan op die literatuur in hierdie verband beskikbaar, teneinde 'n duidelike wetenskaplike standpunt ten opsigte hiervan te kan inneem.

(e) Daar sou verder die ideaal gestel kon word om in die studie van persoonlikheid in die huidige verband, van 'n metode gebruik te maak wat wel daarop gerig is of daarop gerig sou wees om van die erflike sowel as die situatiewe kennis te neem in sy benadering. Die belofte tot so'n benadering word dan juis gevind in die volgende motivering van Szondi (1952, bl.205) vir sy sogenaamde drangdiagnostiese eksperiment:

"The test may also be used for studies in social psychology. Problems such as these might be approached: the possible differences in drive structure between different social groups and the question of whether such differences, if found, are due to genetic or environmental determinants; the problem of the formation, change and disappearance of a specific social group; or the possibility of encouraging through education, mental hygiene and social reforms the humaniza-

tion of drives, which might ultimately improve the chances of a peaceful rather than warlike settlements in the world... .. While no claim is made of a solution of these problems, a better understanding of them might be attainable."

1.2.2 Die doel van die ondersoek

Die doel van die ondersoek kan dan geformuleer word as 'n studie van die persoonlikheid van die Bantoe aan die hand van die Analitiese Sielkunde van Szondi.

1.2.3 Die problematiese in Szondi se standpunt

(a) Die problematiese in Szondi se standpunt is juis geleë in die aangehaalde stelling dat 'n (duidelike) onderskeid tussen erflike en situatiewe aspekte in gedrag aan die hand van sy procedure moontlik sou wees. Dat hierdie stelling inderdaad indruis teen die jarelange stryd wat onder meer psigoloë, volkekundiges, genetici en wetenskaplikes uit ander studieterreine oor die sogenaamde nature/nurture-probleem voer, wil vanselfsprekend voorkom en laat die vraag ontstaan in hoeverre ons huidige kennis so 'n duidelike onderskeid in hierdie stadium regverdig?

(b) Szondi (1952, bl. 1-16) maak verder die stelling dat sy sogenaamde Schiksal-analise juis daardie stratum van die onderbewuste bestudeer wat as gevolg van erflikheidsfaktore die individu gebonde maak aan 'n bepaalde noodlotsbestemming of Schiksal. Vir hom sou die latente of resessiewe gene van die individu dan inderdaad nie rustend wees nie, maar 'n bepaalde rol speel in die (erflike) lotgevalle van die mens. Ook hiermee kom die probleem ter sprake of Szondi so 'n stelling in die lig van ons huidige kennis wel so kategories kan voorhou en word dit dan van nog verdere belang om op die aspek van erflikheid en omgewing as prominente vooronderzoek in die huidige studie in te gaan.

1.3 DIE ROL VAN OORERWING EN OMGEWING IN PERSOONLIKHEIDSVORMING

1.3.1 Algemeen

(a) Benewens die werklike diepgaande probleme wat in die lig van huidige beskikbare ondersoekmetodes bestaan om duidelik tussen wat erflik en wat situatief in gedrag is te onderskei, word die probleem verder verdiep as gevolg van die subjektiewe standpuntinname van voorstanders sowel as teenstanders van erflikheid as 'n aspek in gedrag. Skrywers soos Gilfillan (1969, bl. 122-128) wys in 'n pro-erflikheidstandpunt juis

op die verwarring wat deur UNESCO meegebring word deur die stelling dat individue erflikbiologies mag verskil, maar dat hulle gelyk is wanneer hulle as groepe vergelyk word. Dit is vir hom 'n statistiese paradoks. Ook Biesheuvel (1952, bl.5-6), wat dikwels teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse rassesituasie 'n pro-environmentalistiese standpunt inneem, wys op die paradoks dat UNESCO in sy deklarasie van menseregte fisiese en fisiologiese verskille tussen rasse erken, maar genetiese gelykheid in vermoëns sonder enige wetenskaplike gronde predik.

- (b) ~~Bressler~~ (1968, bl.178-210) is op sy beurt bekommerd dat enige pogings tot die erkenning van 'n genetiese differensiasie tussen rasse rassiste tot 'n prediking van Negerminderwaardigheid sal aanspoor. Die kans tot 'n ware wetenskaplike besinning word dan ook verder vertroebel deur geskryfte van mense soos Comas (1963, bl.17-37) wat vanuit die geleedere van UNESCO alle pogings tot erflikheidsverskille met hand en tand beveg en skrywers soos Gregor (1964, bl.4-23) en Garrett (1961, bl.257) wat met veral die tydskrif Mankind Quarterly as mondstuk, 'n verbete aanslag op alle pro-environmentaliste loods.
- (c) Dit is dus nodig om die literatuur oor die erflikheids- en omgewingsproblematiek van die staanspoor af versigtig en krities te benader, teneinde letterlik die korrels van die kaf te skei.

1.3.2 Eksperimente in verband met erflikheid uitgevoer met diere:

- (a) Tryon (1940, bl.138-148) kan tereg beskou word as die vader van eksperimente met diere. Hy besluit op dierestudies omdat die mens nie vir selektiewe en sistematiese teeldoelendes ingespan kan word in genetiese navorsing nie. In 1927 begin hy met 'n eksperiment met rotte. Hierdie eksperiment sou 11 jaar lank duur en 18 geslagte rotte insluit. Hy teel 'n groep rotte wat ten opsigte van doolhofprestasie 'n korrelasie van ,80 met hul voorgeslagte toon. By wyse van kontrole stel hy sodanig-geteelde rotte aan wisselende omgewingsfaktore bloot en vind dat die korrelasie, nietaenstaande uiterste omgewingsinvloede, steeds ,80 bly, waarvan hy aflei dat die invloed van omgewing vir doolhofprestasie ~~and~~ geskik is aan erflikheid.
- (b) In medewerking met Hirsch (1956, bl.148-154), brei Tryon

hierdie eksperimentele werk later uit. Hulle slaag daarin om 'n geslag vrugtevlieë te teel wat óf positief, óf negatief geotakties is, en 'n tweede geslag wat op sy beurt óf negatief óf positief fototakties is. In eersgenoemde geval vlieg die vlieë, indien losgelaat enersyds opwaarts en andersyds afwaarts in 'n vertikale doolhof; in laasgenoemde geval beweeg die vlieë óf weg, óf na lig toe indien hulle vrygelaat word. Hierdie eksperimente bring aan die lig dat sekere vorme van negatiewe en positiewe gedrag in vrugtevlieë geneties bepaald kan wees.

- (c) Shields en Slater (1960, bl.312) haal belangrike eksperimentele werk, uitgevoer deur Hall met rotte ten opsigte van erflikheid, aan. Hy bevind, deur eksperimente met selektiefgeteelde rotte, dat erflikheid belangrik is in die aanleer van doolhoftake, in die inname van 'n visuele of bereedeneerde rol in take, in voorkeur vir lae of hoë temperatuur, ten opsigte van hoeveelheid vrywillige aktiwiteit, in reaksiesnelheid, in wildheid of getemdheid, in emosionaliteit en in die vatbaarheid vir oudiogeniese ineenstortings, wat in sekere rotte veroorsaak word as die proefleier 'n bos sleutels laat rinkel. Laasgenoemde is as dominant in een groep en resessief in 'n ander groep gevind.
- (d) Shields en Slater (1960, bl.312) haal vervolgens 'n ondersoek deur Ginsburg uitgevoer, aan. Hierdie ondersoeker het naamlik in 1942 bewys dat:
- (i) Albinorotte minder aggressief is as swart rotte.
  - (ii) Dit erflik bepaal moet wees omdat albinorotte, deur swart moeders grootgemaak, later nogtans ten opsigte van aggressiwiteit ooreenstem met hulle biologiese moeders en nie met die pleegmoeders nie.
- (e) Shields en Slater (1960, bl.312) toon aan dat Hall in 1951 daarin slaag om uit 'n heterogene rottebevolking groepe rotte te teel wat ten opsigte van gedrag geskei kan word, enersyds op grond van emosionaliteit en andersyds op grond van 'n gebrek aan emosionele gedragsreaksies. 'n Soortgelyke eksperiment met soortgelyke resultate is volgens hulle ook deur Broadhurst in 1956 uitgevoer.
- (f) Savage (1963, bl.39) bespreek die resultate van 'n laboratoriumeksperiment wat in 1909 met Drosophila melanogaster uitgevoer is nadat daar toevallig in 'n geslag vrugtevlieë

een vlieg met wit oë verskyn het. In kruisteling met die gewone rooi-ogige diere is gevind dat die witoogvlieg 'n allelomorfologiese resessiewe geen tot die rooi oog gehad het. Hierdie spontane verskyning van 'n nuwe geen is bekend as 'n mutasie. Die mutante individu is altyd die nageslag van 'n suiwer bloedlyn en kom dus van normale ouers. Sy nuwe eienskap word egter weer op sy nageslagte oorgedra. Ná die verskyning van hierdie eerste dier, kon 5 000 individuele mutante vrugtevlieë in 'n populasie van 20 000 000 opgespoor word. Dit is vandag bekend dat vele gene mutasies ondergaan het, byvoorbeeld die gene wat vlerkgrootte en oogstruktuur bepaal. Sommige mutasies het verskeie kere voorgekom, sommige slegs een keer, maar almal het bygedra tot genetiese verskeidenheid in Drosophila. Vandag is dit bekend dat alle diere en plante mutasies ondergaan en ook die mens. Dit verklaar heterogeniteit van individue binne dieselfde bevolking. Dit is egter 'n langsame proses. In Drosophila word 1 gemuteerde geen vir elke 20 gamete voortgebring. Mutasies impliseer verandering in genetiese materiaal, nie 'n verlies aan sekere gene nie.

(g) Savage toon elders (1963, bl. 50) aan dat natuurlike seleksie 'n belangrike rol speel by die bevestiging van bepaalde genetiese kenmerke in sekere subspesies.

(h) Die vraag is nou: watter rol speel mutasies in die versteuring van homogeniteit tussen genetiese populasies? Oliver (1969, bl. 173-175) beweer dat genetici in selektiewe teelprosedures met Drosophila aangetoon het dat homogene populasies binne enkele geslagte nie langer homogeen is nie, omdat populasie-kenmerkende mutasies spontaan intree. Meer mutasies tree van generasie tot generasie in. Na 'n paar geslagte sal die twee bloedlyne hul oorspronklike homogeniteit verloor. Soos later aangetoon sal word aan die hand van die verspreiding van bloedgroepe tussen rasse en binne rasse, is dieselfde ook by die mens waar. Geografiese rasse verskil in die relatiewe frekwensie van chromosoomrangskikking. Die verskille is in 'n sekere mate kwantitatief, maar kwalitatiewe verskille tree ook in. 'n Dramatiese voorbeeld van polimorfisme binne 'n ras en tussen rasse van dieselfde spesie, is vir Drosophila montana aangetoon. Oliver (1967, bl. 185) toon vervolgens aan dat in Drosophila gevind is dat 'n enkele geen vir vele abnormaliteite verantwoordelik kan wees. Die mees opvallende gevolg van die

afwesigheid van die geen w, is te sien in die ontbreking van pigment in die oog van Drosophila. Sommige mutasies van die locus affekteer egter ook die reproduksiesisteme van die vroulike dier.

- (i) Die bydrae van hierdie diere-ondersoeke lê daarin dat dit die rol van genetiese faktore as 'n kenmerkende verskynsel van lewe illustreer. Tog sou dit nie altyd veralgemeenbaar wees tot die mens nie. Benewens sy genetiese struktuur, is die mens ook nog kultuurwese, wat op verhewe wyse by sy omgewing kan aanpas. Hy is trouens daarin te onderskei dat hy kultuurskeppende wese met 'n taal en sekere hoëre geestelike vermoëns is. Soos Mühlmann (1968, bl. 194-195) dit stel, lê daar tussen die menslike struktuur en sy kultuur ook nog sy natuur.

1.3.3 Die erflikheid/omgewingsdilemma en menslike intelligensie.

- (a) Robbertse (1968, bl.24-25) voer aan dat drie vorme van intelligensie onderskei word, te wete genetiese, ontwikkelings- en toetsintelligensie en dat Burt aangetoon het dat die relatiewe bydraes van oorerwing en omgewing tot die intelligensie van die individu respektiewelik op ongeveer 75% en 25% gestel moet word. Elders (1966, bl.14) toon hy aan dat 'n gesaghebbende soos Eysenck, karakter, temperament en die fisieke as samestellende dele van die persoonlikheid beklemtoon.
- (b) Vir Vandenberg (1968, bl.3-58) sluit intelligensie minstens ses verskillende vermoëns in, te wete 'n eerste verbale vermoë wat meer bepaald in verband met die omvang van die woorde-skat staan; 'n tweede verbale vermoë, te wete woordevlotheid en die vermoë tot terugroeping (recall); derdens, die numeriese vermoë (basiese rekenkundige probleme); vierdens, die vermoë tot ruimtelike waarneming; vyfdens, beredeneringsvermoë; en, sesdens, herinneringsvermoë.
- (c) Leahy (1935, bl.132) voer 'n ondersoek uit in verband met intelligensie en die relatiewe rolle van oorerwing en omgewing met twee groepe skoolkinders. In die eksperimentele groep sou slegs omgewingsfaktore in werking wees, terwyl sowel omgewing as oorerwing volgens hom in die kontrolegroep ter sprake is. Die eksperimentele groep bestaan slegs uit kinders van die Noord-Europese ras van nie-Joodse afkoms wat in aangenome huise geplaas is voor die ouderdom van ses maande. Vir kontroledoeleindes word hulle met kinders

wat by hul eie biologiese ouers woon, vergelyk ten opsigte van geslag, ouderdomsgroep, ouers se beroepsgroep en opvoedkundige kwalifikasies. Die resultate van hierdie ondersoek bring aan die lig dat:

- (i) Verskille in I.K. slegs in 4<sup>o</sup>/o gevalle aan omgewing gewyt kan word.
  - (ii) Meetbare omgewingsfaktore 'n verskuiwing in I.K. van nie meer nie as 3 tot 5 punte tot gevolg het.
  - (iii) Die oorerwingsaspek ten opsigte van intelligensie verantwoordelik is vir 'n groter variasie as die aspek van omgewing.
  - (iv) Verskille in persoonlikheidstrekke, anders as intelligensie, hoofsaaklik aan die hand van omgewingsfaktore en relatief in 'n mindere mate as by intelligensie, aan oorerwing toegeskryf kan word.
- (d) Die rasse-aspek in verskille in intelligensie kom vroeg, reeds ter sprake. Sorokin (1928, bl.294-300) haal verskeie vroeëre ondersoeke in hierdie verband aan, waaruit dit vir hom sedert 1921 uit bevindings spreek dat die Neger 'n gemiddelde verstandouderdom van 10,4 jaar het, teenoor die Blanke se gemiddeld van 13,7 jaar. Hierdie bevindinge spreek uit die resultate van 'n ondersoek van Yerkes, maar word volgens die skrywer bevestig deur die bevinding van Thorndike in 1923 dat slegs 4<sup>o</sup>/o Negers die intelligensie-mediaan van die Blanke bereik. In 1926 bevind Hirsch volgens hom dat die gemiddelde I.K. van die Neger 84,6 is wat, met die uitsondering van Portugese proefpersone se prestasie, swak afsteek teen die I.K. van die Blanke, wat vrylik van 85,3 tot 102,8 varieer. Ook Peterson toon volgens die skrywer aan dat die Blanke se intelligensie in 80<sup>o</sup>/o tot 95<sup>o</sup>/o gevalle hoër as by Negers is. Hoe hoër die persentasie Blanke bloed in die proefpersoon se are, hoe nader beweeg ook sý prestasie op intelligensietoetse aan dié van die Blanke. Hierdie neiging word volgens hom verder bevestig deur die bevinding van Derrick in 1920 dat die gemiddelde intelligensie van Amerikaanse kollegestudente vir Negers op 103 en vir Blankes op 112 te staan kom. Hierdie bevindings word verder onderskryf deur ondersoeke van Pyle, Murdock, Schwegler-Winn, Arlitt, Sunne, McFadden, Ferguson en andere, wat deur dieselfde skrywer aangehaal word. Verder word dit, volgens hom, ook nog bevestig deur ondersoeke in die Ameri-

kaanse leër, waar Negers steeds swakker as Blankes presteer, selfs al word die proefpersone in groepe volgens beroep verdeel en dan vergelyk.

- (e) Die klassieke beswaar teen hierdie intelligensietoetse wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog deur die Amerikaanse leër uitgevoer is, word onder andere deur Beals en Hoijer (1956, bl. 188-194) daarop nagehou. Volgens hulle is dit onsinnig om te beweer dat genetiese verskille tussen bevolkings persoonlikheidsverskille ten grondslag lê; eerder sou die verskillende gene die reaksiewyse van die individu as organisme in sy omgewing ten grondslag lê. Daarom is selfs 'n uiterste environmentalis soos Klineberg 'n misleide as hy op grond van ooreenkomste in intelligensie by identiese tweelinge, aanvaar dat oorerwing minstens gedeeltelik verantwoordelik is vir intelligensieverskille tussen individue en familiegroepes. Eweneens is die resultate van die Amerikaanse leër met Blanke- en Negerproefpersone ten opsigte van verskille in intelligensie, misleidend. Eerstens is die ondersoek uitgevoer met die uitdruklike opdrag om meer Blankes te keur; tweedens was die ingeslote Negers hoofsaaklik minderbevoorregtes en gedomineerdes vanuit die suide. Ook Herskovits (1958, bl. 151-152) neem dieselfde sterk standpunt teen hierdie resultate in en sê dat hierdie sogenaamde "intelligensietoetsings" slegs die wêreld-rassisme ten koste van die Neger bevorder het.
- (f) In sy antwoord op die klassieke beswaar dat die Amerikaanse leër enersyds bevooroordeel teen Negerrekrute was en dat die Neger destyds 'n gedomineerde minderbevoorregte groep was, wys McGurk (1961, bl. 165-175) daarop dat 'n mens dus tereg in latere toetsprogramme 'n verskuiwing van Negertoetsprestasie op I.K.-toetse in die rigting van dié van die Blanke kan verwag en dan wel in korrelasie met toenemende verbetering van die Neger se sosio-ekonomiese posisie. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was 27% Negerrekrute se intelligensie óf gelyk aan, óf beter as dié van die Blanke. Gedurende die periode 1953 tot 1950, waar die Neger nou onder verbeterde omstandighede leef, is 140 artikels in Sielkunde in verband met Neger- en Blanketoetsprestasies gepubliseer. Hiervan is daar statistiese data in 63 van die artikels en in al 63 is die mediaanprestasie van die Neger laer as dié van die Blanke.

Die ander 76 artikels was suiver spekulatief van aard. Van bogenoemde 63 artikels, het slegs 6 materiaal wat vergelykbaar was met dié van Wêreldoorlog II, opgelewer. Hierdie artikels is van belang in hierdie bespreking. Hulle verteenwoordig 'n variasie in jare, ouderdomsgroepe, statusgroepe en toetse. Omdat dit oor so'n wye periode in jare strek, verteenwoordig dit verskeie stadia van kulturele geleenthede waarin die Neger hom bevind het. Verder is dit deur ses verskillende ondersoekers onderneem. Die eerste ondersoek wat hy noem, is dié van Tanser (1939), wat die vroegste van die ses ondersoeke is en die Koningse Neger en Blanke vergelyk. Drie verskillende toetse is op Blanke- en Negerkinders in die eerste agt skoolklasse toegepas. Slegs in 130/0 - 200/0 gevalle, afhangende van die toets wat gebruik is, kon Negers in hul prestasie, die Blanke mediaan ewenaar. Die volgende ondersoek is dié van Bruce, wat op sy beurt in 1940 ook 3 standaardtoetse vir die meting van intelligensie op 9- en 10-jarige Neger- en Blankekinders in die plattelandse gebied van Virginia toepas. Weer eens, afhangende van die bepaalde toets, ewenaar slegs 150/0 - 200/0 Negerkinders se prestasies dié van die Blankekind. Die derde ondersoek wat hy hier rapporteer, is dié van Shuey, in 1942 uitgevoer met 'n hoogsgeselekteerde groep studente aan 'n New Yorkse kollege. Al die proefpersone is tussen 18- en 35-jarige ouderdom en word in die ondersoek op so'n wyse gepaar dat sowel die Blanke- as Negerlid van elke paar sosio-ekonomies ooreenkom. In slegs 180/0 gevalle slaag die Negerstudent daarin om die Blanke se prestasie te ewenaar. In die volgende ondersoek vergelyk Brown in 1944 Blanke- en Negerkindertuin- kinders in Minneapolis en vind dat die Negerkind in 310/0 gevalle die Blankekind in toetsprestasie ewenaar. Rhoads et al. is verantwoordelik vir die vyfde ondersoek in 1945, waar manlike Blanke- en Negerkinders onder die ouderdom van vier jaar getoets word en waar slegs 300/0 die Blankekind se prestasie ewenaar. McGurk self is verantwoordelik vir die sesde en laaste ondersoek in 1951, waar die Negertoetslinge in 280/0 gevalle die Blankes se prestasie ewenaar.

(g) Weyl (1969; bl. 106-119) bespreek die resultate van die omstrede Colemanverslag. Die verslag bespreek die resultate van intelligensiemeting onder verskillende groepe in die VSA en neem veral die rol wat sosio-ekonomiese en opvoed-

voedkundige agtergrond in intelligensie mag speel, in aanmerking in sy ondersoekprosedure. Die gevolgtrekking is dat die gelykheidsdogma, wat 'n verband tussen ekonomiese ontneming en toetsprestasie daarop nahou, ongeldig is. Ten opsigte van nie-verhale intelligensietoetse word gevind dat die gemiddelde intelligensie van ewekansige steekproewe uit die onderskeie bevolkingsgroepe, so daar uitsien:

Puertorikane	Indiane	Meksikane	Negers	Oosterlinge
102,0	110,9	107,7	95,6	109,7

Dit impliseer dat die Neger, wanneer hy vergelyk word met ander minderheidsgroepe in die Amerikaanse samelewing, steeds die swakste in toetsprestasie daaraan toe is. Nogtans sou sekere van hierdie minderheidsgroepe nie alleen die dominante Amerikaanse Blanke groep se intelligensiepeil ewenaar nie, maar dit nieteenstaande hul ondergeskikte posisie in die samelewing, in sekere gevalle selfs oorskry. Dit is dus duidelik dat kulturele ontneming nie 'n dominante of alleenstaande faktor is in die veroorsaking van swak prestasie op intelligensietoetse nie.

- (h) Die mees omstrede aanslag teen die gelykheidsdogma sou egter nog volg. Jensen (1969a, bl.1-123) se aanval op die environmentalistiese standpunt wat van die veronderstelling uitgegaan het dat 'n toepaslike onderwysbeleid die Neger se agterstand in hierdie verband sou uitwis, sou vele kritiek uitlok wat, soos later aangetoon sal word, dikwels nie los van emosionaliteit gestaan het nie. In sy sistematiese aanslag teen die Amerikaanse onderwysbeleid sê Jensen (1969a, bl.2) onder andere ter aanvang:

"Compensatory education has been tried and it apparently has failed. Compensatory education has been practised on a massive scale for several years in many cities across the nation. It began with auspicious enthusiasm and high hopes of educators. It had unprecedented support from Federal funds. It had theoretical sanction from social scientists espousing the major underpinning of its rationale: the 'deprivation hypothesis', according to which academic lag is mainly the result of social, economic, and educational deprivation, and discrimination - an hypothesis that has met with wide, uncritical acceptance in the atmosphere of society's growing concern about the plight of minority groups and the economically disadvantaged."

Hy toon aan dat selfs die Verenigde State se Kommissie insake Burgerregte in 1967 tot die slotsom kom dat hierdie onderwysbeleid nie daarin slaag om die minderbevoorregte kind, meer spesifiek die Neger, sy probleme te laat oorkom nie. En, sê hy, dit kan alleen toegeskryf word aan twee verkeerde basiese aanvaardings, te wete die sogenaamde "average child concept" en die "social deprivation hypothesis." Hierdie geloof dat as alle kinders, met die uitsondering van enkeles wat met defekte gebore is, eners behandel word, hulle prestasie eners sal wees omdat omgewing die bepalende determinant is, is deur hierdie beleid verkeerd bewys. Die verwagte toename in meetbare intelligensie en skolastiese prestasie, het nie uit hierdie gelykmaking van die omgewing in die onderwys gevolg nie.

- (i) Jensen (1969a, bl. 61) toon aan dat indien omgewing hier 'n rol moes gespeel het, sou gemete I.K. wel verhoog het en daarmee saam skoolprestasie, omdat ondersoek aantoon dat waar I.K. wel as gevolg van sosiale ontneming laag is, dit toeneem indien hierdie faktor konstant gehou word. Sosiale ontneming het dus geen permanente skade ten gevolge nie, want toetsprestasie toon 'n konstante, aanmerklike en permanente toename waar omgewingstoestande verbeter. Wanneer daar nou gesê word dat intelligensieverskille tussen rasse onder andere aan heredititeit gewyt moet word, impliseer dit nie dat hierdie stelling ook ten opsigte van individue geld nie. Individue kan ten opsigte van intelligensie, ongeag ras, bo individue uitstyg wat geassosieer word met die intellektueel meerdere rassegroep. Maar die daarstelling van 'n onderwysbeleid is gemik op groepe en nie individue nie. Dit is tragies, sê Jensen (1969a, bl. 80) dat geeneen (en dit is volgens hom ook reg so) omgewingsfaktore in die veroorsaking van gedragsverskille ontken nie; tog word die rol van heredititeit in die veroorsaking van gedragsverskille dikwels op geheel en al onwetenskaplike wyse en om onwetenskaplike oogmerke ontken. Enige groep wat geografies of sosiaal geïsoleerd leef of geleef het, sal op grond van kenmerkende en unieke prosesse van geneseleksie, verskille in gedragseienskappe vertoon wat minstens gedeeltelik aan heredititeit gewyt moet word. Dit is dan ook juis sosiale wetenskaplikes wat hulle aan so 'n ontkenning skuldig maak, terwyl dit vir genetiци nie langer 'n saak van twyfel is nie, want, vervolg hy:

"The real questions, geneticists tell me, are not whether there are or are not genetic racial differences that affect behaviour, because there undoubtedly are. The proper questions to ask, from a scientific standpoint, are:

What is the magnitude of the difference? And what is the significance of the difference - medically, socially, educationally, or from whatever standpoint that may be relevant to the characteristic in question?"

- (k) Gottesman (1968, bl.60) neem 'n soortgelyke standpunt in en sê die twis moes al lankal verskuif het van die vraag watter van die twee faktore (oorerwing of omgewing) 'n rol speel na wat die relatiewe rol van elk is. Nie een van die twee agente kan intelligensie allgen bepaal nie. Hy vervolg:
- "Let me outline briefly and illustrate such a scheme, which I have called the reaction range, and which is termed the norm of reaction by Dobzhansky. Given uniformity of trait-relevant environment, almost all of the observed variance in a trait must stem from variability in the genotype. Given uniformity in that part of the genotype relevant to the trait under consideration, almost all of the observed variance must be associated with environmental factors. Given the heterogeneity that prevails for human genotypes and environments, trait variation must be attributed to some combination of genetic and environmental variances."
- (l) Jensen se standpunt het nie kritiek vrygespring nie. Intendeel. Light en Smith (1969, bl.484-510) erken enersyds dat politieke motiewe die verloop van die hele erflikheid/omgewingsdebat kleur; andersyds voel hulle dat bloot die fisiese feit dat die Neger swart is, sekere omgewingskragte wat vir sy swakker prestasie verantwoordelik is, aan die gang sit. Hy word naamlik op grond van die feit dat hy as swart waargeneem word, in 'n minderbevoorregte rol ingedwing. Volgens hulle negeer Jensen hierdie feit. Maar eweneens negeer hierdie skrywers die feit dat Puertorikane, Meksikane, Oosterlinge en Indiane eweneens op grond van kleur soortgelyke omgewingskragte in die gesig staar en dat - miskien veral in die geval van die Indiaan, wat desnieteenstaande 'n mediaanprestasie veel hoër as die Neger oplewer, soos voorheen aangedui - dieselfde resultaat ten opsigte van prestasie op intelligensietoetse as by Negers, nogtans nie verkry word nie. Eweneens klink die argument dat Jensen te veel sou aflei van

tweelingstudies wat uit 'n te klein monster bestaan juis omdat identiese tweelinge eners lyk en daarom eners behandel word sodat hulle I.K.-prestasies op grond daarvan as gevolg van omgewingsfaktore hoogs ooreenkom, vergesog. Weliswaar, is dit waar dat tweelingstudies dikwels veralgemenings bemoeilik juis omdat die monster klein is, maar dit bewys nie noodwendig dat omgewing derhalwe die deurslaggewende determinant is nie.

- (1) Stinchcombe (1969, bl. 511-522) voel dat al Jensen se argumente net sowel aangewend kan word om 'n saak vir omgewing in gedragsveroorsaking uit te maak. Jensen se standpunt dat as jy die I.K. van een kind in 'n gesin ken, jy die I.K. van die ander kinders kan voorspel, neem vir hom nie die feit in aanmerking dat baie getroude vrouens (25<sup>o</sup>/<sub>100</sub>), in die VSA buite-egtelike verhoudings het nie. Hy vra nou: Hoeveel van hierdie voorspellings, wat op die oog af reg voorkom, is nie juis voorspellings wat nie om 'n eie broer of suster nie, maar om 'n halwe broer of suster, gebore uit sodanige verhoudings, gaan nie? Hy verloor egter self uit die oog dat:
- (i) Indien 25<sup>o</sup>/<sub>100</sub> vroue wel buite-egtelike verhoudings het, daar geen gronde is om te aanvaar dat selfs die helfte van hierdie 25<sup>o</sup>/<sub>100</sub> uit sodanige verhoudings swanger sal raak nie. Verskillende redes kan vir hierdie argument tangevoer word, waarvan sekeres voor die handliggend behoort te wees. Dit bring mee dat die insluiting van sodanige kinders by sodanige veralgemenings, uiteindelik beperk sal bly.
  - (ii) Indien sodaniges wel ingesluit word, is die veralgemening steeds nog na 'n persoon wat meer verwant aan die kind is van wie die veralgemening gedoen word, as ~~wat~~ die geval is by nie-verwante, omdat hulle minstens nog een ouer, die moeder, erflik-biologies in gemeen het.
- (m) Deutsch (1969, bl. 525 - 527) val Jensen veral aan omdat sy gegewens psigometries en nie geneties-empiries van aard sou wees nie. Verder voel hy dat Jensen in aanmerking moes neem het wat so 'n artikel onder die huidige plofbare rasomstandighede in die VSA tot gevolg kón hê. Die artikel skiet vër te kort in baie opsigte en toon 'n gebrek aan sinvolle begrip ten opsigte van die wisselwerking tussen omge-

wing en organisme. Jensen leun te sterk op die Colemanverslag wat vele gebreke het en hy interpreteer sy eie data dikwels verkeerd. Maar Deutsch sê nie waar die artikel te kort skiet in sinvolle begrip en hoe die wisselwerking tussen omgewing en organisme misken word nie; ook sê hy nie watter gebreke in die Colemanverslag van toepassing is nie; en, ten slotte, laat hy na om aan te toon presies wáár Jensen sy eie data verkeerd" geïnterpreteer het.

- (n) Kagan (1969, bl.274-277) voel dat Jensen veral fouteer deur vanaf verskille in intelligensie tussen families te veralgemeen na verskille tussen rasse op grond van heredititeit; ook deur te bevind dat intelligensie oorgeërf is, nietaanstaande feite dat toetsbare intelligensie sterk deur omgewing beïnvloed word, selfs in die geval van identiese tweelinge. Hy verloor egter self uit die oog dat dit nie om 'n all-or-none aspek by Jensen gaan nie; eerder is dit die erkenning van die rol van heredititeit naas dié van omgewing want soos vroeër aangetoon, gee Jensen self toe dat waar sosiale faktore meetbare intelligensie represseer, verbeterde omgewings-toestande wel 'n duidelike en permanente verbetering in meetbare intelligensie tot gevolg het; maar dit gaan vir Jensen juis oor daardie gevalle waar omgewingsfaktore wel nie daarin slaag om so'n verbetering te weeg te bring nie.
- (o) Dit opvallend dat dit 'n genetikus soos Crow (1969, bl.301-309) is wat 'n meer objektiewe stelling teenoor Jensen se argumente inneem en toegee dat hy in hoofsaak met Jensen saamstem. Hy beklemtoon die grondige feit dat klein monsters, soos in tweelingstudies, dikwels 'n probleem skep. Verder sê hy dat omgewing egter ook nie geheel en al onbelangrik is nie, maar soos hierbo aangetoon, het Jensen self die rol van omgewing nie ontken nie. Vervolgens spreek hierdie skrywer sy waardering uit vir Jensen, 'n sosiale wetenskaplike, se verreikende insig in genetiese probleme en die toepaslikheid daarvan in die sosiale wetenskappe. Hy voel dat Jensen se bewyse redelik is en dat sy beredeneringe versigtig en vry van spekulاسie is. Dit val hom veral op dat Jensen baie doen om die misverstand op te klaar wat uit die feit voortvloei dat sielkundiges genetiese begrippe in tweelingstudies dikwels anders interpreteer as wat dit oorspronklik deur genetici bedoel is.
- (p) Bereiter (1969, bl.310-318) stem saam met Jensen dat intell-  
...../31 ligensie

ligensie 'n oofgeërfde basis het en verskil slegs oor sekere aspekte van Jensen se onderwys-aanbevelings van hom. Hy voel hoofsaaklik meer pessimisties oor die moontlikhede van remediërende onderwys as Jensen. Ook Elkind (1969, bl.319-337) het dit nie soseer oor die moontlike erflike grondslag van intelligensie nie, maar voel dat hierdie verskille nog nie verskillende onderwysstelsels vir verskillende groepe regverdig nie. Cronbach (1969, bl.338-347) prys op sy beurt Jensen se integriteit as wetenskaplike, maar voer as hoofbeswaar teen Jensen se bevindings, waarmee hy hoofsaaklik saamstem, die feit aan dat dit daartoe sal lei dat die environmentaliste 'n akademiese oorlog teen hom verklaar.

(q) Wintringer (1964, bl.35-44) bespreek verskeie intelligensietoetsondersoeke van Negers in Afrika, veral Sentraal-Afrika, en bevind onder meer:

(i) Dikwels is toetse nie kultuurvry nie, maar as hierdie aspek kompensasie geniet, blyk dit dat Negers in Afrika betekenisvol swakker presteer as Blankes.

(ii) Alhoewel Klineberg se kulturele hipotese nie vir geldigheid direk in Afrika getoets kan word nie, is dit opvallend dat Negers op die meer kultuurvrye toetse swakker presteer as op minder kultuurvrye toetse.

(iii) Die Afrika-Neger presteer veral swak op abstrakte toetsitems.

(r) Hudson (1966, bl.24-29) wys daarop dat ons na drie eeue van kontak met die Bantoe in Suid-Afrika steeds min van sy intelligensie in vergelyking met dié van die Blanke weet. Tog, so toon hy aan, sou onder andere Kidd aan die begin van hierdie eeu die volgende bewering kwyttraak:

"The whole mental furniture of a Kaffir's mind differs from that of a European."

Sistematiese bestudering van die swartman in Afrika begin vir hom egter inderdaad eers in 1915, met Franke se bestudering van die vryhandtekeninge van 3 100 inboorlingkinders van die Kongo en Duits-Oos-Afrika. Die hipotese dat die swartman se ontwikkeling gedurende sy puberteitsjare teneinde loop, wen veld gedurende die eerste dekade van hierdie eeu, maar in 1917 kon Rich, wat die Binet-Simontoets op Zoeloe-kindere in Natal toepas, tot die slotsom kom dat ontwikkeling nie ten einde loop nie, maar in 'n ander rigting as by

die Blanke gaan. Desnieteenstaande kan Biesheuvel (1952, bl. 45-58) in 1943 nog daarop wys dat:

".... the basic intellectual identity of Whites and Africans has been neither proved nor disproved."

(s)

Uit bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat die wetenskap geen kennis opgelewer het wat die ondersoeker in staat stel om sonder meer die relatiewe bydraes van oorerwing en omgewing op intelligensievorming te bepaal nie. Dit blyk egter ewe duidelik dat sowel genetiese as omgewingsfaktore asook die fisiologiese aspekte van die brein, belangrike rolle in intelligensie sal speel. Die situasie word ten beste deur Gini (1960, bl. 120-125) in die volgende woorde van Shuey saamgevat:

"The remarkable consistency in test results, whether they pertain to school or pre-school children, to high school or college students, to drafts of World War I or World War II, to gifted or mentally deficient, to the delinquent or criminal; the fact that the colored-white differences are present not only in the rural South and urban South, but in the border and northern areas; the fact that relatively small average differences are found between the IQ's of northern-born and southern-born Negro children in northern cities; the evidence that the tested differences appear to be greater for abstract than for practical or concrete problems; the evidence that the differences obtained are not due primarily to a lack of language skills, the colored averaging no better on non-verbal than on verbal tests; the fact that differences are reported in all studies in which the cultural environment of the whites appeared to be no more complex, rich or stimulating than the environment of the Negroes; the fact that in many comparisons (including those in which the colored appeared to be best advantaged) the Negro subjects have been either more representative of their racial group or more highly selected, than have the comparable white subjects; all point to the presence of some native differences between Negroes and whites as determined by intelligence tests."

1.3.4

Die erflikheids/omgewingsdilemma en menslike gedrag

(a)

Shields en Slater (1960, bl. 313) toon aan dat die bestudering van ooreenstemmende gedragslyne by aanverwante individue aanvanklik beperk was tot waarnemings van die belangstellende huis-

dokter. Weens die swak eksperimentele grondslag van sodanige waarnemings, kon sodanige resultate later nie die toets van objektiwiteit weerstaan nie en is dit óf verwerp, óf met 'n mate van twyfel bejeën. Die klassieke voorbeeld van waarnemings van hierdie aard, is die bestudering van die afstammeling van Martin Kallikak, soos onder andere deur Landis en Bolles (1957, bl.263-267) gerapporteer. Hulle wys daarop dat Goddard in 1898 uit Kallikak se buite-egtelike verhouding met 'n swaksinnige vrou, 480 nasate kon opspoor en uit sy huwelik met 'n dame van ewe onbesproke intellektuele vermoëns as Kallikak self, kon 496 nasate nagespeur word. Uit die geskiedenis van ses geslagte, afkomstig van dieselfde stamvader, kon twee familie-groepe as gevolg van twee verskillende stammoeders afgelei word. Goddard bevind dan ook, volgens die skrywers, dat uit die nasate van Kallikak se buite-egtelike verhouding, 143 sonder twyfel as swaksinnig geklassifiseer kon word. Ten opsigte van die nasate wat uit die egtelike verbintenis gebore is, kon geen swaksinnigheid aangedui word nie. Hieruit lei Goddard nou af dat die swaksinniges in die buite-egtelike stamlyn die erflikenetiese kenmerk van hul swaksinnige stammoeder verraaie. Dit sou egter nie die kritiek van ander ondersoekers vryspring nie en Maslow en Mittleman (1951, bl.118) wys dan ook onder andere daarop dat Goddard hom vir sy afleidings verlaat het op beskrywings ingewin deur kennisse van sekere afgestorwe lede van Kallikak se nageslagte. Verder het Goddard ook die voorkoms van geslagsiektes as erflikbepaald beskou, sonder om die moontlike invloed van 'n swak omgewing hierop in ag te neem. Dit plaas 'n vraagteken oor die kriteria wat deur Goddard in sy klassifikasie aangewend is. Tog toon Shields en Slater (1960, bl.313) aan dat die bestudering van familiebetrekkings van pasiënte wat met geestesafwykings gehospitaliseer word, 'n belangrike deel van erflikheidsondersoeke in die Sielkunde uitmaak. Hulle omskryf hierdie metode as empiriese Erbprognose. Dit vloei volgens hulle voort uit die denkrigting van Rüdin, wat gedurende die twintiger jare gepoog het om die psigosese aan die hand van bogenoemde eksperimentele metode te tipeer. In die jongste verlede het die metode ook in die VSA sterk op die voorgrond begin tree en het klinieke oral ontstaan aan die hand waarvan die herediteitsfaktor deur middel van gekontroleerde familie-ondersoeke bestudeer word.

(b) Kallmann (1959, bl.175-196) voel egter dat familie-ondersoeke weens die feit dat dit nie as verteenwoordigende monsters van die bevolking as geheel gesien kan word nie, statisties ietwat platval omdat dit veralgemenings uitsluit. Alhoewel daar seer seker veel waarheid in hierdie beswaar steek, is dit egter eweneens moontlik dat veralgemenings ten opsigte van herediteit meer geredelik gewaag kan word as in die geval van sosiale verskynsels. Eerstens sou herediteit as 'n staties gegewe gesien kan word, terwyl sosiale verskynsels dinamies van aard is en daarom meer geredelik kan fluktueer. Tweedens sou alle persone wat onder die gunstigste omgewings-toestande 'n meetbare I.K. van 75 het, onder geen omstandighede as medici kon kwalifiseer nie; daarteenoor sou dit egter minstens teoreties moontlik wees vir iemand in 'n laer sosiale groep om sosiaal na 'n hoër groep te klim; of vir 'n arbeider met die nodige intelligensie en deursettingsvermoë om deur deeltijdse studie 'n doktorsgraad te behaal; of vir 'n politieke party om binne 'n relatief kort periode soveel van sy aanhang te verloor dat 'n wisseling in landsregering intree. Dit wil dus minstens hipoteties voorkom asof verskillende statistiese begrippe en vereistes op die environmentalistiese en herediteitsituasies van toepassing mag blyk te wees.

(c) In die bestudering van tweeling met die oog op die vasstelling van die rol van erflikheid in gedrag, wys Shields en Slater (1960, bl.323) daarop dat hier onderskei moet word tussen gewone tweeling en identiese tweeling. In laasgenoemde geval is die samestelling van beide lede van die paar ook geneties identies, terwyl die genetiese samestelling van DZ- of gewone tweeling geensins verskil van dié van gewone broers en susters in 'n gesin nie. Die rasionaal in die bestudering van monosigotiese tweeling is dan dat weens hul identiese genetiese samestellings, alle verskille tussen hulle nie aan herediteit nie, maar aan omgewing gewyt moet word. Die groot probleem is hier om identiese tweeling te vind wat geskei van mekaar in verskillende omgewings groot geword het. Die skrywers toon egter aan dat Newman, Freeman en Holzinger in 1937 wel daarin slaag om 19 pare identiese tweeling wat aan hierdie kriterium voldoen, in die VSA op te spoor en te bestudeer. Hulle resultate bring aan die lig dat verskille in intelligensie tussen geskeide lede

van 'n identiese paar beduidend groter is as in die geval van identiese pare wat saam grootgeword het. Nogtans bly die mate van ooreenkoms in intelligensie by lede van geskeide pare hoër as by gewone tweelinge. Die skrywers toon verder aan dat Kallmann in 1938 'n geskeide identiese paar opspoor wat in afsonderlike omgewings beide paranoïdiese skisofrenie ontwikkel het en dat Craike en Slater in 1945 'n soortgelyke bevinding met 'n ander paar rapporteer. Rees (1960, bl.344-392) toon aan dat Dalberg in 1926 reeds in 'n studie van identiese en gewone tweelinge aantoon dat 'n antropometriese ondersoek aan die lig bring dat sekere liggaamskenmerke, soos lengte en kopvorm, 'n groter mate van ooreenkoms as wat aan toevallige faktore gewyt kan word, vertoon. Hy sê voorts dat Davenport in 1923 resultate vrystel wat die rol van veelvoudige genetiese faktore in die veroorsaking van soortgelyke fisiese kenmerke by verwante, blootlê; hierteenoor het Palmer in 1934 bewys dat die gene wat die mate van groei bepaal, in 'n groot mate onafhanklik werk van dié wat die finale groei wat bereik word, bepaal. Landis en Bolles (1957, bl.307-309) dui aan dat omvattende ondersoeke verder aan die lig bring dat epilepsie in 3<sup>o</sup>/o gevalle by gewone, maar in 67<sup>o</sup>/o gevalle by identiese tweelinge voorkom; dat epilepsie in 6<sup>o</sup>/o gevalle by kinders van epileptiese pasiënte aangetref word terwyl epilepsie by slegs sowat 4 tot 6 persone uit elke 1000 van die algemene Amerikaanse bevolking aangetref word.

- (d) Kallmann (1959, bl.182) wys daarop dat die vader van die metode van tweelingstudies Galton is en onderskei drie metodes waarvolgens tweelinge bestudeer kan word, te wete:
- (1) Vergelykings tussen beide lede van die paar met mekaar vir ooreenkomste en verskille in normale persoonlikheidstrekke.
  - (2) Die sogenaamde ko-tweelingkontrole metode, waar 'n geselekteerde groep identiese tweelinge se aanleg, fisiologiese reaksies en aanpassingspatrone ten opsigte van pare waarvan die lede saam, en pare waarvan die lede afsonderlik groot geword het, vergelyk word.
  - (3) Die sogenaamde familie-tweelingemete, waar vergelykingsondersoeke uitgevoer word met MZ- en DZ-tweelinge van dieselfde geslag (eersgenoemde is altyd van dieselfde geslag), DZ-tweelinge van die teenoorge-

stelde geslag, broers en susters, halfbroers en -susters, en stiefbroers en -susters.

Alhoewel waardevolle inligting sō ingewin kan word, wys die skrywer vervolgens daarop dat daar sekere beperkinge ter sprake kom, byvoorbeeld die onvermoë om tweelinge waarvan die lede in afsonderlike kulture groot geword het, te bestudeer. Verdere beperkings lê daarin dat hulle nie reeds nā konsepsie geskei kan word nie (sodat die invloed van die embrionale omgewing nie gewissel kan word nêl en dat hulle nie, soos diere, in hokke vir waarneming afgesonder kan word nie. Hy sonder egter veral Eysenck en Prell uit as van die min ondersoekers wat werklike welslae op hierdie terrein behaal het. Hulle het naamlik onder andere bewys dat neurose in soveel as 80<sup>o</sup>/o gevalle 'n geneties bepaalde grondslag mag hê. Verder sê hy het Shields aangetoon dat identiese tweelinge ten opsigte van afsonderlike persoonlikheidstrekke in 69<sup>o</sup>/o gevalle, en nie-identiese tweelinge in 31<sup>o</sup>/o gevalle, saamgegroepeer kan word. Ook rapporteer hy 'n bevinding van Sanders dat homoseksuele neigings by identiese tweelinge in 6 uit 7 gevalle wat bestudeer is, by albei lede voorgekom het. Indien mongolisme by MZ-tweelinge aanwesig is, is dit verder ook in byna 100<sup>o</sup>/o gevalle by albei lede die geval, teenoor 'n 40/o voorkoms vir albei lede in die geval van DZ-tweelinge. Juis uit hierdie verskynsel sou Allen dan volgens hom in staat gewees het om sy jongste teorie in verband met mongolisme (dat dit naamlik die gevolg is van 'n ongewone onverenigbaarheid tussen die bloed van moeder en kind) te formuleer. Ook sou Conrad, volgens die skrywer, vind dat epileptiese konvulsies in 66,6<sup>o</sup>/o gevalle vir beide lede van 'n MZ-paar geld; hierteenoor geld dit slegs in 3,1<sup>o</sup>/o gevalle vir beide lede van 'n DZ-paar. Verdere ondersoeke met tweelinge (byvoorbeeld dié van Holzinger, Merriman (1924), Tallman (1928), Herman en Hogben (1933), Blewett (1953), Thurstone (1953), Vandenberg (1956) en Strandskov (1955), word onder andere deur Shields en Slater (1960, bl. 453) en Rainier (1966, bl. 273-289) bespreek. Onder andere bring dit aan die lig dat intelligensie waarskynlik primêr as 'n erflike potensiaal wat sekondêr deur die omgewing ontplooi word gereken moet word, terwyl die voorkoms van neurose by beide lede van MZ-pare van so'n aard is dat dit statisties beduidend nie aan 'n .....

...../ 38 kansfaktor

kansfaktor gewyt kan word nie.

- (e) Gottesman (1968, bl.65) voel op sy beurt dat sielkundiges vir té lank té veel waarde aan die resultate van tweelingstudies geheg het. Volgens hom sou verbeterings in instrumente gerig tot die studie van persoonlikheid die resultate van Newman, Freeman en Holzinger se klassieke tweelingondersoeke, wat soveel klem op die rol van erflikheid in hul bevindings gelê het, ander implikasies gee. Die werk van Eysenck, Cattell, Vandenberg en genoemde skrywer self sou naamlik volgens hom aan die lig bring dat die bestudering van tweelinge wel verreikende resultate kan oplewer; maar daar is soveel slaggate dat verkeerde gevolgtrekkings ewe verreikende gevolge mag inhou. Sy eie onderoëke bring hom tot die gevolgtrekking dat onderoëke op hierdie terrein beperk moet word tot 'n verdere bestudering van slegs daardie trekke wat deur langdurige ondersoek as die mees waarskynlikes wat onder die invloed van erflikheid staan, na vore getree het, byvoorbeeld introversie, aggressie, angs, aandag aan besonderhede en sosiale verknogtheid. Vroëer was daar min twyfel dat skisofrenie 'n erflike grondslag het, maar navorsing van Tienari in Finland en Kringlen in Noorweë sou volgens hom aan die lig bring dat Kallmann en Slater se tweelingstudies skisofrenie se voorkoms in die geval van beide lede, te hoog gestel het as gevolg van die oorverteenwoordiging van uiters ernstige gevalle en vroulike tweelinge in die monster. Verder kon daar ook op ernstige foute in die metodiek gewys word. Die skrywer self en Shields het volgens hom navorsing gedoen wat tweelingstudies 'n nuwe perspektief gegee het. Hulle vind naamlik dat skisofrenie in 42% gevalle vir beide lede van identiese tweelinge geld, teenoor 9% in die geval van beide lede van nie-identiese tweelinge. Net soos Rosenthal vind hulle 'n treffende verband tussen die erns van die skisofrenie en voorkoms by beide lede van 'n paar - ernstige skisofrenie word in 75% en ligte skisofrenie in 17% gevalle by beide lede van 'n MZ-paar aangetref. Hulle lei af dat erflikheid verantwoordelik is vir die bepaalde tipe skisofrenie wat verwag kan word, maar nie as noodsaaklikheid dien vir skisofrenie om sigself voor te doen nie.
- Ook Cohen en Liebowitz (1969; bl.542-548) vind in 'n gevalle-

studie dat hulle resultate Kallmann se hipotese dat skisofrenie 'n funksie van genetiese ooreenkoms is en derhalwe toeneem namate verwantskap tussen individue toeneem, nóg bevestig, nóg verwerp. Kuhn se hipotese dat:

"...twins discordant for schizophrenia are in fact brought up in different environments even though they are living together, is supported."

Rosenthal (1968, bl.69-78) voel op sy beurt dat tweelingstudies nie langer enige doel dien nie - die resultate van talle ondersoeke is só eentonig soortgelyk, dat 'n mens volgens hom begin wonder of iemand dalk nog glo hy gaan met 'n DZ-ondersoek bewys dat verskille hier minder is as by MZ-pare. Daarmee saam bly daar steeds 'n leemte aan ondersoeke na die interaksie tussen herediteit en omgewing in die veroorsaking van gedrag.

- (f) Thompson (1968, bl.79-101) voel dat die werklike genetiese veroorsaking molekulêr van aard is en hoofsaaklik gelêe is in chemiese samestelling en genetiese predisposisies. Die vraag is vir hom nou hoe die genotipe (herediteit) die fenotipe beïnvloed. Volgens hom sou aggressie byvoorbeeld 'n erflike grondslag hê, soos onder andere waargeneem deur Lorenz, Scott en Lagerspetz. Maar hier veralgemeen Thompson van ondersoeke met diere na die mens, iets wat, soos vroeër aangetoon, nie vry is van die kritiek van vele ander ondersoekers nie. Hy maak egter die belangrike bewering dat hierdie ondersoekers ook bevind het dat dominansie erflik bepaal is, iets wat hy tentatief verklaar as voortvloeiende uit die feit dat hierdie gedragsreaksie inderdaad vanuit 'n aggressiewe basis ontspring. Hy gee egter self toe dat ons vandag min kennis dra in verband met die genetiese basis van aggressie en dominansie by die mens. Vir hom is dit egter belangrik om daarop te let dat gene-uitdrukking hand aan hand met ontwikkeling gaan en dat erflikbepaalde predisposisies meer vatbaar is vir prikkels vanuit die omgewing as die trekke wat minder genotipes van aard is. Verskillende genotipes is in verskillende stadia optimaal vatbaar vir prikkels vanuit die omgewing en dit hang van ontwikkeling af. Persoonlikheid is dan vir hom die resultaat van basiese temperament, affektiewe verhoudings met die eksterne omgewing en instrumentele gewoontepatrone, soos dit individueel-uniek vorm aanneem. Gewoontepatrone is sowel situatief as transsitua-

tief, spesifiek en nie-spesifiek van aard. Sy uitgangspunt erken dus sowel die rol van erflikheid as omgewing in die veroorsaking van kenmerkende gedrag, maar dit wil voorkom asof hy die erflike as die gegewe (en derhalwe primêre faktor) in hierdie veroorsakingsproses sien. Ten beste is sy uitgangspunt egter steeds hipoteties van aard en bly empiriese bewyse óf agterweë, óf van so'n aard dat dit nie die toets van kritici sal deurstaan nie.

- (g) Vir Spuhler (1968, bl.102-110) steek daar veel waarheid in Hamburg se bewering dat sosiale gedrag in emosie gewortel is, hetsy by ape, sjimpansees, bobbejane, of by die mens. Ondersoeke bring volgens Spuhler juis aan die lig dat daar neurologies 'n sentrale semawestelsel bestaan as spesie-spesifieke basiese sisteem onderliggend aan emosionele gedrag. Dit is duidelik dat sodanige gedrag nie uitsluitlik die resultaat van sosiale kondisionering is nie en selfs sosiale faktore soos die glimlag van die kind, het 'n gedeeltelik biologiese verklaring. Daarom besluit die skrywer:

"There is no individually or socially important human behaviour independent of culture; there is no human behaviour independent of genes. All complex human behaviour is a vestor outcome of variable human genotypes interacting in a variable nonhuman environment with variable social and cultural things and events ..... If we are to have a general human behavioral science, we must put considerable effort into the study of connections between man's genetic capacities and his observed social-cultural behavior."

In 'n latere bespreking behoort dit duidelik te blyk dat die Schicksal-analitiese standpunt van Szondi by hierdie siening van Spuhler ten nouste aansluit.

- (h) Elkin (1963, bl.44-47) toon aan dat Hankins, wat soos vroeër aangedui deur Comas as nie-rassisties geëtiketeer word, bevind het dat die brein van die Neger  $100/10$  kleiner is as dié van die Blanke en daarvan aflei dat:

"... as regards those mental capacities which are tested by the testing psychologist, the Negro as a racial group, but not as a particular individual, has been definitely proven to be inferior to the White."

Maar, sê Garrett (1961a, bl.100-106), geen mens is volkome individu nie. Elke individu dra in hom sy ras, kleur, ge-

slag, ouderdom, opvoeding, aangebore disposisies en sedes. As A 'n Neger is en B 'n Blanke, is die verskil tussen die twee nie bloot individualisties van aard nie, maar onder andere verskil hulle ook rassekundig van mekaar. En, voeg Gayre of Gayre (1961, bl.79-84) by, dit moet verstaan word dat dit nie soseer gaan om minder- en meerderwaardigheid nie, maar om andersoortigheid en anderswaardigheid. So, byvoorbeeld, sê Garrett (1961a, bl.100), presteer die Neger beter in fisiese toetse en in musiekamleg as die Blanke in die V.S.A.

Swan (1962, bl.231-245) toon aan dat Connolly se bevindinge wel, soos Comas (1963, bl.17-37) aanvoer, daarop dui dat 'n bestudering van die Blanke- en Negerbreins geen morfologiese eienskappe kenmerkend van 'n bepaalde ras aan die lig bring nie. Tog sou dit ironies wees om te beweer dat geen serebrale verskille tussen die twee rasse bestaan nie. Connolly het volgens die skrywer byvoorbeeld aangetoon dat daar 'n verskil is in die frekwensie van morfologiese eienskappe in die groefpatroon van die agterkoplobbe. Hierdie frekwensieverskille, gesien saam met morfologiese faktore soos breinvorm en relatiewe breingroottes, is na Connolly se mening van antropologiese belang, aldus die skrywer. Verder is die moontlikheid van 'n rassekenmerkende kombinasie, wat 'n eiesoortige struktuur van die groefpatroon tot gevolg het, nie uitgesluit nie. Die groefering by die Blankebrein is ietwat groter as in die geval van die Negerbrein. Eweneens is dit ook waar dat die variasiereekse in groefering nie dieselfde is vir die twee rasse nie. Gewigsverskille is ook ter sprake - 13 Duitsers (Blankes) se breins weeg gemiddeld 1307 gram, teenoor die gemiddelde gewig van 1201 gram vir 13 Negerbreine. Hierbenewens het Hrdlicka volgens die skrywer ook bevind dat 36 manlike Blanke breins 'n gemiddelde gewig van 1298 gram gehad het, teenoor 1198 gram in die geval van 36 Negerbreins. Verder, sê hy, het Connolly onder andere ook gevind dat die agterkop dele van die brein by die Blanke relatief groter was as by die brein van die Neger. Alhoewel Connolly veral breingewig as rassekenmerkende verskil uitgesonder het, sal die volle implikasies van hierdie verskille eers verstaan word as ons meer van die menslike brein en sy werking verstaan. Dit is egter belangrik dat die skrywer ook aantoon dat Vint in 'n be-

studering van die kortikale histologie van die brein, ook bevind dat die Blanke se brein gemiddeld 150 gram of 100/o swaarder as dié van die Neger is. Verder vind hy in 'n bestudering van die prefrontale korteks van 35 breins en monsters van verskillende dele van die korteks van 100 breins, dat verskille in die dikte van die plaatjies (laminae) bestaan. Verder sou Vint, volgens die skrywer, bevind dat die korrelagtige en boliggende korrelagtige lae van die Blankebrein 160/o dikker as dié van die Neger is, en wat deur Gates in verband gebring word met die wil, intellek en kontrole van die individu. Dit sou verder vir hom ook aansluit by 'n bevinding van Mundy-Castle in 'n EEG-ondersoek onder die Bantoe van Suid-Afrika dat hierdie groep 'n laer beta-ritme as die Blanke vertoon, en verder ook minder reaksie op die EEG op flikkering weerspieël.

- (i) Swan (1965, bl.149-160) toon aan dat Coon in 1962 aangedui het dat fisiese antropoloë in hul bestudering van rassekundige verskille tussen mense, al minder op antropometriese maatstawwe en al meer op verskille in bloedgroepe, hemoglobien-voorkoms en ander biochemiese verskynsels staatmaak. So is daar onlangs, byvoorbeeld, bewys dat Blankes aan die eenkant, en Afrika- sowel as VSA-Negers aan die ander kant, ten opsigte van die frekwensie van die drie hoof haptoglobien-proteïene, verskil. Baarteenoor is rassekenmerkende verskille in sensitiwiteit t.o.v. verdowingsmiddels tussen Sjinese, Japanees en Blankes aangedui; tussen Amerikaanse Sjinese en Blankes t.o.v. beta-amino-isobutiriese suurekskresie; t.o.v. smaak-akufteit vir fenieltiokarbamiëd (PTC) by verskillende rasse; t.o.v. die verspreiding van O, A, B en AB-bloedgroepe by verskillende rasse. Jensen (1969a, bl.72) toon onder andere aan dat die bloedgroep Rh-negatief 'n frekwensie van 150/o onder Blankes in die VSA vertoon, teenoor 'n frekwensie van 70/o vir die Amerikaanse Negerbevolking. Boyd (1962, bl.335-365) wys byvoorbeeld daarop dat die Rh-bloedgroep by Asië, sekere rasse van die gebiede van die Stille Oseaan en Amerikaanse Rooihuide totaal ontbreek. Onder die Baskee in sekere dele van Frankryk en Spanje kom dit die meeste voor. Die D-antigeen kom s6 dikwels in Afrika voor,
- "... and is so common there that it could almost be called

an African antigen."

'n Antiliggaam, anti-Le<sup>a</sup>, kom weer op sý beurt in soveel as 22<sup>o</sup>/o gevalle in die rooibloedselle van die Blanke voor. Vervolgens bespreek dieselfde skrywer ook die verspreiding van elemente van die MNS-bloedgroepe. Bloedfaktor S, wat deel hiervan uitmaak, is in 1947 ontdek. Nege fenotipes is hier bekend, onder andere Ms, MS, MSs, MNS, Nss. Twee ander antigene wat deel van die MN-stelsel uitmaak, te wete Hunter en Henshaw (vernoem na die persone in wie dit eerste gevind is), kom selde onder Afrika-Negers voor, terwyl dit so te sê geheel en al onbekend by die Blanke is. By die Neger vind 'n mens in sekere bloedsoorte hier die totale afwesigheid van S sowel as s.

Kuttner (1967, bl. 197-222) voel eweneens dat bio-chemiese maatstawe in die fisiese antropologie van groot waarde mag wees. Selfs in die bestudering van velkleur, is dit nodig om te onthou dat pigmente hier 'n rol speel - en dit is 'n bio-chemiese parameter. So ook is liggaamslengte, wat bepaal word deur endokriene funksies, 'n bio-chemiese parameter, omdat meetbare hoeveelhede liggaamschemikalieë hierby betrokke is. Twee soorte haptoglobiene word onderskei, te wete Hp-I en Hp-2. Ongeveer 50<sup>o</sup>/o Afrika-Negers in Nigerië en Liberië en die Ivoorkus is homogeen ten opsigte van Hp-I. Minder as 10<sup>o</sup>/o toon Hp-2. By die Blanke kom laasgenoemde in meer as 30<sup>o</sup>/o gevalle voor. Amerikaners met sowel Blanke as Negerbloed is hier presies halfpad tussen die Blanke en Neger ten opsigte van die verspreiding van haptoglobien geleë. Die Melaniërs van New Guinea toon dieselfde patroon as die Afrika-Negers. Rooihuide van die VSA toon ongeveer 35<sup>o</sup>/o Hp-I en 10<sup>o</sup>/o tot 15<sup>o</sup>/o Hp-2. Vervolgens toon hy aan dat verskeie skrywers, onder andere Boyd (1963), Parker en Bean (1961) en Gilbert (1962) glo dat Hp-I geneties 'n geografiese verspreiding vertoon. Die laagste frekwensie Hp-I word in Indië en Ceylon (15<sup>o</sup>/o-17<sup>o</sup>/o) aangetref, terwyl 'n groepie Indiërs wat in Maleisië leef, slegs 9<sup>o</sup>/o het. By Europese Blankes is daar 42<sup>o</sup>/o - 46<sup>o</sup>/o Hp-I aanwesig. Hierteenoor is die voorkoms daarvan by die Zoeloe 53<sup>o</sup>/o en by die Boesman 30<sup>o</sup>/o. Watter kragte hierdie geografiese verspreiding in die hand gewerk het, is nie seker nie. Wat wel waar is, is dat sowel Hp-I as Hp-2 hul verbindingsfunksie ewe goed vervul, sodat geen funksionele verskille aange-

...../43 dui kan word nie.

dui kan word nie. Soogdiere anders as die mens, vertoon egter slegs Hp-I. Dit wil dus voorkom asof Hp-2 deur evolusie uit Hp-I by die mens ontwikkel het.

(j) Kuttner (1967, bl. 206-207) toon aan dat Beta-globulien 'n tipe proteïne bekend as transferien insluit, wat die draer van yster en ander stoorprodukte is. Die verskillende transferiene word op grond van hul mobiliteit in 'n elektriese veld onderskei. Transferien C is die eenvoudigste van die soort en kom by alle bevolkings voor. Transferien B is meer en transferien D minder mobiel as C. Hy vind betekenisvolle verskille in die verspreiding hiervan.

(k) Oliver (1967, bl. 173-185) toon aan dat die presiese kontrole van gene oor die biochemiese prosesse, nog nie heeltemal duidelik is nie. Geografiese populasies verskil egter wel proef-eksperimenteel ten opsigte van die frekwensie en tipe chromosoomsamestelling en hierdie verskille het sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe implikasies. In die bestudering van Drosophila montana is hierdie feit veral ten beste geïllustreer. Die jongste resultate met die mens toon dat sekere multisisteen-afwykings te wyte is aan 'n genetiese wanbalans in die chromosoomsamestelling. Dit is egter belangrik dat nie alle veelvoudige abnormaliteite by die mens aan chromosoomabnormaliteite gewyt kan word nie. Efflikheidsindrome waarvoor slegs 'n enkele gene-paar verantwoordelik is, is bekend, byvoorbeeld die Laurence-Moon-Bardt-Biedlsindroom, wat skeletdefekte, hipogenitalisme en swaksinnigheid insluit. In Drosophila is aangedui dat 'n enkele geen veelvoudige abnormaliteite kan veroorsaak. Afwesigheid van pigment in die oë is die mees dramatiese effek van geen w, terwyl sommige mutante van die locus ook die reproduksiesisteme van die vroulike vlieg affekteer.

Gates (1961, bl. 258-287) toon verder aan dat die sogenaamde sekelsel wat 'n genetiese disposisie is tot laer vatbaarheid vir malaria en vir lank slegs in die Afrika-Neger bekend was, deur Lehmann en Cutbush as teenwoordig in Indië in 1952 gerapporteer is. Latere ondersoeke bevestig hierdie bevindings. Dit word egter aangedui dat hierdie geen nie in alle distrikte aangetref word nie; dit kom slegs voor waar malaria aangetref word. Waar dit wel in beperkte mate in distrikte buite die malaria-gebied aangetref word, is dit die resultaat van rassevermenging.

Hitzeroth en Hofmeyr (1964, bl. 81-86) toon aan dat albinisme eweneens die resultaat is van 'n enkele geen. 'n Resessiewe of dominante geen kan hier vir albinisme verantwoordelik wees. Onvolledige albinisme is te wyte aan 'n resessiewe geen en 'n onvoltooid dominante erflikheidsproses. Die voorkoms van gespikkelde albinisme is die resultaat van 'n dominante mutasie. Albinisme van die oog kan verband hou met 'n geslagsgebonde resessiewe geen.

Swan (1964, bl. 110-116) wys op sy beurt daarop dat gene molekules van deksoksiribonukleïnsuur (DNA) is wat die genetiese kode van alle lewende organismes oordra. Hulle verloor nie hul individualiteit in rekombinasies (mutasies) nie en word streng volgens Mendel se erflikheidswette oorgedra.

Hamburg en Lunde (1967, bl. 135-170) rapporteer verskeie ondersoekte, byvoorbeeld dié van Mittleman (1933), Lidz (1949), Ham, Alexander en Carmichael (1951), Bennet en Cambor (1961) en Lubart (1964) wat vanuit 'n hoofsaaklik psigoanalitiese benadering 'n verband tussen persoonlikheid en skildklierafwykings vind. Hierdie kliniese observasies is egter retrospektief van aard en in 'n onbekende mate onderhewig aan waarnemingssubjektiwiteit. 'n Opvolgondersoek van Donger et al., wat die skrywer ook hier rapporteer, vind egter voorspellingsgeldigheid in die psigodinamiese hipotese van 'n sogenaamde hipersensitiewe skildklierpersoonlikheidstipe. Pogings om skildklierafwykings met bepaalde psigiatriese diagnostiese kategorieë te assosieer, was egter minder suksesvol.

- (1) Hofmeyr (1967, bl. 75-87) wys daarop dat geografiese sowel as klimatologiese faktore van belang is in aanpasbaarheid van rasse in sekere gebiede. So is gevind dat liggepigmenteerdes kouer streke verkies waar hulle minder blootgestel is aan die ultra-violetstrale van die son. Binne die Negerras vind ons subrasse en afhangende van die bepaalde fisiese kenmerke van elke subras, is hierdie subrasse ten beste in hul eie en verskillende fisiese omgewings aangepas. Geografiese afsondering lei tot 'n reduksie in polimorfismiese toeganklikheid en natuurlike seleksie ontstaan. Selfs die twee wêreldoorloë met hul hoë tol aan menselewens het polimorfismiese moontlikhede verminder. Hoe kleiner gemeenskappe is, hoe groter is die kans vir 'n beperking in toeganklikheid tot die breër poel van menslike gene;

sodat eenvormigheid die gevolg is. Dit is gevaarlik, juis omdat 'n hoë mate van inteling mutasies kan veroorsaak tot nadeel van die groep. So het die Tasmaniërs almal óf A óf B tipe bloed gehad en toe hulle met die Blanke in aanraking gekom het, was daar slegs ongeveer 1000 van hulle oor. Geneties was hulle só monomorf dat die geringste verandering in omgewing katastrofaal kon wees en die aanraking met die beskaving het hulle dan ook laat uitsterf. Ook die Boesman is monomorf van aard en die gevolg is moeilike aanpasbaarheid en 'n hoë sterftesyfer. As gevolg van sy vermenging met Negers, Hamiete en die Boesman, is die Bantoe egter sterk polimorfismies en uifers lewensvatbaar van aard. Die verspreiding van die O, A, B en AB bloedgroepe onder geleedere van die etniese groepe wissel ook geweldig en dit is 'n betekenisvolle polimorfismiese eienskap.

Soos Rife (1967, bl.141-188) dan ook aantoon, is kruisteling in die diereryk as 'n beplande metode vir die voortbring van 'n meer vitale nageslag, bekend as heterose. Dit lei dikwels tot die uitskakeling van die ouers se swakker genetiese eienskappe en die voorbring van beide se sterker eienskappe. Tog kan dit soms ook steriliteit tot gevolg hê, soos by die muil. Alle menslike rasse behoort egter aan dieselfde soort met dieselfde aantal chromosome, sodat vermenging by die mens nie hierdie gevaar skep nie. In die diereryk val die klem in kruisteling egter op seleksie, sodat die verwagte nageslag se erflike kwaliteite voorspel kan word. Dit gaan om die uitbouing van eienskappe van hoër produktiwiteit, beter groei, gesondheid en balans in kruisteling en daarom is seleksie van die allergrootste belang. Dit kom neer op die keuse van ouers wat die verlangde eienskappe in die nakomeling sal verseker. Kruisteling maak op hierdie wyse dus uitskakeling van ongewenste eienskappe moontlik. Geografiese faktore is ook van belang en kruisgeteelde diere is dikwels van so'n aard dat hulle slegs in bepaalde omgewings kan aanpas. Daarteenoor is rassevermenging by die mens hoogs onselektief. Verder is die mens reeds in 'n groot mate heterogeen van aard en geen suiwer rasse bestaan nie. Selfs in die geval van selektiewe kruisteling in die diereryk verloor die nageslagte vitaliteit indien nuwe bloed nie van buite af ingebring word nie.

Schwidetzky (1967, bl.95-119) toon ook aan dat de Gobineau dikwels geassosieer word met die gedagte dat rassevermen-

ging noodwendig kulturele verval tot gevolg sou hê. Minder bekend is dat hy egter ook positiewe waardes aan rassevermenging geheg het. So het hy die Europese ras se artistieke aanleg aan vroeëre biologiese aanraking met die Neger gewyt. Tog wys ook Schwidetzky daarop dat rassevermenging hoogs onselektief is en daarom sowel negatiewe as positiewe genetiese waardes op 'n toevallige grondslag mag oordra. Vermenging kan nie by die mens selektief wees nie. Daarom kon Abel onder andere in 1933 by vermengde bevolkings 'n toenemende gebrek aan harmonie aantoon, terwyl Lundborg in 1931 gevind het dat vermenging in Swede en Lapland by die nageslagte 'n hoër voorkoms van tuberkulose tot gevolg gehad het. Gedda (1967, bl.123-139) toon aan dat geen suiwer ras meer bestaan nie, juis as gevolg van vroeëre rassevermenging, sodat sogenaamde rasse vandag reeds rasetipes in hul midde het, waartussen vermenging plaasvind sodat polimorfisme so doende by die mens gehandhaaf word. Verbeterde kommunikasie verhoog vermengingsmoontlikhede tussen rasetipes binne dieselfde ras in die moderne samelewing. Vermenging tussen Blankes en Negers het gedurende die Tweede Wêreldoorlog op groot skaal plaasgevind, sodat 'n eerste geslag nakomelinge reeds bestudeer kon word. Alhoewel hulle in sekere opsigte gewen het, byvoorbeeld aan liggaamsgrootte, voetlengte, ensovoorts, het hierdie Kleurlinge in baie ander opsigte verloor, byvoorbeeld in neuslengte, koplengte en sefaliese indeks. Dit is die resultate met die eerste geslag. Die tweede en daaropvolgende geslagte mag daar geheel anders uitsien. Die uitwerking wat toekomstige mutasies op nageslagte van hierdie Kleurlinge mag hê, bly steeds vir ons onbekend.

- (m) Rainier (1966, bl.273-289) toon aan dat die gevorderde sitogenetika sedert 1960 nuwe vergesigte in die bestudering van erflikheid geskep het. So sou vroeëre opvattinge in verband met die mens óf gewysig, óf verwerp word, soos byvoorbeeld in 1956 reeds gebeur het met die ontdekking dat die mens 46 chromosome in plaas van 48 sou hê. Moderne fotografiese geriewe help ook nou aantoon dat die chromosome in lengte en in die posisie wat die sentromeer tussen 2 chromosome inneem, van mekaar verskil. In 1960 kon wetenskaplikes te Denver dan ook die chromosome in 7 groepe verdeel en beskryf.

(n) Maar, vra McClearn (1968, bl. 164-168) waarom sal die sielkundige hom bekommer oor die genetiese aspek? Dis tog dikwels reeds aangetoon dat kultuur in 2 000 jaar meer verander het as die mens se genetiese samestelling, sodat kultuur ooplopend die belangrikste faktor moet wees. Juis hier fouteer McClearn, want die feit dat die genetiese aspek meer staties van aard bly, meer konstant is, maak die moontlike implikasies wat dit kan inhou, van die allergrootste belang. So toon Caspari (1967, bl. 269-270) byvoorbeeld aan dat, alhoewel ons vandag nog min weet van genetiese verskille en hul invloed op die samelewing, die toenemende neiging tot verdeling en differensiasie van funksies in die menslike samelewing die afgelope 6 000 jaar juis daarop dui dat die genetiese faktor 'n belangrike rol mag speel in die vermoë om bepaalde sosiale rolle in te neem. In die rasionele verdeling van arbeid is dit nodig om kennis te neem van die beste ontplooiingsmoontlikhede wat die heterogenetiese samestelling van die mens in verskillende rolle sal hê. Dit moet dus duidelik spreek dat juis die feit dat die genetiese aspek in 'n groot mate konstant gebly het terwyl die samelewing ontwikkel, verander, meer ingewikkeld en gespesialiseerd geraak het, groter vereistes aan genetiese aanpasbaarheid mag stel. Juis teen hierdie agtergrond kry dit betekenis dat Epps (1969, bl. 5-11) kon bevind dat die Neger in die VSA, indien die aspek van diskriminasie as sodanig links gelaat word, van die Blanke Amerikaner verskil in ondervinding, in wyse van uitdrukking en metodes van kommunikasie met die gevolg dat hy op akademiese terrein in die hedendaagse Amerikaanse samelewing 'n gemeenskap aantref wat vir andere aangepas is en nie vir hom nie. Hy voel dat die verskille in intelligensie en persoonlikheid tussen Negers en Blankes hier primêr as veroorsakende faktor ter sprake kom. En, sê Dobzhansky (1967, bl. 1-18), wat juis vroeër, soos aangetoon, deur Comas 'n etiket van nie-rassisme aangehang word, die bewering dat mense geneties nie van mekaar verskil nie, maak van demokrasie 'n klug. As genetikus voeg hy by:

"Genetic differences do have behavioral consequences. To a geneticist this consideration is trivial, but he is constantly forced to remind his colleagues, especially those in the social sciences. It cannot be stressed too often that what is inherited is not this or that 'trait' or 'character'

but the way the development of the organism responds to its environment."

1.4 DIE BEGRIPPE RAS, VOLK EN KULTUUR

1.4.1 Ras

- (a) Mühlmann (1968, bl.100) toon aan dat die Rassekunde van 1850 tot 1914 in 'n groot mate steriel was. Eers in 1914 sou Martin se Lehrbuch der Anthropologie volg, wat vir Mühlmann inderdaad die gróndslag gelê het vir die tegniek van liggaamsmeting. Dit sou volkekundiges nou konfronteer met die Rassebiologie. Elders dui Mühlmann (1968, bl.185) nou ook aan dat die Rassekunde die afgelope dekade heelwat vooruitgang gemaak het. Die materiaal bly egter steeds onvoldoende vir 'n volledige rasseklassifikasie. Twee neigings in die klassifikasie van rasse is vir hom tans veral op die voorgrond. Eerstens poog die Engelse en Franse fisiese antropoloë om rasse ten opsigte van liggaamsvorm en -kenmerke te klassifiseer. Tweedens is daar veral in Duitsland pogings, alhoewel nog weifelend, om rasse op grond van die erflikheidsleer te klassifiseer. Verder is daar volgens hom veral in die jongste tyd ook nog pogings om rasse te klassifiseer op grond van die geografiese verspreiding van die ABO-bloedgroepe. Daar is bevind dat kenmerke in bloed en serum erflik is, net soos morfologiese rassekenmerke. In sekere kringe sou dit volgens hom die argument ten opsigte van erflikheid en rassevermoë sterk.
- (b) Dit gaan nou in die literatuur veral om die sinvolheid van die gebruik van die term ras. Walter (1952, bl. 4-5) en Coertze (1960, bl.15) toon eerstens aan dat die term ras dikwels, veral in die Anglosaksiese en Romaanse tale, verkeerdelik as sinoniem met die begrip volk gebruik word. Dit moet egter verstaan word dat dit 'n suiwer biologiese term is wat daarop gerig is om mense met min of meer enersse aangebore fisiese kenmerke, saam te groepeer. Walter (1952, bl. 4-5) besluit ook nou dat alle rasse aan dieselfde spesie behoort en dat aangebore biologiese verskille tussen rasse, inderdaad slegs neerkom op variasies binne dieselfde orde.
- (c) Die eerste amptelike aanval teen ras as regverdigbare term in die fisiese klassifikasie van mense, volg in 1951 met UNESCO se publikasie van Race en science, waarin Comas ras in sy artikel Race and myth vir 'n mite uitmaak. (Vgl. Greco, 1961, bl.30) Dittmer (1962, bl.29-31) beweer dat die  
...../49 begrip ras

begrip ras in die ontwikkeling van volkere en kulture ver oorskakel word, alhoewel hy nie daarmee die bestaan van die begrip ras wil ontken nie. Rassekenmerke is vir hom tog nie staties-onveranderlik nie. Genetiese mutasies en rassevermenging - laasgenoemde volgens hom reeds vanaf die allervroegste tye bekend - veroorsaak voortdurende verandering. Bowendien is hierdie verandering sô vloeiend van aard dat geen tipiese of suiwer ras meer bestaan nie. Daarbenewens is rasseverskille primêr deur isolasie veroorsaak, waardeur 'n genetiese seleksie plaasgevind het, gerig op die instandhouding van genetiese kenmerke wat in die bepaalde omgewing beter kon aanpas, en 'n uitwissing van die minder aanpasbare gene. Bowendien sou ras geen invloed op die bepaling van intelligensie hê nie, alhoewel sekere karaktereienskappe by die individu miskien erflik bepaal mag wees. Die ooreenkoms in die geestelik-psigiese aanleg van die hele mensdom is te meer vir hom verrassend groot. Gedragsverskille tussen rasse-groepe kan ook dikwels teruggevoer word na die inwerking van omgewings-, sosiale, historiese en kulturele verskille.

- (d) Teen hierdie beskouing kan etlike besware ingebring word. Soos Czekanowski (1967, bl. 59) aantoon, is dit die morfologiese benadering in die Fisiese Antropologie wat skuldig is aan die feit dat daarin nie ruimte gelaat word vir evolusionêre verandering, genetiese seleksieprosesse en mutasies nie en derhalwe met formules werk wat vir die Genetika, ten opsigte van die sogenaamde Wet van Verskeidenheid van Tipes, nie aanvaarbaar is nie. Rassekundig bly bevolkings egter vir hom steeds statistiese verteenwoordigers van biologiese populasies, bestaande uit sekere rassekenmerke wat uitsorteer wanneer vermenging plaasvind. Hierby sluit Oliver (1967, bl. 171) aan met die stelling dat ras desnieteenstaande steeds gedefinieer kan word as 'n situasie in 'n biologiese proses. Daarom kan Schwidetsky (1967, bl. 101-108) daarop wys dat, eerder as om ras vir 'n mite uit te maak, dit meer korrek sou wees om te sê dat ons van die betekenis van rasseverskille nog baie min weet.
- (e) Czekanowski (1967, bl. 29-67) toon aan dat die klassifikasie van rasse sedert die tyd van Linnaeus (1707-1778) probleme oplewer. Linnaeus het met sy *Homo americanus*, *Homo europaeus*, *Homo asiaticus* en *Homo afer* (*Homo africanus*) 'n geografiese standpunt ingeneem. Later klassifiseer hy die rasse op grond van velkleur in 5 groepe, te wete *Homo albus* (Blank), *Homo*

*cadius* (geel), *Homo niger* (swart), *Homo cupreus* (geel) en *Homo fuscus* (bruin). Blumenbach praat in 1776 van Kaukasiërs, Negers, Mongole, Indiane en Maleisiërs. Gedurende die 19de en 20ste eeue volg die klassieke morfoloë en populasioniste onder leiding van Kollman en Pearson. Eersgenoemde beweer dat vermening streng volgens Mendel se wette verloop sodat geen suiwer ras volg nie en laasgenoemde sit dit in 'n sekere sin voort met die bewering dat geografiese en etniese vermening tot 'n veeltal subrasse lei. Hulle beklemtoon eensyds evolusionêre en andersyds omgewingsfaktore in die totstandkoming van rasse.

(f) Czekanowski (1967, bl. 32-47) toon ook verskillende ander strominge in die Fisiese Antropologie aan. Virchow sou in 1899 die noodsaaklikheid om in rasseklassifikasie met prehistorici saam te werk, beklemtoon. Die geografiese metode word in 1860 deur Broca en in 1898 deur Deniker voortgesit. Laasgenoemde onderskei antropologiese gebiede in Europa en skryf aan elke gebied 'n ras toe. Ten opsigte van Oos-Europa onderskei Tschepurkowsky (1903-1912), 'n Rus, soortgelyke gebiede. Broca onderskei 3 rasse, en Deniker later 10, in Frankryk. So word die biologiese realiteit van rasse 'n kardinale antropologiese probleem. Gedurende 1921 tot 1922 neem Pearson se biometriese skool 'n sterk standpunt in verband met erflikheid van antropologiese trekke in en die Wet van Regressie van Galton volg met die klem op Mendel se wette van segregasie en dominansie.

(g) Czekanowski (1967, bl. 47) bespreek nou Wanke se metode van benadering, gebaseer op die aanname dat 'n massa gekonsentreerde antropologiese elemente 'n staat van ewewig ten opsigte van hul swaartepunt behou en hy voeg by:

".....if the magnitudes of these masses are universally proportional to the square of gravity from the center of gravity of the entire system - system - that is to say to the mean values of the anthropological traits of the investigated population group ...." kan die persentasie van individuele afwykings van die ras, bereken word. 'n Ingewikkelde formule vir hierdie berekening word deur Wanke aan die hand gedoen. Sy metode het volgens die skrywer die waarde dat dit 'n presiese definisie van bepaalde rassepopulasies moontlik maak. In die berekening word die sefaliese indeks, die morfologiese

gesigsindeks, nasale indeks, oogkleur en haarkleur in berekening gebring. Die veronderstelling is egter dat kennis van die mate van voorkoms van sekere rassekenmerke vooraf bestaan, sodat dit in die berekening as konstantes in aanmerking geneem kan word. Wanneer sodanige kennis nie bestaan nie, sou die berekening hoogs tentatief, of selfs onmoontlik, wees sodat dit as punt van kritiek teen Wanke se metode geld.

(h) Murdock (1959, bl. 7) wys daarop dat die Fisiese Antropologie dikwels, wanneer ras omskryf word, die klem sterk op genetiese faktore laat val; iets wat vir hom nie vry van kritiek is nie. Nogtans bly die antropometriese en somatologiese kriteria vir hom die primêre metode in die klassifikasie van rasse. Hy voel die feit dat die verspreiding van die verskillende bloedgroepe in Afrika min of meer dieselfde patroon volg as in die geledere van die Blanke ras, steeds as 'n hoofprobleem van die somatologiese metode aan. Murdock praat egter teen die agtergrond van 'n dekade of wat gelede, sodat 'n mens kan voel dat hy òf nie deeglik kennis dra van bevindinge, soos vroeër in die vorige afdeling aangehaal in hierdie verband nie, òf dat hierdie resultate eers later gevolg het. Mühlmann, soos reeds vroeër aangedui, sou in 1968 kon toegee dat daar minstens bewyse bestaan dat die kenmerke in bloed en serum 'n erflike grondslag, net soos morfologiese rassekenmerke, het.

(i) Definisies vir die begrip ras word nou deur verskillende skrywers voorgestel. Vir Herskovitz (1958, bl. 51) is ras:  
"..... a principal division of mankind, marked by physical characteristics that breed true".

Elders onderskei Herskovitz (1956, bl. 36) drie hoofrassegroepe, te wete die Kaukasiëse, die Mongoliede en Negroïde rasse, wat respektiewelik in Europa, Asië en Amerika en Afrika aangetref word. Dit is 'n biologiese begrip wat vir hom beperk is tot liggaamskenmerke en in teenstelling staan met aangeleerde eienskappe soos menslike gedrag. Vir Coertze (1960, bl. 15)

"..... is 'n ras 'n groep mense wat op grond van 'n kombinasie van min of meer enersse erflik-bepaalde eienskappe saamgegroepeer word".

Morgan (1961, bl. 686) lê die klem op die feit dat die be-

grip ras 'n groep mense op grond van gemeenskaplike en onderskeidende aangebore fisiese kenmerke van ander groepe onderskei.

- (j) Ten slotte word die probleem aangaande ras toepaslik deur Kuttner (1967, bl. xv) sō saamgevat:
- "Whether the term 'race' has a relatively specific intention, or refers to a set of approximating meanings, is a problem which cannot be fully resolved here, but it is clear the concept serves the major objectives of empirical science: to assist us to adequately and parsimoniously describe particular phenomena in the world of our experience and to provide insight into the general principles by virtue of which they can be explained and predicted."

- (k) Met sekerheid kan die begrip ras *dan* van begrippe soos volk en kultuur onderskei word op grond van die suiwer biologiese betekenis daarvan. Verder sou 'n relatief klein aantal rasse onderskei kon word, teenoor 'n ontelbare verskeidenheid volkskulture. Die rassekenmerke van 'n groep sou verder as 'n gegewe, statiese bestanddeel beskou kon word wat deur die individuele draer daarvan nie van hom afgeskud kan word soos kulturele bande deur die proses van akkulturasie "losgemaak" kan word nie. Kortom is dit vir 'n Zoeloe *dan* wel moontlik om byvoorbeeld die Engelse taal aan te leer en na drag en gewoontes te verwester, maar dit is onmoontlik om sy rassegebondenheid in die proses af te skud. Alleen deur vermenging sou 'n rassegroep sy rassekenmerke "veranderd" op sy nakomelinge kan oordra en in dié sin kan aansluiting gevind word by die reeds aangehaalde stelling van Mühlmann dat 'n nuwe ras *dan* selfs sodoende binne die geledere van 'n volk tot stand kan kom, soos die Kleurling binne die geledere van die Afrikaanse volk. Die kerngedagte is dus hier dat die individu se rassegegewe die biologies-konstante deel van sy persoonlike bestaan is en as sodanig onveranderbaar waarneembaar bly.

#### 1.4.2 Volk

- (a) Ras, taal en kultuurkring val vir Dittmer (1962, bl. 33-35) nie saam met die etniese grense nie. Byna in alle volke is verskillende rasse-elemente teenwoordig, terwyl volke van uiteenlopende aard uit dieselfde rassebestanddele kan bestaan. Binne dieselfde taalfamilies kan kultureel heel uiteenlopende volke voorkom. Vir hom is 'n volk *dan* 'n groep

mense in 'n geslote woongebied met 'n gemeenskaplike taal, kultuur en historiese lot wat enersyds hierom saam voel en andersyds bewus is van hul andersheid van hul bure. Hierdie volksbewussyn is die resultaat van latere en hoëre ontwikkeling en kom selde by natuurvolke voor. Die natuurvolke is veral van die stam bewus - 'n eenheid met eenvormige taal en lewenswyse en 'n gemeenskaplike woongebied gepaard met 'n eie ekonomiese lot. In sy vroegste ontwikkeling kan by die stam verder 'n gemeenskaplike verwantskap aangedui word. Hierdie gemeenskaplike afstamming en die eventuele bestaan van 'n gemeenskaplike stamgod bewerkstellig die stam se geestelik-psigiese gebondenheid. Die volk en stam moet verder van die nasie onderskei word, wat tans volgens Dittmer ten beste as 'n bevolking met dieselfde volksaard (en soms meer as een), in besit van 'n vaste staatkundige organisasie, beskryf kan word. Daar bestaan by die nasie verder 'n historiese gegroeide politieke samehörigheid en word deur die omgewing as nasie met voldoende magsmiddele tot self-handhawing erken.

- (b) Mühlmann (1968, bl.234-239) en Dittmer (1962, bl.32-35) vind beide aansluiting by die siening van Shirokogoroff met die stelling dat die volkekundige realiteite egter ten beste tot hul reg kom wanneer menslike groeperinge, waarop bogenoemde benamings nie sinvol toegepas kan word nie, as etniese eenhede beskryf word. Hierdie eenhede is veranderlik ten opsigte van grootte, is taalkundig en kultureel eenvormig, endogamies ge-oriënteerd en van sigself eksistensiële bewus. 'n Sodanige etnosteorie lê dan die botsing tussen die Etnologie en die Regionale Etnografie bloot, laasgenoemde wat met die begrip volk gewerk het sonder om 'n sosiologiese ondersoek na die etnies-samebindende kragte te doen. 'n Eskimohorde, 'n Negerstam, 'n sibbe, was dan in hierdie benadering volkere. Die nuwere Etnologie onderskei nou egter veel meer genetiese fases en variante ten opsigte van etniese eenhede, byvoorbeeld hordes, bendes, clans, stamme kaste, ensovoorts. Die samebindende gemeenskapskonsoliderende elemente is in die sibbe, die stam, die kaste, ensovoorts, elke keer van verskillende aard. Die ware kriteria vir die sosiologiese definisie van 'n etniese eenheid kan net in die gemeenskapsbewustheid en self-afgrensing van 'n groep lê.

- (c) Die belangrikste groep vir Mühlmann (1968, bl.234-239), is elke keer waar die sogenaamde natuurvolke ter sprake kom, die sibbe. Selfs die stam word slegs gesien as 'n taal- en kultuurgemeenskap. Ook in die ou Sjinese kultuur was die sibbe die bepalende eenheid en is hulle dus geen volk nie, maar uit-sibbe-saamgevoegde kultuurgemeenskappe. Juis hierin lê die dwaling van Mühlmann. Alle Bantoes ken nie die sibbestruktuur nie. Verder is baie duidelike taal-, kultuur- en etniese verskille by die Bantoe aanwesig.
- (d) Murdock (1959, bl.24-32) dui aan dat 'n Bantoe-gemeenskap (society) of volk (people) volgens die Afrikapatroon sy ontstaan in die poligamiese gesin vind, wat dan histories met ander gesinne tot 'n sibbegroep saamgroeï wat hul samehorigheid biologies kan terugvoer na 'n gemeenskaplike (en dikwels waarskynlik legendariese) voorvader. Die gemeenskap ontstaan deurdat verskillende sibbes dieselfde grondgebied bewoon, soortgelyke stelsels en gebruike eerbiedig, kenmerkende gewoontes aanneem, ensovoorts. Maar Murdock se stelling sou ten opsigte van die Suid-Bantoe in hoofsaak vir die Ngunigroepe kon geld, terwyl hy by sekere Sothogroepe die sibbe met die totemgroep sou moes vervang.
- (e) Herskovits (1958, bl.324-327) toon aan dat in die samestelling van die Bantoe-gemeenskap die grondslag van 'n ouderdomsgroephiërargie 'n belangrike rol speel. Die ordelike samehorigheid van die gemeenskap word bewerkstellig deur die proses van enkulturasie, waardeur gebruike, gewoontes, tradisies en gelowe aan die nuwe geslag oorgedra word. Vir Hoernlé (1956, bl.67-94) is die essensiële groep by die Bantoe die stam met sy stamhoof wat genealogies as vader van die stam gesien word. Volgens Bruwer (1956, bl.11-18) sou daar egter wel sprake van Bantoevolkere wees, juis omdat die samehorigheid van verskeie stamgroepe 'n nuwe eenheid met 'n eie gemeenskapslot tot stand gebring het, met 'n bepaalde stamhiërargie binne die volksverband, aan die hoof waarvan die opperhoof met sy raad van stamhoofde staan.
- (f) Dit is dus duidelik dat volkswording, of dan die totstandkoming van kultuurgemeenskappe, nie net, soos Mühlmann by die Sjinese aandui, uit sibbe-samevoegings geskied nie. By die Bantoe het die sibbe (of totem) juis die stam tot stand gebring en die samevoeging van die stamme kultuurgemeenskappe met 'n volkskarakter. Die volk is dus geen primêre entiteit nie, maar
- ...../55 teit nie, maar

teit nie, maar toon dié verskynsel dat dit 'n uit-elemente-saamgevoegde kultuurgemeenskap is met 'n kulturele, historiese en geografiese samehorigheid. Die verantwoordelike solidariteit waarna Milhmann (1968, bl.193-194) as 'n vereiste vir volkswording aan die hand van 'n stelling van Weber soek, sou by die Bantoe gevind kon word in die regeringsvorm van 'n opperhoof met stamhoofde as lede van sy raad wat sodoende die beheer oor die volk konsolideër; maar van die ware proletariaat wat in die Weste uit gildes en vakbonde voortgespruit het, is daar slegs elemente by die Bantoe-kultuurgemeenskappe te bespeur in pogings tot 'n rasionele grondslag vir arbeid uit die verdeling van gemeenskapstake tussen geslagsgroepe en die vorming van werksgroepe. Daar is dus wel elemente van kultuurgemeenskappe-in-volkswording.

- (g) Vir die huidige wil dit egter lyk asof die stelling van Dittmer, soos vroeër aangehaal, van betekenins word as hy sê dat die volkekundige realiteit 'n beskrywing in die etniese sin van die woord verg. Ons sou derhalwe vir die doeleindes hiervan die Bantoe van Suid-Afrika wou sien as etniese groepe elk met 'n eie etniese bewustheid, taal, kultuur en geografies-historiese samehorigheid.

#### 1.4.3 Kultuur

- (a) Herskovits (1958, bl.387) dui aan dat die definisies van kultuur talryk is. So kon Kroeber en Kluckhohn in 'n bespreking van hierdie definisies, 160 verskillendes opspoor. Herskovits self stel dan die volgende definisie voor: "Culture is the man-made part of the environment."
- (b) Vir Coertze (1960, bl.31) is kultuur alles wat die mens in sy verskillende volksverbande tot stand gebring het en is kultuur dus die resultaat van die mens se skeppende werksaamheid. Hierteenoor is die natuur en die res van die skepping die resultaat van die skeppende werksaamheid van die Al-skepper. In die natuur egter, kry 'n mens alleen kultuur vanweë die aanwesigheid van die mens. Dit is derhalwe alleen 'n menslike attribuut.
- (c) Vir Morgan (1961, bl.669) is kultuur die gebruike, gewoontes en tradisies wat 'n volk as 'n sosiale groep van andere onderskei. Dit sluit verder ook die houdings en gelowe in wat daardie bepaalde groep in verband met al die belangrike lewensaspekte huldig.
- (d) Schapera (1956, bl.357-387) wys daarop dat kultuur nie sta-  
...../56 ties van aard

ties van aard is nie, maar voortdurend blootgestel is aan verandering. Verandering mag deur akkulturasie plaasvind, dit wil sê, wanneer die kultuur van een groep in aanraking kom met die kultuur of kulture van 'n ander groep(e) en kulturele dominerings van een groep vind plaas. Dit is duidelik die situasie in Suid-Afrika, waar die Bantoe-kulture in aanraking gekom het met en in 'n groot mate deur die kulture van die Blanke groepe gedomineer is.

- (e) Mühlmann (1968, bl.119-121) kritiseer die ou uitgangspunt van Wundt wat in sy Völkerpsychologie van die veronderstelling uitgaan dat kultuurskeppende werksaamheid in die gemeenskap onderhewig is aan trappe van geestelike produksievermoë, met die volk of gemeenskap as produsent en die individu in 'n ondergeskikte rol. Dit spruit voort uit die romantiese veronderstelling van die gemeenskaplik-bouende volksgees. Hiermee vind Wundt aansluiting by tydgenote soos Ratzehofer, Barthe, Ward en andere wat 'n wilsmatige gemeenskapskarakter propageer. Die groot beswaar teen die Völkerpsychologie is dan juis geleë in sy ontkenning van die skeppende werksaamheid van die individuele mens in die totstandkoming van kultuur. Inderdaad is Wundt se Völkerpsychologie dan vir Mühlmann geen Völkerpsychologie en geen Sosiologie nie, maar eerder 'n weerspieëling van die romantiek van sy tyd.
- (f) Hierdie geloof dat persoonlikheid in die groep verskuil sou raak, is volgens Mühlmann (1968, bl.119-121) alreeds vroeër deur die historikus, Meyer, die nek ingeslaan met bewyse van die etnoloog, Beck, dat die stamkulture van sogenaamde natuurvolkere dikwels juis 'n besondere beroep doen op die persoonlikheidsontwikkeling van die individu. Weliswaar kan daar, soos Mühlmann (1968, bl.171-172) aantoon, streng sanksies in die gemeenskap bestaan deurdat almal mekaar streng bewaak om by die eise van die sosiale orde te hou. Dit is egter geensins anoniem-magtig, soos Durkheim en Sumner wil voorgee nie, maar word inderdaad heel dikwels beïnvloed en bepaal juis deur die dominerende krag van sekere persoonlikhede binne die groep. Dit is wel korrek dat hierdie dwingende innerlike mag deur die grootste getal mense as anoniem aangevoel word en as 'n sosiale sanksie geag word. So ontstaan dan reëls en voorbeelde van gedrag, wat egter ten nouste saamval met dominerende persoonlikhede. Hierdie mag lê egter op die enkeling en ken aan hom verskillende so-

siale rolle toe, al na gelang van die sosiale groepe waarin hy beweeg - so word persoonlikheid dan sekondêr oorbeklemtoon en ontstaan die persona of masker van Jung. Hy toon verder aan dat ook Klages, uitgaande van die uitdrukkingspsigologie en algemene karakterologie, die egtheid van persoonlikheidsuitdrukking binne die gemeenskap beklemtoon het. Die mens gebruik die sosiale orde as kriterium waarteen sy persoonlikheid vorm aanneem. So vorm die sosiale agtergrond vele gedragslyne wat binne die persoonlikheid van die individu saamgevat word tot 'n kleinere geslotenheid, waardeur hy dan sy omgewing benader en dit in sy gedragshandelinge as 'n hoëre, voorskrywende gestalte aanvaar.

- (g) Vir Herskovits (1955, bl. 47-49) is dit Freud wat aangetoon het dat die bestudering van die menslike persoonlikheid sou vereis dat die ondersoeker diep in die verlede van die individu en sy kinderjare sou moes delf om die vroegste ervarings van die individu sodoende vir analitiese doeleindes te verkry. Verder is besef dat die delwing in die vroegste ervarings van die individu inderdaad betekenisloos sou wees sonder 'n beskouing van sy probleem teen die agtergrond van sy kultuur. Hier sluit die psigo-analise dan vir hom by die behaviourisme aan deur tot die slotsom te kom dat die mens nooit los van sy kultuur beskou kan word nie. Sapir is vir hom die eerste persoon wat die belang hiervan binne die Antropologie self waargeneem het. Sapir het naamlik gesê dat, nieteenstaande die onpersoonlike aard wat dikwels aan die kultuur toegeskryf word, dit alleenlik as kultuur waarneembaar is in die geestesgoedere van 'n groep individue wat nie anders kan as om op hul kulture die stempel van hul eie persoonlikhede af te druk nie. Kultuur is geensins iets van gegewe aard nie. Dit is alleenlik 'n gegewe entiteit in die romantiese sin van die woord soos dit uitdrukking vind in die sentimentele uitdrukkings wat taal daaraan verleen. Sodra ons dit vanuit die oogpunt van die kultuur-aanlerende kind sien, vind ons 'n totaal ander beeld. Kultuur is dan nie iets gegewe nie, maar iets om geleidelik ontdek te word.

- (h) Benedict (1968, bl. 177-180) was nie alleen eerste om die kulturele relatiwiteit van norme en geestespatologie aan te dui nie, maar bespreek ook nou omvattend die probleem van sosiale waarde binne die bepaalde kultuurgemeenskap. Ook ten opsigte van sosiale waardes neem sy 'n relatiwi-

teit waar sodat iets wat vir die Blanke soos 'n utopia mag voorkom, vir 'n lid van die Zuni-gemeenskap 'n nagmerrie mag wees.

- (i) Die ingewikkeldheid van die probleem van sosiale waardes, kom vir haar die duidelikste in die Kwakiutl-kultuur na vore. Die basiese motief waarop die instellinge van die Kwakiutl-gemeenskap berus, is net soos by die moderne Europese gemeenskappe, kompetisie-gees (rivalry).

Kompetisie-gees berus vir hulle nie op 'n stryd om bekoming van die waardevolle voorwerpe nie, maar op die ondergrawing van opponente. Die aandag is nie langer gerig op die voldoende voorsiening in die behoeftes van die gesin nie, of op die bekoming van voorwerpe wat tot die eie genot aangewend kan word nie, maar op die onderwerpings van die bure en op die besit van meer goedere as andere. Alle ander waardes word totaal verdring deur een groot drang tot oorwinning. In alles wat gedoen word, lê die waarde hier in prestasie wat andere in die skadeweë stel. In die alledaagse lewe is elke individu daarop ingestel om andere totaal te ruïneer en te onderwerp en die self te verhef.

Daarom kan die Kwakiutl-individu die lewe deur geen ander bril sien as 'n lewe saamgestel uit kompetisie-elemente nie en word elke situasie vanuit 'n kompetisie-oogpunt benader. Elke ander individu is hierom 'n bedreiging waarmee rekening gehou moet word en wat ondergrawe moet word, anders ondergrawe hy jou.

As een van die sosiale instellinge, val sosiale waardes hier in dieselfde kategorie as sanksies, wat vroeër aan die hand van Mühlmann bespreek is. Maar die wesenlike verskil lê daarin dat waar sanksies daardie sosiale faktor impliseer wat aan die individu voorskryf wat hy nie mag doen in sy bepaalde gemeenskap nie, waardes vir hom wil voorhou watter gedrag wel in sy groep toelaatbaar is en hoog aangeprys word.

- (j) Kultuurskeppende werksaamheid impliseer dus die aktiewe deelname van die individu. Tereg sou daar dus sprake kon wees van 'n individuele kultuur. So sou Edison se ontdekkings en bydraes tot die wetenskap die resultaat wees van 'n dominante individuele kultuur. In die individuele kultuur sou opgesluit lê juis die persoonlikheidsienskappe van die enkeling. Verder word vorm aan die individuele kultuur gegee deur die sanksies en waardes wat aan gedrag gestel word deur die be-

sondere kulturele en subkulturele affiliasies van die mens. So bevind die individuele kultuurskeppende mens hom midde in 'n omgewing waaruit die gemeenskapskultuur as volkskultuur tot hom spreek in terme van tradisies, waardes, gewoontes, ensovoorts, waarbinne hy ge-enkultureer word deur middel van die proses van kultuurontdekking. Hy staan dan binne sy kultuur enersyds as ervaarder daarvan en andersyds as bydraer daartoe. Hy is wisselwerkende oorsaak en gevolg van sy kulturele omgewing, sodat die verband tussen volks- en individuele kultuur steeds intiem van aard bly. Dit is mekaar wedersyds aanvullende, van mekaar afhanklike, letterlik uit elkander ontwikkelende entiteite. En ten slotte dra die verskeidenheid van kulture by tot 'n mensheidskultuur wat die totaliteit van die skeppende werksaamheid van die mens as kenmerkende entiteit onderskei van die vermoëns van alle ander lewensvorme in die natuur.

1.5 DIE BENADERING VAN SZONDI TOT DIE PERSOONLIKHEID MET SPESIALE VERWYSING NA DIE FAMILIALE ONDERBEWUSTE<sup>1)</sup>

1.5.1 Inleiding

(a) Die uitgangspunt van Szondi, soos breedvoerig uiteengesit in sy Experimentelle Triebdiagnostik,<sup>2)</sup> 'n werk wat vervolgens as basis gebruik sal word in die samevattende oorsig wat hier in verband met hierdie teorie sal volg, is in wese psigo-analities van aard en vind noue aansluiting by die uitgangspunte van Freud en Jung.

(b) Szondi is 'n Hongaarse psigiater wat die graad in Geneeskunde aan die Universiteit van Budapest behaal het, waar hy op 11 Maart 1893 gebore is. Hy doen wye navorsing in die Erflikheidsleer, Konstitusionele Sielkunde en Kinderpsigiatrie as assistent in die Kliniese Sielkunde aan die Universiteit van Budapest onder leiding van professor Ranschburg. In 1927

...../60 word hy

---

1) Die term „onderbewuste“ word hier verkies bo „onbewuste“ om die volgende redes:

(a) onbewuste kan in Afrikaans geassosieer word met iets waarvan 'n mens onbewus is - nie van weet nie;

(b) onderbewuste dui aan iets wat onder die vlak van die bewuste is, dit wil sê, kennis wat die mens wel besit sonder dat hy bewustelik weet dat hy dit besit. Om hierdie redes word daar in hierdie werk voorkeur aan die term onderbewuste gegee.

2) Vergelyk in hierdie verband Aull (1952) se Engelse vertaling, soos aangedee in die bibliografiese lus.

word hy professor in Psigopatologie en Biologie, 'n betrekking wat hy beklee tot in 1941, toe politieke opstande gedurende die Tweede Wêreldoorlog hom noodsaak om uit sy vaderland te vlug.

- (c) Dit was gedurende sy jare aan die Universiteit van Budapest wat hy aanvoerwerk begin doen het met die navorsing wat sou lei tot die formulering van sy teorie wat as die Schicksal-analise bekend sou staan.
- (d) In 1944 vestig hy hom in Zürich, Switzerland, en begin sy teorie en bevindinge boekstaaf. Die eerste werk insake Noodlot- of Schicksalanalyse, Experimentelle Triebdiagnostik, sien in 1947 die lig. Dit word onderskeidelik in 1948 en 1952 gevolg deur sy Schicksalanalyse en Triebpathologie, waarin dieselfde teorie en verdere eksperimente in hierdie rigting verder omskryf word. Die klem val nou veral op eksperimentele werk met die Szondi-toets.
- (e) Waar hy die toets oorspronklik ontwerp het om sekere hipoteses wat later in sy teorie opgeneem sou word, eksperimenteel te bevestig, voel Szondi dat sy toets en sy teorie onafskeidbaar van mekaar is; sonder die toets bestaan daar geen teorie nie en sonder die teorie bestaan daar geen toets nie. Dit is die benadering wat ook deur Roos (1962, bl. 57) gehuldig word in sy bespreking van die valensies van die Szondi-foto's. Hy sê: "Hoewel die mening soms uitgespreek is dat die drangtoets onafhanklik van die genetiese of gen-teorie aangewend kan word, is dit, in Szondi se woorde 'n geskiedkundige waarheid dat sonder die gen-teorie die drangstelsel van die Schicksalanalyse en sonder die drangstelsel die drangtoets nie bestaan nie. Die vertolkingswaarde van die onderskeie toetsmomente moet dus steeds teen die verwysingsagtergrond van die schicksalanalitiese benadering gesien word."
- (f) In aansluiting by 'n vorige uitgangspunt, naamlik dat 'n begrip van persoonlikheid gevorm word by die aanvaarding van 'n sekere teoretiese uitgangspunt, vereenselwig die huidige onderzoeker hom hier met die benadering van Szondi. Ons sal dan ook in die eksperimentele deel van die huidige werk streng te werk gaan volgens die kode deur die teorie neergelê.
- (g) Dit is trouens die enigste uitgangspunt wat aanvaar kan word ten einde enige tussenkomende veranderlikes wat tussenbeide mag tree indien wysigings in primêre prosedure, soos neergelê

deur Szondi, in die huidige werk ingeneem sou word, uit te skakel. Sodanige tussenkomende veranderlikes mag die resultate wat verkry sou word indien daar afgewyk word van Szondi se oorspronklike standpunt, totaal onvergelykbaar maak met die resultate van Szondi self, en met die resultate van ondersoekers soos Yarritu en Roos (1962, bl. 57), beide ondersoekers wat die Szondi-resep getrou gevolg het. Met hierdie resultate sal ons dan die resultate van die huidige ondersoek essensieel vergelyk.

1.5.2 Die psigo-analise van Freud in aansluiting by die uitgangspunt van Szondi-

- (a) Die Freudiaanse bydrae tot ons kennis van die onderbewuste is volgens Szondi daarin geleë dat Freud ons in aanraking gebring het met die eerste stratum van die onderbewuste, te wete die persoonlike onderbewuste, waarin daardie gerepresenteerde inhoud wat tot die onderbewuste deur die mens verdring is in sy aanraking met sy lewensomgewing, opgesluit lê.
- (b) Deur middel van vrye assosiasie en droomontleding kom hierdie verdronge inhoud, wat die mens se gedrag motiveer en dikwels verantwoordelik is vir sy patologie, tot die bewuste in simboliese vorm. Die analis ontleed in die loop van sy psigo-analitiese terapie hierdie simbole ten einde tot die werklike inhoud van die probleem te kom.
- (c) Freud het geglo dat die mens nie beheer het oor die verdronge en onderbewuste inhoud nie, iets wat die persoon se patologie juis ten grondslag lê. Deur die bewusmaking daarvan kry die persoon beheer daaroor en kan hy nou sy probleem hanteer en regstel.
- (d) Dit is dan ook vir Freud die taak van die psigo-analise: om verdronge inhoud na die bewuste te bring waar hulle onder bewustelike beheer geplaas kan word.

1.5.3 Die Analitiese Sielkunde van Jung in aansluiting by die uitgangspunt van Szondi

- (a) Vir Szondi lê die bydrae van Jung tot die Analitiese Sielkunde daarin dat Jung die tweede stratum van die onderbewuste, te wete die kollektiewe onderbewuste, ontdek het. In teenstelling met die persoonlike onderbewuste van Freud, wat verdronge ervarings uit die persoon se lewensomgewing huisves,

*huisves die kollektiewe onderbewuste oorgeërfde ervarings van die menslike ras in geheel in die vorm van permanente motiewe of argetipes.*

- (b) Hall en Lindzey (1957, bl.17-35) definieer 'n argetipe in terme van Jung se uitgangspunt soos volg:

*"It is a permanent deposit in the mind of an experience that has been constantly repeated for many generations. For instance, countless generations of men have seen the sun make its daily excursion from one horizon to the other. The repetition of this impressive experience eventually became fixed in the collective unconscious as an archetype of the sun-god the powerful, dominating, light-giving, heavenly body that men defied and worshipped. Certain conceptions and images of a supreme deity are offshoots of the sun archetype."*

- (c) Hadfield (1954, bl.39) vat soos volg saam:

*"The collective unconscious therefore 'contains not only every beautiful and great thought of humanity, but also every deed of shame and devilry of which human beings have ever been capable.' The collective unconscious constantly affects our habits and behaviour quite unknown to ourselves, for 'it is a determining constituent of all experiences.'"*

- (d) Volgens Jung het die primitiewe mens 'n onvermoë openbaar om tussen realiteit en abstrakthede te onderskei. Wanneer hy dus natuurwondere in wording gesien het, het hy ook in sy verbeelding 'n duiwel of god geprojekteer wat verantwoordelik was vir hierdie wordingsproses. In sy reproduksies het hy dan sy waarneming van die natuurramp of ander gebeurtenis, sowel as sy eie projeksie (gedagte) van 'n god of duiwel daarop as werklikheid oorvertel. Ten slotte som Jung (1960, bl.57) die waarneming van die abstrakte as ~~realiteit~~ by die primitiewe mens soos volg op:

*"Such ideas were never invented. They came into existence when mankind had not yet learned to use the mind as a purposeful activity. Before people learned to produce thoughts the thought came to them. They did not think but perceived their mental function."*

- (e) Jung (1960, bl.57) het nou tot die slotsom gekom dat die mitologie van 'n volk niks ander is nie as daardie volk se geskiedenis, wat van mond tot mond oorvertel is deur die primitiewe mens. Hierdie geskiedenis het egter die stempel van daardie volk se bepaalde denkwysse gedra, want dit was in

'n onbepaalde mate vermeng met sowel abstrakte as realiteitsgedagtes.

- (f) In die mitologie vind ons dus volgens Jung (1953, bl. 28-29) die simbole van 'n bepaalde volk se arge-lewe en in 'n diepte-sielkundige ontleding hiervan kan ons 'n beeld van die persoonlikheid van daardie volk verkry.
- (g) Ook Freud (1918, bl. 4) het vroeër al die waarde daarvan ingesien om die primitiewe mens se gedagtelewe, soos geprojektieer in die mitologie, te bestudeer ten einde 'n beter begrip te verkry van die moderne mens en sy neuroses. Hy sê hier: "..... a comparison of the 'Psychology of Primitive Races' as taught by folklore, with the psychology of the neurotic as it has become known through psychoanalysis, will reveal numerous points of correspondence and throw new light on subjects that are more or less familiar to us".

#### 1.5.4 Die familiale onderbewuste

##### (a) Algemeen

- (i) Szondi (1952, bl. 1-16) beskryf die Schicksalanalise as die genealogie van die onderbewuste. Schicksalanalise stel hom ten doel die bestudering van daardie stratum van die onderbewuste wat as gevolg van erflikheidsfaktore die individu gebonde maak aan 'n onbepaalde noodlotsbestemming of "Schicksal".
- (ii) Volgens die teorie van Szondi is die latente, resesiewe of rustende gene van die individu, soos hy dit oorgeërf het van sy voorsate, nie onaktief nie; dit bly vir hom aktief om die individu langs genetiese weg op 'n bepaalde bestemming af te stuur en die doel van die Schicksalanalise is om hierdie bestemming van die individu te probeer vasstel.
- (iii) Basies is die Schicksalanalise 'n sielkunde wat konduktore of draers bestudeer. Die latente erflike eienskappe van 'n draer word oorgedra op sy nageslagte, maar indien die besondere erflike eienskap vanaf beide ouers tot die nakomeling oorgedra word, sal die bepaalde trek in die vorm van 'n abnormaliteit gemanifesteer word. Die persoon wat byvoorbeeld die nakomeling is van 'n skisofreniese vader en 'n normale moeder, is 'n latente, dog erflikbepaalde draer. Volgens Szondi bepaal die spesifieke aard van die draer die latere keuse van voorwerpe deur 'n rigtinggewende

invloed te hê op onder andere sy keuse van vriende, liefdesmaats, beroep, ensovoorts.

(b) Die vier beginsels van die Schicksalanalise

(i) Binne die raamwerk van sy genotropismiese uitgangspunt noem Szondi die volgende vier basiese beginsels van die Schicksalanalise:

(1) Die eerste beginsel.

Die latente gene is hoogs aktief en het hier die spesifieke funksie om rigting te gee aan die keusehandeling.

(2) Die tweede beginsel.

Volgens die teorie van die Schicksalanalise het 'n drangbehoefte of dryfveer 'n somatiese inslag. Szondi beweer dat persone wat geestelik verstoord is, afwykings in drangbehoefte openbaar in die vorm van 'n konflik tussen gevaarlike drangbehoefte met ooreenstemmende verdedigingsmeganismes. Beide komponente van die besondere konflik, naamlik die dranggevaar en die kermerkende verdediging teen hierdie gevaar, is erflik-bepaald en lê daarom in die familiële onderbewuste opgesluit.

(3) Die derde beginsel.

Szondi onderskei in die familiële onderbewuste vier Schicksalgebiede of dele van latensie, wat hy inderdaad ontleen het aan die vroeë Heredoferiese Psigiatrie. Hierdie vier gebiede sluit saam om vier vektore te vorm, elk met twee drangbehoefte, wat op hulle beurt die teenoorgestelde pole van dieselfde persoonlikheidstrek verteenwoordig. Szondi aanvaar dat die twee drangbehoefte binne dieselfde vektor na 'n vorm van homeostase streef, juis omdat hulle twee basiese soortgelykhede wat tegelyk funksioneer, verteenwoordig. Die onderliggende uitgangspunt is dus dat beide tendense van 'n vektor integrale dele is van 'n goed-funksionerende organisme (Vgl. Der. 1949, bl. 6-44).

Die volgende Schicksalgebiede, -areas of vektore en drangfaktore word aangetref, soos uiteengesit deur onder andere Roos (1962, bl. 17-38), Szondi (1952,

bl. 1-16) en Deri (1949, bl. 6-44)

- (1) Die area van die seksuele dranglêwe, wat saamval met die heredosfeer van seksuele afwykings soos beskryf deur Hirschfeld, Plitz en Van Roemer sowel as Theo Lang. In die toetsprosedure wat met Szondi se psigodiagnostiese eksperiment gevolg word, word hierdie area as die S-vektor aangedui en sluit die volgende drangfaktore in:
  - (aa) die h faktor, wat homoseksualiteit voorstel en gereken kan word as die verteenwoordiger van teer, vroulike liefde;
  - (bb) die s of sadistiese faktor, wat die behoefte aan manlikheid in die vorm van fisiese aktiwiteit of aggressiwiteit uitdruk.
- (2) Die area van die proksismale dranglêwe, wat saamval met die oorerwingsondersoeke van Szondi self en Bratz, (Vgl. Roos, 1962, bl. 25) sluit die volgende drangfaktore in:
  - (aa) die e of epileptiese faktor, wat verband hou met die persoon se hantering van wrede emosies met 'n ondertoon van aggressiwiteit;
  - (bb) die hy of historiese faktor, dui aan in watter mate die persoon hom in die uitlewering van sy emosies kan laat geld.
- (3) Die area van die ego-dranglêwe, wat ooreenstem met die skisotieme heredosfeer van Luxemburger, Ruedin, Hoffman en Bleuler, sluit die volgende drangfaktore in:
  - (aa) die k of katatoniese faktor, wat die narsistiese ego-behoefte van die persoon veronderstel;
  - (bb) die p of paranoidiese faktor, dui die rekbaarheidsvermoë van die ego aan.
- (4) Die area van die kontakdrange, wat ooreenstem met die sirkulêre afwykings van Hoffman, Ruedin, Luxemburger en Lenz, sluit die volgende drangfaktore in:
  - (aa) die d of depressiewe faktor, wat te doen het met die verwerwing en verwerking van nuwe voorwerpe;

- (bb) die m of maniese faktor, wat die persoon se behoefte aandui om voorwerpe vir genotsdoeleindes aan te hang en saamval met die afhanklikheids- en sekuriteits-behoefte.
- (4) Die vierde beginsel, is die uitgangspunt van 'n antitetiese struktuur van drange en drang-dialekte. In die erkenning van 'n biogenetiese uitgangspunt, was dit vir Szondi nodig om, in teenstelling met die algemene neiging in die Sielkunde, in sy Schicksalanalyse 'n duidelike biologiese standpunt in te neem. Volgens Szondi is dit waar dat indien die drangbehoefte 'n erflike grondslag het en derhalwe van genetiese oorsprong is, is die drang-dialekte, wat volgens die moderne Genetika vanuit 'n antiese van dominante en resessiewe faktore ontspring, oordraagbaar tot 'n sielkundige manifestasie van behoeftes. Hiervolgens lê die oorsprong van die drangbehoefte dan in dranggene.
- (iii) In die bestudering van die lotswisseling van drangbehoefte gaan Szondi vanuit die geen-teorie en sy veronderstelling uit en onderskei hier tussen drangneigings, drangbehoefte (wat hy die drang-faktore noem) en drangstrewe (of vektore). Die drangneiging word bepaal deur die gene wat van die vaderlike of moederlike linie afkomstig is. Hiervolgens verwys die begrip drangneiging dan slegs na een komponent en as sodanig beskryf dit ook slegs een deel van die drangkrag wat deel van 'n bepaalde behoefte uitmaak. 'n Sodanige enkele geen-komponent kan dan voorgestel word met die letter A of B of C of a of b of c, ensovoorts.
- (iv) Volgens die klassieke heredobiologiese uitgangspunt, sal dit nie moontlik wees om by heterosigotiese individue een drangneiging te vind wat onafhanklik bestaan nie. In sy totaliteit gesien sal dit altyd sekere kenmerke dra van die aangebore eienskappe aanwesig in die ander ouer se genestelsel, alhoewel

hierdie eienskappe dan latent of indirek van aard mag wees. In sy totaliteit sal die nuwe geen eienskappe oordra van beide ouers se kenmerkende, onderliggende gene-samestelling. Die drangbehoefte of drangfaktor, op sy beurt, bestaan dan weer uit twee onderling-verwante drangneigings.

Dit ontstaan uit die samestelling van twee homogene geen-groepe wat afkomstig is van elke van die ouers. Hierdie samestelling kan dan voorgestel word met die simbole Aa, Bb, Cc, ensovoorts.

- (v) In die finale instansie ontstaan dan die drangvektor, wat voortspruit uit 'n kombinasie van twee faktore wat dieselfde doel nastreef. Die drangbehoefte kan nou verder beskryf word as 'n genetiese struktuur met 'n polariteit van drangbehoefte (die vektore). In die nakomeling word daar dan 'n wisselwerking aangetref tussen die drangneigings van die vaderlike sowel as moederlike linie, asook 'n wisselwerking tussen individuele drangpare, soos bepaal deur die oorerwingsfaktore aanwesig by elk van die ouers. Hierdie wisselwerking kan dan nou in simbole uitgedruk word as A teenoor a en B teenoor b, ensovoorts. In die geval van affeksionaliteit, impliseer dit byvoorbeeld 'n wisselwerking tussen die erflike-bepaalde moeder-~~affek~~ en die erflike vader-~~affek~~. Binne dieselfde vektor groepeer twee drangbehoefte (of faktore) met dieselfde kenmerke nou saam en dit kan voorgestel word met simbole soos Aa-Bb, Cc-Dd, Ee-Ff, ensovoorts, byvoorbeeld vroulike affeksionaliteit (Aa) teenoor manlike aggressiwiteit (Bb).

- (vi) Die individuele faktore binne dieselfde vektor kan dan beskryf word as drangbehoefte, terwyl die samestelling daarvan tot 'n enkele vektor met twee drangbehoefte, as 'n drang beskryf kan word. Die drang ontstaan dan uit 'n kombinasie van die twee drangbehoefte wat dieselfde doel nastreef. In 'n nadere beskouing van die Szondi-ansie uitgangspunt, blyk dit byvoorbeeld dat die S of seksuele drangvektor twee drangbehoefte of -faktore bevat, te wete positief (+) en negatief (-).

Vier polariteite kan dus in die seksvektor onderskei word, te wete:

- (1) polariteit tussen  $h+$  ('n behoefte tot uitlewing van die eie, amoreuse geneigdheid) en  $h-$  (behoefte om deur andere bemin te word);
- (2) polariteit tussen  $s+$  (behoefte aan gemani-festeerde aggressiwiteit) en  $s-$  (behoefte aan passiwiteit, affeksie, en om inderdaad deur andere vernietig te word, met 'n menslewende of humanistiese gesinde neiging tot die ver-werping van stryd en konflik);
- (3) polariteit tussen die vroulike strewe na seksualiteit ( $h-$  en  $s+$ ), aan die ander kant; en
- (4) die polariteit tussen die  $h$  en  $s$  behoeftes, met ander woorde, tussen die amoreuse en die aggressiewe.

(vii) In die patologie kan hierdie vier polariteite op vele maniere onderling kombineer ten einde die dialektiese dranglewe van die besondere individu uit te druk. Op grond van navorsing met drangstrukture, kan die wyse waarop die vier elementêre dranggeneigdhede onderling mag kombineer, vasgestel word. Die Szondi-toets is dan ook juis oorspronklik deur Szondi saamgestel in navorsing van hierdie aard en op grond van die proefpersoon se geprojekteerde valensies in die toetssituasie (die keuse van foto's waarvan hy hou en waarvan hy nie hou nie), kan die verskillende polariteite van die drangneigings binne dieselfde vektor statisties uitgedruk word om 'n beeld daar te stel van sy unieke en persoonlike dranglewe.

(c) 'n Hoofklassifikasie van 'n universele drangstruktuur

(i) S of vektor van seksuele dranglewe.

Die volgende drangfaktore word onderskei:

- (1) Die  $h$  of faktor van homoseksualiteit, wat die onbevredigde, amoreuse behoeftes asook die bevredigde aggressiewe behoeftes insluit, en in twee subklasse verdeel kan word:
  - (aa) die subklas van kinderlike, amoreuse aggressie;
  - (bb) die subklas van die aktiewe, militante humanis, wat sy amoreuse behoeftes ontken

of sublimeer.

(2) Die s of faktor van sadisme, wat onbevredigde aggressiewe behoeftes of bevredigde amoreuse behoeftes kan insluit en aanleiding gee tot die volgende subklasse:

(aa) die subklas van sadisties-aggressiewe bevrediging;

(bb) die subklas van aggressie-ontkenning en die bevrediging van die behoeftes deur middel van masochistiese dade.

(iii) Die paroksismale of emosionele kontrole-vektor (P vektor).

Die volgende drangfaktore word hier onderskei:

(1) Die e of epileptiese faktor, wat volgens Szondi sielkundig gesproke die suiwerste manifestasie van aggressiewe uitbarsting verteenwoordig, en die hantering van aggressie tussen die volgende twee uiterstes klassifiseer:

(aa) sublimasie van die aggressie deur 'n sosialisering daarvan binne die kader van die etiese kode en 'n sin vir regverdigheid en fyngvoeligheid. Streng kontrole oor emosionele uitbarsting bestaan en 'n sterk onderskeid word gemaak tussen reg en verkeerd, goed en sleg, wat dus op 'n sterk ontwikkelde superego dui; dit is die sg. Abel-reaksie; en

(bb) die manifestasie van die sogenaamde ~~Katn~~geaardheid, in die vorm van overte aggressiwiteit met 'n absolute gebrek aan, óf onwilligheid tot kontrole van die eie aggressie. Dit dui op 'n relatief swak ontwikkelde superego en gaan gepaard met infantiele gedrag.

(2) Die hy of histeriese faktor, wat ook die hantering van die emosies uitdruk. Waar die e faktor die uitlewing van overte emosies wat in verband met s binne die S vektor staan ~~uitdruk~~, hou "hy" egter verband met die soort emosie wat gekorreleer kan word met dié wat deur die h faktor in die S vektor uitgedruk word.

Dit is dus 'n onderskeid tussen die meer manlike (faktore s en e) aggressie en die meer vroulike (faktore h en ky) uitlewing van aggressie.

Emosionaliteit word hier ook tussen die volgende twee uiterstes gemeet:

- (aa) ekshibisionisme, wat gekenmerk word aan die manifeste behoefte aan agting, erkenning en sosiale aanvaarding. Dit kan volgens Deri (1949, bl.101) waarskynlik in verband gebring word met die gedrag wat op die Rorschach-toets gemanifesteer word in 'n oorheersing van CF oor FC op die psigogram; en
- (bb) self-verskuiling, wat uitgedruk word in die vorm van teruggetrokkenheid en skaamheid en word by persone aangetref wat in onvermoë verkeer om hul overte emosies ekshibisionisties in sosiaal-aanvaarbare kanale af te lei.

(iii) Die ego of Sch vektor.

Die volgende drangfaktore word hier aangetref:

- (1) Die k of katatoniese faktor, wat die struktuur van die ego openbaar, en die persoon tussen die volgende uiterstes klassifiseer:
  - (aa) introjeksie, naamlik waar die persoon die integriteit van die ego behou deur introjeksie van daardie eksterne voorwerpe wat vir hom belangrik is om ewewigtigheid van die ego-behoefte te verseker; en
  - (bb) ontkenning, wat uitgedruk word in repressie, inhibisie, ensovoorts, van die ego-behoefte.
- (2) Die p of paranoïdiese faktor, wat die proefpersoon eweneens tussen twee uiterstes klassifiseer, te wete:
  - (aa) ego-ekspansie, met ander woorde, die persoon identifiseer homself met 'n behoefte aan kontak met die eksterne omgewing; en
  - (bb) projeksie, wat dui op 'n onvermoë tot bewustelike wete van en insig in die

onderbewuste konflik; dit word dan op die eksterne omgewing geprojekteer.

(iv) Die Kontak- of C vektor.

Die volgende drangfaktore word hier aangetref:

(1) Die d faktor, wat kontak tussen die volgende twee uiterstes uitdruk:

(aa) die soeke na nuwe voorwerpe wat waarde inhou met die doel om dit in besit te neem. Dit dui volgens Webb (1959, bl.121) op 'n variasie en veranderlikheid in die persoon se sisteem van waardes, terwyl Deri (1949, bl.122) daarop wys dat 'n identifikasie met anale eienskappe hieruit spreek.

Daar bestaan volgens haar 'n sterk behoefte aan konkrete voorwerpe, met 'n algemene belangstelling in die uiterlike werklikheid as bron tot die bekoming van die materiële; en

(bb) dit dui op 'n konstantheid en onwrikbaarheid, met geen soeke na substitute vir dinge nie. Daar word ook 'n element van standvastigheid aangetref ten opsigte van die aangenome stel waardes en houdings. Dit is die beeld van meer realistiese persone wat nie maklik afstand doen van voorwerpe, byvoorbeeld liefdesmaats wat eers eenmaal positiewe valensie vir die persoon gehad het nie.

(2) Die m faktor, wat in die Szondi-toets deur foto's van maniese pasiënte voorgestel word en wat volgens Deri (1949, bl.132) die hantering van orale behoeftes uitdruk, kategoriseer die persoon ten opsigte van hantering van kontak tussen die volgende twee uiterstes:

(aa) gebondenheid en sekuriteit, wat uitgedruk word in die behoefte aan gebondeheid aan eksterne voorwerpe terwille van orale bevrediging. Dit is die tipiese sogenaamde orale persoonlikheidstipe; en

(bb) losmaking en ongebondenheid, wat 'n distansiering van die voorwerpe in die omgewing impliseer en gepaard gaan met onstabiele en onvoorspelbare gedrag. Dit dui dus op 'n frustasie van die vroeë orale behoeftes en word aangetref by persone wat hoop opgegee het om vir die vroeë frustrasie van hierdie behoefte te probeer kompenseer deur nuwe sosiale kontak aan te gaan.

(d) Die drie tale van die onderbewuste

(i) Inleiding.

Die familiële onderbewuste bepaal die noodlot of Schicksal van die mens. Daar is twee vorme van Schicksal, te wete kompulsie en keuse.

In die lewe van die individu bestaan daar 'n definitiewe planmatigheid. Hierdie planmatigheid sluit 6 kragte in, naamlik:

- (1) oorerwing;
- (2) die besondere eienskappe van die drafte;
- (3) die sosiale omgewing;
- (4) die geestelike (dit wil sê die intellektuele en filosofiese) omgewing;
- (5) die ego;
- (6) die spirituele, wat as die hoogste "reëbank" van die Schicksal beskou kan word.

Van sy voorsate het die individu sy Schicksal-potensiaal beërwe; elke voorsaat doen hom in die familiële onderbewuste voor as een spesifieke Schicksal-moontlikheid. Hierdie teenwoordigheid van die voorsate van die individu in sy familiële onderbewuste as Schicksal-potensialiteite, noem Szondi kompulsie-Schicksal. Hierdie kompulsie-Schicksal domineer die individu se keuse van liefdesmaats, vriendskappe, beroepe, siekte en dood.

Die mens het egter nog 'n persoonlike Schicksal, naamlik die eie ek of ego. Dit is die persoonlike Schicksal wat die verskillende oorgeërfde Schicksal-potensialiteite sorteer, rangskik en integreer tot 'n unieke

individuele persoonlikheid. Die persoonlike Schick-  
sal is 'n dinamiese, funksionele, dialektiese faktor  
in die persoonlikheid van die mens.

(ii) Die persoonlike onderbewuste - die taal van die sim-  
toom.

Die waarde van Freud se werk lê veral daarin dat hy  
die eerste persoon was om aan te toon dat persoonlike  
gerepresseerde ondervindings hulleself kan uitdruk  
in neurotiese en psigotiese simptome. Die persoon-  
like gerepresseerde ondervindings is dus volgens  
Szondi die taal van die simptome.

(iii) Die kollektiewe onderbewuste - die taal van die sim-  
bool.

Die kollektiewe onderbewuste is saamgestel uit die  
menslike ras se eeuelange ondervindings van 'n mito-  
logiese en religieuse aard en is universeel-geldend.  
Dit verteenwoordig die kollektiewe beginsel van die  
menslike bestaan en word uitgedruk in die vorm van  
simbole. Die taal van die kollektiewe onderbewuste  
is dus 'n taal van simbole.

(iv) Die familiale onderbewuste - die taal van die keuse.

Die belangrikste funksie van die familiale onderbe-  
wuste is volgens Szondi 'n funksie wat hy genotro-  
pisme noem. Genotropisme speel 'n rol in die keuse-  
handeling, naamlik:

- (1) In die vorm van libidonalotropisme, determineer dit  
hier die keuse van liefdesvoorwerpe. Dit speel dus  
'n rol in elke "ek-jy"-situasie van die individu.  
Dit is die primêre motiveringsbeginsel vir die keuse  
van liefdesmaats en is derhalwe die beginsel wat die  
voortbestaan van die familie en die gesin verseker.
- (2) In die vorm van idealotropisme, wat intellektuele  
kontakte en bande tussen individue verseker, byvoor-  
beeld in die keuse van vriende.
- (3) In die vorm van operotropisme, word die keuse van 'n  
beroep deur die familiale onderbewuste gedetermineer.  
Hierdeur kies die mens vir homself 'n beroep wat hom  
in 'n beroepsomgewing sal plaas waar hy met individue  
van dieselfde genesamstelling as hyself kan kommuni-  
keer. Dikwels is die nasate van die ernstigste af-

wykende ouers die mees natuurlike psigiaters; kinders van vervolgers is dikwels ideale prokureurs of advokate; kinders van epileptici, die sogenaamde draers van die "heilige siekte," is op hulle beurt weer dikwels ideale predikers, onderwysers in spesiale skole, psigoterapeute, ensovoorts.

Deur die keuse van sy beroep bevredig die individu dus op sosiaal-aanvaarbare wyse die negatiewe oorgeërfde drange van sy voorsate. Szondi wys daarop dat Ellenberger in 'n studie van identiese tweelinggeaangetoon het hoe die een dikwels misdadiger is en die ander een 'n tronkbewaarder; die een kon sy gedrag nie sosialiseer nie, terwyl laasgenoemde egter daarin kon slaag.

- (4) In die vorm van morbotropisme, determineer die familiële onderbewuste die keuse van siektes. Die keuse van 'n spesifieke siekte kan dikwels nie net aan die teenwoordigheid van 'n bepaalde virus toegeskryf word nie, dog ook aan 'n oorgeërfde latente faktor.
- (5) In die vorm van thanatotropisme, word die doodskeuse gedetermineer en die mees duidelike voorbeeld hiervan is selfmoord.

Hierdie genotropismiese keuse-funksie van die familiële onderbewuste is dus verantwoordelik vir die derde taal van die onderbewuste, naamlik die taal van die keuse.

## 1.6 DIE BEGRIP BANTOEPERSONLIKHEID

### 1.6.1 Inleiding

- (a) Die begrip Bantoe dien vandag as 'n versamelnaam vir 'n groep mense wat verskillende tale praat en kulture beoefen wat dikwels wyd uiteenlopend van aard is; inderdaad is dit die versamelnaam vir 'n groep mense wat in 'n groot mate dieselfde fisiese of rassekundige kenmerke vertoon en volgens aanduidings 'n

"...direkte resultaat (is) van aanraking tussen die Negerbevolking van Afrika en die Hamitiese intrekkers uit die Ooste,"

soos Brauer (1956, bl. 2) dit stel. Fisies sowel as kultureel toon hulle dan ook kenmerke van die Negers sowel as die Hamiete.

(b) Die begrip Bantoe as versamelnaam vir hierdie mense van verskillende volke of etniese bedeling, is soos Tomlinson et al. (1955, bl. 19) aantoon as 'n benaming aanvaar op grond daarvan dat hulle in hul onderskeie tale wisselvorme van dié nomen het (byvoorbeeld abantu, batho, ovandu, anthu, ensovoorts), wat mens beteken.

(c) Die klassifikasie is dus tweërlei van aard, te wete:

(i) 'n Taalkundige en kulturele klassifikasie

Wanneer van 'n Bantoevolk (of Bantoe etniese groep) gepraat word, dien dit as verwysing na 'n spesifieke groep mense wat op grond van 'n gemeenskaplike kultuurbesit en langdurige samewoning as 'n volk (of etniese groep) met eie kenmerkende sentimente saamgegroeï het.

(ii) 'n Rassekundige klassifikasie

Wanneer die term Bantoe gebruik word, dien dit as 'n versamelnaam vir 'n groep mense wat op grond van dieselfde erflik-biologiese eienskappe rassekundig saamhoort.

#### 1.6.2 Bestaan daar 'n Bantoepersoonlikheid?

(a) Kluckhohn en Murray (1961, bl. 53) maak die volgende stelling:

"Every man is in certain respects

a. like all other men,

b. like some other men,

c. like no other man."

In hierdie stelling vind Van Dyk (1964, bl. 378-383) regverdiging daarvoor dat daar wel sprake van 'n Bantoepersoonlikheid kan wees. Hy noem veral die verskynsel dat persoonlikheid na sy mening sodanig in die Bantoe-kultuur verskuil word dat daar nie sprake is van 'n individualisme soos ons dit in Blank-westerse kultuur opmerk nie.

(b) Dit is onder andere Seward (1956, bl. 3-60) wat in 'n bespreking van die psigopatologie as 'n relatiwiteitsverskynsel in verskillende kulture aandui dat die individu se gedrag nie slegs in terme van die breëre volkskultuur gesien moet word nie, maar ook binne sy subkulturele verband of verbande. In die bestudering van persoonlikheid moet dus kennis geneem word van mensheidskultuur ("like all other men"), volkskultuur ("like some other men") en individuele kultuur ("like no other man").

- (c) In die soek na 'n antwoord op die vraag na die bestaan van 'n Bantoepersoonlikheid, blyk dit dus noodsaaklik om eerstens kennis te neem daarvan dat 'n Bantoekultuur nie bestaan nie; ons het hoogstens te doen met kulturele ooreenkomste tussen die Bantoevolkere. Binne die geledere van 'n bepaalde (Bantoe-) volk het ons tweedens ook te doen met subkulturele verskille wat onder meer teweeggebring word deur verskillende sibbe- of totemgroepe, ouderdomsgroepe, geslagsgroepe, kleiner en groter gesinsgroepe, stamaffiliasies, ensovoorts. Verder sou benewens hierdie situatiewe invloede wat vanuit die tradisionele bedeling op persoonlikheid uitgeoefen word, ook kennis geneem moes word van die verskille wat in persoonlikheidsvorming veroorsaak word tussen die individu wat in die tradisionele kultuurverband staan, teenoor die individu wat hom in hoogs gedenasionaliseerde omstandighede in 'n westers (stedelike) omgewing bevind.
- (d) Dit moet dus duidelik blyk dat daar minstens, uit die situatiewe gesigspunt beskou, geen sprake kan wees van 'n kenmerkende Bantoepersoonlikheid nie, sover so iets kultureel gegrond of gevormd is. Indien dit oorwegend geneties gevormd is, sou daar wel van 'n Bantoepersoonlikheid sprake kon wees. Die vraag is nou dus of wat as 'n Bantoepersoonlikheid aangesien word, nie kenmerkend is van die meeste "natuurvolke" nie. Die bestudering van die volkspersoonlikheid sou derhalwe nie kon impliseer dat hierdie volkspersoonlikheid as kenmerkend kon geld vir alle subgroepe daarbinne nie, maar sou dan wel in 'n mindere of meerdere mate elemente van daardie subgroepe kon insluit. Die bestudering van 'n volkspersoonlikheid impliseer derhalwe die daarstelling hoogstens van 'n teoretiese (gemiddelde) mens en geld nie as norm waaraan enige gegewe individu sal of behoort te voldoen nie.
- (e) Die bestudering van 'n Bantoepersoonlikheid saamgestel uit die resultate van onderskeie volkspersoonlikhede, sou verder ook nie kon impliseer dat daar 'n Bantoekultuur bestaan waarteen 'n Bantoepersoonlikheid geëvalueer kan word nie. Dit sou eweneens 'n teoretiese gemiddelde meebring wat tot stand gekom het as gevolg van die relatiewe rol wat kulturele ooreenkomste sowel as verskille tussen groepe tot die finale beeld bygedra het. As sodanig sou dit dan slegs betekenis kon hê in 'n vergelyking daarvan met die "teoretiese gemid-

delde", verkry van groepe (byvoorbeeld die Blanke) wat in vergelyking met die Bantoe, veel minder kulturele ooreenkomste met Bantoevolkere toon. Dit bring mee dat betekenisvolle verskille tussen 'n Blanke- en 'n Bantoe-groep dus nie noodwendig aan 'n faktor anders as die situatiewe gewyt kan word nie. Daar kan met ander woorde verwag word dat Bantoevolkere in 'n onderlinge vergelyking van hul groeps persoonlikhede juis weens hul groter mate van kulturele ooreenkomste nader aan mekaar sal staan as wat aan die lig sou kom uit 'n vergelyking van die persoonlikhede van 'n Blanke- en 'n Bantoevolk.

- (f) Wanneer die Szondi-groepsprofile van die Bantoe en die Blanke dus in 'n betekenisvolle mate meer verskille aan die lig bring as wat daar uit 'n vergelyking van Bantoe-groepe onderling en Blanke-groepe onderling na vore tree, sou beswaarlik beweer kon word dat die Szondi-prosedure enige situatiewe invloede uitgeskakel het en nou die bewys vir erflike verskille gelewer het. Die situasie sal dan steeds die basiese eis aan die prosedure stel om hier bo redelike twyfel te onderskei tussen wat moontlik erflik is en wat moontlik situatief is. In hierdie persoonlikheidsstudie van die Bantoe aan die hand van die *Analityse Sielkunde van Szondi* sal derhalwe gepoog moet word om vas te stel hoe die prosedure wel daarin slaag om sodanige onderskeid te bewerkstellig, juis omdat Szondi, soos aangetoon, beweer dat die sogenaamde gen-teorie en die toets nie van mekaar geskei kan word nie.
- (g) Samevattend sou daar dus opsommend die hipotese gestel kon word dat daar inderdaad sprake is van Bantoe-persoonlikhede relatief tot kulturele en subkulturele affiliasies, eerder as van 'n Bantoe-persoonlikheid in die lig van die afwesigheid van 'n enkele Bantoe-kultuur.

### 1.6.3 Metodes in die bestudering van Bantoe-persoonlikheid

- (a) Biesheuvel (1958, bl. 166) besin oor die metodes wat psigoloë behoort te volg in die bestudering van Bantoe-persoonlikheid en wys op die belangrikheid daarvan om in enige uitgangspunt kennis te neem van gegewens deur volkekundiges met betrekking tot die Bantoe ingewin. Hy beklemtoon juis die feit dat persoonlikheid eers betekenis teen die agtergrond van die kulturele omgewing verkry. Die huidige Sielkunde het sy beslag

teen 'n Wes-Europese agtergrond verkry en sou dus belangrike aanpassings moes ondergaan ten einde werklik sinvol teen die agtergrond van die daaraan vreemde Bantoe-kulture betekenisvolle gegewens te kan inwin. In 'n studie van persoonlikheid per se beklemtoon hy veral die waarde van projeksietegniese soos die Rorschach en die TAT.

- (b) In die praktyk wil dit egter voorkom asof veral die TAT van waarde is, juis omdat die toets deur verskeie ondersoekers met sukses by ander kulturele situasies as die Blank-westerse aangepas kan word. Die Rorschach met sy meer abstrakte inkkladmateriaal is nie aan dieselfde aanpassing onderhewig nie en wanneer in gedagte gehou word dat die inkkladde vir kultuurgroepe, anders as die Wes-Europeërs vir wie dit oorspronklik gestandardiseer is, ander situatiefbepaalde betekenis mag verkry, is die huidige beperkinge van die toets duidelik. Dit is dan ook die wesenlike beswaar wat teen 'n ondersoek van Du Preez (1962, bl. 65-185) ingebring kan word, dat hy die Rorschach op Bantoeplaasarbeiders toepas en dat die uiters patologiese beeld wat hy van hulle persoonlikheid verkry, juis die gevolg is van 'n westersgeoriënteerde interpretasie van die toetsresultate.
- (c) Dit is veral De Ridder (1961, bl. 3-180) wat besondere insiggewende resultate in 'n persoonlikheidsstudie met die TAT behaal. Hy pas naamlik 'n toets, waarop Bantoesituasies in die plek van die Blankesituasies van Murray se oorspronklike weergawe van die toets aangebied word, op 2 500 proefpersone aan die Witwatersrand toe. In die response van sy stedelike Bantoe proefpersone vind hy onder meer dat die proefpersone se verhale dikwels van stangeoriënteerde, na stadsgeoriënteerde, na Blank-westersgeoriënteerde temas wissel. Dit is verder opvallend dat die toets daarin slaag om die proefpersone se besondere akkulturatiewe konflikte aan die lig te bring in die vorm van 'n hoë persentasie angsresponse, 'n bewustheid van die rassesituasie wat na vore tree in die vorm van 'n bewustheid van Blank/Bantoe-verhoudings, sowel as die etniese afstande binne die gelede van die eie ras; verder is die godsdienstige verwildering van die stedelike Bantoe duidelik, terwyl hy ook as naëwe ekshibisionis met 'n aggressiewe primitiwiteit op die voorgrond tree. Lee (1950, bl. 181) werk reeds vroeër ook met 'n aangepaste TAT-toets in 'n studie

van 64 geleerde Bantoe proefpersone in Natal en wys veral op die demoraliserende invloed wat rassediskriminasie op sy proefpersone se persoonlikheidsontwikkeling uitoefen.

- (d) Tot die kennis van Bantoe persoonlikheid lewer die observasie-metodes van verskeie ondersoekers eweneens 'n bydrae. Blignault (1964, bl. 384-388) rapporteer die waarneming dat die tradisionele godsdiens van die Bantoe hoofsaaklik die vorm van voorvader-aanbidding aangeneem het, met 'n gevolglike sterk aanwesigheid van die waardes van die dominante outoriteitsfiguur in die alledaagse lewe van die individu. Sy stelling kan egter nie sonder kritiek aanvaar word nie, want die vraag ontstaan onwillekeurig wat dan eerste was: die outoriteitsfiguur of die animisme? Dit is miskien redeliker om die verskynsel te stipuleer dat die dominante outoriteitsfiguur en die voorouerverering geassosieerd voorkom. Landis en Bolles (1957, bl. 327) toon op hulle beurt aan dat Laubscher in 1937 reeds waarneem dat skisofrenie die mees algemene abnormaliteit by die Temboe-stam is. In hulle kultuur vind Laubscher dat daar kennis geneem word van twee vorme van geestesversteuring, te wete ukutwasa en ukupambana. Eersgenoemde dui veral op die meer neurotiese abnormaliteite, terwyl laasgenoemde veral betrekking het op abnormaliteite wat ernstige vorme soos komas, algemene verwarring en geestelike aftakeling insluit.

- (e) Van Dyk (1964, bl. 380-381) rapporteer die feit dat medici en psigiaters wat onder die Bantoe werk, die voorkoms van neurose as 'n seldsame verskynsel aantref. Veral dwang- of obsessief-kompulsiewe neuroses, wat vir hom tipies is van die sogenaamde na-binne-gerigte persoonlikheid, is afwesig. Terwyl Laubscher die voorkoms van angstoestande waarneem, is dit vir Van Dyk veral Loudon wat konversie-histerie, as verskynsel wat meer bepaald onder Zoeloevrouens voorkom, vermeld. Waar dieselfde skrywer nou aantoon dat Laubscher onder die Fingo en die Temboe ook akute histerie aanvalle aantref wat herinner aan Charcot se sogenaamde "Grand Histeria", kan 'n mens sigself wel die vraag stel of hierdie verskynsel nie tog maar algemeen kenmerkend van alle primitiewe volkere is nie. Dit is wel so. Van belang is egter die tipiese vorme wat dit onder die Bantoe van Suid-Afrika aanneem. Voorts verwys Van Dyk ook na aggressie by die Zoeloevrou teen haar

tradisionele afhanklikheid van die man, soos waargeneem deur Loudon in sy bespreking van die Nomkhubulwane-verskynsel. Tradisioneel word die Zoeloe een dag van die jaar ter ere van die Zoeloeprinses, Nomkhubulwane, mitologiese godin van graan, afhanklik van die vrou gestel. Sekere seremonies beklemtoon dan hierdie ommuiling in geslagsrolle. Loudon voer aan dat hierdie verskynsel van konversie-histerie, soos by die Zoeloevrou waargeneem, skerp toegeneem het met die verdwyning van die Nomkhubulwane-rites.

- (f) Andor (1966, bl. 165) toon aan dat Biesheuvel in 1953 aange-  
toon het dat soortgelyke opnames aan die lig bring dat die Bantoe in die 14 jaar vanaf 1939 tot 1953 geen beduidende verandering in persoonlikheidsienskappe ondergaan het nie, nieteenstaande noemenswaardige statusveranderinge. Hieruit sou minstens blyk dat persoonlikheidsontwikkeling nie noodwendig tred hou en 'n korrelasie met sosiale veranderings toon nie.
- (g) Die opvallende feit wat betref persoonlikheidsstudies van die Bantoe is veral geleë in die beperkte omvang wat sodanige ondersoeke aanneem. Andor (1966, bl. 1) toon byvoorbeeld aan dat 'n bestudering van die literatuur met betrekking tot ondersoeke onder die Bantoe vir die tydperk 1784 tot 1963 aan die lig bring dat die eerste ware persoonlikheidsstudie dié is wat Lee in 1950 onderneem het. Hierna het die tempo waarteen sodanige ondersoeke onderneem is, nie juis opvallend versnel nie. Die feit dat baie van hierdie ondersoeke dikwels weinig of geen resultate gelewer het wat bygedra het tot 'n duidelike omskrewe Bantoe persoonlikheidstipe nie, blyk verder uit die stelling van Andor (1966, bl. 166-167) dat Biesheuvel in 1959 nog daarop kon wys dat die meeste van hierdie ondersoeke òf spekulatief, òf subjektief van aard is, sodat die enigste mate van sekerheid wat dit aangaande Bantoe persoonlikheid oplewer, geleë is in aanduidings van 'n stadiger psigiese tempo by die Bantoe as by die Blanke.
- (h) Opvallend is verder die leemte aan studies na etniese of sib-  
bepersoonlikheid. So het die proefpersone van De Ridder by-  
voorbeeld in die ondersoek waarna vroeër verwys is, slegs die feit in gemeen dat hulle 'n stedelike groep is; Du Preez se proefpersone is op hul beurt bloot plaasarbeiders, terwyl dié van Lee 'n klein geleerde monster verteenwoordig. Sprake

ondersoek na Zoeloepersoonlikheid, of na die persoonlikheid van die Buthelezi- of Ndabasibbes in Zoeloegeledere is daar nie. Daar bestaan dus geen aanduidings van die studie van persoonlikheid aan die hand van 'n metodologies-ideale model nie sodat wat ontbreek 'n suiwer prinsipiële sistematiek is. Hierdie opvallende leemte bied dus steeds 'n uitdaging tot die gerigte persoonlikheidsnavorsing in die Sielkunde.

1.6.4. Ander ondersoeke met betrekking tot die Bantoe

(a) Alhoewel persoonlikheidsondersoeke met betrekking tot die Bantoe, soos aangedui, betreklik min en onvolledig van aard is, het vele sielkundiges hulle in die verlede wel tot die studie van die Bantoe gerig sodat 'n kennisname van sekere hiervan hier nodig is. Onder andere hier ter sprake is die ondersoeke van Biesheuvel (1959, bl. 141-155) na die houding van die Bantoe teenoor sekere Westerse etiese norme, Bloom (1960, bl. 103-112) se ondersoek na sekere Bantoes se politieke houdings en Hudson (1960, bl. 183-208 en 1962, bl. 226-239) se ondersoeke na diepte-waarneming.

(b) In onderskeid met die projeksiemetodes, veral die TAT, wat met betrekking tot persoonlikheidsstudies sterk op die voorgrond tree, moet in hierdie ondersoeke eerstens die vraelysmetode genoem word. Dit is veral Biesheuvel (1959, bl. 141-155) wat hier die leiding neem. Hy maak gebruik van die resultate van 820 beantwoorde vraelyste uitgestuur aan hoërskole en onderwysersopleidingskolleges, waar die proefpersone minstens 18 jaar oud was en standaard 6 geslaag het. Dit blyk hieruit dat daar by die proefpersone 'n diepgaande waardering bestaan vir die morele en wetlike kodes van die Suid-Afrikaanse westerse lewenswyse, behalwe waar dit natuurlike behoeftes en diepgewortelde geloof in toorpraktyke raak. Hier oorheers die tradisionele houwas. Ten tye van die ondersoek vind hy 'n algemene lojaliteit teenoor die regering, behalwe waar statutêre diskriminasie op rassegronde bestaan. Daar is verder geen bewyse vir 'n toename in vyandigheid jeens westerse instellings en waardes nie, terwyl daar ook geen sprake was van die oordrag van groeps-antagonistiese houdings na die terrein van alledaagse menslike verhoudings nie.

(c) In teenstelling hiermee vind Bloom (1960, bl. 103-112) in 'n vergelykende vraelysstudie van Blanke- en Bantoe-regstu-

dente, onderskeidelik van die Universiteite van Natal en Fort Hare, 'n meer pessimistiese lewensuitkyk by die Bantogroep as by die Blankegroep. Die Bantogroep was verder veral bewus van 'n stryd om politieke en sosiale vryheid. Pettigrew, soos Krech (1962, bl. 486) aantoon, vind in 'n studie van 620 Blanke studente van die Universiteit van Natal dat 69% die Bantoe as hoofsaaklik meer geskik vir hande-arbeid en ander werk met 'n laere vereiste ten opsigte van mentaliteit beskou. Die belang hiervan is daarin geleë dat die Bantoe hom dus in 'n omgewing bevind waar daar teen hom gediskrimineer word.

(d) Hudson (1960, bl. 183-208 en 1962, bl. 226-239) maak op sy beurt van diepte-waarnemingstoetse gebruik en toon aan dat die Bantoe minder as die Blanke in staat tot diepte-waarneming is. Hierdie onvermoë toon 'n afname namate opvoedkundige kwalifikasies toeneem, alhoewel die eienaardige verskynsel voorkom dat 'n swart gegraduateerde van Oxford dikwels nie drie-dimensionele waarneming in die toetssituasie rapporteer nie, terwyl 'n leerling in sy klas wel diepte waarnem. Du Toit (1966, bl. 51-63) glo dat hierdie onvermoë in 'n taalrelatiwiteitsfaktor geleë is omdat daar in die Bantoe-tale geen woorde bestaan om diepte-waarneming uit te druk nie. Met hierdie verklaring beantwoord hy egter nog steeds nie die vraag waarom die Bantoe-tale dan juis in gebreke gebly het om sodanige uitdrukkings te ontwikkel nie, veral gesien die feit dat taal nie staties is nie, maar steeds ontwikkel om by die behoeftes van die beoefenaars daarvan aan te pas.

(e) Tot die studie van Bantoe-persoonlikheid lewer die resultate van sodanige ondersoeke veral dié bydrae om die ondersoeker bewus te maak van die andersoortige kulturele omstandighede waarin die Bantoe hom bevind en wat seer sekerlik 'n invloed op die studie van persoonlikheid sal hê. Van persoonlikheid as sodanig sê dit egter weinig of niks - dit laat slegs die verwagting ontstaan dat persoonlikheidsontwikkeling in bepaalde rigtings gestuur kan word, onder meer as die gevolg van diskriminasie in die Blanke-westerse stedelike milieu en in die tradisionele verband as gevolg van bepaalde tradisionele norme en waardes en die beperking wat dit aan ontwikkeling in die afwesigheid van stimulerende faktore soos

opvoeding en onderwys stel. Verder blyk dit duidelik uit die literatuur dat daar weinig of geen gronde bestaan om, in die lig van die Bantoe se huidige posisie, in sowel die tradisionele as in die Blank-westers gedomineerde samelewings enige persoonlikheidsverskille wat mag bestaan aan enige ander faktor as juis die situatiewe te wyt nie.

1.7

SAMEVATTING

- (a) Persoonlikheid kry 'n multidimensionele gestalte. Dit het onder meer betekenis in 'n sosiologiese, biososiale, volkekundige en sielkundige sin. Binne 'n bepaalde vakdissipline verskil ondersoekers se siening van persoonlikheid, dikwels in aansluiting by die ondersoeker se bepaalde uitgangspunt en die teoretiese sieninge wat hy verteenwoordig. Die Szondi-siening van persoonlikheid sou in 'n sekere sin as 'n poging tot sintese tussen die suiwer funksionele uitgangspunt van Freud en die suiwer konstitusionele siening van fisioloë soos Pavlov beskou kon word.
- (b) In die studie van Bantoe persoonlikheid is die problematiese geleë in die feit dat die ondersoeker vanuit 'n Analitiese Sielkunde, wat teen 'n Blank-westerse agtergrond sy beslag gekry het, die Bantoe kultureel sowel as rassekundig anders as die Blanke aantref. Dit is 'n haas onbegonne taak om in persoonlikheidsstudie een van hierdie veranderlikes konstant te hou. Die Szondi-prosedure gaan van die veronderstelling uit dat dit met die eksperimentele metodiek daaraan verbonde moontlik sou wees om daarmee tussen die erflike en situatiewe te onderskei. Indien korrek, sou juis dié toets in die studie van Bantoe persoonlikheid besondere belofte kon inhou.
- (c) Die doel van die ondersoek is dus andermaal en kortweg gestel om 'n beeld van die persoonlikheid van die Bantoe aan die hand van die Analitiese Sielkunde van Szondi te verkry.
- (d) Die problematiese in die Szondi-metodiek is juis geleë in die veronderstelling dat daarmee met sekerheid tussen die erflike en die situatiewe in persoonlikheidsvorming onderskei kan word. In die lig van die huidige wetenskaplike kennis oor erflikheid en omgewing, kom so 'n aanname aanwegbaar voor. Literatuur op dié terrein word veral vertroebel deur die vurige subjektiewe betrokkenheid in die debat van uiterste environ-

mentaliste sowel as uiterste hereditiste. Dit blyk dikwels dat wat aan oorerwing in persoonlikheidsstudies gewyt word, net sowel situatief verklaar sou kon word, sodat onsekerheid oor die relatiewe bydraes van erflikheid en omgewing tot persoonlikheidsvorming in die lig van huidige ondersoekmetodes eerder vergroot as verklein word.

- (e) In 'n studie van ras, volk en kultuur is dit nodig om eersgenoemde van die ander te onderskei hoofsaaklik op grond van sy suiwer biologiese betekenis. 'n Volk is 'n sosiale orde wat tot stand kom op grond van langdurige samewoning en gemeenskaplike kultuur- en taalbesit. Binne dieselfde volk kan elemente van verskillende rasse erflik-biologies teenwoordig wees. Dit is nodig om hierdie terme nie met 'n stam, wat gewoonlik hul lotsgebondenheid na 'n ware of denkbeeldige gemeenskaplike stamvader kan teruglei, of 'n nasie, waarby verskillende volke of dele daarvan in 'n polities-staatskundige verband betrokke kan wees, te verwar nie. Die kultuur van 'n volk is die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens. Dit is hier nodig om te onderskei tussen individuele kultuur, soos dit as gevolg van die lewenservaring van die enkeling as kenmerkend van sy persoon tot stand kom; volkskultuur, wat die resultaat is van die skeppende werksaamheid van 'n groep mense wat as volk saamhoort; en mensheidskultuur, wat die resultaat is van die kultuurskeppende werksaamheid wat die mens as soort anders as ander soorte onderskei.
- (f) Waar die meer funksionele uitgangspunt van Freud die menslike persoonlikheid tot stand sien kom binne sy situatiewe lewensomgewing, voeg Szondi die erflikgebonde dimensie van aangebore drangbehoefte hiertoe by. Hiervolgens sou die mens deur sy bepaalde genetiese struktuur gebonde wees aan 'n voorafberekende Schicksal- of noodlotsbestemming. Deur middel van die wet van tropismes sou die mens dan gebonde wees om binne die grense van beperkte erflik-biologiese keusebehandelinge sy beroep, liefdesmaats, die keuse van dood, ensovoorts, te selekteer. Dit is egter nodig om te onthou dat Szondi nie die invloed van die situatiewe hiermee uitskakel nie. Die omgewing sal bepaal of die mens se aangebore behoeftes en aanleg tot ontplooiing sal kom en hoe dit sal geskied, maar wat erflik nie gegewe is nie, sou hiervolgens nie deur omgewing  
...../85 tot stand

tot stand gebring kon word nie. Die erflike beperk dus die potensiële moontlikhede en omgewing bepaal watter potensiële moontlikhede tot ontplooiing sal kom. Die grootste beswaar hierteen is juis Szondi se postulering van erflike predisposisies in die lig van 'n afwesigheid van kennis en metodes om sy aannames bo redelike twyfel te stel.

- (g) 'n Studie van Bantoepersoonlikheid sou die grense wat kultureel en subkultureel deur volksgrense, sibbe- en stamgrense, ouderdomsgroepe, geslagsgroepe en lewensomgewing gestel word, in aanmerking moes neem. Ideaalmetodologies sou Bantoepersoonlikheid dan in sy kulturele en subkulturele verbande getoets moes word, terwyl 'n Bantoepersoonlikheid in die lig van die afwesigheid van 'n enkele Bantoekultuur hoogstens 'n hipotetiese stelling sou bly.
- (h) Ondersoeke na Bantoepersoonlikheid is nie alleen vir die huidige min in getal nie, maar slaag nie daarin om 'n ware Bantoepersoonlikheidstipe daar te stel nie. Die bydrae wat dit lewer is fragmentaries van aard terwyl 'n sistematiese metodologiese ideaal, soos vooraf uiteengesit, ontbreek. Ander ondersoeke na die Bantoe bring veral situatiewe faktore aan die lig wat daarop dui dat persoonlikheidsontwikkeling stellig 'n ander rigting as by die Blanke sal volg. Bewyse vir erflike invloede wat die ontwikkeling van Bantoepersoonlikheid "noodlotsgebonde" van dié van die Blanke sal onderskei, bestaan nie in die literatuur nie.
- (i) Die uitdaging wat aan die sielkundige in die studie van Bantoepersoonlikheid gestel word, bly dus steeds omvattend en pertinent van aard. Hierdie uitdaging is veral vir die huidige geleë in die daarstelling van duidelike omskrewe persoonlikheidstipes binne die kulturele en subkulturele lewensverbande.

DIE METODE VAN DIE ONDERSOEK

2.1?

INLEIDING

- (a) Die psigodiagnostiese eksperiment van Szondi word in die ondersoek as uitgangspunt geneem.
- (b) Omdat die Szondi-prosedure en toets van die veronderstelling uitgaan dat
- ".....die mees basiese boustene of radikale van die persoonlikheid (volgens die schicksal-analitiese teorie) juis die drangbehoefte (is) wat eksperimenteel deur middel van die Szondi-toets vasgestel kan word,"
- soos Roos (1962, bl. 42) dit stel, leen die toets hom by uitstek tot 'n ondersoek van persoonlikheid onder omstandighede waar rasse- (en derhalwe moontlike erflike) verskille naas situatiewe verskille mag optree - dit wil sê, indien hierdie veronderstelling van Szondi korrek sou wees.

2.2

DIE VELDWERK

2.2.1

Die proefpersone

- (a) 500 Suid-Afrikaanse Bantoeoproefpersone is by die ondersoek betrek gedurende veldwerk wat met tussenposes uitgevoer is vanaf 1 Maart tot 31 Augustus 1965. Gedurende hierdie tydperk is Zoeloe-, Sotho-, Venda- en Tsóngaproefpersone getoets aan die Rand (Johannesburg, met die insluiting van die Bantoeedorpe Soweto en Alexandra; ander Randse gebiede wat betrek is, is Springs, Benoni, Vereeniging, en Alberton) en Pretoria, asook die Suidoos-Transvaalse platteland, waar die klem veral val op Ermelo en Piet Retief. Aan die Rand en Pretoria is toetse uitsluitlik van Sotho's en Zoeloes afgeneem, terwyl Zoeloes (wat sterk assosieer met die Swazi-subgroep) in die bogenoemde gebiede in Suidoos-Transvaal getoets is. Die Venda- en Tsonga-proefpersone is almal in die verre Noord-Transvaal getoets, met die klem op die distrikte van Sibasa en Louis Trichardt.
- (b) Die nodige gegewens aangaande die proefpersone, word in Tabel 2.1 hierna uiteengesit.

TABEL 2.1

## ALGEMENE GEGEWENS MET BETREKKING TOT DIE PROEFPERSONE

GROEPE	STEDELIK			LANDELIK			TOTALE			GEM. OUDER- DOMME (in jare)			GEM. JARE SKOOL- EN ANDER NASKOOLSE OPLEI- DING ONTVANG		
	M.	V.	Gr.	M.	V.	Gr.	M.	V.	Gr.	M.	V.	Gr.	M.	V.	Gr.
I. ETNIESE GROEPE:															
<i>Zoeloe</i>	87	59	146	81	23	54	118	82	200	30,45	28,69	29,57	7,3	5,6	6,6
<i>Sotho</i>	120	80	200	-	-	-	120	80	200	29,50	27,82	28,66	7,1	5,3	6,4
<i>Venda</i>	-	-	-	30	20	50	30	20	50	31,83	30,09	30,96	5,3	3,8	4,7
<i>Tsonga</i>	-	-	-	32	18	50	32	18	50	28,79	27,01	27,90	5,0	2,7	4,2
II. NORMGROEP:	207	139	346	93	61	154	300	200	500	30,03	28,33	29,35	6,8	5,04	6,09

M. = Mans  
V. = Vroue  
Gr. = Groep

2.2.2 Die wyse waarop die veldwerk onderneem is

- (a) Bygestaan deur nog twee ander Blankes het ondersoeker die veldwerk onderneem. Tydens besoeke aan die gebiede onder 2.2.1 vermeld, het die drie veldwerkers die toetsafnames gedoen. Daar kan ook vermeld word dat aldrie hierdie toetsleiers ten tye van die ondersoek in Johannesburg gestasioneer was. Aldrie het hulle self in 'n werkkring bevind wat vereis het dat een van hulle voortdurend gebiede sou besoek waar Zoeloes woonagtig is, een gebiede waar hoofsaaklik Sotho's woon en een gebiede waar Vendas en Tsongas woon. Veldwerk vir die huidige ondersoek is dan gedurende die vryetyd wat beskikbaar was tydens sodanige besoeke, in die betrokke gebiede onderneem.
- (b) Gedurende normale verblyf in Johannesburg het hierdie drie Blankes ook uit die aard van hulle werk voortdurend in aanraking gekom met persone uit die genoemde taalgroepe en kon daar op hierdie wyse reëlings getref word vir die betrekking van stedelike proefpersone vir die ondersoek.
- (c) Ernstige probleme het die hele prosedure van toetsing gekenmerk. 'n Projeksietegniek soos die Szondi vereis eerstens individuele toetsadministrasies, wat meebring dat die veldwerkers proefpersone individueel vir toetsing moes neem. Van groepsafnames was daar geen sprake nie.
- (d) 'n Verdere probleem was geleë in die bereikbaarheid van die proefpersone. Die ideale toedrag van sake sou wees om spesiaal vir die doeleindes van die veldwerk die onderskeie groepe in hul landelike en stedelike woongebiede te besoek, iets wat egter eerstens die aspek van koste ter sprake gebring het; tweedens was daar die faktor van tyd. Die ondersoeker (sowel as die ander twee veldwerkers) was voltyds geëmplojeerde persone en uit die aard van die saak was dit onmoontlik om vir die etlike maande wat die veldwerk sou duur, die nodige verlof te reël. Indien ondersoeker die veldwerk in sy geheel alleen moes onderneem, sou dit eerstens die probleem geskep het dat dit van een persoon voltydse aandag vir minstens 12 maande sou verg; tweedens sou dit 'n ernstige taalprobleem op die voorgrond stel, veral gesien die feit dat baie van die landelike proefpersone slegs hul eie moedertaal ken sodat geen kommunikasie moontlik sou wees met byvoorbeeld Sotho's, Tsongas en Vendas nie (want ondersoeker

self is slegs Zoeloe magtig en kon daarom die Zoeloeproefpersone hanteer).

- (e) *Ideaal-metodologies sou die huidige ondersoek vanaf kleinere subkulturele eenhede moes werk in die daarstelling van groeps-persoonlikhede en vandaar sou dit na die volkspersoonlikheid uitgebou kon word. Dit was van die staanspoor egter buite die kwessie, om verskeie redes. Eerstens sou dit langduriger veldwerk vereis het om 'n groot genoeg monster van byvoorbeeld lede van dieselfde sibbegroep te bereik; tweedens sou dit die ondersoek omvangryker gemaak het en gelei het tot 'n onhanteerbare hoeveelheid materiaal wat volumes in terme van uiteensetting sou vereis. So 'n onderneming sou in die eerste instansie buite die vermoë van 'n enkele ondersoeker val en spanwerk vereis. Verder sou dit vir die doeleindes van die huidige te omvattend wees, daar die vorige ondersoekers met wie se resultate die huidige bevindings vergelyk sal word, juis in hul ondersoeke na volks- (of etniese) persoonlikheid gesoek het en nie na subkulturele persoonlikhede nie.*
- (f) *Die onmiddellike probleme van koste en tyd is uiteindelik omseil deur die besluit dat veldwerk in die gebiede waarin die onderskeie taalgroepe hulle bevind, slegs gedurende die vryetyd van die toetsleiers tydens amptelike besoeke aan hierdie gebiede onderneem sou word.*
- (g) *Die veldwerk self het egter sy eie probleme opgelewer. Die ernstigste hiervan was die ongegronde suspisies wat by baie van die toetslinge ontstaan het in verband met die redes vir die toetsafname. Teenoor aldie die veldwerkers is dikwels die volgende tipiese bedenkinge geopper: "Julle vra van wie hou ek en van wie nie? Julle wys my foto's van Blankes, julle wil sien teen watter witmense het ek 'n aksie". Deelname is dikwels op hierdie gronde geweier en benewens ander meer gekompliseerde faktore, is dit een van die redes wat die seleksie van 'n statisties-ewekansige steekproef onmoontlik gemaak het. (Dit is egter opvallend dat Szondi, Yarritu en Roos in hul ondersoeke eweneens nie met 'n steekproef per se gewerk het nie, waarskynlik omdat gevoel is dat so iets 'n minder pertinente eis by projeksiemeting as by meningsopnames is. Daar is egter wel so ver moontlik hier sowel as in die geval van genoemde drie ondersoekers, by die rasionaal gehou om minstens 'n redelike geslags-, ouderdoms- en beroeps-*

groepverspreiding te handhaaf.)

2.2.3

Die toetsleiers

(a) Soos reeds gemeld, het ondersoeker, bygestaan deur twee ander Blankes, die veldwerk onderneem. Die volgende oorwegings het by die keuse van die drie veldwerkers gegeld:

(i) Taalfaktor - ondersoeker self is Zoeloe magtig, terwyl die twee ander veldwerkers respektiewelik Venda en Tsonga, en Noord-Sotho kon praat.

(ii) Kontakfaktor - al drie veldwerkers het die gebiede waarin Zoeloes, Sotho's, Tsongas en Vendas woon gereeld besoek - dit wil sê, elkeen van die veldwerkers was gereeld in kontak met die betrokke groep wie se taal(e) hy ken, sodat die toetsafnames, sonder besoeke spesiaal vir die doel gereël (wat aansienlike onkoste sou meebring), onderneem kon word.

(iii) Die oorweging van betrokkenheid - die twee veldwerkers wat ondersoeker bygestaan het, was self op grond van hul belangstelling in die Bantoe (een besit 'n graad met Volkekunde as hoofvak) betrokke in die huidige ondersoek en het die waarde wat die resultate kon oplewer, besef. Hierdie twee veldwerkers was dus deur belangstelling gemotiveerd en finansiële vergoeding (met die gevaar dat antwoordstelle bloot vir die finansiële vergoeding "ingeryg" sou word) het geen rol gespeel nie.

(b) Die addisionele twee veldwerkers het natuurlik nie dieselfde kennis van die Szondi-prosedure en -toetsafname as die ondersoeker self gehad nie. Daar is besluit om hierdie twee veldwerkers nie te vermoei met onnodige detail oor die Szondi-toets en -prosedure nie en in hul opleiding is in gedagte gehou dat hul werklike taak beperk sou bly tot 'n doeltreffende en korrekte administrasie van die toets en registrasie van die proefpersone se reaksies. Om hierdie taak verder te vergemaklik, moes 'n gewysigde tellingblad (Tabel 2.2) vir die toetsafnames opgestel word ten einde die administrasieprosedure te vereenvoudig. Ook Roos het in die ondersoek waarna hier reeds verwys is, gebruik gemaak van 'n gewysigde tellingblad in aanpassing by die kaartgemonteerde fotostelle wat hy voorgestel het. Die oorspronklike tellingblad van Szondi is ook onder meer in die praktyk deur Webb (1959, bl. 3-23) gewysig en aangepas.

SZONDIPROFIEL

I

	k	s	p	d	h	e	m	hy
+	1	2	3	4	5	6	7	8
-	1	2	3	4	5	6	7	8

p hy d k m s e h

+	1	2	3	4	5	6	7	8
-	1	2	3	4	5	6	7	8

A. TELLINGBLAD

II

	h	y	m	e	h	d	p	s	k
+	1	2	3	4	5	6	7	8	
-	1	2	3	4	5	6	7	8	

e d hy p s k h m

+	1	2	3	4	5	6	7	8
-	1	2	3	4	5	6	7	8

III

	h	e	s	m	k	d	hy	p
+	1	2	3	4	5	6	7	8
-	1	2	3	4	5	6	7	8

m h k s p hy d e

+	1	2	3	4	5	6	7	8
-	1	2	3	4	5	6	7	8

BEROEP: Arbeider

KWALIFIKASIES: Std VI

OUDERDOM: 25

GESLAG: Manlik

C. PROFIEL

	S		P		Sch		C	
	h	s	e	hy	k	p	d	m

B. VERSPREIDING VAN RESPONSE

S	h: h+ = 5    h- = 1
	s: s+ = 2    s- = 2
P	e: e+ = 0    e- = 1
	hy: hy+ = 1    hy- = 1

Sch	k: k+ = 0    k- = 1
	p: p+ = 0    p- = 4
C	d: d+ = 3    d- = 0
	m: m+ = 1    m- = 2

GEKOMBINEERDE TELLING-, VERSPREIDINGS- EN PROFIELBLAD

TABEL 2.2

/92 Geeneen

Geeneen van hierdie wysigings het egter enige invloed op die finale gegewens en die verwerking daarvan (soos oorspronklik voorgestel deur Szondi self) nie.

(c) Tabel 2.2 toon aan dat die blad wat in hierdie ondersoek ingesluit is, benewens die tellingblad (A), ook nog voorsiening maak vir 'n gekombineerde verspreidings- en maskerblad (B), terwyl die profiel (C), soos oorspronklik voorgestel deur Szondi self, ook op dieselfde blad voorkom. Die toetsafnemer moes slegs die A gedeelte, naamlik die tellingblad self, gedurende toetsafname voltooi en wel slegs deur die trek van 'n kring om die getal in die regte spasie. 'n Nadere beskouing van die tellingblad-gedeelte van hierdie prestasieblad toon aan dat daar ses dubbelry-kolomme, gemerk van I-VI, aangebring is. Elk van hierdie dubbelry-kolomme is identies en soos volg saamgestel:

(i) Eerstens kry ons in die eerste ry getalle van 1 tot 8, voorafgegaan deur 'n plusteken.

(ii) Die tweede ry se blokkies dra ook elk 'n syfer van 1 tot 8, hierdie keer egter voorafgegaan deur 'n minusteken.

(iii) Bo elke enkelpaar plus- en minusblokkies kom die letter voor wat die bepaalde foto, wat 'n sekere drangbehoefte voorstel, identifiseer. In die latere samestelling van die verspreiding van response en die samestelling van die uiteindelijke drangdiagnostiese profiel, dien laasgenoemde die ideale doel van masker, terwyl dit terselfdertyd gedurende die fisiese afname van die toets vir die nuuskierige proefpersoon nogtans geen sin uitmaak en sy response dus nie kan beïnvloed nie.

(d) Gedurende die toetsafname word daar van die toetsafnemer verwag om 'n kring om byvoorbeeld getalle 4 en 7 te trek in die ry wat deur die plusteken voorafgegaan word, indien die proefpersoon hierdie foto's uitsonder as die twee waarvan hy die meeste hou; hierteenoor word foto's waarvan die proefpersoon die minste hou aangedui met 'n kringetjie om elk van die getalle wat die betrokke foto verteenwoordig in die minusry. B (verspreiding van response) en C (profiel) is dan later deur ondersoeker self saamgestel. B is saamgestel uit die samestelling van akkumulاسies binne die betrokke kategorie,

soos vertikaal van elke individuele telling op die tellingblad afgelees, byvoorbeeld

$$\begin{array}{r} K \\ + \quad (6) \text{ gee by die verspreiding van response} \\ - \quad (6) \quad K+ = 0 \quad k- = 1 \end{array}$$

- (e) Hierdie metode is vir die doelstelling van die huidige ondersoek prakties en bruikbaar gevind. Dit het die opleiding van die toetsafnemers vir die veldwerk vergemaklik, vereenvoudig en baie verkort, terwyl dit foute tot 'n minimum beperk het.
- (f) 'n Probleem met betrekking tot die veldwerk wat direk betrekking op die toetsleiers gehad het, is die feit dat hulle as Blankes met Bantoes in 'n toetssituasie moes werk waar dit waarskynlik meer bevorderlik vir rapport sou wees indien die toetsleiers self Bantoes was. In 'n sekere sin is daar vir hierdie leemte vergoed deurdat kommunikasie gestimuleer is deur die feit dat die onderskeie proefpersone wel deur die betrokke Blankes in hul eie tale - Zoeloe, Tsonga, Venda en Sotho - in die toetssituasie gehanteer kon word.
- (g) Daar is finaal teen die gebruik van Bantoetoetsleiers besluit, hoofsaaklik om die volgende redes:
- (i) Die Bantoes sou steeds onder die toesig van Blankes moes werk omdat hulle uit die aard van die saak minder betrokke by die toetssituasie sou wees en as besoldigde werkers sou moes optree;
  - (ii) dit sou 'n koste-aspek ten opsigte van vergoeding en reis- en verblyfkoste meebring, waarmee die ondersoek uit die aard van die saak nie sou kon rekening hou nie;
  - (iii) die beskikbaarheid van Blanke persone wat die tale kon praat, belangstelling in die projek getoon het en die proefpersone sonder addisionele koste vir die ondersoek kon bereik, het as ideale oorwegings oorheers.

### 2.3 DIE SZONDI-TOETS

#### 2.3.1 Beskrywing

##### (a) Algemeen

Die Schicksal-analise gaan primêr vanuit 'n genealogiese standpunt te werk. Hierdie uitgangspunt word deur Szondi

(1952, bl. 6) self kortliks sô opgesom:

"The approach of the analysis of vicissitudes is to consider all drives as of genetic origin, that is, the source of all drives lies in the genes. The common qualities of drives derive from common qualities of genes, from those molecular particles whose properties determine the inheritance of certain characteristics and reactions."

Die Szondi-toets is 'n psigodiagnostiese eksperiment waardeur gepoog word om die verskillende drangfaktore eksperimenteel te bestudeer.

(b) Rasionaal

Szondi gaan van die standpunt uit dat die proefpersoon, deur sy antipatieë, in die toets sy eie drangstruktuur vir diagnose blootlê. Volgens Szondi (1952, bl. 24) is die waarheid van sy stelling eksperimenteel bewys in 'n ondersoek met meer as 1 000 proefpersone.

(c) Die aard van die metode

Die toets is saamgestel uit foto's van geesteskranke pasiënte wat die agt drangfaktore homoseksualiteit, sadisme, epilepsie, histerie, katatoniese skisofrenie, paranoïdiese skisofrenie, die depressiewe fase van manies-depressiewe psigose en die maniese fase van manies-depressiewe psigose, verteenwoordig. Ses foto's van pasiënte in elk van die bogenoemde kategorieë is in die toets ingesluit. Van die proefpersoon word nou verwag om 'n antipatiese of simpatieke houding jeens die foto's in te neem.

(d) Samstelling van die toetsmateriaal

Die toets bestaan uit ses stelle foto's en elke stel sluit agt foto's in wat in elke geval een verteenwoordigende foto van die agt geestelike krankhede of drangfaktore insluit. Elke stel word aan die proefpersoon voorgelê met die agt foto's in elke stel in die volgende kronologiese volgorde:

I.	1	2	3	4	II.	1	2	3	4
	k	s	p	d		hy	m	e	h
	8	7	6	5		8	7	6	5
	hy	m	e	h		k	s	p	d
III.	1	2	3	4	IV.	1	2	3	4
	h	e	s	m		p	hy	d	k
	8	7	6	5		8	7	6	5
	p	hy	d	k		h	e	s	m
V.	1	2	3	4	VI.	1	2	3	4
	e	d	hy	p		m	h	k	s
	8	7	6	5		8	7	6	5

Die metode, soos uiteengesit deur Roos (1962, bl. 50), waarvolgens die agt stalle foto's op ses kaarte geplak word op die wyse en die volgorde hierbo uiteengesit, is ook in die huidige ondersoek as toetsprosedure gevolg. die ses kaarte word dan in die kronologiese orde van I tot VI, soos dit hierbo volg, aan die proefpersoon voorgelê met die volgende opdrag:

"Kies uit hierdie stel die twee foto's waarvan jy die minste hou. Hier is die eerste kaart. Sê eers vir my watter twee van die persone op die foto's hou jy die meeste en van watter twee hou jy die minste."

(e) Klassifikasie en interpretasie van die keuse-reaksies  
Psigodiagnosties kry die keuse-reaksies van die proefpersoon sowel kwantitatiewe as tendensie- of neiging-betekenis. Die keuse-reaksies word verdeel ten opsigte van aantal keuses, ongeag van die feit of dit positiewe reaksies is, in die volgende drie kategorieë:

1. Gemiddelde Reaksies

'n Keuse is gemiddeld wanneer twee of drie foto's van 'n besondere drangfaktor gekies word met die optimale grense as twee en vier.

2. Ope- of nulreaksies

'n Reaksie word as oop bestempel wanneer geen foto's van 'n bepaalde drangfaktor gekies word nie of wanneer een antipatiese en een simpatiese keuse binne dieselfde drangfaktor voorkom. Hierdie keuse dui op 'n openlike uitlating van die besondere drangbehoefte. Die volgende reaksies is ope- of nulreaksies:

POSITIEF	0,	1,	0,	1
NEGATIEF	0,	0,	1,	1

Nulreaksies word as een van die simptomatiesiese reaksies op die Szondi-toets geklassifiseer.

3. Gelaaide reaksies

'n Keuse-reaksie word as gelaai beskou wanneer vyf of ses, maar nie minder nie as vier, foto's binne 'n bepaalde drangfaktor gekies word. Drie soorte gelaaide reaksies bestaan:

(i) Positief-gelaaide reaksies, waar al die foto's binne die bepaalde drangfaktor simpatiese reak-

sies uitgelok het.

(ii) Die negatief-gelaaide reaksies, waar die foto's antipatiiese reaksies uitgelok het.

(iii) Die ambivalent-gelaaide reaksies, waar sowel simpatieke as antipatiiese reaksies voorkom.

Gelaaide reaksies kan ook in 'n bepaalde vektor voorkom, byvoorbeeld binne die egovektor (Sch) wanneer 5 k faktore voorkom asook 5 p faktore, met onderskeidelik 2 en 3 positiewe keuses binne elk van die faktore.

'n Voorbeeld hiervan is  $\begin{matrix} +2 & +3 \\ -3 & (k), & -2 & (p), \end{matrix}$  wat 'n ambivalente verspreiding ten opsigte van die egovektor is. Dit dui op 'n drangspanning ten opsigte van egobeheftes.

Die verskillende keuse-reaksies kan volgens die verspreiding daarvan geklassifiseer word as positiewe of plusreaksies, negatiewe of minusreaksies, ambivalente reaksies en ope reaksies.

(i) Positiewe of plusreaksies

Die volgende verspreidings, afgelei van die Szondi-profiel, word as plusreaksies geklassifiseer:

+6, +5, +4, +3, +2, +2, +3, +4, +5  
-0, -0, -0, -0, -0, -1, -1, -1, -1

Dit kom daarop neer dat minstens twee foto's simpatie uitlok, terwyl nie meer nie as een, antipatie wek.

(ii) Negatiewe of minusreaksies

Hierdie reaksies dui op die bestaan van die drangbeheftes wat deur die bepaalde drangfaktor voorgestel word, maar dat dit gerepresenteer word omdat die persoon hom nie kan versoen met die bestaan van 'n sodanige behoefte nie.

Die volgende verspreidings word as minusreaksies geklassifiseer:

+0, +0, +0, +0, +0, +1, +1, +1, +1  
-6, -5, -4, -3, -2, -2, -3, -4, -5

'n Reaksie is negatief indien minstens twee foto's 'n antipatiiese houding uitlok, terwyl

nie meer as een foto nie, 'n simpatieke houding uitlok.

(iii) Ambivalente reaksies

Die ambivalente reaksies dui op 'n konflik binne die besondere drangfaktor. Die behoefte tot uitlewing van die betrokke behoefte bestaan, maar terselfdertyd bestaan daar ook 'n behoefte tot ontkenning van die spesifieke drang. Die volgende reaksies word hier as ambivalent beskou:

+2, +3, +3, +4, +2, +2  
-2, -3, -2, -2, -3, -4

In hierdie geval het die proefpersoon minstens teenoor twee foto's van die faktor simpatiek gestaan, terwyl hy ook antipaties gestaan het teenoor minstens twee ander foto's. Hierdie verspreiding is ook een van die simptomatiesse konstellasies van die Szondi-toets.

4. Die nulreaksies

Die nul-, of ope reaksies is eweneens een van die simptomatiesse konstellasies van die Szondi-toets. Die volgende is voorbeelde van ope reaksies:

0, 1, 0, 1  
0, 0, 1, 1

Hier word dus geen foto nie, of slegs een foto gekies. Waar daar wel twee foto's gekies word, is die een 'n negatiewe en die ander 'n positiewe keuse. Ope reaksies dui òf op 'n uitlewing van die bepaalde behoefte, òf suksesvolle sublimasie daarvan, byvoorbeeld in die beroepslewe.

(f) Faktor-ontleding

Die ontleding van die verskillende verspreidings op grond van die individuele verspreiding binne elke drangfaktor volgens die prosedure in (d) hierbo uiteengesit, staan bekend as faktor-ontleding. Die faktor dui die besondere behoefte aan, byvoorbeeld faktor h die behoefte aan vroulike affeksionaliteit, teerheid, humanisme, ensovoorts, terwyl die betrokke individu se verspreiding van keuse sy unieke hantering van hierdie behoefte blootlê, byvoorbeeld h+, wat op 'n bewustelike aanvaarding van die behoefte dui; h-, wat die ont-

kenning en gevolglike repressie daarvan aandui;  $h^+$ , wat eendersyds dui op die begeerte daartoe, en andersyds op die poging tot ontkenning van repressie daarvan, iets wat dan as konflik in die bepaalde drangfaktor bly voortbestaan en een van die simptomatiiese reaksies is; en  $h^0$ , eweneens 'n simptomatiiese reaksie, wat òf op overte uitlewing van die teerheidsbehoefte dui, òf op die suksesvolle sublimasie daarvan. Daarteenoor dui die s faktor die manlike, aggressiewe behoeftes aan en die unieke konstellasie van die betrokke individu ten opsigte van die s behoeftes weerspieël sy besondere hantering daarvan, ensovoorts.

(g) Vektor-ontleding

In Tabele 2.3 tot 2.6 word voorbeelde gegee van die verskillende moontlike vektorkonstellasies en die individuele ontleding van elk hiervan.

Die twee faktore van elke vektor kan op sestien moontlike maniere interkombineer, wat derhalwe sestien kombinasiekategorieë vir elke vektor moontlik maak. Aan die hand van hierdie tabelle, soos voorgestel deur Szondi (1952, bl. 38-41) self, kan hierdie verskillende vektoriale samestellings dan ontleed word.

TABEL 2.3

MOONTLIKE VEKTORKONSTELLASIES TEN OPSIGTE VAN  
DIE SEKS OF "S" VEKTOR

$S_1: ++$   
"Normale" seksu-  
aliteit van die  
gemiddelde persoon



$S_2: 0 +$   
Aktiwiteit,  
sadisme,  
"lakeman"



$S_3: + 0$   
Infantiele of  
seniele seksu-  
aliteit met  
aggressiwiteit



$S_4: 0 -$   
Onaktiwiteit,  
passiwiteit,  
masochisme



$S_5: + -$   
Passiwiteit,  
by die man:  
doel-verskui-  
wing



$S_6: - 0$   
Aktiewe manlike  
humanisering  
van seksual-  
iteit



$S_7: - +$   
Gedeeltelike  
humanisering.  
By die vrou:  
doelverskuiwing



$S_8: - -$   
Algehele humani-  
sering van  
seksualiteit



TABEL 2.3 (vervolg)  
MOONTLIKE VEKTORKONSTELLASIES TEN OPSIGTE VAN  
DIE SEKS OF "S" VEKTOR

$S_9: 0 \pm$

*Kinderlike bi-  
seksualiteit,  
aanvang van  
kultivering van  
agressiwiteit*



$S_{10}: + \frac{+}{-}$

*Neiging tot  
sado-  
masochisme*



$S_{11}: - \frac{+}{-}$

*Humanisering  
van aggressiewe  
neigings*



$S_{12}: \frac{+}{-} +$

*Normale seksuali-  
teit, aanvang van  
sosialisering*



$S_{13}: \frac{+}{-} \frac{+}{-}$

*Algehele bi-  
seksualiteit*



$S_{14}: \frac{+}{-} 0$

*Sosialisering van  
biseksualiteit  
en aggressie*



$S_{15}: \frac{+}{-} -$

*Humanisering  
van biseksu-  
aliteit d.m.v.  
dwangtegnieke*



$S_{16}: 0 0$

*Infantiele  
seksualiteit,  
ontlading of  
onthouding*



TABEL 2.4  
MOONTLIKE KONSTELLASIES VAN DIE PAROKSISMALE  
OF "P" VEKTOR

$P_1: - 0$   
 Sporadiese  
 angstoestande  
 gepaard met  
 aggressie



$P_2: - -$   
 Paniek, met  
 houding van  
 "kamma dood




$P_3: + -$   
 Histeriese  
 ang en  
 vrees,



$P_4: + -$   
 Doelgerigte  
 vrese



$P_5: 0 -$   
 Paranoidiese  
 vrese



$P_6: 0 +$   
 Ongemak ge-  
 paard met  
 gekerm



$P_7: + +$   
 Sterk emo-  
 sioneel, met  
 opvlieënd-  
 heid



$P_8: 0 +$   
 woede-uitbarstings  
 word uitgeleef



TABEL 2.4 (vervolg)

$P_9: 0\ 0$

Kalm buie,  
laag na  
opwinding



$P_{10}: +\ 0$

Angs met kom-  
pulsiewe impulse  
en inhibisie



$P_{11}: -\ +$

Growwe affek  
van 'n skaam en  
geinhibieerde  
"Kain"



$P_{12}: +\ +$

'n Self-uitlewende  
"Abel"



$P_{13}: +\ +$

'n Bekoerde  
"Kain"



$P_{14}: +\ +$

Etiese dilemmas,  
"Abel" in stryd  
met "Kain"



$P_{15}: -\ +$

"Die Naakte  
Kain"











$P_{16}: +\ -$

"Die Naakte  
Abel"





TABEL 2.5 (vervolg)

$Sch_9: \frac{+}{+}$	$Sch_{10}: \frac{+}{-}$	$Sch_{11}: 0 +$	$Sch_{12}: 0 \frac{+}{-}$
<i>Die talentvolle, angstige ego</i>	<i>Die ego in sy stryd om vryheid</i>	<i>Die obsessief-profetiese ego</i>	<i>Die verlate, passief-vroulike ego</i>
$B_2D$	$A_2C$	$Ep_1$	$Ep_2$
			
$A_2D$	$B_2C$	$F_1$	$F_2$
$Sch_{13}: \frac{+}{+}$	$Sch_{14}: \frac{-}{+}$	$Sch_{15}: \frac{+}{+}$	$Sch_{16}: 0 0$
			
<i>Die verlate ego besig om die voorwerp tot verlatenheid te introjekteer</i>	<i>Die jaloerse, self-aggressive ego</i>	<i>Die integrerende ego besig om ego-katastrofe te voorkom</i>	<i>Die dis-integrerende (ego-transformasie)</i>

TABEL 2.6  
MOONTLIKE KONSTELLASIES VAN DIE KONTAK-  
OF "C" -VEKTOR

<p><math>C_1: 00</math></p> <p>Kinderlik, plesiersoekende lewensuitkyk; nuuskierig</p>	<p><math>C_2: 0+</math></p> <p>Volwasse verhouding met omgewing; vrees vir verlies van die voorwerp</p>	<p><math>C_3: 0-</math></p> <p>Ongelukkige verbond met die omgewing; hipomaniese reaksie</p>	<p><math>C_4: 0^+</math></p> <p>Ongelukkige tweeledige staat van eenheid met die omgewing</p>
<p><math>C_5: -0</math></p>	<p><math>C_6: -+</math></p>	<p><math>C_7: --</math></p>	<p><math>C_8: -+</math></p>
<p>Konserwatisme, lojaliteit, anale persoonlikheid</p>	<p>Bloedskendige liefde en haat, ekstremistiese vasklou aan 'n idee</p>	<p>Onrealistiese vasklou aan 'n verlore voorwerp</p>	<p>Bloedskendige vasklou aan die verlore voorwerp</p>

TABEL 2.6 (vervolg)

$C_9: +0$

Ontroue ver-  
verhouding



$C_{10}: ++$

Tergelykertyd' ge-  
bonde aan 2 voor-  
werpe - bi-  
objektiwiteit



$C_{11}: +^+$

Soek na nuwe  
voorwerp na ver-  
lies van die oue;  
depressie



$C_{12}: +-$

Soek na nuwe  
voorwerp na  
skeiding van  
die oue



$C_{13}: +0$

Problematiese,  
fobiese ver-  
bondenheid



$C_{14}: +^+$

Bi-objektiwiteit,  
soek na nuwe  
voorwerp nie-  
teenstaande die  
gebondenheid aan  
die oue



$C_{15}: +^-$

Onrealistiese  
gebondenheid aan  
die ou voorwerp  
met 'n gelyk-  
tydige soeke na  
'n nuwe voorwerp



$C_{16}: +^+$

Kontak-dilemmas,  
gelyktydige ge-  
trouheid en  
ontrouheid



(h)

Drangformules

Daar is twee groepe faktorreaksies wat ten opsigte van psigo-diagnostiese beduidenheid van mekaar verskil, te wete:

- (1) Die ambivalente reaksies, waar die ambivalente, simptomatiese reaksie by die persoon dui op 'n subjektiewe ervaring van hierdie behoefte wat nie gemanifesteer mag word nie.
- (2) Die ope reaksies, wat op sy beurt weer verband hou met die objektiewe en gemanifesteerde simptome. Die interpretasie van hierdie soort reaksies lei tot insig in die subjektiewe (ervarings-) en die objektiewe (gedrags-) aspekte van die besondere individu. Hierdie ontleding lewer egter geen beeld van die onderliggende dinamiese versteurings wat tot hierdie simptome reaksies aanleiding gee nie. Die tendensie-spanningsgraad (TSG) word saamgestel uit 'n blote sommering van die verskillende ope of ambivalente reaksies wat met die verskillende toetsafnames ten opsigte van elke faktor voorgekom het. Tabel 2.7 gee 'n voorbeeld van 'n sodanige sommering in die geval van ses toetsafnames by dieselfde persoon. Die uiteensetting van die plusminus- (ambivalente) en die ope reaksies geskied in hierdie tabel soos volg:

TABEL 2.7  
SAMESTELLING VAN DIE SZONDI-PROFIEL

1965	Nr.	A						C				
		S		P		Sch		C	ε	ε	ε	
		h	s	e	hy	k	p	d	m	0	±	0 & ±
31/8	I	+	-	-	-!	+	-	+	±	0	1	1
1/9	II	-	+	0	-!!	-!	+	0	±	2	1	3
2/9	III	±	-!!	0	±	+	-	0	0	3	2	5
4/9	IV	0	±	+	0	+	-!	+	-	2	1	3
6/9	V	+	-!	-	-	+	-!	+	-	0	0	0
7/9	VI	+	±	+	+	+	-!!	+	±	0	2	2
E0		1	0	2	1	0	0	2	1	7		
B E-		1	1	1	1	0	0	0	2	7		
TSG		2	1	3	2	0	0	2	3			14
D LG		S: 1s-		P: 1hy-		Sch: 0		C: 1d+				
E Ks.sp.		h	s	e	hy	k	p	d	m	ε+	:	4+
		2+	2-	0	2-	2+	3-	0	0	ε-	:	8-
						1-				ε	:	12

- (i) In kolom A word die individuele totale vir elk van die agt faktore, soos dit in die ses toetsafnames voorgekom het, aangegee.
- (ii) In kolom B word die aantal ambivalente reaksies, die aantal ope reaksies en die totale daarvan vir elke toets individueel en ten opsigte van die agt drangfaktore gesamentlik aangegee.
- (iii) In kolom C word die totale aantal ope en ambivalente reaksies, wat ten opsigte van die ses toetsafnames gesamentlik vir die agt drangbehoefte voorgekom het, eerstens afsonderlik en dan ten opsigte van die globale totaal aangegee.
- (iv) Die graad van letensie (of latensiegrootte)

word nou ten opsigte van elke individuele vektor bereken deur die kleinste simptoombreaksies totaal van die grootste af te trek. By hierdie produk word nou bygevoeg die faktorsimbool van die faktor binne die vektor wat die minste simptoombreaksies dra, soos uitgesit in kolom D van hierdie tabel. In kolom E word aangedui hoe die faktoriale kwantumspanning bereken word deur 'n blote sommering van die aantal gelaaide (4, 5 of 6 plus- of minus) reaksies.

(v) In die verkryging van 'n globale persoonlikheidsbeeld van die proefpersoon kan die gewens in Tabel 2.7 nou op verskillende maniere verwerk word. Eerstens word die simptoombreaksies persentasiegewys omskryf met die volgende formule:

$$\% Si.R. = \frac{(0 + \frac{+}{-} x 100)}{8 x 6}, \text{ waar die } 8x6$$

respektiewelik die aantal drangfaktore en die aantal toetsafnames voorstel. In die geval in Tabel 2.7 uiteengesit, is die persentasie simptoombreaksies dus

$$= \frac{(7+7) x 100}{8 x 6} = \frac{1400}{48} = 29,2\%$$

wat binne die normale grense van die Szondi-toets val. (Die persentasie simptoombreaksies by die normale individu wissel tussen 20% en 30%).

(vi) Deur middel van die volgende formule verkry ons in die tweede plek nou die tendensspannings-kwosiënt:

$$\frac{0}{\frac{+}{-}}, \text{ wat in die geval van die voorbeeld in}$$

Tabel 2.7 dus  $\frac{7}{7}$  is en op 1 uitwerk, wat

eweneens binne die normale grense, wat wissel van 1 tot 3, val.

Derdens word die kwantumspanning bereken, met ander woorde, die totale aantal gelaaide of geaksentueerde reaksies, wat vir die geval

onder bespreking op 12 neerkom - die normale verwagting is 0 tot 5. Derhalwe dui dit hier op 'n hoë mate van kwantumspanning. Verder kom die hoogste akkumulاسie kwantumspanning veral voor ten opsigte van die egovektor (k: +2, -1; p: -3) en die seksvektor (h: +2; s: -2).

Vierdens word die drangformule vir die bepaalde persoon nou vasgestel, met die volgende formule:

Teller:  $\frac{\text{simptoomfaktor}(e)}{\text{wortelfaktor}(e)}$  -met die hoogste syfer.  
Deeler: -met die laagste syfer.

Die verkorte drangformule in die geval van bogenoemde voorbeeld sal dus soos volg daar uitsien:

$$\frac{e_3 \cdot m_3}{s_1}$$

(vii) Die volledige drangformule word met die volgende formule bereken:

BOONSTERY: Die twee of drie faktore met die hoogste tendensiespanning

MIDDELRy: Die submanifeste faktore, d.w.s., die faktore met 'n gemiddelde tendensiespanning

WORTELRY: Die wortelfaktore, d.w.s., faktore met die laagste tendensiespanning.

In die geval van die voorbeeld onder bespreking, sal die volledige drangformule dus s6 daar uitsien:

$$\frac{e_3 \cdot m_3 \quad (\text{Sentrale simptome faktore})}{h_2 \cdot h_{y2} \cdot d_2 \quad (\text{Submanifeste faktore})}$$


---


$$s_1 \quad (\text{Wortelfaktor})$$

Die basiese uitgangspunt is dat die simptome faktore veroorsaak word deur die wortelfaktor wat van bevrediging weerhou is. In die geval van hierdie proeffpersoon kan dus afgelei word dat onderliggende sadistiese drange be-

vredig word deur pogings tot orale uitlewing (m. konstellasie), maar dat uiting nie gevind word nie ( $m^+$  response) as gevolg van 'n ambivalensie (konflik) ten opsigte van die orale behoeftes. Gevoelens van frustrasie mag bestaan en depressiewe sowel as kompulsiewe neigings kan verwag word; die hipotese van kompulsiewe neigings word versterk deur die e konstellasie se dominerende  $+$  en 0 verspreidings. Daar is spore van 'n sterk superego, gepaard met onkonstante gedrag en skuldgevoelens. Die konflik tussen emosies mag lei tot periodieke uitbarstings. Waar die e response na meer ope reaksies neig, bestaan die moontlikheid dat dit 'n oorgangstadium mag wees na die meer beperkte uitlewing van emosies by 'n persoon wat die sewentigerjare nader.

(i) Drangklasse

Vyfdens moet die latente proporsies nou vir elke vektor afsonderlik bereken word. Dit word bereken deur die verskil in tendensiespanning van die twee vektore te bepaal deur die totaal van die faktor met die laagste spanning af te trek van die faktor met die hoogste totale tendensiespanning. (Verskil in tendensiespanning word aangedui met die simbole V.TSG.)

Ten opsigte van die proefpersoon vooraf in Tabel 2.7 uiteengesit, sal die volgende berekening dus gedoen kan word:

I. S vektor:  $V.TSG._h - V.TSG._s = 2 - 1 = 1$ , dit wil sê, in die guns van faktor s, word uitgedruk as  $S_{s_1}$ .

II. P vektor:  $V.TSG. - V.TSG. = 3 - 1 = 1$ , dit wil sê,  $Phy_1$ , aangesien hy die faktor was met die laagste spanning.

III. Sch vektor:  $V.TSG._k - V.TSG._p = 0 - 0 = 0$ .

IV. C vektor:  $T.SG._m - T.SG._d = 3 - 2 = 1$ , dit wil sê,  $C_{d_1}$ .

Vanuit hierdie gegewens word die latente proporsies nou saamgestel deur die volgende formule:

...../112  $S_h$  minus

$S_n$  minus of plus;  $S_s$  minus of plus;  $P_e$  minus of plus;  
 $P_{hy}$  minus of plus;  $Sch_k$  of  $Sch_p$  minus of plus;  $C_d$  of  $C_m$   
minus of plus.

Die formule word in dalende volgorde van belading ten opsigte van telling gerangskik. In die geval van hierdie proefpersoon dan soos volg:

$$\frac{S_{s-}; P_{hy-}; C_{d+}; Sch}{1 : 1 : 1 : 0}$$

Ten opsigte van die latensie-spanningsgraad word by die betrokke proefpersoon 'n eweredige spanningsverspreiding in die seks-, paroksismale en sirkulêre vektore aangetref, met geen aanduiding van sodanige spanning in die egovektor nie. Die sesde stap in die profiel-ontleding is nou die vasstelling van die drangklas waarin die proefpersoon hoort, aan die hand waarvan sy gedrag universeel vir individue in dieselfde klas gekenmerk kan word. 'n Persoon hoort in 'n bepaalde drangklas op grond van die faktor binne 'n bepaalde vektor wat die hoogste latente spanning toon ná die V.TSG.-berekening, byvoorbeeld 'n persoon met die volgende individuele proporsie-formule val in die  $S_{s-}$  drangklas:

$$\frac{S_{s-}; C_{d+}; P_{hy+}; Sch_{k-}}{9 : 4 : 3 : 1}$$

In die geval van die proefpersoon wat as voorbeeld in Tabel 2.7 dien, is dit egter duidelik dat hy terselfdertyd gemotiveer sal word en getipeer kan word aan die hand van die volgende drie drangklasse, wat ewe sterk in sy latente proporsie verteenwoordig is:

$$S_{s-}; P_{hy-}; C_{d+}$$

'n Opsommende beskrywing van die drangklasse van 'n nie-ekwivalente aard word in Tabel 2.8 hierna gegee. Waar die drangformule 'n bepaalde individu op grond van 'n persoonlike en unieke individualiteit onderskei van ander lede van sy groep, plaas die drangklas hom te midde van lede van 'n bepaalde groep in 'n struktuur wat universeel vir daardie groep geld. Die drangklas bepaal dus die soort of genus proximum, terwyl die drangformule die individu as lid van 'n bepaalde groep (en dus van 'n bepaalde drangklas) onderskei van die ander lede van dieselfde klas - differentiae specifica.

TABEL 2.8

TABELLÈRE WEERGAWE VAN DIE  
NIE-EKWIVALENTE DRANGKLASSE

DRANG- KLAS	HOOFKLAS Sh	S U B K L A S S E	
		POSITIEWE SUBKLAS	NEGATIEWE SUBKLAS
	<p>Primêr-latente biseksuele drangbehoefte onderliggende bedreiging. Oorbeklemtoning van manlikheid en aggressie primêre hanteringsmetode; minder dikwels aggressie teen die self wat gesosialiseer kan word in vrygewigheid en self-opoffering. Psigopatologiese vorme is histerie, epilepsie en paranoia.</p>	<p>S<sub>ph</sub>+ wat naas Cm+ die mees algemene drangklas is. Sluit in kinders tussen ouderdomme 5 en 6, jongmans 14-20, jong volwassenes 21-30, volwassenes 41-60 en diegene oor 70. Paroksimale afwykings kom voor, byvoorbeeld eksanenvrees, angs-histerie, histero-epilepsie, porio-manie, kleptomanie, neiging tot affektiewe misdade, paranoïdiese afwykings, depressies en skisofrenieë. Dit is die subklas van kinderlike wreedheid.</p>	<p>Sh-, d.w.s. subklas van die militante humanis wat alles wat humanisties is verdedig en bepleit en sluit in sendelinge, geneeshere, sendelingsverpleegsters, monike, humanitêre skrywers sielkundiges, psigiaters, psigoterapeute, ensovoorts.</p>

	Ss	<u>SUBKLAS 3</u> Ss+	Ss-
II	<p>Die hoofklas van die latente sadis. Hoofprobleem spruit voort uit 'n onbevredigde drang aan manlikheid. Lede hiervan streef na absolute eenheid met die lewensvennoot, wat ooreenstem met die vroeëre verwantskap met die eie moeder.</p>	<p>Sluit in knoeiers en towernaars wat sodoende wreedheid en aggressie probeer sosialiseer. Baie is seksueel onderontwikkeld. Word dikwels in alle sportsoorte aangetref, veral waar die klem val op behaling van pryse.</p>	<p>Die gesonde lede sosialiseer hul sadomasochistiese drange in beroepe soos Kleuterskoolonderwys, Kindersielkunde, Sosiale Werk en Terapie, Dans, Musiek, Tandheelkunde, Spioenasie, ensovoorts.</p>
	Pe	<u>SUBKLAS 5</u> Pe+	Pe-
III	<p>Die hoofklas van die Kaintipe. Hul probleem sentreer om die akkumulاسie van woede en haat. Gefrustreerde Kaintipes, dikwels maal-aangepas (d) Kritiserend en moraliserend.</p>	<p>Subklas van moraliteit en reinheid. Gesosialiseerd in beroepe met klem op reiniging, byvoorbeeld droogskoonmakers, kunskritici, dokters, verpleegsters, filosowe en moraliste.</p>	<p>Subklas van anale erotiek. Afwykings soos anale homoseksualiteit, paranoia, angshisterie, eksamenang, kompulsie, en verskeie vorme van epilepsie.</p>

TABEL 2.8  
(vervolg)

	Phy	<u>SUBKLAS 7</u> Phy+	Phy-
IV	<p>Hoofklas van latente ekshibisionis. Probleem is dat hul altyd wil optree, wil vertoon. Neiging tot feminisme, vroulike identifikasie en dikwels onvoorspelbaar. Algemene uitlating: passiewe homoseksualiteit of paranoia.</p>	<p>Subklas van suiwerheid en diensbewys. Vertoonbehoefte gesosialiseer in beroepe soos priester, non, monnik, die barmhartige samari-taan, en op laer beroepsvlakke as haar-kappers, kleremakers, bediendes, ensovoorts.</p>	<p>Neiging tot biseksuele, passiewe homoseksualiteit, paranofdiense vrese en misdade.</p>
	Sah <sub>k</sub>	<u>SUBKLAS 9</u> Sch <sub>k</sub> <sup>+</sup>	Sch <sub>k</sub> <sup>-</sup>
V	<p>Hoofklas van latente ego-vereniging. Onderliggende probleem is ego-sistool of same-trekking van 'n katoniese aard. Die uiterste vorm is absolute na-binne-lewing, verbrekking van kontak met omgewing, introversie in die ergste graad.</p>	<p>Kil, onbereikbaar, 'n onvermoë tot meelewing met andere. Selfsugtig en nar-sisties in hantering van omgewingsvoorwerpe. In beroepe soos professore, teoretiese wiskundiges en wetenskaplikes; esteties-intellektueel ingestelde sielkundiges en psigiaters, opvoeder, militêre of polisiepersoneel, partyleiers, ensovoorts.</p>	<p>Die subklas van die dagdromer. Onderworpe aan depersonalisa-sie, byvoorbeeld elke persoonlikheidsaspek neig dikwels tot dis-assosiasie: gesigsuitdrukking hande, taal, handeling en optrede. Gevolglik vreemde optrede, beweging, spraak, denke, ensovoorts.</p>

			$Sch_k^-$ Patologieë sluit in hipochondriefobies, kompulsie-neurose, met histeriese selfmoordpogings.
	$Sch_p$	SUBKLAS II $Sch_p^+$	$Sch_p^-$
VI	Hoofklas van latente ego-uitsetting. Sentrale oriëntasie een van onbevredigde ego-rekbaarheidsbehoefte. As gevolg van eie onvermoë tot despotiese uitlewing, volg dikwels paranoïdiese angste. As ontvlugtingspoging volg dikwels akute paroksismale histerie-aanvalle met obsesiewe gedagtes en selfmoord-pogings.	As gevolg van gebondenheid aan ouer van eie geslag, kan hierdie mense wat dikwels hoogsbegeerd is, nie hul bekwaamhede en potensialiteite uitleef nie. Hy/sy voel vervolgd deur ouer van dieselfde geslag. Sadomasochistiese houding word teen hierdie ouer ingeneem met moordgedagtes. Narco- en kleptomane kom voor.	Probeer paranoia en sy gevolg ontwyk deur middel van histeriese verdedigingsmekanismes. Neiging tot ontvlugting in vertoonaktiwiteite of slegs in kriminaliteite.

TABEL 2.8  
(vervolg)

	<i>Cd</i>	<u>SUBKLAS 13</u> <i>Cd+</i>	<i>Cd-</i>
VII	<p>Hoofklas van ewige hebsug en nimmereindigende soeke. Sterk behoefte tot behoud van ou voorwerpe met uitermatige hoogskatting van verlore voorwerp en identifikasie daarmee. Depressie en sterk behoefte aan affeksie.</p>	<p>Die subklas van lewenslange wedywarer gepaard met depressie. Ding mee met leiers op alle beroepsvlakke. Terwille van kompetisie sal liefdesvoorwerpe, beroepe, belangstellings van tyd tot tyd verander word. Die aanhoudende wedywering lei tot ewige rusteloosheid, verwarring en lei tot 'n verkwisping van die geestelike en materiële besittings. Dikwels word hulle dobbelaars, wedders en daar bestaan 'n neiging tot depressie en melankolie.</p>	<p>Die vasklouende humanis wat aan ou voorwerpe klou, lank nadat dit reeds verlore is.</p>

TABEL 2.8  
(vervolg)

	<i>Cm</i>	SUBKLAS 15 <i>Cm +</i>	SUBKLAS 16 <i>Cm-</i>
VIII	<p>Hoofklas van die maniese toestande. 'n Latente behoefte tot 'n afhanklike vasklou aan voorwerpe bestaan. Sekuriteit ontbreek, selfs indien die begeerde voorwerp verkry is. Sekuriteitsbehoefte onstabiel soos in die vroeëre verhouding met die moeder. Ontgroeï nooit die kleuterfase van oraal-sadistiese aard nie. Aanpassing neig tot die orale.</p> <p>Aangetrokke tot verbaaliteit, sang, drink, eet, rook. Daarom is beroepe dié van kok, kelner, losieshuisbestuurder, wynproewer, spraakonderrig, publieke spreker, lektor, verkoopsman, ensovoorts. Dikwels maniese toestande en hipomanie asook hipomaniese neurasthenie.</p>	<p>By normales tussen die ouderdomme 30-40 en en weer 60-70. Die subklas van die onverligte afhanklikheid. Angstoestande en basiese vrees vir die verlies van die liefdesvoorwerp.</p>	<p>Subklas van die verlatene en onstabiele. Hulle ly as gevolg van die verlies van die liefdesvoorwerp. As gevolg van die skok hiervan is die soeke gerig op wêreldse plesier. Hulle kan egter nie lank aan enige voorwerp hou nie. Predisponerend is die strewe na afhanklikheid wat egter nooit bevredig of bereik word nie. Ego-ekspansie lei dikwels tot megalomanie. Nie langer in die vermoë tot identifikasie met persone of ideë nie. Hulle is sadistiese Kains omdat geen voorwerp vir werklike affeksie-bevrediging</p>

	<u>SUBKLAS 16</u> Cm-
	gevind word nie. Kinders 3-4 en 7-8 en 9-12 en 13-16.

Agt drangklasse word aangetref, elk verdeelbaar in twee sub-klasse, te wete die positiewe (plus) en die negatiewe (minus) subdrangklasse.

Die volgende sestien subdrangklasse, soos uiteengesit in Tabel 2.8, ontstaan sodoende:

1. Sh+	5. Pe+	9. Sch <sub>k</sub> +	13. Cd+
2. Sh-	6. Pe-	10. Sch <sub>k</sub> -	14. Cd-
3. Ss+	7. Phy+	11. Sch <sub>p</sub> +	15. Cm+
4. Ss-	8. Phy-	12. Sch <sub>p</sub> -	16. Cm-

Volgens die gen-teorie van Szondi kan die nie-bevrediging van drange dikwels aan ander faktore as blote repressie toegeskryf word. Sublatensie kan volgens hierdie teorie onder die volgende omstandighede bestaan:

- (aa) Die drang self kan so sterk wees, dat dit weerhou moet word van bevrediging, nieteenstaande die goedkeuring wat die ego mag heg aan sodanige bevrediging van die betrokke drang.
- (bb) Repressie mag die rede wees waarom die besondere drang van bevrediging weerhou word. Dit kan wees as aanpassing by omgewingsdruk, of dit kan 'n verdedigingsmeganisme wees wat onder beheer van die ego of superego staan. In beide gevalle is die repressie egter in die vorm van negatiewe response op die toets te bespeur.

(j) Dur-Mollberekening

Met hierdie metode word gepoog om die manlike en vroulike neigings in die dranglewe vas te stel. Szondi het hierdie beskrywende term aan die musiek ontleen en manlike en vroulike kategorieë, nie net vir die seksvektor nie, dog ook vir die ander vektore vasgestel. In Tabel 2.9 word die Dur-

Mollkategorieë van Szondi weergegee, terwyl in Tabel 2.10 uiteengesit word hoe die Dur-Mollberekening van die geval in Tabel 2.7 gedoen sou word.

TABEL 2.9  
DUR-MOLLKATEGORIEË

SEKSVEKTOR	PAROKSISMALE VEKTOR	EGOVEKTOR	KONTAKVEKTOR
S	P	Sch	C
<i>D U R of manlike berekenings</i>			
$h_{-}$ s - +	e hy - +	k p +, ± 0	d m + -
<i>M O L L of vroulike berekenings</i>			
$h$ s + -	e hy + -	k p 0+, ±	d m - +

TABEL 2.10

DIE DUR-MOLLBEREKENINGS VIR DIE GEVAL  
UITEENGESIT IN TABEL 2.7

	$h$	$s$	$e$	$hy$	$k$	$p$	$d$	$m$
TSG	2	1	3	2	0	0	2	3
LG	S:1	s-	P:1	hy-	Sch:0		C:1	d+
D/M	1/3	2/3	2/1	1/3	5/0	0/1	4/0	2/0

Die Dur-Mollberekening is nie een wat manlike eienskappe in die vrou, of vroulike eienskappe in die man, as patologies of noodwendig patologies beskou nie. Psigologies sowel as fisiologies is dit waar dat beide geslagte eienskappe van mekaar deel.

In die geval van die proefpersoon wie se Szondi-resultate in Tabel 2.7 weergegee is, vind ons die volgende verspreidings hier:

$h$	$s$	$e$	$hy$	$k$	$p$	$d$	$m$
-	-	+	-	+	-	+	+

In 'n vergelyking van die seksvektor met die Dur-Mollverspreiding in Table 2.10 vind ons 'n openbaring van sowel manlike ( $h$ -) as vroulike ( $s$ -) eienskappe- met ander woorde, 'n totale humanisering van seksualiteit. Ten opsigte van die paroksismale vektor vind ons 'n aansluiting by die kenmerkend vroulike

verspreiding van  $e+$  en  $hy-$ . Vektoriaal is dit dus die beeld van die naakte  $Ka^n$ .

Wat die verspreiding van die egevektor (Sch) betref, vind ons 'n  $A_2$  vektoriale verspreiding in aansluiting by 'n teoreties-manlike beeld, terwyl ons in die geval van die kontakvektor die tipies-vroulike  $C++$  konstellasie aantref. Die volgende faktoriale verspreidings is dus manlik:

$h-$ ,  $k+$  en  $d+$ .

Hierteenoor vind ons in die volgende 'n tipies vroulike beeld:  $s-$ ,  $e+$ ,  $hy-$  en  $m+$

Die  $p-$  verspreiding is hier 'n individuele verspreiding wat nie aan Dur of Moll gekoppel kan word nie.

Merk egter dat 4 faktore vroulik is en 3 manlik, dit wil sê, 'n verhouding van 1,33 in die guns van 'n meer vroulike verspreiding.

Hiervan kan nie 'n definitiewe feminisme afgelei word nie, alhoewel die moontlikheid nie uitgesluit is nie. Moser (1959, bl. 69-70) wys egter daarop dat alhoewel die gemiddelde man nie 'n Durr-Mollverhouding van 1 het nie, die werklike verhouding wat as normaal gereken kan word, nie bekend is nie omdat dit nog nie aan wetenskaplike navorsing onderwerp is nie. Hy wys egter dan ten slotte ook daarop dat eksperimente daarop dui dat dit 'n bruikbare verhouding is in die bestudering van seksuele afwykings, byvoorbeeld perversies, terwyl dit ook 'n bruikbare metode is in die bestudering van karakterologiese manifestasies.

### 2.3.2 Aantal toetsafnames

(a) In die kliniese situasie waar die individuele geval ter sprake kom, het Szondi aanvanklik 10 afnames van die toets aanbeveel, maar latere ondersoeke (vergelyk byvoorbeeld Roos, 1962, bl. 53) bewys dat 5 of 6 toetsafnames dieselfde resultate mag oplewer. 'n Ondersoek van Schafir (vergelyk Webb, 1959, bl. 44-45) toon aan:

(i) Na drie toetsafnames tree wortelfaktore, simptomatiesse faktore en die verkorte of primêre drangformule reeds in stabiele en betroubare vorm na vore.

(ii) Na ses afnames is hierdie faktore reeds konstant en bly konstant na sewe afnames en meer.

(b) In die individuele studie blyk ses afnames dus voldoende te wees om 'n stabiele persoonlikheidsbeeld vir Schicksal-diag-

nostiese doeleindes daar te stel. Volgens Szondi is enkelafnames egter in die geval van groepstudies geregtig. Roos (1962, bl. 53-54) wys dan ook daarop dat Szondi, sowel as Yarritu, in normstudies met bevolkingsgroepe self van enkelafnames gebruik maak.

Achtnich (1959, bl. 162) regverdig hierdie prosedure verder soos volg:

"100 profiles from 100 different individuals under study assume a greater significance than 100 profiles comprising 10 series of 10 profiles each secured from 10 separate individuals. A series of 10 profiles from 1 person will already have become stamped with the individuality of that person."

- (c) In die huidige ondersoek, waar groepstudies uitgevoer is op verskillende groepe, is die prosedure van enkeltoetsafnames ook nagevolg.

### 2.3.3 Betroubaarheid

- (a) Van Dyk (1966, bl. 63) toon met 'n verwysing na 'n argument van Holzberg aan dat daar ten opsigte van die betroubaarheidsfaktor by 'n projeksie-tegniek soos die Rorschach, by sielkundiges drie breë strominge bestaan, te wete:
- (i) Een groep glo dat hierdie toets, net soos in die geval van gewone psigometriese instrumente, onderwerp moet word aan die gewone betroubaarheidsprosedures wat normaalweg gevolg word.
- (ii) 'n Tweede groep redeneer dat waar die projeksie-tegniek eerder persoonlikheidsbeskrywend is in teenstelling met die metingsprosedure van ander toetse, betroubaarheid hier uit 'n ander oogpunt benader moet word.
- (iii) Die derde stroming wil dit hê dat betroubaarheid met die persoonlikheidsdiagnostiese tegnieke heeltemal links gelaat moet word.
- (b) Die probleem van betroubaarheid kom ook in ander persoonlikheidstoetse, soos die TAT, ter sprake, wanneer Holt (1959, bl. 181-229) aantoon dat 'n mens, wanneer dit by betroubaarheid (en selfs geldigheid) kom met 'n projeksietegniek soos die TAT, jouself dié vraag kan afvra: wat is die betroubaarheid (en selfs geldigheid) van daaglikse algemeen-menslike gedrag? Fluktuasies in gedrag is aan die orde van die dag en waar 'n projeksie-tegniek juis gedrag "meet", kan 'n mens in

die hertoetsresultate daarvan ook fluktuasies verwag.

- (c) Roos (1962, bl. 95) wys op sy beurt daarop dat die psigometriese begrip van betroubaarheid eweneens nog nie op die Szondi-tegniek toegepas is nie en vervolg:
- "Elke toetsadministrasie is bedoel om 'n meting te wees, dog dit is die normale verwagting dat die profiele in enige toetsreeks onderling in meerdere of mindere mate van mekaar sal verskil. Die verskynsel van profiel-veranderings is aksiomaties aan die onderliggende teorie van die sielkunde van drangbehoefte. Dit gaan hier dus nie oor konstante metings per se nie. Lubin en Sandler vind dat die toets-hertoetskorrelasies van 0,20 tot 0,65 varieer (waar die periode tussen toetsing en hertoetsing 5 tot 7 dae was). Die ondersoekers merk op:
- 'It was found that the test profile of Szondi responses could be matched to the retest profile with 96% accuracy.'
- ... Wanneer verskillende toetsreaksies (van dieselfde proefpersoon) met mekaar vergelyk word, is daar meer sprake van konstantheid; dog selfs dan is verskille aan die orde van die dag ... In psigometriese sin meet die toets dus nie 'konstant' nie, dog dit kan skaars anders wees as die objek van meting, die persoonlikheid, op verre na tog geen konstantheid is nie."
- (d) 'n Veërsigtige bestudering van bestaande literatuur vir sover die psigodiagnostiese eksperiment van Szondi ter sprake kom, lewer dan ook beperkte vrugte op en die enigste betroubaarheidsondersoek, vir sover toets/hertoets ter sprake kom wat opgespoor kon word, is dié van Lubin en Sandler, soos aangehaal deur Lubin (1953, bl. 255-256), waarin gevind is dat wanneer die toets 5 tot 7 dae ná die eerste afname weer met dieselfde proefpersoon herhaal word, 'n hertoetskorrelasie van 0,20 tot 0,65 gevind word. Verder kon die twee profiele van dieselfde toetsing met 96% akkuraatheid saamgegroepeer word. Verder dui die resultate op 'n lae innerlike konstantheid, maar op 'n hoë hertoetsbetroubaarheid, wat volgens die ondersoekers waarskynlik aan herinnering toegeskryf kan word.
- (e) Lubin (1953, bl. 256) wys nou vervolgens daarop dat die toets, vir die huidige 'altans, slegs vir navorsing gebruik moet word in die lig van die waarskynlike pseudo-betroubaarheid (en gebrek aan bewyse vir geldigheid) daarvan.

Hierdie argument, dat die hoë hertoetsbetroubaarheid waarskynlik aan herinnering gewyt moet word en nie sonder meer 'n bewys van werklike betroubaarheid is nie, gaan nie op nie. Feit bly dat die Siondiënse psigoloë, met Szondi en Deri aan die spits, in geeneen van hul werke beweer dat herinnering nie 'n rol speel by die keuse in dieselfde rigting van bepaalde foto's deur dieselfde proefpersoon by hertoetsing nie. Hierdie betroubaarheidsondersoek van Lubin en Sandler sou dus, indien dit vir ons verklaar dat herinnering 'n waarskynlike rol speel in bepaalde hertoetsingkeuses, nogtans nie verklaar waarom individuele verskille in herinnering voorkom nie. Die twee profiele van dieselfde proefpersoon kon trouens, soos die ondersoekers dan ook aandui, juis op grond van hul uniekheid, met 96%-akkuraatheid saamgegroepeer word. Die vraag wat dus in hul kritiek teen die toets onbeantwoord gelaat word, is: waarom onthou een proefpersoon bepaalde foto's uit die stel van 48 terwyl 'n ander proefpersoon weer 'n ander groep foto's by hertoetsing onthou? In die lig van 'n afwesigheid van voldoende betroubaarheidseksperimente in hierdie verband, bewys dit dus glad nie dat die rol van herinnering nie juis verband hou met die persoon se bepaalde genotropismes, soos die Szondi-teorie beweer nie.

(f) Verder slaag ander ondersoekers, soos Deri (1959, bl. 298-320), Walder (1959, bl. 116) en Roos (1962, bl. 143) juis daarin om respektiewelik met die Szondi-profiele van sielsiekes vóór en ná skokbehandeling, asook met kriminele tipes en met beroepsgroepe, sinvol te diskrimineer tussen groepe. As die toets onbetroubaar sou wees, sou 'n mens verwag dat verskille in die groepsprofiele van verskillende groepe, aan niks meer as 'n blote statistiese kansfaktor gewyt kan word nie, want Lubin (1953, bl. 255-256) self dui juis aan dat ondersoeke van Cohen, David, Fosberg en Guertin aantoon dat kans nie die enigste faktor is wat keuses determineer nie.

(g) Die kansfaktor kom eweneens ter sprake in 'n ondersoek van Achtnich (1959, bl. 158-171), waarin hy beweer dat verskille in die groepsprofiele van byvoorbeeld 'n 100 16-jarige skooldogters en 'n 100 broodbakkers, nie sonder meer geïnterpreteer kan word as bewyse vir verskille in die psigiese samestellings van die twee groepe nie, alvorens dié bevindings nie eers aan die hand van die statistiese teorie van die

waarskynlikheidsfaktor getoets is nie.

- (h) In 'n omvattende statistiese analise toets hy onder andere die waarskynlikheid dat tipiese Szondi-ansie sindrome, byvoorbeeld  $P=00$  en  $Sch=00$ , op grond van kans in die individuele profiele van 400 proefpersone sal voorkom. Hy gebruik die volgende formule:

$$\begin{aligned} & n \cdot W+S & n \\ = & 400 \cdot 0,0026345 + 0,05126 \cdot 20 \\ = & 1,05380 + 1,0252 \end{aligned}$$

Die standaardafwyking is derhalwe 1,0252, wat op die 99,73 persentielvlak met drie grade van vryheid vermenigvuldig word, om op 3,0756 te staan te kom, wat dan positief sowel as negatief by 1,05380, soos hierbo bereken, bygetel word, om 'n waarskynlikheid van 0 tot 4 uit 400 te gee.

In die geval van 25 proefpersone, vereis dit eers verdere verwerking deur die volgende korreksieformule:

$$\frac{n}{n - 1},$$

wat 'n waarskynlikheidsfaktor van 1,003022 teweeg bring, so dat Achnich dan kan opsom deur te sê dat die voorkoms van tipiese Szondi-ansie sindrome in die profiele van individuele proefpersone, aan meer as net kans gewyt moet word.

- (i) 'n Ander aspek van betroubaarheid kom seer sekerlik ter sprake in 'n aparingsprosedure wat deur Klopfer en Borstelmal, Rabin en Fosberg gevolg word en wat onder andere ook deur Lubin (1953, bl. 255) gerapporteer word. (Die aparingsprosedure word elders deur Macfarlane en Tuddenham (1959, bl. 36) juis as 'n primêre betroubaarheidsbepalingsprosedure beskryf). Hierdie ondersoek toon aan dat psigiaters, sielkundiges en studente in die Sielkunde, beduidend betroubaar daarin slaag om die 8 sielsieke tipes wat Szondi in sy toets insluit, in die 8 sielsieke-kategorieë wat ter sprake kom, te groepeer.
- (j) 'n Ondersoek van Cole en Roberts (1951, bl. 381-386) met kollege-studente bring ook aan die lig dat die rol van 'n kansfaktor in die keuses van proefpersone onbeduidend is en dat die geslag van die proefpersoon 'n bepalende rol speel in sy voor- en afkeure.
- (k) Ten slotte beklemtoon Rabin (1953, bl. 256) ook die gebrek aan kliniese data wat ten opsigte van betroubaarheidsonder-

soeke, in vergelyking met ander projeksie-tegnieke, tans nog ten opsigte van die Szondi-tegniek bestaan.

2.3.4 Geldigheid

(a) Inleiding

In 'n sekere sin is sommige ondersoeke oorvleuelend, sodat dit sowel uit 'n betroubaarheids- as geldigheidsoogpunt benader sou kon word. Hier word veral gedink aan sommige ondersoeke na die rol van die kansfaktor in foto-keuses, wat alreeds onder betroubaarheid bespreek is, maar wat tog ook ten opsigte van hul geldigheidsinhoud geïnterpreteer kan word. Ondersoeke wat egter onder 2.3.3 hierbo genoem is, sal nie weer hier herhaal word nie.

(b) Ondersoeke na die stimuluswaarde van die Szondi-toets

- (i) Boeszöermyeni (1959, bl. 138-168) wou die wisseling in konstantheid in dieselfde individu se response op dieselfde faktor met verskillende toetsafnames statisties evalueer. Hy vind 'n normale faktorale variasie van 0,20 tot 3,0 en wys daarop dat 'n waarde wat 3,0 oorskry, dikwels statisties beduidend met die stadium wat psigose voorafgaan, gekorreleer kan word.
- (ii) Webb (1959, bl. 12-13) wys daarop dat, in 'n poging om die stimuluswaarde van die Szondi-foto's te bepaal, het verskeie ondersoekers in verskillende lande, onder andere Brittanje, Japan en die Verenigde State, soortgelyke toetse soos die Szondi probeer saamstel.
- (iii) Guertin (1951, bl. 163-166) het nog 'n stap verder as dit gegaan en 'n toets soortgelyk aan die Szondi uit foto's van normale Amerikaners saamgestel. Hy wou vasstel of die Szondi-toets en sy kontrole-toets enigsins van mekaar verskil in die bestudering van persoonlikheid. Met ander woorde sal dieselfde individu op die kontrole-toets anders reageer as op die Szondi-toets?

Hy verwag van die proefpersone om die Szondi-foto's en die foto's in sy stel, afsonderlik te groepeer op grond van 'n simpatieke uitgangspunt teenoor die foto's. Alhoewel hy die foto's in 'n sekere sin gegroepeer het, naamlik deur die foto's in sy toets met die foto's in Szondi se toets ten opsigte van grootte, geslag en ouderdom volgens voorkoms te vergelyk, het hy geen klassifi-

kasie gedoen op grond van abnormaliteite nie.

- (iv) Elders toon Webb (1959, bl. 8-10) aan watter prosedure Szondi gevolg het in sy oorspronklike samestelling van die Szondi-toets. Szondi se uitgangspunt was nou volgens Webb om in die seleksie van kliniese gevalle wat elke genetiese faktor verteenwoordig, deurgaans van pasiënte gebruik te maak wat manifeste lyers aan die betrokke abnormaliteit is. Met ander woorde, ten opsigte van die ses homoseksuele pasiënte wat as media in die toets ingesluit sou word, moes geen kliniese twyfel bestaan nie, terwyl dieselfde prosedure gevolg is in die keuse van verteenwoordigers van die ander faktore, byvoorbeeld, epilepsie, katoniese skisofrenie, paranoïdiese skisofrenie, sadisme, ensovoorts.
- (v) Dit was 'n geweldige taak waarin Szondi bygestaan is deur 'n hele span kollega's aan die Universiteit van Budapest. Nie alleen moes die persone wat gekies is om op die toets te verskyn relatief suiwer gevalle wees nie, maar ook moes hulle familiegeskiedenis nagespeur word ten einde 'n duidelike en onbetwisbare erflike verband vir die bestaan van die bepaalde abnormaliteit vas te stel. Hierna moes elke foto wat vir insluiting by die finale toets oorweeg is, eksperimenteel volgens die Schicksal-analitiese prosedure ge-evalueer word.
- Die metode wat gevolg is, is onder andere die sogenoemde gedwonge assosiasie, waar die persoon baie sterk aangespoor word om met sy assosiasies voort te gaan.
- (vi) In hierdie prosedure word die foto aan die proefpersoon getoon en hy word gevra om die persoon wat hy sien, te beskryf. Min of meer die volgende prosedure word gevolg:
- Pp.: Ek het hom gekies omdat ek van sy gesig hou. Maar daar is tog wrede trekke te sien. Ek dink hy is humeurig.
- Pl.: Hy het tog wrede trekke. En dit lyk vir jou of hy humeurig kan wees. Wat verder?
- Pp.: Ja, ek dink hy kan selfs moord pleeg. Andersins

is hy vriendelik, maar as hy eers kwaad is, kan hy moord pleeg.

- (vii) Dit is die aspek wat Guertin nou in sy ondersoek doelbewus vermy. Dit is die veranderlike wat hy in sy eksperiment wil insluit en hy vind dan ook in sy resultate dat hy geen statistiese bewyse kan vind dat die Szondi-toets diagnosties enigsins betekenisvol te werk gaan in vergelyking met die kontrole-toets wat hy gebruik nie.
- (viii) Die grootste beswaar teen Guertin se eksperiment lê egter daarin dat hy slegs + en - reaksies vergelyk, waar die waarskynlikheidsfaktor, soos vroeër aangedui, nog nie heeltemal uitgeskakel is nie en 'n beduidende rol kan speel. Die ondersoek van Achnich, waarna daar vroeër verwys is, toon duidelik aan hoe die relatiewe invloed van die waarskynlikheidsfaktor afneem tot 'n vlak waar dit as onbeduidend beskou kan word, namate daar in die toetsprosedure eerstens gevorder word in die rigting van verwerking van ambivalente en ope reaksies, tweedens, namate die punt bereik word waar vektoriale verspreidings onder bespreking kom en derdens, wanneer die sindromatiese samestellings bespreek word, waar die waarskynlikheidsfaktor dan al 'n punt bereik het waar dit uit 400 gevalle slegs 4 of hoogstens 5 keer sal voorkom. Selfs waar daar slegs van 25 persone in die groep gebruik gemaak word, is die waarskynlikheidsfaktor beperk tot slegs 'n enkele moontlikheid. Verder moet daarop gelet word dat, soos ook reeds vroeër aange-  
toon, persoonlikheid geen konstante is nie, selfs ten opsigte van erflike behoeftes wat ten opsigte van intensiteit van oomblik tot oomblik, afhangende van verskillende faktore, byvoorbeeld wisseling in prikkels vanuit die omgewing, kan verskil.  
Die uitgeskakelde genetiese grondslag vir die keuse van foto's vir sy substituu- of kontrole-toets, is dus na alle waarskynlikheid nie die enigste veranderlike wat die resultate van sy eksperiment kon beïnvloed het nie.

- (ix) Benewens bogenoemde kritiek kan daar ook op teenstry-

dige bevindings in hierdie verband gewys word, byvoorbeeld Balint (1948, bl. 221) volg 'n soortgelyke prosedure en kom tot die slotsom dat die geldigheid van die Szondi-foto's nie verwerp of ontken kan word aan die hand van sý resultate nie.

- (x) Webb (1959, bl. 12-13) vat sy kritiek teen hierdie soort geldigheidsondersoeke dan ook soos volg saam: "In some instances such series have been sent to Szondi for evaluation. In each case, however, Szondi found the ostensibly parallel series to be invalid either from the standpoint of the normal or the clinical case. The reason for this invalidity is not difficult to discern. We know, upon the basis of several reported studies, that the frequency of selection varies from one photograph to another. For this reason the frequency of selection of every photograph in the ostensibly parallel series must attain a statistically reliable correlation with a counterpart (that is, a photograph representative of the same pathologic disorder) in the classic series. So far as Szondi, Moser and this author are aware, no compiler of an alternative series has taken account of this phenomenon."
- (xi) Dit is egter opvallend dat hoe nader ondersoekers aan die metodologiese uitgangpunt kom wat deur Szondi en medewerkers self aanbeveel word, hoe meer positief is die resultate wat verkry word. Die ondersoeke wat hier ter sprake kom is dié wat die stimuluswaarde van die Szondi-foto's probeer bepaal deur middel van eksperimente wat die valensie van die foto's toets. Rabin (1950, bl. 45) gebruik twee groepe proefpersone, te wete sielkundiges en studente in die Sielkunde. Aan hierdie twee groepe lê hy die Szondi-foto's voor met die opdrag om elkeen klinies op grond van die voorkoms van die persoon op die foto te klassifiseer. Hy vind nie alleen beduidende bewyse vir korrekte klassifikasie op gronde wat statisties hoogswaarskynlik vry staan van enige waarskynlikheidsfaktor nie, dog toon aan dat daar op empiriese gronde aangedui kan word dat sielkundiges in hul klassifikasies beduidend beter vaar ...../130 as studente

as studente in die Sielkunde. Hy volg hierdie bewering van hom in 'n ander ondersoek (1952, bl. 401-402) op en toon aan dat die vermoë van studente in die Sielkunde om klassifikasies korrek te doen, beduidend verbeter namate onderrig in die Sielkunde vorder.

- (xi) Aan die hand van bogenoemde gegewens kom Rabin (1959, bl. 511) dan tot die volgende gevolgtrekking: "The related conclusion is that the pictures have differentiated meaning, and that their being liked or disliked is not a haphazard event. However, it has also been shown that the potency of the picture stimuli in any one diagnostic category varies considerably. Thus, the diagnosis per se is not the only factor responsible for selection or rejection of the pictures. There are apparently additional factors, not accounted for by the Szondi theory, related to the popularity continuum."
- (xii) Twee faktore waarna Rabin in bogenoemde aanhaling verwys, te wete die verskil in stimuluswaarde van die foto's en die populariteitsfaktor wat 'n rol speel in die keuse of verwerping van die foto's, word nie alleen bevestig deur 'n ondersoek van Harrower (vergetyk Rabin, 1959, bl. 511), nie, dog ook deur 'n ondersoek van Wallen (1951, bl. 210) waarin hy aantoon dat foto's wat vir die ~~prae~~persone vriendelik voorkom, hoër stimuluswaarde openbaar as wanneer die persoon onvriendelik en wreed voorkom. Ook Klopfer en Borstelmann (1951, bl. 432-439) vind in 'n soortgelyke ondersoek genoeg grond om die bewering te onderskryf dat sommige foto's 'n hoër populariteitswaarde as ander het en derhalwe meer positiewe reaksies sal uitlok.
- (xiv) Dit is egter hier belangrik om daarop te let dat die bewering as sou die populariteitsfaktor een wees waarvoor Szondi nie voorsiening maak nie, inderdaad op verskeie gronde 'n aanvegbare een is. Dit is beslis moontlik dat sekere soorte abnormaliteite binne 'n bepaalde subgroep of binne 'n bepaalde kultuur sosiaal meer aanvaarbaar sal wees as andere. Dit is

dus moontlik dat die homoseksuele foto's weens die vriendelikeidsetiket wat dit in ons kultuur aangehang mag word, miskien in 'n ander kultuur weer minder aanvaarbaar geag sal word en dat die foto's van homoseksueles derhalwe deur die lede van daardie denkbeeldige kultuur meer dikwels verwerp sal word as wat die geval is in die Blankwesterse kulture. Hierdie stelling is egter slegs 'n hipotetiese een en dit sou interessant wees om te sien wat eksperimentele ondersoeke in so 'n rigting sou oplewer. Feit bly egter staan dat dit 'n moontlikheid is wat net so sterk weeg as die bewering dat dit 'n populariteitsfaktor sou wees wat tussenbeide tree en waarvoor Szondi nie voorsiening maak nie.

(c) Ondersoeke na die diagnostiese geldigheid van die toets:

- (i) Dit is 'n metode van bestudering van die Szondi-toets se geldigheidswaarde wat ook sterker ondersteun word deur lede van die Szondi-kamp (volgende Moser, 1959, bl. 82) self.
- (ii) Deri (1959, bl. 298-321) gebruik die toets in 'n poging om vas te stel watter verskille in reaksie opval wanneer sielsieke pasiënte voor en na elektriese skokbehandeling getoets word en die resultate gekorreleer word. Sy vind dat beduidende verskille slegs in die geval van die faktore s en k aangetref word. Die verandering wat in die geval van die s faktor aangetref word, stem dan ook ooreen met 'n verandering wat vooraf voorspel kon word. Hierteenoor kon die verandering ten opsigte van die k faktor nie vooraf voorspel word nie, dog kon later sinvol verklaar word. In vergelyking met kontrolegroepe wat geen skokbehandeling ontvang het nie, kon die veranderinge in s en k as statisties betekenisvol geïnterpreteer word.
- (iii) Die waarde van hierdie resultate lê volgens Deri (1959, bl. 298-321) nou in die volgende feite:
- (1) Voor skokbehandeling is daar 'n relatiewe hoë verspreiding van s-response aangetref, wat geïnterpreteer kon word as 'n verdedigingsmeganisme teen openlike aggressie. Na die behandeling het slegs 15% van die pasiënte

die s- verspreiding behou, terwyl daar in die ander gevalle 'n omgeswaai na s+ aangestref is. Dit toon aan dat die repressie in hierdie area afgeneem het.

- (2) In die geval van die k faktor is daar gevind dat die aantal minusresponse van 0,9 voor die behandeling toegeneem het na 2,0 na die behandeling. Dit dui aan dat die proefpersoon nou ego-sistories te werk gaan om aggressie te kontroleer, 'n beeld wat meer in ooreenstemming is met die normale verwagting.
- (iv) Deri wys vervolgens daarop dat hierdie resultate in ooreenstemming is met die resultate van ander ondersoekers wat ander metodes gebruik het om die resultate van skok terapie te toets. Dit lei dus tot die gevolgtrekking dat die Szondi-toets 'n geldige instrument is om die uitwerking van skokbehandeling op sielsieke-pasiënte vas te stel.
- (v) In 'n ondersoek met epileptiese en homoseksuele pasiënte, vind David en Rabinowitz (1952, bl. 247-250) dat die Szondi-toets sinvol daarin slaag om diagnosties tussen die twee groepe te onderskei.
- (vi) Webb (1959, bl. 107-137) doen 5 Szondi-aframes van 'n vroulike homoseksuele pasiënt en lê die profiele aan Szondi voor met die versoek om 'n blinde diagnose daarvan te maak. Die enigste inligting wat aan Szondi in verband met die pasiënt verstrekk is, is die blote feit dat sy 'n Frau was, soos Webb dit stel.
- (vii) Szondi het 'n ontleding gedoen en aangetoon dat die pasiënt in haar aanraking met mense op interpersoonlike vlak ambivalent staan en terselfdertyd aan 'n ou voorwerp bly kleef en ook na 'n nuwe een soek.
- (viii) Hermafroditiese neigings het veral uit drie onderbewustelike verdedigingsfunksies van die ego gespreek, te wete:
- (1) Deur projeksie daarvan op persone in die omgewing.
  - (2) Deur die introjeksie van 'n konflik oor die eie geslagsrol.

(3) Deur disintegrasie. Die pasiënt besit die vermoë om haar ego-ingesteldheid te fluktueer en die een oomblik soos 'n man, en die ander oomblik soos 'n vrou te dink.

(ix) Op sy beurt kom Janssen, (1952, bl. 80-95) in 'n studie van epileptici tot die slotsom dat die Szondi-toets nie alleen verkeerde resultate lewer en geen diagnostiese waarde besit nie, maar ook gereken kan word as "een dangerous test". Dit is egter Vuijk (1956, bl. 447-468) wat op sekere mistastings in Janssen se werk wys wat die betekenis daarvan as 'n bewys teen die geldigheid van die Szondi-toets beperk. Sy toon onder andere aan:

(1) Veranderinge in toetsresultate kan wel aan die hand van die Schicksal-analise verklaar word indien dit na kort tydperke intree, want die aangebore drangfaktore is geen statiese nie, maar 'n dinamiese struktuur wat wissel namate prikkelnuanses vanuit die omgewing dit op korttermyn-grondslag regverdig.

(2) Janssen toets nie die Szondi-teorie sonder meer deur die aanname van die Szondiaanse uitgangspunt sonder voorbehoud nie. Wat nie vir hom aanvaarbaar is nie, verwerp hy vooraf sonder enige eksperimentele gronde. Hy versag eenvoudig om kennis te neem van latere stellinge van Szondi, soos uiteengesit in sy Triebpathologie, en gaan voort om ouere tegnieke, wat reeds deur Szondi self gewysig of oorboord gegooi is, in sy uitgangspunt in te sluit.

(x) Moser (1959, bl. 82) wys daarop dat blinde interpretasies 'n metode van ondersoek is wat gerus meer aandag kan geniet, aangesien die Szondi-toets hom veral daartoe leen om op hierdie wyse eksperimenteel gevalideer te word. Roos (1962, bl. 137) toon aan dat Moser later dan ook self die woord by die daad voeg en blinde interpretasies van Szondi-toetse doen met 'n hoë mate van sukses, dit wil sê, 86% van sy interpretasies hou wel statisties betekenisvolle verband met die kliniese

geskiedenis van die pasiënte.

- (xi) Walder (1959, bl. 205) toon dan ook aan dat die Szondi-toets betekenisvol aangewend word om tussen kriminele groepe te differensieer.

(d) Slotsom

- (i) Die waarde van die meeste statistiese pogings om die geldigheid van die Szondi-toets te bepaal, word ten beste deur Moser (1959, bl. 82) met die volgende woorde saamgevat:

"Suffice it to say that all these studies either have been ~~conducted upon~~ the basis of false premises or have been characterized by inadequate statistical methods. Nothing can be accomplished by means of statistical correlations, since in the Szondi test all the components are interrelated and interdependent. Moreover, it must be pointed out that the Szondian drive test does not lead itself to the application of norms based upon a statistical mean. The concept of normality as related to this test is entirely different. In the discussion of the Schicksal spheres it was indicated that in relation to the fate of drives a plurality of normalities is assumed. In Schicksal analysis a norm based upon a mean signifies only a mean involving the most frequent drive fate prevailing within a given group that has been studied statistically. For this reason it is not possible to define the various types of disorders simply by reference to deviation from a statistical mean."

- (ii) Alhoewel Roos (1962, bl. 137) dan ook nou daarop wys dat Moser verder genoegsame gronde in Yarritu se statistiese ondersoek, 'n sindroom-analise deur Stumper (uitgevoer op 200 psigotiese gevalle) en in sy eie blind-diagnostiese ontleding ~~foto~~ vind om die geldigheid van die toets in die psigopatologie te bewys, voel die huidige ondersoeker hom hier sterker aangetrokke tot die meer konserwatiewe standpunt wat Rabin (1959, bl. 401-402) in hierdie verband inneem, te wete: "In conclusion, it may be stated that the Szondi test is an empirical procedure at best. Thus far there are no crucial experiments that would validate the test, .....
- /135 its personality

*its personality analyses, or its predictive capacity. The present 'evidence' is of the nature of private empirical proof. The validation is clinical validation by those who employ the method. Future research will indicate the capacity of the test to stand up under the careful scrutiny of experimentation by the research-minded clinical psychologist."*

## 2.4 VERWERKING VAN RESULTATE

### 2.4.1 Algemeen

- (a) Die materiaal wat hier verwerk moet word, te wete resultate ingewin in die toepassing van die Szondi-toets op Bantoes van verskillende bevolkingsgroepe, is, soos vooraf ook aangedui, dikwels van so 'n aard dat dit sigself nie leen tot statistiese prosedures nie. Verder is dit ook van belang om daarop te let dat hierdie ondersoek in hoofsaak 'n vergelykingstudie is waarin die verkreë resultate vergelyk moet word met die resultate van persone wat soortgelyke ondersoeke uitgevoer het, naamlik, in die eerste plek, met die ondersoek van Roos (waarna daar al dikwels verwys is) en in die tweede plek, met die soortgelyke ondersoek van Szondi (soos aangegee deur Roos, wat op sy beurt sy Suid-Afrikaanse resultate vergelyk met Szondi se resultate met 1 000 Hongaarse proefpersone).
- (b) Dit is dus in die eerste plek nodig om kennis te neem van die metode wat Roos volg om sy gegewens te verwerk en vergelykbaar met dié van Szondi te maak, sodat die verwerking wat hierin volg met die oog op sinvolle vergelykings, daarby aangepas kan word.

### 2.4.2 Statistiese en ander tegnieke van die ondersoek

- (a) Dit is hier nodig om met die ander tegnieke wat gevolg is te begin voordat ons statistiese prosedures bespreek, aangesien dit in daardie kronologiese volgorde ingespan sal word.
- (b) Die ander tegnieke wat hier ter sprake kom, is in hoofsaak tegnieke wat deel van Szondi se metode uitmaak in die uiteensetting van sy toetsresultate in groepsundersoeke. Hierdie metode is dan ook deur Roos gevolg, en, soos genoem, is dit dieselfde metode wat derhalwe noodwendig hier gevolg moet word.
- (c) In die weergawe van die akkumulاسie van die verskillende proefpersone se response ten opsigte van elk van die moont-

like 64 verspreidings (plus, minus, ambivalente en ope reaksies), word daar eerstens kennis geneem van die feit dat hierdie 64 verspreidings verdeel moet word tussen 4 vektoriale gebiede. Binne elke vektoriale gebied kom daar nou 16 moontlike verspreidings voor, dit wil sê ++ of +- of -0, ensovoorts.

- (d) Dit bring in die geval van elke groepstudie die gebruik van 4 verskillende tabelle mee, dit wil sê, een tabel vir elk van die vier vektoriale gebiede S, P, Sch en C.
- (e) Ons verdeel nou elk van die vier tabelle in die geval van die normstudie met 500 Bantoe-proefpersone wat met die resultate van Szondi se 1 000 Hongare en Roos se 1 000 Blanke Suid-Afrikanners vergelyk gaan word, in sewe kolomme en wel soos volg:
- (1) Kolom 1. Die eerste kolom word aangedui met die woord vektor, gevolg deur die simbool wat die bepaalde vektoriale area voorstel, byvoorbeeld S, dit wil sê, in die geval van die seksvektor, dui ons nou aan vektor S.
  - (2) Kolom 2. Hierdie kolom word met die kopstuk Szondi aangedui en teenoor elk van die moontlike positiewe, negatiewe, ope of ambivalente reaksies wat onder kolom 1 aangedui word (byvoorbeeld +, -0, 00, ensovoorts), word persentasiegewys aangedui hoe Szondi se Hongaarse proefpersone ten opsigte van hierdie verspreiding geprester het.
  - (3) Kolom 3. Op dieselfde wyse soos uiteengesit in (2) hierbo word Roos se resultate met 1 000 Blanke Suid-Afrikanners nou uiteengesit.
  - (4) Kolom 4. Die volgende kolom toon die resultate van die huidige ondersoek met 500 Bantoes op dieselfde wyse soos aangedui in (2) en (3) hierbo.
  - (5) Kolom 5. In kolom 5 word die verskille tussen Szondi en Roos se onderskeie normstudies aangedui, bloot deur die laagste persentasie van die hoogste af te trek.
  - (6) Kolom 6: Op dieselfde wyse as (5) hierbo word die verskille tussen Szondi en die huidige ondersoek in hierdie kolom aangedui.
  - (7) Kolom 7. Dieselfde prosedure as in (5) en (6) hierbo

word gevolg om die verskille tussen Roos en die huidige ondersoek aan te toon.

- (f) In die laaste ry van elke tabel, word die gemiddelde verskil vir elk van die vergelykings in kolom 5, 6 en 7 gedoen, aangegee.
- (g) 'n Vyfde tabel verskil van bogenoemde vier daarin dat dit die gewone bevolkingsprofiel sal gee van die 500 Bantoe-proefpersone van die huidige ondersoek, en getrou aan die Szondiaanse profielsamstelling, sal daar benewens die persentasie-verspreiding vir elk van die vier reaksies binne elk van die agt faktore, ook die gebruiklike tendensiespanningsgraad (TSG), latensiegraad (LG) en Dur-Mollverhoudings (D/M) aangegee word. Hierbenewens volg die latente proporsies wat van die bevolkingsprofiel afgelei kan word, asook die drangklas, kenmerkende bevolkingsprofiel, volledige drangformule sowel as die verkorte drangformule.
- (h) Ook die vektoriale frekwensies van die twee geslagsgroepe vir die 500 Bantoe-proefpersone, sal persentasiegewys in 'n enkele tabel weergegee word, waar die individuele persentasie-frekwensies van die twee geslagte voorafgegaan sal word deur 'n kolom waarin die betrokke verspreiding vir die 500 Bantoe-proefpersone aangetoon word.
- (i) Die daaropvolgende tabel sal dieselfde patroon volg en die verskille in persentasie-prestasies ten opsigte van elke moontlike verspreiding binne 'n bepaalde vektor, aandui.
- (j) Die vier bevolkingsgroepe, te wete, die Zoeloe, Sotho, Venda en Tsonga, word hierna vektoriaal-individueel maar in dieselfde tabelle met mekaar ten opsigte van persentasie-frekwensie vir elk van die sestien moontlike verspreidings binne elke vektor vergelyk.
- (k) Die vier bogenoemde vergelykingstabelle word daarna gevolg deur vier tabelle, dit wil sê, een vir elke vektor, waarin die persentasie-verskille, soos dit uit die vorige vier tabelle spreek, tussen elk van die bevolkingsgroepe ten opsigte van elk van die 16 moontlike vektoriale verspreidings binne elke vektor, weergegee word.
- (l) Hierna volg die 4 bevolkingsgroepe se onderskeie groepsprofile op dieselfde patroon soos in die geval van die Bantoe-groepsprofiel vroeër hierin uiteengesit.

- (m) Aangesien die groepe uit relatief groot monsters bestaan, is daar besluit op die  $\text{Chi}^2$  toets vir die beduidendheid van verskille ten einde hierdie beduidendheid vas te stel ten opsigte van verskille in faktoriale frekwensies tussen die geslags- en bevolkingsgroepe onder bespreking.
- (n) Ook in die geval waar die afgeleide bevolkingsprofiel van Roos (1962, bl. 143) met dié afgelei van die groepsprofiel van die Bantoe-proefpersone vergelyk word, word hierdie afgeleide vergelykings deur middel van die metode van  $\text{Chi}^2$  vir beduidendheid getoets.

## 2.5 UITEENSETTING VAN DIE RESULTATE

### 2.5.1 Algemeen

Die resultate word in Hoofstuk 3 uiteengesit. In hierdie uiteensetting wat op tabellêre wyse geskied, word gehou by die metode wat Roos, in navolging van Szondi en Yarritu, volg. Dit bring mee dat die resultate van die onderhawige ondersoek lynreg en sonder verdere aanpassings, vir die nodige evaluasies met Szondi en Roos se bevindings aangewend kan word.

### 2.5.2 Die aanbieding van toetsgegevens vir die drie normgroepe

In Tabelle 3.1 tot 3.4 word respektiewelik die seks-, parokismale, ego- en sirkulêre vektorverspreidings van Szondi en Roos se groepe en dié van die proefpersone van die huidige ondersoek aangegee en vir verskille en ooreenkomste vergelyk. Die nodige vergelykende ontledings word gegee en hipoteses met betrekking tot die Szondi-beelde wat van die Bantoenormgroep verkry word, word gestel.

Die bevolkingsprofiel vir die Bantoenormgroep volg in Tabel 3.5. Dit word gevolg deur die toepaslike ontledings en hipoteses.

### 2.5.3 Die drangdiagnostiese vergelyking van Bantoe mans- en vrouegroepe

In Tabel 3.6 word die 300 manlike proefpersone en die 200 vroulike proefpersone van die Bantoenormgroep vektoriaal met mekaar vergelyk, terwyl die verskille in vektoriale frekwensie vir die twee geslagsgroepe in Tabel 3.7 aangegee word. Die nodige afleidings en hipoteses met betrekking tot die vektoriale evaluasies vir die twee groepe, volg hieruit.

Die bevolkingsprofiel vir die twee geslagsgroepe volg onder-

skiedelik in Tabele 3.8 en 3.9. Die nodige afleidings en hipoteses word hierna aangebied.

2.5.4 Die drangdiagnostiese vergelyking van die Szondi-beelde van Zoeloe-, Sotho-, Venda- en Tsongaproefpersone

Die vektoriale frekwensies van die vier etniese groepe word in Tabele 3.10, 3.12, 3.14 en 3.16 aangegee en die verskille in hierdie frekwensies vir die vier vektore word respektiewelik in Tabele 3.11, 3.13, 3.15 en 3.17 aangedui. Dit word gevolg deur die nodige afleidings en hipoteses.

In Tabele 3.18 tot 3.21 word respektiewelik die bevolkingsprofiel van die Zoeloe-, Sotho-, Venda- en Tsongaproefpersone uiteengesit. Hierna word die nodige afleidings gedoen en hipoteses gestel.

2.5.5 Statistiese beduidenheid van verskille in faktorale frekwensies tussen geslags- en etniese groepe

Die metode van  $X^2$  word in Tabel 3.22 toegepas om die faktorale verskille vir beduidenheid te toets tussen:

- (i) die Bantoenormgroep en die groep van 300 mans;
- (ii) die Bantoenormgroep en die groep van 200 vroue;
- (iii) die Zoeloe- en Sothogroepe;
- (iv) die Zoeloe- en Vendagroepe;
- (v) die Zoeloe- en Tsongagroepe;
- (vi) die Sotho- en Vendagroepe;
- (vii) die Sotho- en Tsongagroepe; en
- (viii) die Venda- en Tsongagroepe.

Die resultate hiervan word hierna uiteengesit en bespreek.

2.5.6 Verklarende beskouings

Ten slotte word die resultate van die ondersoek in Hoofstuk 3 bespreek en pogings word aangewend om die Szondi-beelde wat van die toetsgroepe verkry is, aan die hand van toepaslike literatuur en ander gegewens met betrekking tot die Bantoe te verklaar.

## HOOFSTUK 3

## DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

## 3.1

## INLEIDING

Die resultate van die ondersoek word vervolgens hier weergegee. Die uiteensetting volg, soos reeds gemeld, die patroon wat deur Szondi, Yarritu en Roos aangewend word in hul Szondi-ondersoeke. Hierdeur word verseker dat die vergelykings wat in die loop van die uiteensetting met hierdie ondersoekers se resultate getref word, sonder enige verdere aanpassings kan geskied. Dit vergemaklik dus die vergelykende studie, terwyl daar verder geen gronde bestaan om van hierdie patroon deur Szondi-onderzoekers vasgelê, vir die huidige af te wyk nie.

## 3.2

## DIE AANBIEDING VAN DIE TOETSGEGEWENS VIR DIE DRIE NORMGROEPE

## 3.2.1

'n Vergelyking van die S vektorreaksies van Szondi, Roos en Erasmus

TABEL 3.1

VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE S VEKTORREAKSIES BY  
SZONDI, ROOS EN ERASMUS.

VEKTOR S	SZONDI n:1 000	ROOS n:1 000	ERASMUS n:500	V E R S K I L L E <sup>1)</sup>		
				SZONDI ROOS	SZONDI ERASMUS	ROOS ERASMUS
++	25,0%	33,2%	13,2%	8,1%	11,8%	19,9%
o+	2,7	6,9	4,6	4,2	1,9	2,3
+o	18,6	10,6	16,4	8,0	2,2	5,8
o-	4,0	3,0	5,6	1,0	1,6	2,6
+ -	13,3	11,9	22,0	1,4	8,7	10,1
-o	3,5	1,6	3,4	1,9	0,1	1,8
-+	5,3	3,1	5,0	2,2	0,3	1,9
--	8,4	3,1	4,4	5,3	4,0	1,3
O+	1,1	1,9	3,8	0,8	2,7	1,9
++	6,0	10,1	6,8	4,1	0,8	2,3
-+	2,3	1,7	3,2	0,6	0,9	1,5
++	2,3	3,8	2,0	1,5	0,3	1,8
++	1,1	2,0	1,8	0,9	0,7	0,2
+o	2,0	2,1	3,4	2,1	1,4	1,3
+ -	2,3	3,1	2,6	0,8	0,3	0,5
oo	2,2	2,0	1,8	0,2	0,4	0,2
REKENKUNDIGE GEMIDDELDES				2,6	2,2	3,4

<sup>1)</sup> Slegs verskille van 10% en hoër word as betekenisvol beskou

(a) Bevindinge

Uit Tabel 3.1 spreek die volgende:

- (i) Geen verskille van betekenisvolle aard tussen die S vektorverspreidings van Szondi en Roos kom hier ter sprake nie.
- (ii) Die resultate van Szondi sowel as Roos verskil ten opsigte van die verspreiding S++ betekenisvol van dié van die huidige ondersoek met respektiewelik 11,8% en 19,9%.
- (iii) Ten opsigte van die reaksie S+- word 'n verskil van 10,1% tussen die resultate van die huidige ondersoek en dié van Roos aangetref. Die verskil van 8,7% in hierdie opsig tussen Szondi en Erasmus, kan egter nie as betekenisvol gereken word nie.
- (iv) Kwantitatief gesproke word hier dus minder S++ response by die Bantoe as by die Blanke groepe aangetref.
- (v) Ten opsigte van die verspreiding S+-, toon die Bantoe-groep hier kwantitatief betekenisvol meer reaksies van hierdie aard as Roos se plaaslike groep. Die groep verskil in hierdie opsig egter nie betekenisvol van die Hongaarse normstudie van Szondi nie.

(b) Hipoteses

Die verskille in 3.2(a)(iv)-v hierbo aangedui, sou aan die hand van die Szondi-literatuur die volgende implikasies inhou:

- (i) Die S++ verspreiding sou volgens Szondi (1952, bl.38) die kenmerkende beeld wees van 'n normale seksualiteit. Volgens Deri (1949, bl.81-82) is dit die mees algemene S vektoriale konstellasie en word dit by 30% proefpersone aangetref. Dit dui aan 'n integrasie tussen, sowel as die aanvaarding van die behoeftes van affeksionaliteit (h) en aggressiwiteit (s). Dit is die gesonde beeld van ongerepresseerde seksualiteit. Dit is 'n baie algemene konstellasie by die man. Dit is kenmerkend van persone met 'n belangstelling in die realistiese en materialistiese aspekte van die daaglikse lewe. Die kerngedagte is dan, in aansluiting by die resultate van die huidige ondersoek, dat daar aan die hand van hierdie vektoriale beeld die

hipotese gestel word dat daar by beide Blanke groepe meer persone met die kenmerkende beeld van normale seksualiteit voorkom as by die Bantogroep van hierdie ondersoek; verder dat daar by die Bantogroep ewensens betekenisvol minder persone voorkom wat ener syds hul behoeftes aan affeksionaliteit en aggressiwiteit, met ander woorde, feministiese en manlike behoeftes, kon integreer en aanvaar as deel van die behoeftes van die persoon. Andersyds, is daar in die geledere van die Bantogroep waarskynlik ook minder aanwesigheid van 'n realistiese benadering van die lewensomgewing.

- (ii) Die Hongaarse groep van Szondi en die Bantogroep van die huidige ondersoek stem ooreen ten opsigte van die verspreiding S+-, wat volgens Szondi (1952, bl. 39) op passiwiteit dui; by die man sou dit op doel-omsetting neerkom, wat volgens Deri (1949, bl. 84) by die man homoseksualiteit mag impliseer. Dit dui vir haar ook op 'n dissosiasie van die twee teenoorgestelde behoeftes van affeksionaliteit en aggressiwiteit binne die seksvektor. Dit is 'n beeld wat kenmerkend is van mans in hoër beroepe met die klem op intellektuele beredenering, maar is ewensens kenmerkend van diegene in die minder intelligente diensberoepe van bediende. Dit dui op pogings tot losmaking van die realiteit van die lewensomgewing.

Alhoewel Szondi se Hongaarse groep en die Bantogroep van die huidige ondersoek hier nie betekenisvol van mekaar verskil nie, dien daarop gelet te word dat die Hongaarse groep ewensens nie betekenisvol van Roos se Suid-Afrikaanse Blankes verskil nie. Dit bring mee dat die enigste diagnostiese implikasies vir sover verskille tussen groepe te sprake kom, alleen in die lig van die betekenisvolle verskille tussen die twee plaaslike groepe van belang is. Dit beteken dat bogenoemde resultate daarop sou dui dat die plaaslike Bantogroep meer passiewe persoonlikheidstipes as die plaaslike Blanke

groep insluit; dat die Bantogroep verder meer persoonlikheidstipes insluit wat die lewensomgewing minder realisties benader; dat daar by die plaaslike Bantogroep ook meer persoonlikheidstipes bestaan by wie die behoeftes aan affeksionaliteit en aggressiwiteit ongeïntegreerd en in 'n botsende verhouding tot mekaar staan, as by die plaaslike Blanke groep.

3.2.2. 'n Vergelyking van die P vektorreaksies van die drie groepe onder bespreking

TABEL 3.2

VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE P VEKTORREAKSIES BY SZONDI, ROOS EN ERASMUS

VEKTOR P	SZONDI n:1 000	ROOS n:1 000	ERASMUS n:500	V E R S K I L L E <sup>1)</sup>		
				SZONDI ROOS	SZONDI ERASMUS	ROOS ERASMUS
-0	5,0%	6,2%	11,8%	1,2	6,8	5,6
--	8,5	21,4	8,6	12,9	0,1	12,8
<u>+</u>	5,8	8,5	4,0	2,7	1,8	4,5
+0	5,8	4,1	5,8	1,7	0	1,7
0-	16,1	15,8	7,0	0,3	9,1	8,8
0 <u>+</u>	5,6	5,3	5,2	0,3	0,4	0,1
++	4,3	1,7	5,6	2,6	1,3	3,9
0+	3,4	2,1	5,6	1,3	2,2	3,5
00	4,5	3,7	5,6	0,8	1,1	1,9
<u>+0</u>	3,4	3,2	3,6	0,2	0,2	0,4
<u>-+</u>	3,7	4,9	3,8	1,2	0,1	1,1
<u>++</u>	4,3	2,3	4,4	2,0	0,1	2,1
<u>++</u>	1,1	0,8	2,6	0,3	1,5	1,8
<u>++</u>	4,2	1,7	2,2	2,5	2,0	0,5
-+	4,2	3,3	13,8	0,9	9,6	10,5
<u>+</u>	23,2	15,0	10,4	8,2	12,8	4,6
REKENKUNDIGE	GEMIDDELDES			2,4	3,1	3,9

<sup>1)</sup> Slegs verskille van 10% en hoër word as betekenisvol beskou

(a) Bevindinge

Die volgende kan uit Tabel 3.2 afgelei word:

- (i) Szondi en Roos se Hongaarse en Suid-Afrikaanse groepe verskil hier slegs ten opsigte van P-- enigszins betekenisvol van mekaar, waar Roos se plaaslike groep 12,9% meer response van hierdie aard gee as die Hongaarse groep.
- (ii) Die meeste betekenisvolle verskille ten opsigte van die P vektor, kom veral tussen die plaaslike Blanke en Bantogroepe voor. Die twee plaaslike groepe verskil betekenisvol ten opsigte van P-- (12,8%) en P+ (10,5%).
- (iii) Daar is slegs een betekenisvolle verskil tussen die resultate van die plaaslike Bantogroep en Szondi se Hongaarse groep en wel ten opsigte van P+ (12,8%).
- (iv) Die Hongaarse groep van Szondi gee betekenisvol meer P+ response as die Bantogroep.
- (v) Roos se plaaslike groep toon betekenisvol meer P-- response as die Bantogroep. By die Bantogroep word meer P+ response aangetref as by Roos se plaaslike Blanke groep.

(b) Hipoteses

Die volgende hipoteses kan uit bogenoemde resultate afgelei word:

- (i) Volgens Szondi (1952, bl.39) sou die feit dat die Hongaarse groep meer P+ persoonlikheidstipes as die Bantogroep insluit, daarop neerkom dat daar meer van die sogenaamde suiwer Abeltipes by die Hongaarse groep as by die Bantogroep verwag kan word. Volgens Deri (1949, bl.109-110) sou die implikasie ook kon wees dat daar meer emosionele kontrole by die Hongaarse groep as by die Bantogroep bestaan. Daar bestaan ook derhalwe minder ekshibisionistiese gedragsreaksies by die Hongaarse as by die Bantogroep. Dit is 'n beeld wat op 'n relatief sterker werking van die superego by die Hongaarse groep as by die plaaslike groep van hierdie ondersoek dui. Dit dui ook op 'n laere voorkoms van kriminele en antisosiale gedrag by die Hongaarse groep.

as gevolg van sterker beheer. Daar is ook betekenisvol meer belangstelling by die Hongaarse groep in sosiale welsyn as by die Bantogroep. Patologies sou die Hongaarse groep meer katatoniese tipes in skisofrenie insluit as die Bantogroep. Dit is 'n beeld wat verder ook by die Hongaarse groep 'n groter onvermoë tot motoriese ontlading as by die Bantogroep uitbeeld. Dit is 'n tipiese konstellasie by volwassenes.

- (ii) Die plaaslike Bantogroep sowel as die Hongaarse groep van Szondi, wyk van Roos se plaaslike Blanke groep af deur beide betekenisvol minder P-- response te gee. (Trouens, die verskil tussen die plaaslike Bantogroep en Szondi se Hongaarse groep, is hier slegs 0,1%). Volgens Deri (1949, bl. 112-114) is dit die beeld van 'n fusie tussen twee verwante, maar teenoorstaande drangbehoefte. Dit toon die gesamentlike bestaan aan van emosionele kontrole in een faktor, terwyl kontrole in die ander faktor binne dieselfde vektor ontbreek. In die geval van P--, is daar die aanduiding van growwe affek wat tot 'n gereedheid vir uitbarsting akkumuleer (e-), maar as gevolg van die gekontroleerdheid (hy-) wat na vore tree in die geval van die ander faktor, onderdruk word. Daar kom dus onder die groep van Szondi sowel as dié van die huidige ondersoek, betekenisvol minder gekontroleerde tipes as onder Roos se Suid-Afrikaanse Blankes voor; en, soos Deri (1949, bl. 113-114) aandui, is daarmee saam dus betekenisvol meer emosionele gespanne persoonlikheidstipes wat diffuse ang as gevolg van hierdie geakkumuleerde en onderdrukte growwe affek openbaar onder Roos se plaaslike groep as by enige van die ander twee groepe onder bespreking. Klinies word Roos se groep dan ook duideliker deur diffuse ang en vas vrese as die ander twee groepe gekenmerk.
- (iii) Die Bantogroep vertoon betekenisvol meer P+ response as Roos se plaaslike Blanke groep. Volgens Szondi (1952, bl. 39) sou dit op meer sogenaamde naakte Kaintipes by die Bantoe-

groep dui. Volgens Deri (1949, bl.110-112) sou die e- in die verspreiding daarop dui dat aggressiewe spanning akkumuleer sonder enige positiewe meganisme tot kontrole daarvan, terwyl hy- op die ekshibisionistiese uitlating van die geakkumuleerde emosies dui. Dit is die tipiese beeld in die geval van antisosiale gedrag. Geen ander vektoriale konstellasie sou, volgens haar, 'n mens meer regverdig om soveel afleidings te maak met spesifieke betrekking op etiese en waarde-norme nie. Persone met so 'n verspreiding is, selfs in die geval waar hulle drangbehoefte gesosialiseerd uitgeleef word, onbesorgd oor hoe hulle eie dade andere mag raak. Hulle is vir haar die tipiese "go-getter" wat hoofsaaklik ingestel is op die bevrediging van die eie egoïstiese behoeftes. Dit word sterk geassosieer met kriminele en antisosiale optrede en kom veral voor in die geval van oortreders soos moordenaars en ander vorme van kriminele gedrag wat gewelddadig van aard is. Dit is patologies kenmerkend in asosiale, histeroïde persoonlikheidstipes. By die algemene Wes-Europese bevolking geld dit, veral as kenmerk in die kinderjare, by diegene onder 6-jarige ouderdom. Dit is verder ook meer frekwent by hoër ouderdomsgroepe, waar seniliteit reeds intree of ingetree het.

3.2.3 'n Vergelyking van die Sch (ego) vektorreaksies van die groepe onder bespreking

TABEL 3.3

VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE SCH OF EGO-VEKTORREAKSIES  
BY SZONDI, ROOS EN ERASMUS

VEKTOR <i>Sch</i>	SZONDI n.: 1 000	ROOS n.: 1 000	ERASMUS	V E R S K I L L E <sup>1)</sup>		
				SZONDI ROOS	SZONDI ERASMUS	ROOS ERASMUS
o-	8,5%	8,2%	13,2%	0,3	4,7	5,0
+ -	4,4	2,8	14,8	1,6	10,4	12,0
-o	7,7	14,9	9,4	7,2	1,7	5,5
-+	8,8	13,8	5,6	5,0	3,2	8,2
--	32,1	20,9	17,6	11,2	14,5	3,3
++	3,7	1,6	3,8	2,1	0,1	2,2
+o	3,9	2,1	4,6	1,8	0,7	2,5
<u>+o</u>	3,3	2,6	3,4	0,7	0,1	0,8
<u>++</u>	1,6	1,9	3,4	0,3	1,8	1,5
<u>+ -</u>	4,0	4,3	7,6	0,3	3,6	3,3
o+	5,3	6,0	3,8	0,7	1,5	2,2
<u>o+</u>	2,8	5,2	2,2	2,4	0,6	3,0
<u>++</u>	0,9	1,4	1,0	0,5	0,1	0,4
<u>-+</u>	8,1	10,2	3,4	2,1	4,7	6,8
<u>++</u>	1,2	0,8	2,8	0,4	1,6	2,0
oo	3,7	3,3	3,4	3,4	0,3	0,1
REKENKUNDIGE GEMIDDELDES				2,3	3,1	3,7

<sup>1)</sup> Slegs verskille van 10% en hoër word as betekenisvol beskou

(a) Bevindinge

Die volgende spreek uit Tabel 3.3:

(i) 'n Vergelyking van die resultate van Roos se plaaslike Blanke groep en die Hongaarse groep van Szondi, dui daarop dat die twee ondersoekers verskille in groepe in die geval van Sch— aan die lig bring, waar die plaaslike groep betekenisvol minder (11,2%) response van hierdie aard gee as die Hongaarse groep.

(ii) Die Hongaarse groep van Szondi verskil ten opsigte van die plaaslike Bantogroep enigszins betekenisvol in 2 van die 16 moontlike verspreidings van hierdie vektor, te wete Sch+ (10,4% meer response van hierdie aard by die Bantogroep) en Sch— (14,5% minder response van hierdie aard by die plaaslike groep).

Die enigste verskil tussen die twee plaaslike groepe, kom in die geval van Sch+ voor, waar die Bantogroep 12,0% meer response van so 'n aard gee. Die plaaslike Blanke groep en die Hongaarse groep verskil in hierdie opsig egter geensins betekenisvol nie.

(b) Hipotesses

(i) In die geval van Sch+, sou volgens Szondi (1952, bl. 40) afgelei kon word dat daar by die Bantogroep meer weerspannige, egoïstiese tipes bestaan as in die geledere van die twee Europese groepe. Vir Deri (1949, bl. 215-221) is dit die mees kenmerkende beeld by die jongste groep toetsbare kinders in die bevolking, dit wil sê 3-jariges. Teoreties word geglo dat die beeld inderdaad veel vroeër reeds by die kind bestaan as gevolg van die besef by die kind dat hy en sy omgewing twee afsonderlikhede is wat nie in aaneenlopende verband tot mekaar bestaan nie. Hierdie werklikheid word besef wanneer die eerste instinktiwe behoeftes van die kind nie onmiddellik deur die omgewing bevredig word nie en tot frustrasie aanleiding gee. ~~Drangspanning~~ ontstaan dan wat die kind die waarneming laat maak dat sy bepaalde drangbehoefte en die voorwerpe wat hierdie drangbehoefte bevredig, verskillende entiteite is. Dit mag aanleiding gee tot introjeksie wat, soos Freud volgens die skryfster aangedui

het, gepaard mag gaan met hallusinatoriese bygelowigheid. Dit is die tipiese dualistiese ego-beeld, waar die persoon deur 'n gelyktydige aanwending van die meganismes van introjeksie en projeksie, teenoor die eksterne omgewing die houding van "I am the universe" inneem. Deri voel dat die ware betekenis hiervan miskien ten beste in Milne se poësie tot uiting kom, veral in die volgende strofes van die gedig "Busy":

"Perhaps I am a postman. No, I think I am a Tram.

I'm feeling rather funny and I don't know what I am."

Hierdie gevoel van almagtigheid is die gevolg van die gewilligheid van die ego om enigiets te inkorporeer wat id-valensie vir die kind verkry. Waar die beeld by volwassenes voorkom, geld dieselfde interpretasie.

Hierdie volwassenes het 'n hoogs onrealistiese verhouding met die eksterne omgewing. Hulle is geneig tot die daarstelling van eie reëls en regulasies wat hul gedrag kenmerk en wat selfs tot asosiale optrede kan lei.

Afhangende van ander toetskenmerke, mag die persoon met so 'n ego-beeld selfs fanaties in sy gedrag wees. Dit kom dikwels in skisofrenie en psigotiese depressie voor. Dit is tipies van persone wat die "oorspronklike voorwerp" (volgens Freud se terme, die moederfiguur) verloor het en met hierdie optrede probeer om 'n voorwerp te introjekteer wat die verlore sekuriteit sal herwin. Dit kom ook by primitiewe groepe voor en is 'n kenmerkende beeld van die primitiewe ego.

- (ii) Die plaaslike groep gee betekenisvol minder Sch— response as die Hongaarse groep waaruit, volgens Szondi (1952, bl. 40), afgelei kan word dat daar by die Bantogroep minder tipiese dril-ego-tipes as by die Hongaarse groep bestaan. Deri (1949, bl. 224-232) sien dit as die beeld van die kind wie se ego "suksesvol" deur die omgewing "afgebreek" is tot die aanvaarding en integrasie van die feit dat die persoon en sy omgewing twee verskillende entiteite uitmaak. Dit is die mees tipiese, gedissiplineerde ego van die volwasse mens. Vir haar is dit eweneens steeds 'n ope vraag

of hierdie volwasse beeld van die gedissiplineerde ego die gevolg is van omgewingsfaktore soos opvoeding en onderwys, en of dit die resultaat sou wees van 'n natuurlike groei tot volwassenheid; en derdens, of dit dalk die gevolg van 'n wisselwerking tussen albei hierdie faktore is. Die verdere vraag is vir haar dan: in watter mate natuurlike groei en in watter mate dan omgewing? Sy glo dat dit heelwaarskynlik van individu tot individu sal verskil, maar dit bly steeds vir haar 'n belangrike terrein van navorsing. Kenmerkend van die Sch—

— konstellasië is die realistiese lewensuitkyk van diegene met so 'n beeld. By die kind begin sy spel eweneens met die aanvang van hierdie ego-konstellasië meer doelgerig en georganiseerd word. Alles dui daarop dat kulturele standaarde vir sukses en gedrag nou van wesenlike belang vir die persoon word. Hier sluit die twee plaaslike groepe eensyds by mekaar aan en verskil andersyds betekenisvol van Szondi-se Hongaarse groep in dieselfde rigting.

3.2.4

'n Vergelyking van die C vektorreaksies van die drie groepe onder bespreking

TABEL 3.4

VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE C OF SIRKULERE VEKTOR-  
REAKSIES BY SZONDI, ROOS EN ERASMUS.

VEKTOR C	SZONDI n: 1 000	ROOS n: 1 000	ERASMUS n: 500	V E R S K I L L E 1)		
				SZONDI ROOS	SZONDI ERASMUS	ROOS ERASMUS
oo	8,0%	6,4%	3,4%	1,6	4,6	3,0
o+	17,6	17,9	5,6	0,3	12,0	12,3
o-	10,1	10,3	11,3	0,2	1,7	1,5
o <sub>+</sub>	4,3	7,1	2,2	2,8	2,1	4,9
-o	3,8	5,4	3,4	1,6	0,4	2,0
-+	9,8	14,1	7,4	4,3	2,4	6,7
--	3,9	4,1	4,6	0,2	0,7	0,5
- <sub>+</sub>	2,0	2,2	2,4	0,2	0,4	0,2
+o	8,0	5,3	10,4	2,2	2,4	4,6
++	9,4	8,0	8,4	1,4	1,0	0,4
++ <sub>+</sub>	3,6	3,6	6,8	0	3,2	3,2
+ <sub>+</sub>	13,6	7,8	24,2	5,8	10,6	16,4
+o <sub>+</sub>	2,1	2,1	3,2	0	1,1	1,1
++ <sub>+</sub>	1,8	2,8	2,6	1,0	0,8	0,2
+ <sub>+</sub>	1,3	1,6	2,8	0,3	1,5	1,2
++ <sub>+</sub>	0,7	0,8	0,8	0,1	0,1	0,1
REKENKUNDIGE GEMIDDELDES				1,4	2,8	3,6

1) Slegs verskille van 10% en hoër word as betekenisvol beskou

(a) Bevindingse

Die volgende afleidings kan ten opsigte van die resultate, uiteengesit in Tabel 3.4, gemaak word:

- (i) Geen betekenisvolle verskille bestaan tussen die Blanke groepe van Szondi en Roos nie.
- (ii) Die plaaslike groep van Roos sowel as die Hongaarse groep van Szondi verskil hier in twee verspreidings betekenisvol van die plaaslike Bantogroep van die huidige ondersoek. Enersyds gee die twee Blanke groepe meer Co+ (respektiewelik 12,0% vir die Hongaarse en 12,3% vir die Blanke Suid-Afrikaanse groep) response as die Bantogroep. Andersyds gee die Bantogroep betekenisvol meer C+ (respektiewelik 10,6% en 16,4%) response as die twee Blanke groepe.

(b) Hipoteses

Die volgende spreek uit bogenoemde:

- (i) Szondi (1952, bl. 41) toon aan dat Co+ response geassosieer word met 'n meer "volwasse" verhouding met die eksterne wêreld. Daar bestaan ook 'n vrees vir 'n verlies aan die "oorspronklike voorwerp". Die Blanke groepe sluit dan betekenisvol meer persoonlikheidstipes van hierdie aard in. Deri (1949, bl. 155-159) bespreek hierdie vektorkonstellasie enigsins omvattender. Psigo-analities is dit vir haar die tipiese patroon van die sogenaamde orale karakter. Daar bestaan 'n sterk behoefte daaraan om voorwerpe vanuit die omgewing aan te hang vir affeksionele redes, vir genot en sekuriteit. Dit kan gemanifesteer word in sosiaal hoogs aanvaarbare gedragskermerke soos optimisme en 'n gebrek aan aggressiwiteit. Daar mag spore van angst bestaan, gesentreer om die vrees aan 'n verlies van sekuriteitsbiedende voorwerpe. Hierdie angst mag ook in verband staan met 'n vrees vir die verlies van kontrole oor voorwerpe in die omgewing. Die kerngedagte is egter dat dit om orale bevrediging gaan. Dit is persone wat baie liefde in die ouer-kindsituasie ontvang het. Dit is veral kenmerkend van persone wat hulleself bepaald met lidmaatskap van bepaalde kleingroepe, soos byvoorbeeld die gesin,

assosieer. Patologies sou angeneurose veral kenmerkend van die groep wees.

- (ii) Uit die feit dat daar by die Bantogroep meer C+-response voorkom as by beide Blanke groepe, sou daar aan die hand van Saendi (1952, bl. 41) afgelei kon word dat daar by die Bantogroep meer persoonlikheidstipes bestaan wat ná 'n skeiding van die ou sekuriteitbiedende voorwerp, na 'n nuwe voorwerp met dieselfde valensie soek. Deri (1949, bl. 148-151) toon aan dat dit die beeld is van 'n groep wat aan geen bepaalde voorwerp geheg is in die proses van bevrediging van drangbehoefte nie. Daar bestaan wel 'n aggressiewe soeke na 'n voorwerp met sodanige valensie. Vir hierdie groep is die spesifieke aard van die sekuriteitbiedende voorwerp minder belangrik as die kwantiteit van voorwerpe. Die beeld impliseer besliste aggressie, selfs gepaard met fisiese gedrag. Alhoewel die groep gretig is om die omgewing te manipuleer en meester van die voorwerpe in die omgewing te word, word geen werklike genot uit al hierdie aktiwiteit verkry nie. Dit gaan gepaard met 'n mate van realisties-materialistiese benadering van voorwerpe in die omgewing, maar eweneens is daar aanduidings van 'n mate van pessimisme in die beskouing van die omgewing as behoefte-bevredigende entiteit. Dit is klinies kenmerkend van groepe in die laer werkkringe, byvoorbeeld by ongeskoolde arbeiders wat hard werk sonder enige genot; dit gaan ook gepaard met min geleentheid om genot uit voorwerpe te verkry en die aanvaarding van die lewensomgewing in sy mees konkrete fasette. By diegene in hoër beroepe, is dit gewoonlik 'n aanduiding van depressiwiteit. Daar bestaan ook 'n behoefte aan 'n materialistiese akkumulering van voorwerpe ten einde sodoende outoriteit in die lewensomgewing te bekom. Wanneer dit gepaard gaan met s+ in die seksvektor, is hierdie individue gewoonlik brutaal en gewelddadig in die pogings om hul doelstellinge te bereik. Dit vind verder algemene uitdrukking in asosiale gedrag soos misdadig, waar hierdie C vektorkonstellasie dikwels in verband gebring kan word met sadistiese

analiteit. Patologies is dit kenmerkend van sekere vorme van historiese gedrag.

3.3 ONTLEDING VAN DIE BEVOLKINGSPROFIELE VAN DIE TWEE BLANKE NORM-GROEPE VAN SZONDI EN ROOS.

TABEL 3.5  
BEVOLKINGSPROFIEL VIR 500 SUID-AFRIKAANSE BANTOEPROEFPERSONE

	S		P		Sch		C	
	h	s	e	hy	k	p	d	m
+	58,4	24,8	26,2	27,6	24,2	16,6	49,8	24,0
-	16,0	34,6	38,0	30,0	36,0	53,2	17,8	43,4
o	15,8	25,0	23,4	26,8	22,6	20,8	23,0	20,4
+	9,8	15,6	12,4	15,6	17,2	9,4	9,4	12,2
TSG	25,6	40,6	35,8	42,4	39,8	30,2	32,4	32,6
LG	15h+		7e-		9p-		0d+	
D/M	40,8/23,0		65,6/56,2		62,2/46,8		93,2/41,8	

Latente Proporsies:  $\frac{Sh+}{15} : \frac{Schp-}{9} : \frac{Pe-}{4} : \frac{Cd+}{0}$

Drangklas: Sh+

Kenmerkende  
Bevolkingsprofiel:  $\frac{S}{+-} \quad \frac{P}{--} \quad \frac{Sch}{--} \quad \frac{C}{+-}$

Drangformule:  
 $\frac{42,4hy}{39,8k} ; \frac{40,6s}{35,8e}$   
 $32,6m ; 32,4d ; 30,2p ; 25,6h$

Verkorte Drangformule:  $\frac{42,4hy}{25,6h}$

## 3.3.1

Bevindinge

Uit Tabel 3.5 word die volgende afleidings gedoen:

- (a) Vir die Blanke groepe van Szondi en Roos (sowel as in die geval van Yarritu se Spaanse groep) word gevind, soos Roos (1962, bl. 140-144) aantoon, dat die vektoriale gebied met die hoogste latente grootte, die sirkulêre (C) vektor is.
- (b) By die Bantogroep van die huidige ondersoek word Sh+ aangetref as die basiese latente grootte met die hoogste vektoriale belading. Die latente grootte van die seksvektor vertoon in die geval van Szondi sowel as Roos se Blanke groep (en dit geld terloops ook vir Yarritu se Spaanse groep) die laagste vektoriale latente belading.
- (c) Soos die onderskeie bevolkingsprofile van die Blanke groepe hierbo genoem aandui (Roos, 1962, bl. 140-144), is die kenmerkende drangklas vir al hierdie groepe C+<sub>+</sub>. Hierteenoor is dit in die geval van die Bantogroep die drangklas Sh+ wat dominant na vore tree.
- (d) In 3.2 hierbo het kwantitatiewe implikasies in die 16 moontlike verspreidings binne elke vektor in die vergelyking van die drie normgroepe onder bespreking ter sprake gekom. Verskille wat egter vanuit die bevolkingsprofile afgelei kan word, is kwalitatief van aard. Kwalitatiewe verskille tussen die groepe, soos afgelei vanuit 'n vergelyking van die beeld in Tabel 3.5 verkry met gegewens ten opsigte van die ander normgroepe soos deur Roos (1962, bl. 140-144) weergegee, bring verskille binne die seks- en sirkulêre vektore tussen die Blanke en Bantogroepe ter sprake. In die geval van die twee plaaslike normgroepe, word daar respektiewelik S+ en C+ by die Bantogroep gevind, teenoor S++ en C++ by die Blanke groep van Roos.
- (e) Waar Szondi (en Yarritu) se Europese groepe die kwalitatiewe beeld P+ aanneem, word by beide plaaslike groepe die verspreiding P- as kwalitatief kenmerkend van die groepe aangetref.
- (f) Verskille in die verspreiding van simptomatiese reaksies, dit wil sê, die ope (o) en ambivalente (+) response,

kan vergelykenderwys saamgestel word uit die tendensie-spanningsgraad (TsG) wat vir die Bantoe groep van Tabel 3.5 vooraf afgelees kan word, terwyl dieselfde gegewens vir Roos se Blanke Suid-Afrikaanse groep van sy Tabel 2.10 (vergelijk Roos, 1962, bl. 143) verkry kan word.

Die volgende verspreidings met verskille tussen die twee plaaslike groepe is hier ter sprake:

FAKTOR	ROOS	ERASMUS	VERSKILLE
h	24,8%	25,6%	0,6%
s	32,0	40,6	8,6
e	41,1	35,8	5,3
hy	31,4	42,4	11,0
k	32,3	39,8	7,5
p	40,5	30,2	10,3
d	49,0	32,4	16,6
m	33,4	32,6	0,8

Betekenisvolle verskille (dit wil sê, waar die verskil tussen groepe 10% of hoër is), spreek uit drie van die 8 faktore, te wete hy (11,0% meer by die Bantoe groep), p (10,3% meer by Roos se Blanke Suid-Afrikaners) en d (waar 16,6% meer sodanige simptomatiesse reaksies by Roos se Blanke groep bestaan).

### 3.3.2

#### Hipoteses

Uit bogenoemde is die volgende afleidings moontlik:

- (a) Szondi (1952, bl. 62) tipeer die individu binne die drangklas Sh+ as iemand wie se gedrag gekenmerk word deur kinderlike wreedheid. Dit is veral kenmerkend van kinders onder 6-jarige ouderdom, terwyl dit ook dikwels aangetref word by jongmans tussen 14- en 20-jarige ouderdom. By persone oor 70 jaar, is dit weer eens meer frekwent as by groepe in die ouderdomskategorieë van 21- tot 69-jarige ouderdom. By diegene met so 'n drangklas word verder 'n disposisie tot paroksismale afwykings, byvoorbeeld angshisterie, histero-epilepsie, epilepsie, poriomanie, kleptomanie, paranofdiëse afwykings en depressies, paranofdiëse skisofrenie, asook 'n vatbaarheid vir die affektiewe misdade, aangetref.

- (b) Szondi (1952, bl. 56) sien die drangformule as 'n bruikbare metode om die aard van 'n "normale" of patologiese drangstruktuur vas te stel. Die verskillende drangklasse wat dan voorgestel word, is bruikbaar in die klassifisering van individue sowel as groepe ten opsigte van drangklasse. Roos (1962, bl. 56) wys daarop dat die latente groottes in dalende volgorde gerangskik, die latente proporsies gee en dat die mate van ekwaliteit sodoende in die drangklas aangedui word.
- (c) Ten opsigte van die dranglewe word die Blanke groepe, soos aangedui, deurgaans deur die drangklas C+ getipeer. Vir Szondi (1952, bl. 66) is dit die mees kenmerkende klas vir die geestelik "gesonde" persoon en kom dit veral voor by die ouderdomsgroepe 30 tot 40 jaar, terwyl dit weer frekwent is gedurende die sestiger- en sewentigerjare. Drangkategoriees is hierdie mense vatbaar vir angstoestande, veral paniek wat geassosieer word met die basiese vrees dat die sekuriteitbiedende voorwerp van liefde verloor mag word.
- (d) Benewens die reeds bestaande kwantitatiewe verskille in hierdie verband, soos vroeër bespreek, verskil die groepe ook nog kwalitatief ten opsigte van die verspreidings in die seks- en sirkulêre vektore, soos in die bevolkingsprofiel weerspieël. Eerstens is daar S+ by die Bantogroep gevind, teenoor S++ by die Europese groepe. Die kwantitatiewe beeld van 'n passiewe ingesteldheid soos deur Szondi (1952, bl. 38) van so 'n verspreiding afgelei, word as kenmerkend op die kwalitatiewe gedragsvlak bevestig. Dit sou gepaard kon gaan met doel-omkering by die man, met die moontlikheid van latente homoseksualiteit. Tweedens word C+ as kenmerkend by die Bantogroep aangef, wat verder eweneens kwalitatief afwyk van die beeld by die Blanke groep verkry. Vektoriaal-kwalitatief sou dit volgens Szondi (1952, bl. 41) die beeld van 'n groep, gekenmerk deur sy soeke na 'n mawe sekuriteitbiedende voorwerp ná skeiding van die oue, eksperimenteel bevestig. Dit sou verder ook gepaard

gaan met depressiwiteit as kwalitatiewe kenmerk van die groep se gedrag.

- (e) Die plaaslike Bantoe- sowel as Blanke groep neem beide die kwalitatiewe beeld P-- in, wat hulle in hierdie opsig as behorende tot dieselfde kwalitatiewe paroksismale vektorbeeld, onderskei van die Hongaarse groep van Szondi, sowel as van die Spaanse groep van Yarritu, wat beide P+ as die mees frekwente paroksismale verspreiding aanneem. Szondi (1952, bl. 39) toon aan dat dit daarop sou neerkom dat die plaaslike Blanke en Bantoe-groepe beide meer persoonlikheidstipes gekenmerk deur paniek insluit as die buitelandse groepe, wat op hulle beurt paroksismaal kwalitatief meer sogenaamde suiwere Abel-tipes insluit. Deri (1949, bl. 112-114) se bespreking lê die kwalitatiewe implikasies op grond waarvan die plaaslike groepe van die Europese groepe onderskei kan word, bloot. Dit is vir haar die beeld van 'n fusie tussen twee verwante, maar teenoorgesteld-strewende drangbehoefte wat in hierdie verspreiding na vore tree. Eensyds akkumuleer growwe affek tot 'n gereedheid vir uitbarsting (e-), en andersyds tree hy- hier as kontrolerende faktor op, wat die emosionele uitbarsting in bedwang hou deur 'n repressie daarvan. Diffuse angste en vae vrese is kwalitatief noemenswaardig meer kenmerkend van die plaaslike as van die buitelandse groepe.
- (f) Ten opsigte van simptomatiëse reaksies, soos saamgestel in die TsG van die groepe, verskil die plaaslike Bantoe-groep en die plaaslike Blanke groep enigsins betekenisvol van mekaar in 3 van die 8 faktoriale gebiede, te wete in die geval van hy, waar die Bantoe-groep 11,0% meer simptomatiëse reaksies van hierdie aard gee as die plaaslike Blanke groep; verder ook in die geval van die p faktor, waar die plaaslike Blanke groep 10,3% meer simptomatiëse reaksies van hierdie aard gee; en, derdens, gee die plaaslike Blanke groep 16,6% meer simptomatiëse reaksies as die Bantoe-groep in die geval van die faktor d. Soos Deri (1-49, bl. 35-38) aantoon, word simptomatiëse reaksies saamgestel uit die ambivalente

(+) en ope (o) reaksies in die toetsprofiel.

Die ambivalente reaksies is volgens haar die gevolg van identifikasie sowel as gelyktydige kontra-identifikasie binne dieselfde drangbehoefte. Dit word subjektief deur die persoon as drangspanning (of konflik) ervaar en is van betekenis in die interpretasie. Volgens Szondi (1952, bl. 49-50) sou die ambivalente reaksies in verband met subjektiewe ervarings staan, terwyl die ope reaksies, op hul beurt in verband met objektiewe gedragsaspekte in simptomatiiese gedrag staan. Die ope reaksies sou volgens Deri (1949, bl. 27) op óf 'n algehele gebrek aan drangspanning in hierdie area dui, óf op 'n voortdurende uitlewing daarvan. Die sogenaamde ope reaksies is dus in die reël die resultaat van voortdurende dreinerings van hierdie spanning deur middel van gedragshandeling.

Die eerste verskil in simptomatiiese reaksies hier, is in die geval van die hy faktor, waar die Bantogroep 11,0% meer response van so 'n aard gee. Uit Tabel 3.5 blyk dit duidelik dat veral ope reaksies, dit wil sê, o = 26,8%, (teenoor ambivalente reaksies + = 15,6%) tot hierdie TsG bydra. Die simptomatiiese aspek van gedrag binne hierdie faktor is dus hoofsaaklik gedragtelik-uitlewend van aard. Nou toon Deri (1949, bl. 97-108) aan dat die hy faktor verwant is aan die h faktor ten opsigte van die bepaalde aard van emosie. Die dreinerings van die hy faktor toon aan dat die persoon of groep, minstens dan tydelik, uiting moet gee aan 'n behoefte aan gemanifesteerde emosionele gedragshandelinge.

Die kerngedagte is dat ekshibisionistiese behoeftes deur die plaaslike Bantogroep betekenisvol meer deur uitlewing bevredig word as in die geval van Roos se plaaslike Blankes. Dit is tipies van die meer ongekontroleerde persoon en hierdie persone kan gekenmerk word aan die feit dat hulle in hul gedrag gewoonlik histeroïde uitlewers is.

Tweedens, word 10,3% meer simptomatiiese reaksies in die geval van die faktor p by die plaaslike Blanke groep

aangetref. Waar die verskil binne die Bantogroep self ten opsigte van simptomatiesse reaksies in die geval van die vooraf bespreekte hy faktor betekenisvol in die guns van meer ope reaksies was (die verskil is 11,2%), vind ons hier egter, soos afgelei kan word van Tabel 2.10 in die werk van Roos (1962, bl. 143), dat alhoewel daar 'n neiging tot meer  $p^0$  reaksies as  $p_+$  reaksies by die Blanke groep bestaan, dit nie as betekenisvol geag kan word nie<sup>1)</sup>. Deri (1949, bl. 170-187) dui aan dat die  $p$  faktor inderdaad ego-gebonde is en die behoefte aan kommunikasie tussen die individu se eie interne drang-behoefte en die uiterlike omgewing aan die lig bring. Met die tendens in die guns van 'n ope  $p$  reaksie, bestaan daar dus by die Blanke groep 'n duideliker neiging om ener syds ego-diaastoliese behoeftes uit te leef en daarmee gepaard angswekkende id-impulse te represser; andersyds, as ambivalente verspreiding, sou dit op 'n hoofsaaklik bewuste strewe dui om die ego-diaastoliese behoeftes te bevredig. Onder gunstige omstandighede is dit 'n kenmerk van die kreatiewe persoonlikheid. Dit is kenmerkend by groepe wat die verlies aan die sekuriteitbiedende voorwerp vrees.

Derdens is daar by die Blanke groep van Roos 16,6% meer  $d$  response as by die Bantogroep en, soos dit uit Tabel 2.10 van Roos (1962, bl. 143) blyk, is die tendens hier om meer ope reaksies te gee, alhoewel dit tog nie betekenisvol van die ambivalente  $d$  response verskil nie. Soos Deri (1949, bl. 119-131) uiteensit, hou die  $d$  faktor noue verband met die sogenaamde anale eienskappe van besitlikheid, ordelikheid, verwaandheid, ensovoorts. Ope reaksies wat, soos aangetoon, 'n tendens het tot 'n groter voorkoms in die TsG van hierdie

...../162 faktor

1)

Waar verskille in persentasies 10% of hoër is, word dit as betekenisvol beskou

faktor by die Blanke groep, dui op 'n uitlating van die behoefte tot 'n spanningsvrye verhoudingslewe met die eksterne omgewing; m.a.w., die probleem van soek na nuwe voorwerpe of om te kleef aan bestaandes, is nie van enige besondere belang vir die groep nie. Uit die d+ response kan egter onder andere ook wel die bestaan binne die groep van persoonlikheidstipes afgelei word wat drangspanning ten opsigte van die verhouding-situasie met die eksterne omgewing vertoon. Dit dui op sekere persoonlikheidstipes in die groep wat ambivalent staan teenoor die vraag of daar aan ou voorwerpe vir sekuriteit bevrediging gehou moet word en of nuwes gesoek moet word.

3.4 'N DRANGDIAGNOSTIESE VERGELYKING VAN MANLIKE EN VROULIKE SZONDI-BEELDE BY DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOE

3.4.1 'n Vergelyking van die vektoriale reaksies van manlike en vroulike Bantoeoproefpersone

TABEL 3.6

VERGELYKING VAN DIE FREKWENSIES VAN DIE VIER VEKTORREAKSIES BY MANS- EN VROUEPROEFPERSONE  
 VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOE

VEKTOR BEVOLKING MANS VROUE			VEKTOR BEVOLKING MANS VROUE			VEKTOR BEVOLKING MANS VROUE			VEKTOR BEVOLKING MANS VROUE						
S			P			Sh			C						
++	13,2	16,0	9,0	-0	11,8	13,7	9,0	0-	13,2	13,7	12,5	00	3,4	2,7	4,5
0+	4,6	3,7	6,0	-	8,6	7,6	10,0	+	14,8	14,0	16,0	0+	5,6	4,7	7,0
+0	16,4	13,0	20,5	+	4,0	4,3	3,5	-0	9,4	10,3	8,0	0-	11,8	13,0	10,0
0-	5,6	4,6	7,0	+0	5,8	6,0	5,5	--	5,6	5,0	6,5	0+	2,2	2,7	1,5
+	22,0	22,7	21,0	0-	7,0	7,0	7,0	--	17,6	17,0	18,5	-0	3,4	4,0	2,5
-0	3,4	2,7	5,5	0+	5,2	5,1	5,0	++	3,8	4,7	2,5	-+	7,4	6,0	9,5
-+	5,0	5,7	4,0	++	5,6	4,0	8,0	+0	4,6	3,3	6,5	--	4,6	5,7	3,0
--	4,4	4,6	4,0	0+	5,6	6,3	4,5	+0	3,4	4,0	2,5	-+	2,4	2,3	2,5
0+	3,8	4,6	2,5	00	5,6	4,7	7,0	++	3,4	4,0	2,5	+0	10,4	12,3	7,5
++	6,8	8,0	5,0	+0	3,6	5,7	0,5	+	7,6	7,0	8,5	++	8,4	7,3	10,0
-+	3,2	3,3	3,0	-+	3,8	4,7	2,5	0+	3,8	4,0	3,5	++	6,8	6,3	7,5
++	2,0	2,0	2,0	++	4,4	4,3	4,5	0+	2,2	2,7	1,5	+	24,2	24,0	24,5
++	1,8	1,7	2,0	++	2,6	3,4	1,5	++	1,0	0,6	1,5	+0	3,2	3,0	3,5
+0	3,4	2,7	4,5	++	2,2	2,4	2,0	-+	3,4	3,0	4,0	++	2,6	1,6	4,0
+	2,6	2,7	2,5	-+	13,8	10,4	19,0	++	2,8	4,3	0,5	+	2,8	3,3	2,0
00	1,8	2,0	1,5	+	10,4	10,4	10,5	00	3,4	2,3	5,0	++	0,8	1,0	0,5

TABEL 3.7

VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE VIER VEKTORREAKSIES  
BY MANS- EN VROUEPROEFPERSONE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOE

V S	M/V Verskil	V P	M/V Verskil	V Sch	M/V Verskil	V C	M/V <sup>1)</sup> Verskil
++	7,0%	-o	4,7%	o-	1,2%	oo	1,8%
o+	2,3	--	2,4	+-	2,0	o+	2,3
+o	7,5	+-	0,8	-o	2,3	o-	3,0
o-	2,4	+o	0,5	-+	1,5	o+	1,2
+-	1,7	o-	0	--	1,5	-o	1,5
-o	2,8	o+	0,1	++	2,2	-+	3,5
-+	1,7	++	4,0	+o	3,2	--	2,7
--	0,6	o+	1,8	+o	1,5	-+	0,2
o+	2,1	oo	2,3	++	1,5	+o	4,8
++	3,0	+o	5,2	+-	1,5	++	2,7
-+	0,3	-+	2,2	o+	0,5	++	1,2
++	0	++	0,2	o+	1,2	+-	0,5
++	0,3	++	1,9	++	0,9	+o	0,5
+o	1,8	++	0,4	-+	1,0	++	1,4
+-	0,2	-+	8,6	++	3,8	+-	1,3
oo	0,5	+-	0,1	oo	2,7	++	0,5
$\bar{X}$	2,1		2,2		1,8		1,8

M/V MANS/VROUE

V = VEKTOR

1)

Net verskille van 10% en hoër word as betekenisvol beskou.

(a) Bevindinge

*Uit Tabele 3.6 en 3.7 blyk die volgende:*

*Geen kwantitatiewe verskille van betekenisvolle aard tree in die vektoriale konstellasies van die twee geslagsgroepe by die Bantoe na vore nie.*

Hipoteses(b) *Die volgende hipotese spreek uit bogenoemde:*

*Binne vektoriale gebiede bestaan geen kwantitatiewe verskille hier tussen die groepe nie, sodat kwantitatiewe implikasies wat vooraf ten opsigte van die algemene bevolking gevind is, vir beide mans en vroue in die Bantoenormgroepe wel sou kon geld.*

3.4.2 'n Vergelyking van die bevolkingsprofile van manlike en vroulike Bantoesproefpersone

TABEL 3.8

GROEPSPROFIEL VIR 300 SUID-AFRIKAANSE WANTOEMANS

	S		P		Sch		C	
	h	s	e	hy	k	p	d	m
+	59,7	27,4	24,7	24,1	22,6	17,7	50,0	19,6
-	16,3	34,6	36,4	29,3	35,3	51,7	18,0	46,0
o	15,0	20,4	23,1	30,1	22,7	19,9	23,1	22,0
+	9,0	17,6	15,8	16,5	19,3	10,6	8,9	12,3
TSG	24,0	38,0	38,9	46,6	42,0	30,5	32,0	34,3
LG	14h+		8e-		12p-		2d+	
D/M	43,7 / 94,3		60,5 / 54,0		61,8 / 51,0		95,9 / 37,6	

Latente Proporsies:  $\frac{Sh+}{14} : \frac{Schp-}{8} : \frac{Pe-}{12} : \frac{Cd+}{2}$

Drangklas: Sh+

Kenmerkende Groepsprofiel:

S	P	Sch	C
+	-o	--	+

Drangformule:

46,6 hy ; 42,0k
38,9e ; 38,0s ; 34,3 m
32,0d ; 30,5p ; 24,0h

Verkorte Drangformule:  $\frac{46,6 hy}{24,0 h}$

TABEL 3.9

GROEPSPROFIEL VIR 200 SUID-AFRIKAANSE BANTOEVROUE

	S		P		Sch		C	
	h	s	e	hy	k	p	d	m
+	55,5	21,0	28,5	33,0	26,5	15,0	49,5	30,5
-	16,5	34,5	40,5	31,0	37,0	55,5	17,5	39,5
o	17,0	32,0	23,5	22,0	22,5	22,0	23,0	18,0
<u>+</u>	11,0	12,5	7,5	14,0	14,0	7,5	10,0	12,0
TSG	28,0	44,5	31,0	36,0	36,5	29,5	33,0	30,0
LG	18h+		5e-		7p-		3m-	
D/M	37,5/90,0		73,5/59,5		62,5/45,0		89,0/48,0	

Latente Proporsies:  $\frac{Sh+}{16} : \frac{Schp-}{7} : \frac{Pe-}{5} : \frac{Cm-}{3}$

Drangklas: Sh+

Kenmerkende  
Groepsprofiel:  $\frac{S}{+-} \quad \frac{P}{-+} \quad \frac{Sch}{--} \quad \frac{C}{+-}$

Drangformule:  $\frac{44,5}{30,5 k ; 36,0 hy}$   
 $33,0 d ; 31,0 e ; 30,0 m ; 29,5 p ; 28,0 h$

Verkorte  
Drangformule:  $\frac{44,5 s}{28,0 h}$

(a) Bevindinge

Die volgende kan uit Tabelle 3.8 en 3.9 afgelei word:

- (i) Beide geslagsgroepe behoort, net soos die algemene Bantoe-populasie van die ondersoek, aan die drangklas  $Sh+$
- (ii) In die paroksismale vektor tree kwalitatiewe implikasies tussen groepe na vore, waar die algemene bevolking  $P-$  toon, die vroulike groep  $P+$  en die manlike groep  $P-o$  as mees frekwente verspreidings aanneem.

(b) Hipoteses

Die volgende hipoteses spreek uit bogenoemde:

- (i) Volgens Deri (1949, bl. 110-112) sou die feit dat die konstellasie  $P+$  by die vroulike proefpersone 'n betekenisvoller gedragskwaliteit uitmaak, daarop dui dat die Bantoevrou se gedrag meer ekshibisionistiese kwaliteite as dié van die Bantoeman openbaar. Vir Szondi (1952, bl. 39) sou dit daarop kon dui dat die sogenaamde naakte Kafn-gedrag 'n sterker gedragskwaliteit by die Bantoevrou as by die Bantoeman is.
- (ii) Vir Szondi (1952, bl. 39) is die feit dat die Bantoeman meer  $P-o$  kwaliteite as die Bantoevrou op die bevolkingsprofiel aan die lig bring, analities gesproke 'n aanduiding van betekenisvol meer sporadiese angssimptome met aggressie as kenmerkende gedragskwaliteit by die Bantoeman. Volgens Deri (1949, bl. 93-108) is dit kenmerkend by diégene wat geneig is tot aggressiewe ontlading van 'n overte aard ( $e-$ ), terwyl hy<sup>o</sup> hier op die feit dui dat daar geen kontrole (of poging tot kontrole) oor die affektiewe impulse bestaan nie; libidonale uitlating is ongeïnhibeerd van aard. Dit is dikwels kenmerkend van emosioneel onstabiele, psigopatiëse persoonlikheidstipes. Vryheid van uitlating en 'n gebrek aan emosionele kontrole is veral kenmerkend van die groep.

3.5 'N DRANGDIAGNOSTIESE VERGELYKING VAN DIE SZONDI-BEELDE VAN ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE

3.5.1 'n Vergelyking van die S vektorreaksies van die vier etniese groepe

TABEL 3.10

VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE S VEKTORREAKSIES  
 BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE-

Vektor S	Zoeloe n=200	Sotho n=200	Venda n=50	Tsonga n=50
++	12,5%	11,0	20,0	18,0
o+	3,0	6,5	4,0	4,0
+o	18,5	13,0	24,0	14,0
o-	8,5	4,0	2,0	4,0
+ -	24,0	23,0	16,0	16,0
-o	4,0	3,0	4,0	2,0
-+	3,5	6,5	6,0	4,0
--	4,0	6,0	2,0	2,0
o+	3,0	4,0	4,0	6,0
++	7,5	6,5	6,0	6,0
-+	2,5	2,0	4,0	10,0
++	0,5	4,0	2,0	0
++	2,0	2,0	2,0	0
+o	3,5	2,0	2,0	10,0
+ -	0,5	5,0	2,0	2,0
oo	2,5	1,5	2,0	2,0

TABEL 3.11

VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE S VEKTORREAKSIES BY  
ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE<sup>1)</sup>

VEKTOR S	VERSKILLE			TUSSEN		
	Z/S	Z/V	Z/T	S/V	S/T	V/T
++	1,5	7,5	5,5	9,0	7,0	2,0
o+	3,5	1,0	1,0	2,5	2,5	0
+o	5,5	5,5	4,5	11,0	1,0	10,0
o+	4,5	6,5	4,5	2,0	0	2,0
+—	1,0	8,0	8,0	7,0	7,0	0
-o	1,0	0	2,0	1,0	1,0	2,0
-+	3,0	2,5	0,5	0,5	2,5	2,0
--	2,0	2,0	2,0	4,0	4,0	0
o+	1,0	1,0	3,0	0	2,0	2,0
++	1,0	1,5	1,5	0,5	0,5	0
+—	0,5	1,5	7,5	2,0	8,0	6,0
++	3,5	1,5	0,5	2,0	4,0	2,0
++	0	0	2,0	0	2,0	2,0
+o	1,5	1,5	6,5	0	1,0	8,0
+—	4,5	1,5	1,5	3,0	3,0	0
oo	1,0	0,5	0,5	0,5	0,5	0
<b>GEM. VERSKIL</b>	<b>2,1</b>	<b>2,6</b>	<b>3,2</b>	<b>2,2</b>	<b>2,8</b>	<b>2,4</b>

<sup>1)</sup> Sleigs verskille van 10% en hoër word as betekenisvol beskou.

(a) Bevindinge

Uit Tabelle 3.10 en 3.11 spreek die volgende:

- (i) Geen betekenisvolle verskille tussen die volgende groepe bestaan nie:
- (1) Zoeloe- en Sothogroepe;
  - (2) Zoeloe- en Vendagroepes;
  - (3) Zoeloe- en Tsongagroepes; en
  - (4) Sotho- en Tsongagroepes.
- (ii) Betekenisvolle verskille in die S vektorkonstellasies van groepe kom in die volgende vergelykings ter sprake:
- (1) Sotho- en Vendagroepes - hier gee die Vendagroep 11,0% meer S+o response; en
  - (2) Venda- en Tsongagroepes - hier gee die Vendagroep 10,0% meer S+o response as die Tsongagroep.

(b) Hipotese

Die volgende afleidings is vanuit (a) hierbo moontlik ten opsigte van die verskille tussen groepe:

- (i) Die konstellasie S+o word deur Szondi (1952, bl. 38) geassosieer met infantiele (of seniele) seksualiteit met aggressiwiteit. Soos Deri (1949, bl. 79-80) aantoon, word  $s^0$  geassosieer met voortdurende ontlading in die area van aktiwiteit of aggressiwiteit en wel op 'n infantiel-ongekontroleerde wyse wat óf by jong kinders, óf by bejaardes wat aan ouderdompsigose ly, aangetref word. Dit kan ook kenmerkend wees by hoogsaktiewe mense, of by groepe betrokke in voortdurende antisosiale gedrag. Inderdaad verskil  $s^0$  van s+ slegs in graad en dan wel in dié sin dat die behoefte aan aggressiewe uitlewing, wat uit s+ sou kon blyk, nie bestaan nie in die sin dat dit voortdurend en gereeld uitgeleef word. Dit kan selfs aanduidend wees van die uitlewing van aggressiwiteit deur middel van kompulsiewe gedrag of seksuele losbandigheid.
- (ii) Dit wil dus hipoteties voorkom asof die Vendagroep hier veral betekenisvol meer S+o response gee as die Tsonga- en Sothogroepe, wat daarop sou kon dui dat die Venda-groep sy aggressie meer ongekontroleerd en meer voortdurend op 'n natuurlike wyse as die ander twee groepe uitleef.

3.5.2 'n Vergelyking van die P vektorreaksies van die vier etniese groepe.

TABEL 3.12

VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE P VEKTORREAKSIES  
BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE

Vektor P	Zoeloe n=200	Sotho n=200	Venda n=50	Tsonga n=50
-0	12,0	11,5	14,0	10,0
--	10,5	6,5	6,0	12,0
<u>+</u>	4,5	4,0	2,0	4,0
+0	6,0	7,5	2,0	2,0
0-	10,0	5,0	8,0	2,0
0 <u>+</u>	5,0	6,5	2,0	4,0
++	5,0	5,5	10,0	4,0
0+	6,5	2,5	10,0	10,0
00	4,5	7,5	4,0	4,0
<u>+0</u>	3,0	4,5	0	6,0
<u>-+</u>	4,5	2,0	6,0	6,0
<u>++</u>	4,5	4,0	4,0	6,0
<u>++</u>	1,5	4,5	2,0	0
<u>++</u>	1,5	3,5	0	2,0
-+	13,5	13,0	18,0	14,0
+ <u>-</u>	7,5	12,0	12,0	14,0

TABEL 3.13

VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE P VEKTORREAKSIES BY  
ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFFERSONE <sup>1)</sup>

VEKTOR P	VERSKILLE TUSSEN					
	Z/S	Z/V	Z/T	S/V	S/T	V/T
-o	0,5	2,0	2,0	2,5	1,5	4,0
--	4,0	4,5	1,5	0,5	5,5	6,0
+ <sub>-</sub>	0,5	2,5	0,5	2,0	0	2,0
+o	1,5	4,0	4,0	5,5	5,5	0
-o <sub>-</sub>	5,0	2,0	8,0	3,0	3,0	6,0
o <sub>-</sub>	1,5	3,0	1,0	4,5	2,5	2,0
++	0,5	5,0	1,0	4,5	1,5	6,0
o+	4,0	3,5	3,5	7,5	7,5	0
oo	3,0	0,5	0,5	3,5	3,5	0
+o	1,5	3,0	3,0	4,5	1,5	6,0
-+	2,5	1,5	1,5	4,0	4,0	0
++ <sub>-</sub>	0,5	0,5	1,5	0	2,0	2,0
++	3,0	0,5	1,5	2,5	4,5	2,0
++ <sub>-</sub>	2,0	1,5	0,5	3,5	1,5	2,0
-+	0,5	4,5	0,5	5,0	1,0	4,0
+ <sub>-</sub>	4,5	4,5	6,5	0	2,0	2,0
GEM. VERSKIL	2,2	2,7	2,3	3,3	2,7	2,7

<sup>1)</sup> Slegs verskille van 10% of hoër word as betekenisvol beskou.

(a) Bevindinge

Uit Tabelle 3.12 en 3.13 blyk dat daar geen betekenisvolle kwantitatiewe verskille ten opsigte van die paroksismale vektor tussen die etniese groepe bestaan nie.

(b) Hipotese

Die hipotese uit (a) hierbo sou wees dat daar in geen van die groepe betekenisvol meer of minder paroksismale persoonlikheids-tipes, soos deur die 16 moontlike binne-vektoriale konstellasies aangedui, bestaan as in enige van die ander groepe onder bespreking nie. Dit sou daarop dui dat die paroksismale gedragsreaksies van die groepe kwantitatief onderling "soortgelyk" is en derhalwe ook nie in frekwensie van voorkoms of in interpretasie sal afwyk van die algemene Bantoenormgroep van hierdie ondersoek nie.

3.5.3 'n Vergelyking van die Sch vektorreaksies van die vier etniese groepe

TABEL 3.14

VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE SCH VEKTORREAKSIES  
BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE

Vektor Sch	Zoeloe n=200	Sotho n=200	Venda n=50	Tsonga n=50
0-	15,0	12,5	12,0	10,0
+	14,0	18,0	4,0	16,0
-0	11,5	8,5	6,0	8,0
-+	5,5	6,0	8,0	2,0
--	17,5	16,0	22,0	20,0
++	3,0	6,0	0	2,0
+0	5,5	4,0	6,0	2,0
<u>+0</u>	3,0	2,5	2,0	10,0
<u>++</u>	2,0	3,5	8,0	4,0
<u>+</u>	6,5	7,0	14,0	8,0
0+	3,5	4,5	0	6,0
0 <sub>-</sub>	1,5	2,5	2,0	4,0
<u>++</u>	1,0	1,0	2,0	0
<u>-+</u>	4,0	3,0	6,0	0
<u>++</u>	2,5	3,0	0	6,0
00	4,0	2,0	8,0	2,0

TABEL 3.15

VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE SCH VEKTORREAKSIES BY  
ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE<sup>1)</sup>

VEKTOR "Sch"	VERSKILLE TUSSEN					
	Z/S	Z/V	Z/T	S/V	S/T	V/T
o-	2,5	3,0	5,0	0,5	2,5	2,0
+ -	4,0	10,0	2,0	14,0	2,0	12,0
-o	3,0	5,5	3,5	2,5	0,5	2,0
-+	0,5	2,5	3,5	2,0	4,0	6,0
--	1,5	4,5	2,5	6,0	4,0	2,0
++	3,0	3,0	1,0	6,0	4,0	2,0
+o	1,5	0,5	3,5	2,0	2,0	4,0
<u>+o</u>	0,5	1,0	7,0	0,5	7,5	8,0
<u>++</u>	1,5	6,0	2,0	4,5	0,5	4,0
<u>-</u>	1,0	7,5	1,5	7,0	1,0	6,0
o+	1,0	3,5	2,5	4,5	1,5	6,0
<u>o+</u>	1,0	0,5	2,5	0,5	1,5	2,0
<u>++</u>	0	1,0	1,0	1,0	1,0	2,0
<u>-+</u>	1,0	2,0	4,0	3,0	3,0	6,0
<u>++</u>	0,5	2,5	3,5	3,0	3,0	6,0
oo	2,0	4,0	2,0	6,0	0	6,0
GEM. VERSKIL	1,5	3,6	2,9	3,9	2,4	4,7

<sup>1)</sup> Slegs verskille van 10% of hoër word as betekenisvol beskou.

(a) Bevindinge

Uit Tabelle 3.14 en 3.15 blyk die volgende:

- (i) Die volgende groepe toon geen betekenisvolle kwantitatiewe verskille in konstellasies nie:
- (1) Zoeloe- en Sotho-groepe;
  - (2) Zoeloe- en Tsongagroepe; en
  - (3) Sotho- en Tsongagroepe.
- (ii) Betekenisvolle verskille in konstellasies tree tussen die volgende groepe na vore:
- (1) Zoeloe- en Vendagroepe - die Zoeloe gee 10,0% meer Scht- response as die Vendagroep;
  - (2) Sotho- en Vendagroepe - die Sothogroep gee 14,0% meer Scht- response as die Vendagroep; en
  - (3) Venda- en Tsongagroepe - die Tsongagroep gee 12,0% meer Scht- response as die Vendagroep.

(b) Hipotese

Die volgende afleidings is hier moontlik:

- (i) Szondi (1952, bl. 40) ontleed Scht- as die weerspannige ego-beeld. Deri (1949, bl. 215-221) sê dit is 'n kinderlike ego-beeld wat by 3-jariges voorkom. Dit sou gesien kon word as 'n ego-beeld wat intree wanneer die kind vir die eerste keer begin besef dat sy behoeftes en die omgewing wat dit bevredig, twee verskillende entiteite is. Dit is veral tipies by 'n gevoel van almagtigheid - die kenmerkende "I am the universe"-houding.
- (ii) Kwantitatief sluit die Vendagroep dus volgens bogenoemde beeld minder frekwent ego-tipes van hierdie aard in.

3.5.4 'n Vergelyking van die C vektorreaksies van die vier etniese groepe

TABEL 3.18

VERGELYKING TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE C VEKTORREAKSIES  
BY ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE

Vektor C	Zoeloe n=200	Sotho n=200	Venda n=50	Tsonga n=50
00	4,5	2,0	4,0	4,0
0+	6,0	5,0	6,0	6,0
0-	10,5	12,0	12,0	16,0
0+	3,0	1,5	0	4,0
-0	1,5	6,5	0	2,0
-+	5,5	9,5	8,0	6,0
-	4,0	5,0	4,0	6,0
-+	2,5	3,0	2,0	0
+0	10,5	9,5	14,0	10,0
++	10,5	6,0	4,0	14,0
++	9,5	4,0	6,0	8,0
+	26,5	22,0	32,0	16,0
+0	1,5	4,5	4,0	4,0
++	2,0	3,5	2,0	2,0
++	2,0	4,0	2,0	2,0
++	0	2,0	0	0

TABEL 3.17

VERSKILLE TUSSEN DIE FREKWENSIES VAN DIE C VEKTORREAKSIES BY  
ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE <sup>1)</sup>

VEKTOR C	VERSKILLE TUSSEN					
	Z/S	Z/V	Z/T	S/V	S/T	V/T
oo	2,5	0,5	0,5	2,0	2,0	0
o+	1,0	0	0	1,0	1,0	0
o-	1,5	1,5	5,5	0	4,0	4,0
o+	1,5	3,0	1,0	1,5	2,5	4,0
-o	5,0	1,5	0,5	6,5	4,5	2,0
+o	4,0	2,5	0,5	1,5	3,5	2,0
--	1,0	0	2,0	1,0	1,0	2,0
-+	0,5	0,5	2,5	1,0	3,0	2,0
+o	1,0	3,5	0,5	4,5	0,5	4,0
++	4,5	6,5	3,5	2,0	8,0	10,0
++	5,5	3,5	1,5	2,0	4,0	2,0
+o	4,5	5,5	10,5	10,0	6,0	16,0
+o	3,0	2,5	2,5	0,5	0,5	0
++	1,5	0	0	1,5	1,5	0
+o	2,0	0	0	2,0	2,0	0
++	2,0	0	0	2,0	2,0	0
GEM. VERSKIL	2,6	1,9	1,6	2,5	2,8	3,0

<sup>1)</sup> Slegs verskille van 10% of hoër word as betekenisvol beskou.

(a) Bevindinge

Uit Tabelle 3.16 en 3.17 is die volgende afleidings moontlik:

- (i) In die volgende gevalle verskil die groepe nie betekenisvol in hul C vektorkonstellasies nie:
- (1) Zoeloe- en Sothogroepe;
  - (2) Zoeloe- en Vendagroepe; en
  - (3) Sotho- en Tsongagroepe.
- (ii) Betekenisvolle verskille is in die volgende gevalle ter sprake:
- (1) Zoeloe- en Tsongagroepe - hier vind ons 10,5% meer C+ response by die Zoeloe-groep;
  - (2) Sotho- en Vendagroep - hier gee die Vendagroep 10,0% meer C+ response; en
  - (3) Venda- en Tsongagroepe:
    - (aa) waar die Tsongagroep 10,0% meer C++ response gee; en
    - (bb) waar die Vendagroep 16,0% meer C+ response gee.

(b) Hipoteses

Die volgende hipoteses kan hier gestel word:

- (i) Volgens Szondi (1952, bl. 41) sou die feit dat die Zoeloe enersyds meer C+ response as die Tsonga gee, terwyl die Venda andersyds ook meer C+ response as die Sotho-groep gee, die afleiding regverdig dat:
- (1) die Zoeloe-groep betekenisvol sterker geskei staan van die ou sekuriteitbiedende voorwerp as die Tsongagroep en dat die Zoeloe-groep daarom ook meer frekwent na 'n nuwe voorwerp met dieselfde valensie soek;
  - (2) die Vendagroep eweneens verder geskei is van die "oorspronklike voorwerp" as die Sothogroep en daarom ook sterker as die Sothogroep na 'n nuwe "voorwerp" wat sekuriteit bied, soek.
- (ii) Die feit dat die Tsongagroep 10,0% meer C++ response as die Vendagroep gee, dui volgens Szondi (1952, bl. 41) by eersgenoemde op 'n gelyktydige gebondenheid aan twee "sekuriteitbiedende" voorwerpe. Volgens Deri (1949, bl. 153-155) sou C++ by die Tsonga op die meer frekwente

voorkoms kon dui van persone wat die materiële bevrediging van die omgewing, sowel as interpersoonlike verkeer daarin, hoog skat. Die konflik lê nou vir haar daarin dat sodanige groepe tussen twee botsende "voorwerpe" met soortgelyke valensie moet kies. Frustrasie is dan ook dikwels kenmerkend is sodanige gevalle. Anale sowel as orale behoeftes is vir hierdie persone ewe belangrik; die behoefte is om voorwerpe te vergaar en te bemeester. Hierdie beeld dui op 'n kompetisiedrang. Die besittinge van andere word bepaald begeer.

- (iii) Die voorkoms van 16,0% meer C+- response by die Vendagroep, sou volgens Saondi (1952, bl. 41) hier by die groep op die meer frekwente voorkoms van 'n soeke na die nuwe voorwerp ná skeiding van die oue as by die Tsongagroep dui.

3.5

ONTLEDING VAN DIE BEVOLKINGSPROFIELE VAN DIE ZOELOE-, SOTHO-,  
VENDA- EN TSONGAGROEPE

TABEL 3.18

GROEPSPROFIEL VAN 200 ZOELOEPROEFPERSONE

	S		P		Sch		C	
	h	e	e	hy	k	p	d	m
+	62,5	19,5	23,0	26,5	23,5	14,0	57,0	24,0
-	14,0	37,0	40,5	32,5	38,5	53,0	23,5	43,0
o	17,0	28,5	26,0	25,5	24,0	24,0	24,0	18,0
+	6,5	15,0	10,5	15,5	14,0	9,0	5,5	15,0
TSG	23,5	43,5	36,5	41,0	38,0	31,0	29,5	33,0
LG	8h+		5e-		7p-		4d+	
D/M	33,5/99,5		67,0/55,5		61,5/47,0		100,0/47,5	

Latente Proporsies:  $\frac{Sh+}{8} : \frac{Schp-}{7} : \frac{Pe-}{5} : \frac{Cd+}{4}$

Drangklas: Sh+

Kenmerkende Groepsprofiel:  $\frac{S}{+} \quad \frac{P}{--} \quad \frac{Sch}{--} \quad \frac{C}{+-}$

Drangformule:  $\frac{43,5 e ; 41,0 hy}{38,0 k ; 36,5 e ; 33,0 m}$   
 $31,0 p ; 29,5 d ; 23,5 h$

Verkorte Drangformule:  $\frac{43,5 e}{23,5 h}$

TABEL 3.19

GROEPSPROFIEL VAN 200 SOTHOPROEFPERSONE

	S		P		Sch		C	
	h	s	e	hy	k	p	d	m
+	53,5	28,0	29,0	25,5	29,0	20,0	41,5	24,0
-	17,5	38,0	33,0	52,5	33,5	53,5	24,0	43,0
o	16,0	19,5	21,5	31,0	21,5	17,0	20,5	22,5
<u>+</u>	13,0	14,5	16,5	16,0	16,0	9,5	14,0	10,5
TSG	29,0	34,0	38,0	47,0	37,0	26,5	34,5	33,0
LG	5ht		9e-		11p-		2m-	
D/M	45,5/91,5		58,5/81,5		17,0/51,0		84,5/48,0	

Latente Proporsies:  $\frac{Schp-}{11} : \frac{Pe-}{9} : \frac{Sh+}{5} : \frac{Cm-}{2}$

Drangklas: Schp-

Kermerkende  
Groepsprofiel:  $\frac{S}{+} \quad \frac{P}{--} \quad \frac{Sch}{--} \quad \frac{C}{+}$

Drangformule:  $\frac{47,0 \text{ hy}}{38,0 \text{ e} ; 37,5 \text{ k} ; 34,5 \text{ d} ; 34,0 \text{ s} ; 33,0 \text{ m} ; 29,0 \text{ h} ; 26,5 \text{ p}}$

Verkorte Drangformule:  $\frac{47,0 \text{ hy}}{26,5 \text{ p}}$

TABEL 3.20

GROEPSPROFIEL VAN 50 VENDAPROEFPERSONE

	S		P		Sch		C	
	h	s	e	hy	k	p	d	m
+	66,0	32,0	28,0	40,0	12,0	16,0	56,0	20,0
-	16,0	22,0	44,0	28,0	42,0	52,0	14,0	50,0
o	10,0	30,0	24,0	20,0	22,0	22,0	22,0	22,0
<u>±</u>	8,0	16,0	4,0	12,0	24,0	10,0	8,0	8,0
TSG	18,0	36,0	28,0	32,0	46,0	32,0	30,0	30,0
LG	18h+		4e-		14p-		0d+	
D/M	48,0/88,0-		84,0/56,0		58,0/48,0		106,0/34,0	

Latente Proporsies:  $\frac{Sh+}{18} : \frac{Schp-}{14} : \frac{Pe-}{4} : \frac{Cd+}{0}$

Drangklas: Sh+

Kenmerkende Groepsprofiel:

S	P	Sch	C
++	-+	--	+-

Drangformule:

$$\frac{46,0 k}{36,0 e ; 32,0 hy ; 32,0 p}$$

$$30,0 d ; 30,0 m ; 28,0 e ; 18,0 h$$

Verkorte Drangformule:

$$\frac{46,0 k}{18,0 h}$$

TABEL 3.21

GROEPSPROFIEL VAN 50 TSONGAPROEFPERSONE

	S		P		Sch		C	
	h	s	e	hy	k	p	d	m
+	54,0	26,0	26,0	28,0	20,0	14,0	48,0	28,0
-	18,0	24,0	42,0	32,0	30,0	54,0	14,0	40,0
o	16,0	28,0	20,0	22,0	22,0	22,0	30,0	20,0
±	12,0	22,0	12,0	18,0	28,0	10,0	8,0	12,0
TSG	28,0	50,0	32,0	40,0	50,0	32,0	38,0	32,0
LG	22h+		8e-		18p-		6m-	
D/M	44,0/78,0		70,0/58,0		70,0/46,0		88,0/32,0	

Latente Proporsies:  $\frac{Sh+}{22} : \frac{Schp-}{18} : \frac{Pe-}{8} : \frac{Cm-}{6}$

Drangklas: Sh+

Kenmerkende Groepsprofiel:  $\frac{S}{+0} \quad \frac{P}{--} \quad \frac{Sch}{--} \quad \frac{C}{+-}$

Drangformule:  $\frac{50,0 s ; 50,0 k}{40,0 hy ; 38,0 d}$   
 32,0 p ; 32,0 m ; 32,0 e ; 28,0 h

Verkorte Drangformule:  $\frac{50,0 s}{28,0 h}$

## 3.5.1

Bevindinge

Uit Tabelle 3.18 tot 3.21 blyk die volgende:

- (i) Die kenmerkende bevolkingsprofiel van die Zoeloe- en Sothogroepe stem kwalitatief eensyds onderling en andersyds met dié van die normgroep van hierdie ondersoek ooreen.
- (ii) Die Tsongagroep wyk slegs in 1 van die 4 vektoriale gebiede kwalitatief van die kenmerkende S+ van die normgroep af en neem die verspreiding S+0 as kenmerkend van die groep aan.
- (iii) Die Vendagroep wyk in twee gevalle kwalitatief af van die kenmerkende verspreiding van die normgroep, deur in die seksvektor die verspreiding S++, en in die paroksismale vektor die verspreiding P-+ as kenmerkend van die groep aan te neem.
- (iv) Slegs die Sothogroep wyk hier van die kenmerkende S+ drangklas van die normgroep af deur in die drangklas Schp- te val.

## 3.5.2

Hipoteses

Die volgende hipoteses kan hier gestel word:

- (i) Ten opsigte van die bevolkingsprofiel is dieselfde kwaliteite wat ten opsigte van die normgroep geld, eweneens van toepassing op die Zoeloe- en Sothogroepe.
- (ii) Die Tsongagroep verskil kwalitatief van die normgroep in die geval van die seksvektor, deur die aanname van die beeld S+0, wat, soos vroeër in die kwantitatiewe verband aangedui, daarop sou dui dat hierdie groep sy aggressie (nou ook kwalitatief-kenmerkend) meer geredelik uitleef en bevredig as die ander groepe.
- (iii) Volgens Szondi (1952, bl. 38) sou die aanname van S++ as groepskenmerkend by die Vendagroep, hier op 'n gesonde integrasie van die seksualiteits- en aggressiwiteitsbehoefte dui.
- (iv) Die feit dat die Vendagroep die verspreiding P-+ as kwalitatief-kenmerkend aanneem, sou volgens Szondi (1952, bl. 39) op die bestaan van meer suiwer KaIntipes in die groep dui.

- (v) Die aanname van die Schp- drangklas deur die Sothogroep, is volgens Szondi (1952, bl 65) kenmerkend van 'n groep wat die paranofdiëse bedreiging probeer afwend deur historiese verdedigingsmeganismes. Daar is ook aanduidings van ontvlugtingsreaksies, soos onttrekking, terwyl dit kenmerkend in die geval van misdadigers is.

3.6

BEDUIDENHEID VAN VERSKILLE IN FAKTORIALE FREKWENSIES TUSSEN GESLAGS- EN ETNIESE GROEPE

TABEL 3.22

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE IN FAKTORIALE FREKWENSIES  
TUSSEN GESLAGS- EN ETNIESE GROEPE

VERSKILLE TUSSEN	<i>h</i>	<i>S</i>	<i>s</i>	<i>P</i>	<i>hy</i>	<i>Soh</i>	<i>C</i>	<i>d</i>	<i>m</i>
Bantoenorm- groep vs. 300 mans	0,30		2,66	1,75	1,80	0,75	0,65	0,05	2,00
Bantoenorm- groep vs. 200 vroue	0,45		4,37	3,66	3,01	1,02	1,32	0,10	3,27
Zoeloe- vs. Sothogroep	6,34		6,46	5,14	1,94	3,04	4,52	18,50 <sup>xx)</sup>	2,58
Zoeloe- vs. Vendagroep	1,22		5,53	2,50	3,77	2,66	0,21	0,49	1,89
Zoeloe- vs. Tsongagroep	2,51		3,92	0,87	0,39	6,09	0,12	1,59	0,58
Sotho- vs. Vendagroep	1,83		5,27	6,25	5,06	6,78	0,79	4,82	0,96
Sotho- vs. Tsongagroep	0,02		5,02	1,61	1,58	4,20	1,34	4,85	0,54
Venda- vs. Tsongagroep	1,76		0,82	2,24	1,84	2,14	0,08	0,90	1,68

Metode: Chi<sup>2</sup>

Grade van vryheid: 3

Vlakke van beduidendheid:

<sup>xx)</sup> 0,1%-vlak: 16,26

<sup>xxx)</sup> 1%-vlak: 11,34

<sup>xxxx)</sup> 5%-vlak: 7,81

3.6.1 Dit is opvallend dat faktoriale verskille tussen groepe hoofsaaklik onbeduidend is. Die enigste beduidende verskil, en wel op die ,1%-vlak, is ten opsigte van die faktor d tussen die Zoeloe- en Sothogroepe aangetoon. Soos Deri (1949, bl. 118-122) aandui, word die d faktor dikwels met analiteit geassosieer. Szondi (1952, bl.12) toon aan dat dit kenmerkend is van die soeker na nuwe sekuriteitbiedende voorwerpe. Hiervolgens sou die verklaring dus daarin geleë kon wees dat die Sothogroep inderdaad beduidend meer uit sy tuisland padgegee het om in 'n groter mate onder die akkulturatiewe invloed van die Blank-westerse omgewing te kom, as wat die geval by die Zoeloe-groep is.

3.6.2 Ten slotte is dit veral opvallend dat die kwantitatiewe betekenisvolle verskille tussen die etniese groepe deurgaans nie te dikwels voorkom nie. In geen geval is die globale verskille in die 64 moontlike konstellasies binne alle vektore tussen die Bantogroepe 10,0% of hoër nie, sodat die totale vektoriale verskille tussen groepe inderdaad steeds minimaal bly.

3.7 'N VERKLARENDE BESKOUIING VAN DIE RESULTATE VAN DIE NORM-STUDIE - 'N EVALUERENDE VERGELYKING VAN DIE BANTOE- EN BLANKE NORMGROEPE

3.7.1 'n Verklarende bespreking van die vergelyking tussen die S vektorreaksies van Szondi, Roos en Erasmus

- (a) Die verspreiding S+ as kenmerkend van die Bantoesgroep van die huidige ondersoek, kry kwantitatiewe betekenis (vergelyk paragrawe 3.2.1 (a) (v) en 3.2.1 (b) (ii) vooraf) binne die vektor self, sowel as kwalitatiewe betekenis (vergelyk paragrawe 3.3.1 (d) en 3.3.2 (d) vooraf) in die bevolkingsprofiel van die groep.
- (b) Hierdie verspreiding word alreeds as kenmerkend van onder andere die VSA- en Kongo-Neger deur Webb (1959, bl. 207-208) gerapporteer. Vir Webb is dit, teen die Blank-westerse agtergrond, maklik as 'n aanduiding van latente homoseksualiteit te verklaar. Die voorkoms daarvan in die geval van Neger in hospitale en ander geestesgesondheidsklinieke in die VSA, was egter onoverwags. Verrassend was vir hom ook die feit dat dieselfde beeld met 20 Neger-proefpersone (van wie 10 afnames per persoon gemaak is) wat

betrokke was in gewelddadige misdade, soos manslag, diefstal, verkragting, aanranding van 'n ernstige aard, verkry is. In elke geval was die verwagte feminisme in gedrag nie uiterlik waarneembaar nie. 'n Szondi-studie met 200 primitiewe Kongo-Negers, afgeneem deur 'n kollega van Albert Schweitzer te Lambaréné, het dieselfde psigo-seksuele konstellasie S+ as kenmerkend van die groep aan die lig gebring.

- (c) Webb (1959, bl. 208) toon aan dat hierdie profiele aan Szondi self vir kommentaar voorgelê is. Volgens Szondi sou Levy-Brihl se wet van deelname in die situasie betrokke wees. Volgens hierdie uitgangspunt van Levy-Brihl, is sodanige individue daartoe geneig om te glo dat hulle terselfdertyd spesifieke individue sowel as ander persone is. Dit is 'n beeld wat dikwels in skisofrenie op die voorgrond tree. In Lambaréné is byvoorbeeld gevind dat, wanneer 'n bepaalde individu siek sou word, die hele familiegroep as geheel intrek neem by die hospitaal en daar bly totdat die werklike siek individu herstel. Dan vertrek die hele groep huiswaarts. Die vraag is nou egter: waarom word dieselfde beeld aangetref by die primitiewe Kongo-Neger, sowel as by die VSA-Neger wat homself reeds meer as 300 jaar in 'n moderne Westerse beskawing bevind? Volgens Szondi onderskat ondersoekers dikwels die feit dat die assimilasie van 'n radikaal anderse kultuur uiters langsaam verloop en dat die oorspronklike gedrags-kenmerkende patrone wat in die oorspronklike kultuur vorm aange- neem het, lank ná "aanname" van die nuwe kultuur sal bly volhard. Die behoefte aan deelname word ernstig versteur wanneer 'n individu vanuit sy oorspronklike kultuur relatief snel oorgeplaas word na 'n nuwe kultuur. Dit lei daartoe dat die behoefte aan deelname inderdaad geblokkeer word omdat die nuwe kultuur vreemd aan die eie behoeftes is. Die gevolg daarvan is konflik, wat uitdrukking vind in patologiese vorme, soos misdadigheid van 'n gewelddadige aard en antisosiale gedrag. Die persoon se onvermoë om sy basiese behoeftes van deelname in die vreemde kultuur te bevredig, lei gevolglik tot angs en hy neem die kulturele blokkade as 'n vorm van uiterste provokasie waar en reageer dienooreenkomstig asosiaal.
- (d) Dit is duidelik dat Szondi in bogenoemde benadering 'n dominante rol aan die omgewingsfaktor in die veroorsaking van groepsvreemde

gedrag toeken. Die groepsvreemde gedrag van die Amerikaanse Neger kan dan gevolglik gereken word as 'n volhardende oorblyfeel van wat eens groepskenmerkende gedrag in die oorspronklike Afrika-kultuur kon wees. Eweneens sou 'n stelling van Seward (1956, bl. 136), dat die sogenaamde ommruiling van geslagsrolle wat uit TAT-ondersoeke met die Amerikaanse Neger blyk, gewyt moet word aan die feit dat die Negervrou in die VSA die rol van gesinshoof inneem omdat:

- (i) die Negerman, teen wie die Amerikaanse Blanke samelewing (kasterend) diskrimineer, nie 'n toonbeeld van manlikheid uitmaak na wie die Negervrou kan opsien nie; en
- (ii) dat die vrou in die Negergesin dikwels gesinshoof is omdat die vader van die kinders onbekend is of omdat hy nie by die gesin inwoon nie en die vrou dus noodwendig die rol van outoriteitsfiguur in die gesin moet inneem,

nie sonder kritiek aanvaar kon word nie.

Histories is die matriargale ordening van die samelewing onder gelede van Negerkultuurgroepe in Afrika bekend. Vanuit hierdie gelede kon die voorgeslagte van die Amerikaanse Neger eweneens 'n matriargale ordening na die Negersamelewing in die VSA oorgedra het, wat nou as oorblyfeel in die moderne Amerikaanse Negerlewe volhard.

- (e) Die tropismiese wet van keuses, wat deur Szondi gepostuleer is en sy hele teorie ten grondslag lê, kom hier ter sprake. Roos (1962, bl. 20-27) wys daarop dat Szondi van die veronderstelling uitgaan dat daar 'n besondere tropismiese werking van die latente resessiewe gene uitgaan. By inteling is byvoorbeeld gevind dat heterosigotie meer lewenskragtigheid by die afstammelinge verseker as in die geval van homosigotie. In eersgenoemde geval kom juis die werking van die latente gene ter sprake, omdat daar nie, soos in laasgenoemde geval, sprake is van die oordrag van dieselfde eienskap in 'n dubbeldosis nie. Heterose is dus primêr in heterosigotie ter sprake en volgens die tropismiese wet van keuses streef die latente gene na homeostase. Die drangbehoefte is juis hierin gesetel en wanneer 'n bepaalde drang bevredig is, tree daar 'n toestand van homeostase in. Belangstelling, smake, voor- en afkeure;

ensovoorts, spruit dan volgens hierdie wet uit persoonlike drang-behoefte voort. Dit is op grond van sy eie stel aangebore drangbehoefte, wat as basiese potensiaaliteit bestaan, dat die individu die sfere waarin hy wil beweeg selekteer met die oog daarop om in 'n sosiale klimaat te beweeg wat optimale bevrediging vir sy bepaalde behoeftes sal verseker. Hierdie uitgangspunt word egter dikwels verkeerdlik gesien as 'n ontkenning van die rol van omgewing. Inderdaad, soos onder (d) hierbo aan die hand van Szondi se ontleding van Negerprofiele aangetoon, is dit nie die geval nie. So erken Szondi dat die persoon met byvoorbeeld 'n aangebore sadistiese potensiaal, binne sy bepaalde sosiale omgewing en in die nouste verband met die bepaalde sosialisering-proses wat op hom inwerk, die kultureel gedetermineerde wyse waarop hy die bepaalde aangebore potensiaal sal sosialiseer (of nie daarin sal slaag om dit te sosialiseer nie), sal bepaal. So sou hy byvoorbeeld die sadisme in wisselwerking met sy omgewing kon kanaliseer deur moontlik 'n mediese dokter of slagter te word; is die omgewingsinvloed egter minder prikkelend en afbrekend van aard, mag hy wel 'n moordenaar word.

- (f) Bogenoemde uiteensetting rym dan met 'n gedagte wat Boyd in 1950 uitspreek en wat deur Comas (1963, bl. 21) aangehaal word, naamlik dat genetiese faktore 'n plastisiteit vir omgewings-prikkels toon. Dit vrywaar Szondi dan van die etiket van rassisme, wat Comas in hierdie verband so vrylik uitdeel, per definisie dat rassiste diegene sou wees wat omgewingsfaktore totaal ontken. Trouens, dit sluit ook aan by 'n siening van Dobzhansky (1967, bl. 8):

"Genes determine the pattern of the development in the sense that given a certain sequence of environmental influences, the development follows a certain path".

Ook wys Oliver (1967, bl. 173) daarop dat Dobzhansky in 1955 reeds gesê het dat 'n suiwer homosigotiese ras nie bestaan nie en dat genetiese en chromosale verskille tussen populasies bestaan. Hy toon vervolgens aan dat geografiese of ekologiese skeiding tussen populasies, reeds binne twee geslagte kenmerkende chromosale verskille kan laat intree. Indien sodanige skeiding lank genoeg sou duur, sou die verskille genetiese implikasies verkry en sou die groepe as verskillende rasse van mekaar onderskei kon word. Nogtans is beide groepe geneties in 'n groot

mate soortgelyk en bestaan daar wel 'n genetiese oorvleueling tussen rasse. Savage (1963, bl. 26) wys daarop dat enige populasie weens sy relatiewe isolasie sekere toevallig geselekteerde gene besit wat kenmerkend van die groep is. Die genotipe vind sy uitdrukking fenotipies - met ander woorde, binne die beperkings wat die bepaalde kulturele omgewing onder meer aan die rigting van die ontwikkeling van die potensiaal (genotipe) stel. Spuhler (1967, bl. 241-268) benadruk dat deur mutasies, genevloei, seleksie en genetiese drif, 'n onwaredige verspreiding van aangebore genotipes by verskillende populasies verwag kan word. Kulturele faktore, soos byvoorbeeld keuse van huwelikemaats, het eweneens 'n rigtinggewende invloed op die verspreiding van gene in die populasie. Die genotipe is dus in voortdurende wisselwerking met die fenotipe. Sodoende beïnvloed erflikheid omgewing en omgewing erflikheid.

- (g) Ten opsigte van die S+ verspreiding by die Suid-Afrikaanse Bantogroep van die huidige ondersoek, bestaan daar dus geen rede om hierdie beeld sonder meer aan óf erflikheid, óf omgewing as bepalende determinant wat alleen werkzaam is, te koppel nie. Eerder sou dit, in aansluiting by die voorafgaande ontleding wat Szondi vir 'n soortgelyke beeld by Negergroepe voorstel, hier gesien kon word as die resultaat van kulturele verwildering wat ingetree het as gevolg van die besondere akkulturatiewe situasie wat sigself voorgedoen het met die Bantoe se aanraking met die Blank-westerse kultuur in die moderne Suid-Afrikaanse samelewing. Hy bevind hom in 'n omgewing waarin hy deelname wil hê, maar waarmee daar 'n kommunikasie-blokkade bestaan omdat sy kenmerkende fenotipiese gedrags-antwoord, soos dit beslag in die tradisionele kultuur gevind het, vreemd in die nuwe omgewing aandoen. In watter mate dit ook by hom tot antisosiale en misdadige gedrag aanleiding gegee het, word later bespreek wanneer 'n tendens wat hierby aansluiting vind, in die paroksismale vektor ter sprake kom.

### 3.7.2 'n Verklarende bespreking van die vergelyking tussen die P vektorreaksies van Szondi, Roos en Erasmus

- (a) Soos blyk uit paragrafe 3.2.2 (a) (i) tot (a) (v) vooraf, is die volgende hier ter sprake:

- (i) Die Bantogroep sowel as Szondi se Hongaarse groep, wyk kwantitatief betekenisvol af deur betekenisvol meer P-- response as Roos se plaaslike Blankes te gee.
- (ii) Szondi se Hongaarse groep en die plaaslike Bantogroep wyk kwantitatief betekenisvol van mekaar af ten opsigte van die frekwensie waarmee P+- response voorkom.
- (iii) Roos se plaaslike groep gee betekenisvol minder P+- response as die plaaslike Bantogroep.
- (b) Vektoriaal dui P-- by die twee plaaslike groepe op die akkumulاسie van growwe affek tot 'n gereedheid vir uitbarsting, maar staan as gevolg van die hy- reaksie onder sterk kontrole. Die implikasies van hierdie verspreiding kry egter ten opsigte van die Bantoe sindromatiese betekenis. Szondi (1952, bl. 78-81) bespreek onder andere die sogenaamde sindroom van die affektiewe moordenaar en die sindroom van die diefstal-moordenaar, asook die sindroom van die passiewe homoseksueel. Hy stel hierdie sindrome saam na 'n omvattende bestudering van kriminele oortreders en latente homoseksueles. Dit is opvallend dat al drie hierdie sindrome in die geval van die Bantogroep onder bespreking geld, terwyl dit nie in die geval van die drie Europese groepe (insluitende die plaaslike Blanke groep) in 'n enkele geval geld nie (vergeelyk Roos, 1962, bl. 143-144). Die drie bogenoemde sindrome (waarby die drangfaktore van die paroksismale vektor elke keer betrokke is) is die volgende:

- (i) Die sindroom van die affektiewe moordenaar - die sogenaamde moordenaars "e"  
Hier geld die volgende akkumulاسie van drangfaktore uit die paroksismale, ego- en sirkulêre vektore:

e	=	-
p	=	- (+)
m	=	-

(ii) Die sindroom van die diefstal-moordenaar

Die volgende verspreidings in dieselfde vektore is in die geval van die bepaalde drangfaktore hier ter sprake:

$$\begin{aligned} e &= - \\ k &= - (+) \\ m &= - \end{aligned}$$

(iii) Die sindroom van die passiewe homoseksueel - die sogenaamde passiewe homoseksualiteits "e"

Die volgende verspreiding van die betrokke drangfaktore binne die seks-, paroksismale en egovektore is hier ter sprake:

$$\begin{aligned} s &= - \\ hy &= - \\ p &= - \end{aligned}$$

Soms gaan dit ook gepaard met  $k-$ , wat in die geval van die Bantogroep dan ook nog sou geld. Weens hierdie sindromatiese implikasies, verkry die konstellasie  $P-$  by die plaaslike Bantogroep dan ook geheel ander betekenis as by die plaaslike Blanke groep.

- (c)  $P+$  kom, soos aangedui, kwantitatief meer by die Hongaarse groep van Szondi voor as by die plaaslike Bantogroep. Hierdie verskil het sindromatiese implikasies, ten opsigte van al drie sindrome wat hierbo as kenmerkend van die Bantoproefpersone aangegee is. Die faktor wat ten opsigte van die sindroom van die affektiewe moordenaar, sowel as in die geval van die sindroom van die diefstal-moordenaar as onderskeidend ten opsigte van die twee groepe hier onder bespreking voorkom, is in elke geval  $e$ , wat in die geval van die Bantogroep as  $e-$  in die profiel en in die geval van die Hongaarse groep as  $e+$  in die profiel voorkom.

(Soos Roos (1962, bl. 144) aandui, hou hierdie verskil ook kwalitatiewe implikasies in, omdat P+-, teenoor P- by die plaaslike Blanke groep, iets wat ook by die plaaslike Bantogroep deur ons aangedui kon word, in die bevolkingsprofiel van Szondi sowel as Yarritu-se Europese groepe die mees frekwente verspreiding is). Benewens die feit dat die konstellasie-onderskeid van P+ as kwantitatief sowel as kwalitatief meer frekwent by beide plaaslike groepe voorkom as by beide buitelandse groepe, word die Bantogroep binne bogenoemde drie sindromatiese verbande as gevolg van spesifieke sindromatiese konstellasies hier nogtans van alle Europese groepe, ook die plaaslike Blanke groep van Roos, onderskei. Die onderskeid tussen die Bantogroep en Roos se plaaslike Blankes, enersyds, en tussen die Bantogroep en die buitelandse groepe, andersyds, volg egter verskillende patrone met gevolglike verskillende diagnostiese implikasies. In die geval van die passiewe homoseksuele sindroom egter, verskil alle Blanke groepe soortgelyk van die plaaslike Bantogroep, deurdat die buitelandse groepe deurgaans s+ in die verspreiding aanneem, teenoor s- by die Bantogroep. Die paroksismale faktor wat in laasgenoemde sindroom te berde kom, is hier egter hy, en in die geval van alle groepe onder bespreking vind ons die verspreiding hy- as kenmerkend in die onderskeie bevolkingsprofiel.

(d) Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat verskeie implikasies as onderskeidend tussen die groepe hier nader bespreek en verklaar moet word, te wete:

- (i) vektoriaal verskil beide Suid-Afrikaanse groepe, Blank sowel as Bantoe, kwalitatief sowel as kwantitatief van die buitelandse groepe deurdat beide die verspreiding P+ betekenisvol minder frekwent as die twee Europese groepe aanneem; en
- (ii) sindromaties kom veral die twee moordenaarsindrome implikatief hier ter sprake. Die Europese groepe sowel as die plaaslike Blanke groep verskil hier kwalitatief betekenisvol van die Bantogroep. Waar die buitelandse groepe hier kwalitatief van die Bantogroep in die paroksismale (deur die aanname van 'n e+ verspreiding) sowel as in sirkulêre verband (deur m+ in die bevolkings-

profiel as mees frekwente verspreiding aan te neem) verskil, stem die plaaslike groep van Roos hier met die Bantogroep in eersgenoemde geval (e-) ooreen. Die plaaslike Blanke groep neem ten opsigte van laasgenoemde (m+) dieselfde verspreiding as die twee Europese groepe van Szondi en Yarritu in. Sodoende verskil Roos se Blankes insgelyks van die m- kwaliteit van die Bantogroep. Vir alle Blanke groepe beteken dit dat hulle dus nie die tipiese sindromatiese beelde aanneem wat vir die Bantoe hier geld nie; maar dan om ander redes by die buitelandse groepe in vergelyking met die plaaslike Blanke groep. Dit is hierdie implikasies wat hier verklaar moet word.

- (e) Soos Szondi (1952, bl. 39) aandui, sou die afleiding vektoriaal hier wees dat die plaaslike Blanke groep sowel as die Bantogroep kwalitatief en kwantitatief hier minder sogenaamde Abeltipes as die buitelandse groepe insluit. Soos Deri (1949, bl. 109-110) op haar beurt aantoon, sou hiervan verder ook afgelei kon word dat die Europese groepe van Szondi en Yarritu hiermee sterker kontrole oor emosies as die plaaslike groepe openbaar. Trouens, dit is volgens haar die P vektoriale konstellasie wat die meeste kontrole ten opsigte van paroksismale uitlewing aandui. Die emosies is inderdaad sô sterk gekontroleerd, dat ekshibisionisme agterweê bly. Ten opsigte van die plaaslike groepe sou meer ekshibisionistiese gedrag dus verwag kon word. Dit dui ook op 'n meer oppressiewe superego by die buitelandse groepe as wat die geval by beide plaaslike groepe sou wees. Dit impliseer verder 'n sterker bewustheid aan sosiale dienspligtigheid by die buitelandse groepe as by die plaaslike groepe. In sekere gevalle mag dit ook 'n aanduiding wees van meer kompulsiewe gedragshandelinge by die buitelandse groepe as by die plaaslike groepe.
- (f) Ten opsigte van die Bantoe, sou die beeld van swakker emosionele kontrole in vergelyking met die Europese groepe van Szondi en Yarritu, onder andere uit die bevindings van De Ridder (1961, bl. 86) spreek. Hy vind naamlik dat die Bantoe, selfs in die stedelike omgewing, daaglik in aanraking is met growwe affek en dat sy eie gebrek aan emosionele kontrole dikwels aanleiding gee tot gewelddadige emosies waaraan primitiewe aggressiwiteit onderliggend is.

Dit is volgens hom 'n beeld wat nie alleen deur sy proefpersone in hul TAT-verhale geprojekteer is nie, maar ook reeds buite Suid-Afrika by Njassalandse Bantoes deur Shelly en Watson waargeneem is. Die swakker emosionele kontrole word ook deur Du Preez (1962, bl. 65-185) by Bantoe-plaasarbeiders in 'n ondersoek met die Rorschach-inkkladtoets waargeneem. Hy lei onder andere uit die hantering van kleurreponse af dat daar 'n gebrek aan kontrole bestaan wat die innerlike stabiliteit bedreig.

- (g) Die moontlikheid van 'n swakker aanwesigheid van 'n sosiale dienspligtigheidsbesef by die Bantoe, spreek onder andere ook uit die afleiding van De Ridder (1961, bl. 86) dat sy Bantoeproefpersone deurgaans 'n fanatieke behoefte aan geld openbaar en dat hierdie vergaardrang in geen opsig enige verband hou met filantropiese gedagtes, soos gemeenskapsontwikkelingsprojekte of sosiale welsunprogramme waartoe hy moontlik 'n deel sou kon bydra nie. Ook Du Preez (1962, bl. 65-185) lei uit die lae voorkoms van M response, teenoor die relatiewe hoë voorkoms van FM response in sy Rorschachprotokolle, 'n swak ontwikkelde waardesisteem af, wat waarskynlik hierby aansluiting vind. Naas die verwysing na duideliker aggressiwiteits-uitlewing hierbo, sou De Ridder (1961, bl. 86) se afleiding dat die Bantoe-man die vrou seksueel openlik en met wat hy 'n dierlike primitiwiteit noem benader, op 'n swakker ontwikkelde superego by die Bantoe kon dui in vergelyking met die twee buitelandse groepe<sup>1)</sup>. Hierdie Szondi-beeld word nog verder bevestig deur die opmerking van Blignault (1964, bl. 384-385) dat:

"Die sanksie op (die Bantoe se) gedrag is nie soseer die besef dat hy gefouteer het nie, maar die vrees om in die skande te kom. Individuele skuldgevoelens (soos wat voorkom by persone wat leef volgens 'n Westerse na-binne-gerigte tradisie) en wat blootgestel is aan die morele wroegings van die soekende en self-determinerende siel, het dus 'n mindere plek in die psigo-sosio-dinamika van

...../199 aanpassing

<sup>1)</sup> Daar moet hier egter in gedagte gehou word dat beide ondersoekers Westerse maatstawe vir hierdie evaluasies neem en dat 'n verifiëring daarvan teen die Bantoe se eie kulturele en subkulturele verbande ontbreek.

aanpassing by die stamvaste Bantoe."

- (h) Hierdie vektoriale konstellasie sou skynbaar ook ten opsigte van die plaaslike Blanke groep geld, sodat dieselfde afleidings en verklarings by die plaaslike Blanke op die oog af sou kon geld. Die sindromatiese implikasies van die verspreiding e-, p- en m- (die sindroom van die affektiewe moordenaar) en e-, k- en m- (die diefstal-moordenaar) wat by die Bantoe geld, geld egter nie in die geval van die Blanke nie. Soos Roos (1962, bl. 143-145) aandui, verander die m- in die geval van die Blanke groep na m+, sodat die tipiese sindroom van die affektiewe sowel as die diefstal-moordenaar nie in die geval van die plaaslike groep geld nie. Soos Deri (1949, bl. 135-142) aantoon, is die m+ konstellasie hier kenmerkend van 'n groep wat goed aangepas is in die sosiale omgewing en as groepslede só aanvaar is dat hul orale behoeftes optimale bevrediging vind; daarteenoor is m- kenmerkend van die persoon wie se orale behoeftes onbevredigd gebly het; hulle is dikwels antisosiaal in gedrag en het geleer om van die sosiale omgewing min te verwag. Die antisosiale gedrag kan hier volgens haar gesien word as die persoon se weerwraak teen 'n omgewing wat geen ruimte bied vir orale bevrediging nie. Dit is dan 'n onderliggende faktor in die persoon se behoefte tot destruksie. Dit is veral kenmerkend van kinders in die puberteitsjare.
- (i) Hieruit sou dus afgelei kon word dat die behoefte aan aggressiewe uitlewing, wat deur die P-- konstellasie ook by die plaaslike Blanke groep aan die lig gebring word, as gevolg van die optimale sosialisering van die Blanke groep, waarskynlik bevrediging in die vorm van orale selfgelding in die omgewing vind. Die feit dat die omgewing egter nie die Bantogroep se orale behoeftes bevredig nie, gee aanleiding tot 'n behoefte aan weerwraak deur destruktiewe optrede.
- (j) Die kernvraag is egter nou waar om die oorsprong van die sosiaalpatologiese groepskenmerke van die Bantoe te soek, soos dit in P-- en die gepaardgaande moordenaar-sindrome tot dusver uitdrukking gevind het? Die antwoord hierop sou waarskynlik in die volgende woorde van Blignault (1964, bl. 385) gesoek kon word:
- "Die sentrale en wesenlike feit van die huidige bestaan van die Bantoe, wat sowel in die tuislande as in die stedelike gebiede geldig is, is dus die verkrummeling en verbrotting van die ou

stamverband ..... In die vinnig-veranderende kultuuromgewing van die verstedelike Bantoe veral verdwyn die meeste van die stabiliserende faktore van die stamverband. Die bindende krag van verwantskapverhoudings word verswak; die breë familiegrondslag wat beskerming verleen aan al die lede van die groot familiegroep, en die tradisionele rol wat elke individu in hierdie groep speel, verdwyn."

- (k) Ten nouste hierby sluit juis die wesenlike feit aan dat Deri (1949, bl. 137) aan *m+*, wat by die buitelandse sowel as plaaslike Blanke groepe bestaan, maar by die Bantoe as mees frekwente verspreiding kwantitatief sowel as kwalitatief ontbreek, die volgende kermerke koppel:

"Accordingly, plus *m* is rather a counterindication for antisocial behavior. This is probably the only constellation among all the eight factors in any position about which I dare to make such a categorical statement: well-adjusted adults who are able to form and maintain satisfactory social relations, are expect to give plus *m*. Well-adjusted, that is, in the sense that they themselves feel content and have found their place in society as well as within a smaller in-group of people, such as family or close friends."

Vir BIGNAULT (1965, bl. 384-385) het die tradisionele Bantoe-kultuur psigiatries gesproke baie behoudende kermerke gehad. Vir hom is dit 'n sekuriteitsfaktor wat hier nie uit die oog verloor mag word nie. Die spesiale moeder-kind-verhouding, die besondere familie-organisasie en kenmerkende sosiale bedrywighede, inlywingseremonies, ensovoorts, is vir hom alles faktore wat gerig was op die bestendiging van navolgbare, bekende en onwervreembare waardes en gebruike, wat egter deur die proses van akkulturasie as gevolg van die aanraking met die dominante Westerse kultuurbelevens in Suid-Afrika, tot ontworteling aanleiding gegee het. En inderdaad is die Bantoe volgens hom nou 'n ontwortelde mens, " ... onderhewig aan die vernietigende druk van botsende kulture."

En, vervolg hy met betrekking tot die verstedelikende element: "Die ontstane Bantoe, los van 'n betekenisvolle sosiale struktuur, kom weerloos te staan voor die tiranniese trefkrag van die groot-stadslawe met sy, vir hom, lewensvreemde gebruike. Voor die

onwrikbare eise van die stad versplinter sy gesinslewe. Die vreemde taal van die Blanke word 'n simbool van aanpassing. Sekuriteit bly 'n wisselvallige begrip; straf 'n immerdreigende werklikheid, en verwesenliking van die persoonlikheid is dikwels 'n onbereikbare strewe."

As deel van die ontwortelingsproses, sien hy gevolge soos psigopatiese neigings, jeugmisdad, sedelike verval, geslagsiekte, aborsie, prostitusie, drankmisbruik ensovoorts. Dit is die tipiese antisosiale beeld wat in verskillende sindromatiese implikasies op die Szondi-beeld hierbo uiteengesit, van die Bantoe-proefpersone verkry word.

- (1) In noue aansluiting by die beeld van aggressiwiteit en 'n onderliggende toon van gewelddadigheid wat hierbo gevind is, is die volgende bevinding van Strating (1964, bl. 391-392):

"As 'n groep moet die Bantoe's as baie aggressief beskou word. Baie Bantoe's is bekend met roof en moord en vertoon dikwels 'n gebrek aan emosionele kontrole. Die ID bars sonder kontrole uit en dade van primitiewe emosionele aggressie word gepleeg, veral in groepsverband. Sy houding van gematigde aggressie kan maklik oorgaan tot een van ongekontroleerde krag van 'n ID-gedomineerde wese. Die impulse word uitgeleef en oordeel en selfkontrole raak verlore deur hierdie instinktiewe impulse."

Vervolgens toon hy aan dat die Bantoe, waar die strewe na hoër onderwys en beter opvoeding bestaan, inderdaad die doel om geld te maak hierin gedagte het en geleerdheid slegs as 'n weg tot die bevrediging van materialistiese behoeftes sien. Dieselfde stelling is elders ook deur De Ridder (1967, bl. 86) gemaak. Dat dit egter nie eksplisiet kermerkend van die Bantoe as sodanig is nie, spreek uit 'n bevinding van Rytina, Form en Pease (1970, bl. 703-716) wat onlangs in die VSA bevind het dat laer inkomstegroep by Blankes sowel as by Negers meer belang stel in geld as die beter besoldigede hulle is as groep hier, ongeag ras, weens hul besondere sosio-ekonomiese posisie wat juis die klem op die onvermoë om in hul lewensbehoefte finansieel so geredelik soos die hoër groepe te voorsien, meer bewus van 'n behoefte aan geld en daarom geneig om geld te sien, net soos Strating (1964, bl. 392) dit by die Bantoe saamvat, as " .... die panacea vir alle maatskaplike en sosiale tekortkomings."

Die behoefte aan geld is dus hier eerder die simptome van die besondere sosio-ekonomiese omstandighede en nie eksplisiet kenmerkend van die Bantoe as fisiologiese tipe nie. Dit is te wyte aan omgewingsfaktore en word as sodanig in die Szondi-beelde gereflekteer.

- (m) Daar is vroeër reeds op die feit gewys dat kompulsiewe gedragshandelinge meer dikwels by die Europese groepe verwag sou kon word as by die plaaslike Bantoe-groep (vergeelyk byvoorbeeld paragraaf 3.8.2 (e)). Verder toon Deri (1949, bl. 140-141) ook aan dat m-geassosieer word met meer maniese gedragsreaksies en dat dit in neurotiese gedrag veral dikwels in die geval van konversie-histerie geld. Beide Szondi-beelde van die Bantoe word onderskryf met die volgende opmerking van Van Dyk (1964, bl. 380-381):

"Betreffende die verskillende neuroses meld medici en psigiaters wat uitgebreide praktyke onder die Bantoe het of minstens deeglike vakkundige ervaring onder hulle opgedien het, dat hul voorkoms - oor die hele breedte van die Bantoe-kultuur gesien - seldsaam is. Die tipiese dwang- of obsessief-kompulsiewe neuroses, wat vir my in menige opsig eie is aan die na-binne-gerigte persoonlikheid, is veral afwesig. Lossen obsessiewe gedagtes oor byvoorbeeld die maag en die ekskreta kom wel voor. Laubscher noem ook nog angstoestande. Hierteenoor meld Loudon dat histerie, eintlik 'n besondere vorm van konversie-histerie, 'n hoë voorkoms het onder die Zoeloes, veral die vrouens." Voorts toon hy aan dat Laubscher onder die Temboe en Fingoe akute histeriese aanvalle, wat met Charcot se sogenaamde Grand Hysteria vergelyk, aantref. Dat dit kenmerkend van primitiewe volke behalwe die Bantoe self sou wees, word hiermee nie ontken nie. Die feit van belang is hier egter dat dit eerstens die Bantoe, ook soos die Szondi-toets aandui, hier van die Blanke onderskei; tweedens, soos Van Dyk (1964, bl. 381) met 'n aanhaling uit die werk van Laubscher self aantoon, gaan dit by die stamme onder bespreking ook veral om 'n besondere vorm van histeriese gedrag wat tipies van emosionele abreaksie is. Blignault (1964, bl. 386) tipeer die kenmerkende histerie van die Zoeloevrou as 'n huilhisterie. Hierdie huilhisterie, bekend as ihabiya onder die Zoeloes, is deur ondersoeker self waargeneem. Deur die Zoeloe word dit toegeskryf aan die feit dat die bepaalde jong vrou wat in die huil- en skreeutoestand van onbeheerbare aard verval, verlief sou wees op 'n jong man wat haar liefde nie beantwoord

nie. Die reaksie kan dus enersyds as 'n vorm van aggressie teen die bepaalde man gesien word, veral omdat die historiese uitbarsting na bewering altyd só plaasvind dat die betrokke man daarvan bewus sou wees. Dit wil dus minstens hipoteties voorkom asof hierdie huilhisterie 'n reaksie op die frustrasie van seksualiteit mag wees en as sodanig 'n seksuele basis mag hê.

- (n) In aansluiting hierby toon Van Dyk (1964, bl. 381) aan dat dit by die Zoeloe veral vry algemeen begin voorkom het, soos Loudon beweer, nadat 'n bepaalde ritus, die Nomkhubulwane, begin uitsterf het. Nomkhubulwane is by die Zoeloe die tradisionele godin van graan, soos Bruwer (1956, bl. 134-135) aandui. Na bewering sou sy die volk oorspronklik geleer het om kafferkring te plant. Sy verskyn in die lente in 'n miskleed op aarde en luisterryke feeste word met haar koms beplan. Een dag van die jaar moet die geslagte ter ere van haar geslagsrolle omruil - terwyl die mans tuis bly, trek die dogters op daardie bepaalde dag soos seuns aan en gaan onder andere as beeswagters uit. Hulle bewapen hulleself dan ook soos mans.
- (o) 'n Verdere verskil tussen die twee plaaslike groepe, is die feit dat Roos se Blanke groep kwantitatief minder P+ response as die plaaslike Bantogroep gee. Hier is dit nodig om daarop te let dat die plaaslike Bantogroep hier nie betekenisvol van die Europese groepe verskil nie en dat die verskil hier ter sprake, dus slegs ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie in die onderhawige ondersoek geld. Dit onderskei die Bantogroep van die plaaslike Blanke groep, soos uit Szondi (1952, bl. 39) se vektoriale ontleding blyk, op grond daarvan dat die Bantogroep meer sogenaamde naakte Kafntipes as die Blanke groep hier te lande insluit. Soos Deri (1949, bl. 110-112) uiteensit, sou dit enersyds 'n groter geneigdheid by die Bantoe impliseer om geakkumuleerde affek ongekontroleerd en ekshibisionisties uit te leef. Dit onderskraag ook die hipotese van meer antisosiale tipes in Bantoegeledere, soos vroeër reeds bevind en bespreek. Hierdie groep word ook as meer "onveantwoordelik" ten opsigte van gedrag getipeer en dit kan hulle betekenisvol minder skeel hoe hulle eie gedrag andere mag raak. Eweneens bevestig dit historiese gedragskenmerke as tiperende reaksies by die Bantogroep.
- (p) Aangesien hierdie verspreiding vorige hipoteses onderskryf en

op soortgelyke wyse uit die literatuur oor die Bantoe verklaar kan word; sal 'n breedvoerige bespreking van hierdie literatuur hier nie weer herhaal word nie. Dit is egter interessant om daarop te let dat Deri (1949, bl. 111-112) beweer dat hierdie konstellasie raar onder neurotisi voorkom, omdat die só strenge superego, wat juis neurotiese toestande as gevolg van oppressiewe skuldgevoelens ten grondslag lê, by hierdie groep ontbreek. Dit kom egter dikwels voor by aggressiewe misdadigers, maniese persoonlikheidstipes en in epileptiese toestande wat deur aanvalle gekenmerk word. Blignault (1964, bl. 386) toon hier juis aan dat die maniese fase van affektiewe verstourings dikwels by die Bantoe voorkom. Van 'n superego in Blank-westerse terme van skuldgevoelens en godsdienssin, vind Strating (1964, bl. 392) by die Bantoe, met sy vele sektes en stamgebonde ongodsdienstige praktyke en verwarring wat uit die akkulturatiewe toestand voortgevoel het, eweneens min bewyse. Nogtans voel Blignault (1964, bl. 386) egter dat psigoneurotiese toestande van allerlei aard taamlik algemeen voorkom onder Bantoes. Dan regverdig hy egter die bestaan hiervan aan die waarneming van 'n groot aantal obsessies en behepthede met die maag, afskeidings en ekskreta, wat deur verskeie geneeshere in Bantoegebiede herken is. Ten slotte gee hy egter toe dat psigoneurotiese toestande selde by die Bantoe in hospitale vir geestessiektes behandel word omdat, so glo hy, fasiliteite vir die Bantoe hier ontbreek. Maar, soos vroeër aangetoon, kon Van Dyk (1964, bl. 380-381) aandui dat die tipiese dwang- of obsessief-kompulsiewe neuroses by die Bantoe veral ontbreek, terwyl die behepthede met die maag, afskeidings en ekskreta vir hom hoofsaaklik neerkom op lossere obsessiewe gedagtes. Hierdie siening sou dus nou kon aansluit by die Szondi-beeld ten opsigte van die aanwesigheid van neurotiese simptome by die Bantoe.

- (q) Die waarneming van epileptiese geneigdhede, gepaard met die reeds aangeduide en bespreekte beeld van histerie, sou hipoteties aansluiting kon vind by die opmerking van Blignault (1964, bl. 386) dat tydelike of verbygaande funksionele verstourings telkens by die Bantoe onder spanning voorkom - en hier het hy akute onttrekkingsreaksies van persone wat met stomheid geslaan word, postuurverwringing,

giggelreaksies, rondkruipery, skeur van klere, wrinering en defekasie, ensovoorts, in-gedagte. Hierdie toestande val vir hom in die middel tussen katatoniese skisofrenie en akute histerie.

3.7.3 'n Verklarende bespreking van die vergelyking tussen die Sch vektorreaksies van Szondi, Roos en Erasmus

(a) Soos vooraf in paragraaf 3.2.3 aangetoon, gee die plaaslike Bantogroep betekenisvol meer Scht-response as beide die groepe van Roos en Szondi. Dit is, soos aangedui, die tipiese primitiewe ego wat in Blank-westerse gemeenskappe kenmerkend van drie-jariges is; dit is 'n dualistiese ego-beeld waarin die id-drange oorheers, word gekenmerk deur antisosiale gedrag, terwyl dit tipies is van diegene wat van die "ou voorwerp" geskei geraak het. Patologies kom dit vry algemeen voor in skisofrenie en in psigotiese depressie.

(b) Soos Blignault (1964, bl. 385-386) aandui, kom alle vorme van skisofrenie by die Bantoe voor en is dit algemeen herkenbaar. Hy toon ook aan dat ondersoekte met Xhosa's in die Oostelike Provinsie aan die lig bring dat akkulturasie waarskynlik daartoe lei dat:

".... die dinamiese kwaliteite van die gewete en skuldgevoelens by geestesversteurde persone minder en minder die vorm aanneem van die hallusinasies wat betrekking het op tradisionele stamgewoontes en meer en meer die vorm aanneem van beskuldigende inhoud - 'n swaai dus weg van die primêre skisofreniese in die rigting van die primêr paranofede gesteldheid."

Die feit dat die superego by die Bantoe waarskynlik minder aktief na buite optree as die id, is alreeds vroeër aangedui; maar die waarneming van akkulturatiewe verskuiwings in die rigting van die Blank-westerse, soos hierbo uit die woorde van Blignault spreek, sou eweneens as verklaring kon dien vir die beeld van 'n skeiding met die ou sekuriteitsbiedende voorwerp wat uit hierdie vektorkonstellasie spreek. Dit is dan ook Blignault (1964, bl. 385) wat elders in dieselfde verband juis waarneem dat die Bantoe inderdaad 'n ontwortelde mens is,

".... onderhevig aan die vernietigende druk van botsende kulture." Maar, sê hy, depressiewe psigose is betreklik skaars onder die Bantoe. Dit blyk vir Van Dyk (1964, bl. 381) verder uit die feit dat

selfmoord betreklik min by die Bantoe voorkom, terwyl manslag meer voorkom. By die Blanke geld presies die omgekeerde, waaruit dan vir hom juis die waarheid spreek dat die Bantoe meer geneig is om sy aggressie na buite te rig, terwyl die Blanke dit weer in 'n groter mate na binne rig. Hy toon aan dat Arieti juis bevind dat manies-depressiewe psigose veral in daardie Westerse lande voorkom waar die na-binne-gerigte kultuur nog oorheersend is; maar hy herinner hom die stelling van Durkheim dat selfmoord (en derhalwe onderliggende depressiwiteit) 'n neiging openbaar om toe te neem waar die tradisionele bindinge, wat 'n gesonde funksionering van die sosiale gebondenheid van die individu verseker, nie meer langer so doeltreffend van aard is nie. 'n Mens sou dus hierby aansluitend wou aflei dat die kulturele ontworteling van die Bantoe in sy beweging van die tradisionele na die Westerse, van die tradisie-gerigte na die na-binne-gerigte kulturele belewenis dus, in analogie met die stelling van Durkheim, tot toenemende depressiwiteit aanleiding sou kon gee.

- (c) Hierdie moontlikheid word deur Van Dyk (1964, bl. 382) self nie uitgesluit nie en hy sê:

"Na mate die Bantoe hom losmaak van sy kultuur sal hy onvermydelik ook besef dat hy basies alleen staan in 'n nog grotendeels vreemde Westerse kultuur. Hierdie aliënasie binne-in 'n wêreld wat oorweldigend kompleks en magtig is, moet 'n verhoogde gevoel van onsekerheid, magteloosheid, vyandigheid, aggressiwiteit en angst in hom opwek .... Langs hierdie weg sal die siektebeelde wat tans by die Bantoe voorkom verander en sal ander heelwaarskynlik ook na vore tree .... Hierdie kulturele verandering - of moet ons liever praat van 'n versnelde akkulturasie - wat reeds tot funeste gevolge vir baie van die Bantoe in die stede gelei het, het 'n gaping in sy kulturele ontwikkeling gebring wat baie bevordelik is vir die ontstaan van die id-beheerde persoonlikheid. Hier het ons met die persoonlikheid te doen waarvan die beheer van die ou kultuur grootliks weggeval het en wat nou, vanweë 'n gebrekkige verinnerliking van die nuwe waardesisteem, aangedryf word deur die impulsiewe primitiewe driflêwe."

Dit is dan ook presies die beeld wat deur hierdie konstellasië voorgestel word: die losgeskeurde persoonlikheid, wat geskei staan van die ou sekuriteitbiedende voorwerp (tradisionele kultuur) en

as gevolg van die onvermoë om die Westerse waardesisteen te verinnerlik, inderdaad "halfweg teen die helling staan."

Dit wek die id-impulse van aggressiwiteit, die antisosiale gedrag waarna reeds vroeër verwys is en is 'n onvermydelike teelaarde vir die depressiwiteit wat uit die Szondi-beeld blyk. Hier word die Bantoe inderdaad in die proses van beweging van die oue na die nuwe uitgebeeld. En soos Van Dyk (1964, bl. 382) aantoon, is die vraag nou wat die Bantoe in die proses van akkulturasie, van hierdie nuwe Westerse kultuur, die ontstaans- en ontwikkelings-geskiedenis waarvan hy nie self deelgenoot was nie, gaan maak ten einde in 'n nuwe omgewing te beweeg wat wel ook ruimte sal bied om uitdrukking aan sy eie behoeftes daarin te gee.

- (d) Ook verskil die plaaslike Bantoe-groep en Szondi se Hongaarse groep soos eweneens in paragraaf 3.2.3 uiteengesit, betekenisvol ten opsigte van die frekwensie waarin Sch— in die vektoriale konstellasië voorkom. Die feit dat die Hongaarse groep noemenswaardig meer response van hierdie aard gee, sou, soos in dieselfde verband aangedui, impliseer dat die Hongaarse groep meer tipiese dril-ego-tipes as die Bantoe-groep insluit. Daar is dus by die Hongaarse groep meer persoonlikheidstipes aanwesig wat daarin geslaag het om die eie ek tot 'n geskeide entiteit van die omgewing te ontwikkel en in die persoonlikheidsamstelling te integreer. Dit is die beeld van die mees gedissiplineerde ego. Die meer "vloei-bare" egobeeld van die Bantoe-groep hierteenoor, sou op sy beurt reeds in so 'n mate aansluit by wat net vooraf gesê is, dat enige bespreking hier slegs op herhaling sou neerkom.

3.7.4 'n Verklarende bespreking van die vergelyking tussen die C vektorreaksies van Szondi, Roos en Erasmus

- (a) Uit paragraaf 3.2.4 blyk dit dat die plaaslike Bantoe-groep in twee gevalle betekenisvol van beide die Hongaarse en plaaslike Blanke groepe verskil, deur naamlik betekenisvol minder Co+ response en meer C+- response as hierdie groepe te gee.
- (b) Daar is dus eerstens minder sogenaamde orale (Co+) tipes in die geledere van die Bantoe-groep as by die ander twee groepe onder bespreking. Dit moet ook in die lig gesien word van 'n swakker assosiasie by die Bantoe-groep met bepaalde kleingroepe, soos die gesin. Die konstellasië C+ daarteenoor, wat meer frekwent by die Bantoe-groep voorkom, sou 'n aanduiding kon wees van meer persoonlikheidstipes wat ná skeiding van die ou sekuriteitsvoorwerp,

op soek is na 'n nuwe voorwerp met dieselfde valensies. Tans staan die groep egter nog kenmerkend relatief "los" van gebondeheid aan 'n ware sekuriteitbiedende voorwerp.

Aggressie, wat gepaard mag gaan met fisiese optrede, spreek ook hieruit. 'n Materialistiese standpunt en 'n pessimistiese lewensuitkyk is kenmerkend. Dit is 'n kenmerkende konstellasië by arbeidersgroepe.

- (c) In 'n baie groot mate sal die verklaring van bogenoemde Szondi-beelde nie soseer op herhaling van vorige besprekings neerkom nie, maar op die bevestiging van reeds gestelde hipoteses ten opsigte van die Bantoe persoonlikheid. Die swakke assosiasie met kleingroepe by die Bantoe, sou eerstens naamlik weer eens aansluiting kon vind by 'n reeds aangehaalde stelling van Van Dyk (1964, bl. 382) dat versnelde akkulturasie veral by die Bantoe in die stede reeds 'n kulturele ontwikkeling tot gevolg gehad het wat baie bevordelik is vir die ontstaan van die id-beheerde persoonlikheid; ook sou dit verder aansluiting by die bevinding van Blignault (1964, bl. 385) dat die Bantoe inderdaad as 'n ontwortelde mens gesien kan word. Verder wys Strating (1964, bl. 391) ook op die id-beheerde persoonlikheid wat by die Bantoe op die voorgrond tree, terwyl hy die bestaan van 'n gevoel van angs en onsekerheid hierby aansluitend beskryf. Hierdie proses van ontworteling, van "versnelde akkulturasie" en die wegbeweeg van die tradisionele na die stedelik-westerse samelewing wat deur die Blanke taal en kultuur gedomineer word, gee dan na alle waarskynlikheid juis uitdrukking aan die Szondi-beeld van 'n swakke assosiasie met die kleingroep, meer bepaald, die gesin. Die ontstamming, ontworteling, verstedeliking, is alles faktore wat die eens sterk verwantskapsbande van die tradisionele samelewing versteur en geweld aandoen, met verwagte patologiese gevolge ten opsigte van persoonlikheidsontwikkeling. Blignault (1964, bl. 385) wys daarop dat die bindende krag van die verwantskapsverhoudinge-~~verswak~~ word, en, voeg hy by: ".... die breë familiegrondslag wat beskerming verleen aan al die lede van die groot familiegroep, en die tradisionele rol wat elke individu in daardie groep speel, verdwyn. Die Bantoe ondergaan 'n essensiële verwestering, maar hy ondergaan dit, veral buite sy tuislande, op die ongunstigste moontlike vlak -

in 'n omgewing wat vir hom vreemd is, tussen mense wat hy nie verstaan nie, sonder die nodige opvoedkundige toerusting, onder die genadelose druk van moordende ekonomiese mededinging, en ontbloot van die salwende seën van 'n lewensidoom en 'n tradisie wat hy ken en verstaan."

- (d) In paragraaf 3.8.3 (a) tot (c) is reeds aandag gegee aan die Szondi-beeld Sch+, wat op 'n dualistiese ego-beeld by die Bantoe-groep dui, iets wat die gevolg sou wees van die skeiding met die "ou voorwerp". Die konstellasië C+, wat hier ook meer frekwent by die Bantoe-groep voorkom, dui dieselfde skeiding aan en kategoriseer die Bantoe as 'n groep in beweging van die ou voorwerp in 'n soeke na 'n nuwe sekuriteitbiedende voorwerp met dieselfde valensies. Die ontworteling van die Bantoe, sy verwestering en onvermoë tot in die huidige stadium om die nuwe wêreld te verinnerlik, word hierdeur bevestig. Soos in paragraaf 3.2.3 (b) (ii) aangedui, is dit ook kenmerkend by groepe wat sekere vorme van historiese gedrag openbaar. Die implikasies hiervan word volledig in paragraaf 3.8.2 (m) bespreek en word dus nie weer hier herhaal nie.

### 3.7.5 'n Verklarende bespreking van die bevolkingsprofiel van die normgroepe van Szondi, Roos en Erasmus

- (a) Paragrafe 3.3.1 (a) tot (f) en 3.3.2 (a) tot (f) het hier betrekking. Eerstens word die Bantoe-groep hier deur die drangklas Sh+ gekenmerk, wat die groep se gedrag aan die hand van kinderlike wreedheid tipeer. Daar bestaan 'n disposisie tot paroksismale gedragshandelinge, waaronder angshisterie, histero-epilepsie, paranoïdiese afwykings en depressies asook paranoïdiese skisofrenie en 'n neiging tot die pleeg van die meer affektiewe misdade. Bignault (1914, bl. 386) vind dat 'n swaai vanaf die meer primêr skisofreniese gedragsafwykings na die primêr paranoïde gesteldhede, ingetree het námate akkulturasie die gevestigde stamtradisies afgetakel en die Bantoe ontwortel het. Historiese gedragshandelinge as kenmerkend van die groep, is omvattend in paragraaf 3.8.2 (m) tot (o) bespreek en daar is veral gewys op sekere vorme van konversie-histerie, byvoorbeeld die tipiese *ihabiya* by Zoeloevroue. In die bespreking van die twee tipiese moordenaarsindrome in paragrafe 3.8.2 (b) tot (d) asook in paragrafe 3.8.2 (h) tot (m), is die voorkoms

van meer affektiewe misdrywe by die Bantoe uiteengesit. Daar kon verder ook aangetoon word dat Van Dyk (1964, bl. 381) 'n waarneming van Loudon kon konstateer waarin bewys gelewer word dat manslag meer dikwels in die geval van die Bantoe voorkom as selfmoord, terwyl die omgekeerde beeld by die Blanke geld; maar, kon verder hier aan die hand van 'n stelling van Durkheim aangevoer word, die verwagting is dat depressiewe simptome by die Bantoe meer op die voorgrond mag tree namate akkulturasie hom vanuit die primêr tradisie-gerigte kultuur na die meer na-binne-gerigte Westerse kultuur meesleur. Die vorige Szondi-beeld, op grond waarvan afgelei kon word dat hierdie verwagte proses waarskynlik reeds aan die gang is, word deur die huidige onderskryf.

- (b) Die kwalitatiewe implikasies van die konstellasies S+- en C+-, is reeds volledig in paragrawe 3.8.1 en 3.8.4 bespreek, en word derhalwe nie hier herhaal nie. Die verskillende simptome-reaksies, soos uitgedruk in die TSG op die bevolkingsprofiel, verdien verdere toeligting. Slegs die plaaslike Bantoe- en Blanke groepe word ten opsigte van hierdie simptome-reaksies vergelyk. Ten opsigte van die 8 faktoriale gebiede, kom verskille in 3 gevalle tussen hierdie groepe voor. Die eerste verskil wat ter sprake is, is in die geval van ky, waar die Bantogroep betekenisvol meer simptomatiess response van hierdie aard as die Blanke groep gee. Soos in paragraaf 3.3.2 (f) aangedui, is daar dus betekenisvol meer histeroïde ekshibisionisme in die gedrag van die Bantogroep waar te neem as by die Blanke groep. Hierdie histeroïde kenmerk is alreeds in vroeëre besprekings opgemerk en verklaar. De Ridder (1961, bl. 96-95) bevind in 'n TAT-onderzoek aan die Rand dat die Bantoe steeds 'n naïewe ekshibisionis bly, met min kontrole oor sy gedrag en 'n openlike, onvolwasse uitlewing van aggressie-impulse. Volgens hom word die Bantoe maklik beïnvloed en tot massa-reaksie van 'n histeriese en ekshibisionistiese aard meegeleer. Sekere vorme van geestesafwyking, wat in 'n mindere of meerdere mate 'n histeroïde inslag en ekshibisionistiese gedragshandelinge impliseer, is verder ook deur Laubscher by die Temboe-stam van die Oostelike Provinsie waargeneem en word deur Landis en Bolles (1957, bl. 327) gerapporteer. Hierdie versteurings staan bekend as ukutwasa en

ukupambana. Hiervan is veral laasgenoemde ernstig van aard en gaan gepaard met ernstige vorme soos komas, verwarring en algemene geestelike aftakeling.

- (c) In die tweede plek gee die plaaslike Blanke groep betekenisvol meer simptomatiese p response as die Bantogroep, wat in paragraaf 3.3.2 (f) reeds gekoppel is aan die feit dat die Blanke groep betekenisvol meer daartoe geneig is om angswekkende id-impulse te represser as die Blanke groep. Dit kom kortliks dus daarop neer dat 'n meer oppressiewe superego by die Blanke groep as by die Bantogroep in werking staan, 'n faktor wat ook reeds vroeër ter sprake gekom en verklaar is. Genoeg om hier weer eens aan 'n aansluitende opmerking van Blignault (1964, bl. 385) in hierdie verband te herinner, te wete:

"Individuele skuldgevoelens (soos wat voorkom by persone wat leef volgens 'n-Westerse na-binne-gerigte tradisie) en wat blootgestel is aan die morele wroegings van die soekende en self-determinerende siel, het dus 'n mindere plek in die psigo-sosio-dinamika van aanpassing by die stamvaste Bantoe."

In hierdie verband wys Stratting (1964, bl. 391-392) dan ook regstreeks daarop dat die superego per Blank-Westerse-definisie hier nie bestaan nie, terwyl die persoonlikheid na buite id-gedomineerd waargeneem word. So is die verhouding tussen die geslagte in die "nuwe" samelewing vry, die begeerte is "Ek wil dit hê daarom vat ek dit", die tipiese "I am the universe"-houding waarop ook reeds vroeër gewys is, sodat seksuele uit-lewing vry algemeen voorkom, tesame met 'n skrikwekkende toename in veneriese siektes en buite-egtelike geboortes.

- (d) In die derde instansie, soos weer eens blyk uit paragraaf 3.3.2 (f), is daar by die Blanke groep van Roos betekenisvol meer simptomatiese d response, wat op die "gesonde" uitlewing van die afhanklikheids- en sekuriteitsbehoefte dui, iets wat eerder drangspanning by die Bantogroep onder bespreking tot gevolg het. Sy behoeftes aan uitlewing, inderdaad aan bevredigende kommunikasie met die eksterne omgewing, bly betekenisvol minder bevredig as by die Blanke.

3. 8 'N VERKLARENDE BESKOUING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK MET ZOELOE-, SOTHO-, VENDA- EN TSONGAPROEFPERSONE.

3. 8. 1 'n Verklarende bespreking van die S vektorreaksies by die vier etniese groepe.

- (a) Dit is opvallend dat die Vendagroep kwantitatief meer S+o response as die Sotho- en Tsongagroepes gee, terwyl dit die Tsongagroep is wat kwalitatief in die bevolkingsprofiel 'n S+o verspreiding as gedragskenmerkend aanneem. Hiervolgens sou die Vendagroep, in vergelyking met die Sotho- en Tsongagroepes, S+o persoonlikheidstipes meer frekwent insluit as die ander groepe; daarteenoor sou S+o 'n kenmerkende gedragskwaliteit van die Tsongagroep wees en op grond van hierdie kwaliteit onder andere differensieerbaar van genoemde groepe wees.
- (b) In die geval van die Tsonga, waar S+o dan 'n gedragskwaliteit is, sou kenmerkende gedrag wat hiermee geassosieer kon word, in die literatuur in verband met die Tsonga gevind moes word. Dit dui op die uitlewing van seksuele aggressie en daarom sou 'n mens die groepe hier wou vergelyk ten opsigte van die sanksie wat hul onderskeie kulture op vrye seksuele uitlewing uitoefen. Junod (1927, bl. 97-98) toon aan dat seksuele voorskrifte in die Tsonga-gemeenskap juis vereis dat die hutte van jongmans en -meisies by die ingang van die stat gebou moet word sodat dit vir die jongmans moontlik is om die meisies snags te besoek. Hy vervolg:
- "When a girl has made her choice, her boy plays with her like husband and wife .... In fact nothing is prohibited in the relations between young people of the two sexes. A married woman is sacred amongst the Tsongas, but an unmarried girl is not."
- In dieselfde verband vergelyk hy hierdie vrye vooregtelike afslagsverkeer by die Tsonga met die seksuele sanksies by die Pedi:
- "Comparing the habits of the Pedis and the Tsongas we observe this strange fact: amongst the Tsongas the unmarried girl is quite free and the married women taboo. Amongst the Pedis it is just the reverse ...."
- (c) Schapera (1939, bl. 180-181) bestudeer die seksuele sanksies in

die Bakgatla-stam van Transvaal en vind dieselfde voor-egtelike vryheid wat deur Junod by die Tsonga gerapporteer word. Hy sê:

"From an early age children are familiar with the nature of copulation, and much of their play consists of games with a definitely sexual character .... Once past the age of puberty, boys and girls indulge freely enough in full sexual relations, and it is taken for granted that by the time they are married they will have acquired personal experience of intercourse."

- (d) Krige (1962, bl. 105-106) wys daarop dat dieselfde nie by die Zoeloe waar is nie. Alhoewel die spel reeds vroeg by kinders seksgekleurd mag wees, mag deflorasie nie voor die huwelik plaasvind nie. Eksterne omgang word ook slegs ná die -goma (Zoeloe-verlowing) toegelaat. Drie maande na die -goma, mag die jongman die ouer dogters wat oor sy geliefde se ouderdomsgroep 'n oog moet hou, nader en met hulle toestemming mag sekere liefkosings tussen hom en sy beminde plaasvind. Maar die -goma word heilig geag en as dit nie op 'n huwelik uitloop nie, mag daar nie vir 'n tweede keer ge-goma word nie. Dogters word geseel deur die ouer vroue ondersoek om te verseker dat deflorasie nie plaasgevind het nie, iets wat ook deur Laubscher (1951, bl. 77-79) by nog 'n subgroep van die Nguni, naamlik by sekere Xhosastamme, waargeneem is. Hier is deflorasie voor die huwelik ook as 'n skande beskou en dit kan selfs die grootte van die lobola beïnvloed.

- (e) Lig word op die Sotho se houding teenoor seksverhoudings voor die huwelik gewerp met die volgende stelling van Ashton (1949, bl. 39-40):

"According to all reports, relations between boys and girls used to be entirely innocent. Premarital intercourse, even in the restricted form of ukumetsha practised by the Zulu, was and still is forbidden. So pure were the youths and maidens of old, it is said, that they might even bathe naked together and yet remain chaste."

Verder, vervolg hy, verseker 'n ginekoloog met veel ervaring onder die Basotho hom dat baie jong Sotho-dogters met puberteit en selfs daarna, nog maagdelik is.

- (f) Die beeld uit bogenoen<sup>1</sup> bespreking verkry, bring dus aan die

lig dat 'n vryer seksuele lewe by die Tsonga as toelaatbare gedragskwaliteit in die gemeenskapslewe erken word.

Dit sluit dus waarskynlik aan by die S+o konstellasie wat as gedragskwaliteit in die Tsonga-bevolkingsprofiel geld.

Die vraag is egter nou: waarom dan die kwantitatiewe beeld by die Vendagroep ten opsigte van S+o? Die hipotese sou wees dat alhoewel seksuele vryhede kwantitatief in die Vendagemeenskap toegelaat mag word, dit nie werklike behoeftebevrediging as gedragskwaliteit verseker nie. Dit sou dus hipoteties neerkom op bepaalde vryhede wat egter met sanksies gepaard gaan.

Van Warmelo (1932, bl. 46-48) toon aan dat daar wel 'n vorm van eksterne geslagsomgang by die Venda voorkom, wat in sekere opsigte minder streng is as die sanksies wat ten opsigte van die ukumetsha by die Zoeloe geld. Dit gaan naamlik nie gepaard met die ukuqoma-gebruik van die Zoeloe nie. Van Warmelo vervolg: "Boys and girls then davhula (have external intercourse ....) in the evenings. The boy says quite openly (to some child that acts as go-between) 'go and call So-and-So to me' and the fathers and mothers know what is going on. If a girl should refuse, they force her into submission ...."

Ondersoeke vir moontlike deflorasie word hier ook periodiek uitgevoer en gedefloreerdes kan aan sekere tekens wat aan hul drag aangebring word, uitgeken word. Elders toon Van Warmelo en Phophi (1948, bl. 191) aan dat maagdelikheid, as sodanig nie hoog geag word nie. Hulle sê:

"What is feared in a deflowered bride, is (the magical contagion of) consumption, or that her seducer perhaps had some other disease, or that abortion was produced by her own family, or by her unknown lover. For this reason they insist that she be cupped."

- (g) Die prosedure is dus meer vry as by die Zoeloe- en Sotho-groepe, maar daar bestaan meer sanksies as in die geval van die Tsonga in dié sin dat deflorasie by die Venda om verskeie redes lievers verhoed moet word. Die bevredigingskwaliteit van die werklike coïtus, wat wel by die Tsonga bestaan, word by die Venda vervang deur die kwantitatiewe reg tot seksontlading, egter in die vorm van eksterne omgang, sodat die werklike gedragskwaliteit van die interne omgang agterweê bly. Dit verklaar

na alle waarskynlikheid die kwantitatiewe voorkoms van S+o by die Venda, terwyl dit 'n kwalitatiewe gedragskenmerk by die Tsonga uitmaak.

3.8.2 'n Verklarende bespreking van die P vektorreaksies by die vier etniese groepe

Geen betekenisvolle verskille kon tussen die etniese groepe ten opsigte van die vektoriale verspreidings in die paroksismale vektor aangedui word nie, sodat geen bepaalde implikasies aan die groepe se verspreidings hier gehag kan word ten opsigte waarvan hulle van die normgroep van die huidige ondersoek onderskei kan word nie.

3.8.3 'n Verklarende bespreking van die Sch vektorreaksies by die vier etniese groepe

- (a) Die Vendagroep verskil hier kwantitatief van die ander etniese groepe in die sin dat hy minder weerspannige ego-tipes (Sch+) insluit. Hiervolgens sou "vredeliewende" individue meer frekwent in die geledere van die Vendagroep as by die ander groepe voorkom. Dit sluit aan by 'n stelling van Stayt, wat deur Smit (1965, bl. 166) aangehaal word. Hiervolgens sou die Venda die laaste etniese groep wees wat weens sy afgeleë landgebied, waar hy inderdaad ook deur berge en klowe van die buitewêreld "afgesny" was, in aanraking met die Blanke en Blank-westerse invloede sou kom. Hy was dus van die groepe in hierdie ondersoek onder bespreking, die laaste wat deur die golf van akkulturasie verswelg sou word. In 'n persoonlike onderhoud wys bogenoemde skrywer verder daarop dat die Venda, van wie hy 'n besondere studie gemaak het, vandag nog die etniese groep is wat die minste deur middel van die stelsel van trekarbeid sy tuisgebied verlaat om hom tot die Blank-westerse stedelike gebiede te wend; te meer verseg hy om hom tot die myne as mynwerker te wend. Weliswaar sou 'n mens hierdie groep dus, minstens in vergelyking met die ander groepe hier onder bespreking, as die mees "ongerepte" groep kon sien. Relatief staan hulle dan ook nader aan die tradisionele kultuur van die Fuisland as die ander groepe. Sy aanraking met die Blanke het derhalwe nog nie dieselfde knelpunte ten opsigte van gedrag geskep as wat die geval by die ander groepe is nie, sodat daar ten opsigte

van die behoeftes van die ego-vektor minstens kwantitatief, dit wil sê, in die frekwensie van voorkoms van weerspannige ego-tipes in Venda-geledere, minder drangspanning in hierdie area bestaan.

- (b) Hierdie ego-beeld van die Venda, sluit later nou aan by die bespreking van die kwalitatief kenmerkende verspreidings S++ in die bevolkingsprofiel van die groep (vergelyk paragraaf 3.9.5 hierna).

3.8.4 'n Verklarende bespreking van die C vektorreaksies by die vier etniese groepe

- (a) Die Zoeloe- en Vendagroepes gee betekenisvol meer C+ response as die Tsongagroep, terwyl die Vendagroep hier ook betekenisvol meer sodanige response gee as die Sothogroep. Hieruit spreek die feit dat die Tsongagroep eensyds minder duidelik op soek is na 'n nuwe sekuriteitsbiedende voorwerp as die ander groepe. Dit is 'n beeld wat noue aansluiting vind by die kwalitatiewe aanname van die verspreiding C++ deur die Tsongagroep in die geval van hul kenmerkende bevolkingsprofiel en derhalwe onder 3.9.5 hiermee saam bespreek sal word.
- (b) Andersyds sou mens uit die feit dat die Vendagroep hier ook betekenisvol meer persoonlikheidstipes insluit wat na 'n nuwe voorwerp soek ná skeiding van die oue, moes aflei dat die Vendagroep verder van hul tradisionele kultuur as die Sothogroep staan. Daar bestaan egter soos aangedui, bewyse dat die Venda eers later as ander etniese groepe, onder andere ook as die Sotho, met Blank-westerse invloede in aanraking was. By die Venda kan hierdie beeld moontlik 'n oorblyfsel wees van vroeëre beïnvloeding deur ander kulture as die Blank-westerse. Lestrade (1932, bl. XXVIII) wys byvoorbeeld daarop dat 'n segment van die Lemba van Vhukalanga die geledere van die Venda veral in resente tye binnegedring het en sigself laat geld deur 'n definitiewe invloed op die Vendakultuur uit te oefen. Verder blyk dit, soos Gayre of Gayre (1967, bl. 3-15) aantoon, dat die Venda hiermee saam ook nog in sy historiese verlede in aanraking met Arabiese elemente was, wat 'n invloed

op sy rassasamestelling sowel as kultuur sou uitoefen.<sup>1)</sup>

3.8.5 'n Verklarende bespreking van die bevolkingsprofiel van die vier etniese groepe

- (a) In die geval van die bevolkingsprofiel van die Zoeloe- en Sothogroepe, word deurgaans kwalitatiewe ooreenstemming met dié van die algemene bevolking gevind, sodat geen onderskeid in die interpretasie vir die Bantoenormgroep en hierdie twee etniese groepe hier gemaak word nie.
- (b) Ten opsigte van die drangklas Sht, wat vir die Bantoenormgroep van hierdie ondersoek geld, toon die Zoeloe-, Venda- en Tsongagroepe geen afwyking van hierdie patroon nie. Die Sothogroep val egter in die drangklas Schp-, wat volgens Szondi (1952, bl. 65) die drangklas van die tipiese histerofde persoonlikheidstipe is. Breedt (1954, bl. 37) bespreek die aard van uitlewing in prysliedere by die Noord-Sotho. Hy sien dit soos volg:

"By 'n groot geleentheid spring die lofsanger ineens op, skreeu miskien die naam van die olifant .... en begin dan met opgewonde gebare al woester en woester die loflied deklameer. Dit is duidelik dat hierdie persoon op 'n stadium kom, waarskynlik deur emosie, verbeelding en oorvolle gemoed, dat hy doodeenvoudig oorloop en nie anders kan as om nou die dinge wat in hom opbruis, mee te deel nie. Dit is asof hy elektries gelaai is en tot elke prys van hierdie lading ontslae wil raak. Hierdie persoon laat hom deur niks van stryk bring nie, sien ook niemand raak behalwe die man wie hy wil prys nie .... Die hele stuk word op 'n hoë toon en baie vinnig voorgedra, sô vinnig dat individuele woorde soms glad nie gehoor en verstaan word in die stortvloed van klanke nie. Die lofsanger word soms so opgewonde dat hy hees word en die skuim voor sy mond staan. Wanneer die lofsang eindig, sak hy miskien uitgeput op die grond neer. Hierdie feite is vir my van die aller-grootste belang omdat ek nie met sekere skrywers wat beweer

...../218 dat

<sup>1)</sup> Bogenoemde verklaring is egter nie sonder gebreke nie en moet as hoogs tentatief in die afwesigheid van enige voor die hand liggende verklaring vir hierdie verskynsel beskou word.

dat elke Sotho 'n "prysliedkunstenaar" is, kan saamstem nie .... As ons nou ons definisie, naamlik .... 'a vent for overcharged or full imagination', in verband met die pryslied bring, dan val daar heelwat meer lig op die saak."

- (c) Ashton (1949, bl. 93-94) wys verder daarop dat feeste en seremonies by die Basotho deur hulle geniet word, nie slegs om die materiële aspek nie, maar om sosiale redes; ook nie omdat dit die eentonige roetine verbreek nie, maar omdat dit kans vir vertoon deur byvoorbeeld die kleredrag, wat soms uitspattig kan wees, bied. Baie word dan gepraat, selfs al is die gedrag by sommige feeste en seremonies soms gedemp en statig. Na die gebruik van drank, sal die emosies (en soms selfs overt van aard) oorloop. Die historiese inslag van die uitlewing deur middel van die pryslied en ook in gesprek en vertoon op feeste en seremonies, spreek uit bogenoemde voorbeelde van self en het geen verdere toeligting nodig nie.
- (d) Aangesien die kwalitatiewe verspreiding S+o in die geval van die Tsongagroep vroeër aan die hand van 'n soortgelyke kwantitatiewe beeld by die Vendagroep bespreek is, word geen verdere aandag hier daaraan gewy nie.
- (e) In twee gevalle wyk die Vendagroep kwalitatief in die bevolkingsprofiel van dié van die Bantoenormgroep van hierdie ondersoek af. Dit is opvallend dat hierdie groep, alhoewel ooreenkomste tussen hom en die Bantogroep steeds hoër bly as wat die geval was by die Bantoenormgroep in vergelyking met die Blanke normgroepe van ander ondersoeke, die groep is wat die meeste betekenisvolle afwykings toon. Daar kon reeds op die feit gewys word dat hy relatief later in aanraking met die Blanke en derhalwe onder Blank-westerse beïnvloeding as die ander groepe gekom het. Hierdie feit gee besondere implikasies aan die konstellasie S++, wat, soos aangetoon, op 'n meer manlike en gesonde seksvektorale beeld by die Vendagroep dui. Soos vroeër aangedui, het Seward (1956, bl. 134-136) aangetoon dat dieselfde vroulike beeld wat uit die deurgaans geldende S+ by die meeste Bantogroepe van hierdie ondersoek blyk, met TAT-ondersoeke by die Amerikaanse Neger gevind is. Die verklaring wat sy daaraan geheg het, is dat die Negerman in die Blankwesters gedomineerde Amerikaanse kultuur gebuk gaan

onder die Blanke oorheersers se diskriminerende houding teenoor die Neger en derhalwe dieselfde minderheidsposisie as die vrou in die gemeenskapse innem. Daar is ook op gewys dat Szondi dieselfde S+ verspreiding by Amerikaanse Negerse gevind het, wat hierdie meer feministiese persoonlikheidsenskappe onderskryf. Soos aangetoon in paragraaf 3.9.3 (a), het die Venda egter relatief later onder Blanke invloed gekom en het hy relatief langer in sy tuisland as die ander groepe gebly, terwyl hy verder ook relatief minder deelname in trekarbeid toon. Sy blootstelling aan akkulturatiewe druk en direkte diskriminasie van die kant van die Blanke oorheersers, is dus relatief minder intensief van aard. Daarom bestaan die S++ beeld, kenmerkend van die "nie-gekaastreerde" man, steeds by hom. Dit vind noue aansluiting by die minder weerspannige ego-beeld wat uit minder S++ frekwensies in sy vektoriale konstellasië blyk en derhalwe minder spanning in hierdie area as by die ander etniese groepe aandui. Dit is kortliks die beeld van die relatief "ongeskonde" ego wat nie die druk van botsende belange so intens beleef soos die ander groepe nie en sluit dus aan by die beskouing dat hierdie groep se besondere situatiewe omstandighede vir hierdie beelde verantwoordelik sou wees.

- (f) 'n Verdere interpretasie ten opsigte van S++ sou nie noodwendig as alternatief gesien hoef te word nie; eerder sou dit moontlik bydraend van aard en gesamentlik-funksionerend kon wees in die daarstelling van hierdie gedragskwaliteit by die Vendagroep. Soos aangetoon, druk die faktore h en s binne die seksvektorale gebied respektiewelik juis die vroulike affeksionaliteitsbehoeftes teenoor die aggressiwiteitsbehoeftes van die man uit. Daar sou bespiegel kon word dat die emansipasie van die vrou in die Bantogemeenskap lank nog nie dieselfde afmetings as by Blanke gemeenskappe aangeneem het nie. Trouens, Lee (1950, bl. 186) neem juis by 'n stedelike Bantogroep die feit waar dat die vrou steeds afhanklik van die man in die Bantoesameling voel en sy outoriteit aanvaar. Die redenasie kan nou gevoer word dat die Bantoesameling in menige opsig nie in sy samelewingsverband die sosiale rolle van die twee geslagte as ineengeweeft en met dieselfde vryheid tot ekspressie aanvaar nie. Dit blyk veral

uit die hoofsaaklik patriargale oriëntering van die Suid-Bantoe. Hierdie sterk sanksionele onderskeiding in geslagsrolle geld egter nie in dieselfde mate in die Vendagemeenskap nie.

Lestrade (1932, bl. VI-VII) som dit só op:

"As in other tribes also, women may inherit property in their own right, not only when it has been specifically given to them by their fathers, but also in the admittedly recondite but nevertheless existing cases where there is a total absence of male inheritors to the property of a particular house. But the Venda tribes go further than this; for while among other tribes, with the exception of a few anomalous cases like that of the VhaLovhedu and their chieftainess Modjadji, women cannot succeed to chieftainships or even petty chieftainships or headmanships, among the Venda peoples women do so succeed quite regularly, and not merely in the absence of male successors. A chief may appoint one of his sisters as nduna or mukoma (she is of course born a gota) over some village or even district. And there are cases where a whole line of successors to these particular ndunaships or mukomaships is confined to females."

Hy toon verder aan dat daar te Phephidi 'n mukomaskap bestaan wat alleenlik tot 'n vrou mag vererf, omdat, so word geglo, die bepaalde voorvaderlike gees wat oor die gebied waak, 'n vroulike een sou wees.

- (g) In die Vendagemeenskap bestaan daar dus in 'n groter mate "integrasië" van die geslagsrolle, sodat manlikes sowel as vroulikes in sosiale posisies van belang kan staan. Die sosiale rolle is as gevolg hiervan nie so duidelik ten opsigte van die geslagte geskei soos in die geval van die ander drie etniese groepe onder bespreking nie. Hierdie uiterlike waarneming van 'n integrasië in sosiale diensbaarheid van die twee geslagte in die gemeenskap, sou hipoteties 'n introjeksië daarvan in die eie persoonlikheidsstelsel moontlik kon maak, sodat S++ by die Vendagroep dus juis ook uitdrukking gee aan hierdie beter innerlike integrasië van die manlike en vroulike behoeftes - en dan juis, soos reeds gesê, omdat dit by die Venda in 'n meerdere mate as by die ander groepe so in die daaglikse samelewing waargeneem kan word.
- (h) Kwalitatief verskil die Tsongagroep hier van die ander groepe

deur die aanname van die verspreiding C++ in die geval van die sirkulêre vektor op die bevolkingsprofiel. (Hy verskil hier ook van die Vendagroep deur meer C++ frekwensies in die kwantitatiewe sin te gee, maar omdat dit dieselfde implikasies inhoud as wat kwalitatief hier ter sprake kom, egter slegs in die kwantitatiewe verband, word daar nie afsonderlik aandag hieraan gegee nie).

- (i) Soos aangedui, is dit die beeld van 'n gelyktydige kleeftaan twee sekuriteitsbiedende voorwerpe. Hipoteties in die proses van akkulturasie kan S+- dus as 'n "meer resente" situasie in akkulturasie gesien word as S++. Die hipotese hier sou dus kon wees dat S++ inderdaad S+- voorafgaan en daardie stadium verteenwoordig waar akkulturasie die individu nog nie totaal uit die tradisionele stamkultuur ontwortel het nie, alhoewel die akkulturatiewe invloed van die dominerende kultuur sigself alreeds laat geld - daarom die klou aan twee "voorwerpe". Die afleiding hieruit sou dus wees dat die Tsongagroep waarskynlik relatief later as die ander groepe onder beïnvloeding gekom het. As die feit dat hy, net soos die Venda, inderdaad in 'n gebied woon waar hy lank geïsoleerd van die Blanke gestaan het in ag geneem word, dan wil dit blyk of daar wel gronde vir so 'n stelling mag bestaan. Die kerngedagte is dus dat C++ hier by die Tsonga as 'n voorstadium tot die kenmerkende C+ gesien word, wat dan die finale skeiding en soek na 'n nuwe sekuriteitsbiedende voorwerp sou aandui.
- (j) Inderdaad is dit nodig om ten slotte daarop te wys dat die feit dat C+ by die meeste groepe só duidelik uitdrukking gee aan die Bantoe se akkulturatiewe beweging (en inderdaad ontworteling en verwarring, gepaard met 'n tussenfase waarin 'n eie identiteit as deel van die stadium van chaos in die proses van akkulturasie, minstens tydelik verlore gegaan het), waarskynlik die belangrikste uitvloeisel van die huidige ondersoek se bevindings is. Dit gee kortliks uitdrukking aan die persoonlikheid van die Bantoe in 'n tyd van krisis.

## HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING EN SLOTSOM

## 4.1 INLEIDING

4.1.1 In Hoofstuk 1 is daar by wyse van 'n oriënterende voorarbeid aandag gegee aan die sosiologiese, biososiale, volkekundige en sielkundige sienings van persoonlikheid; verder aan die relatiewe bydraes van erflikheid en omgewing tot persoonlikheid, terwyl die begrippe ras, volk en kultuur hierby aansluitend bespreek is. Dit was veral noodsaaklik om hierop in te gaan; ter aansluiting by die doel van die ondersoek om 'n studie van die persoonlikheid van die Suid-Afrikaanse Bantoe te onderneem aan die hand van die Analitiese Sielkunde van Szondi. Die keuse van die toets het juis op grond van Szondi se veronderstelling, dat dit tussen die erflike en die situatiewe kan onderskei berus, veral waar die studie van Bantoe persoonlikheid die aspekte van ras en kultuur as veranderlikes in onderskeid met die Blanke ter sprake bring. In aansluiting hierby is ten slotte ingegaan op die teorie van Szondi en op die vraag of daar wel sprake van Bantoe persoonlikheid kan wees. Vorige navorsing in hierdie verband is ook bespreek.

4.1.2 In Hoofstuk 2 het dit veral gegaan om die proefpersone, die veldwerk en die toets van Szondi as metode in die Sielkunde. Die prosedure van die huidige ondersoek is eweneens uiteengesit.

4.1.3 In Hoofstuk 3 is die resultate van die onderhawige studie weergegee. Ten slotte laat dit dan nog die taak om 'n waardering van die Szondi-prosedure te gee, tesame met 'n finale evaluering van die bevindinge van die huidige ondersoek, terwyl 'n aanduiding van verdere aspekte wat navorsing vereis, in die finale instansie voorgestel sal word.

## 4.2 WAARDERING VAN DIE SZONDI-TEORIE EN -TOETS

4.2.1 Die problematiese in Szondi se teorie is juis geleë in die aanvaarding van 'n genetiese basis as grondslag tot die persoonlikheid en daarby aansluitende die aanname dat sy toets of drangdiagnostiese eksperiment juis dié aspek van persoonlikheid kan blootlê. Dis opvallend dat Szondi in sy eerste werke wel die suiwer funksionele uitgangspunt van Freud en Jung ter aansluiting by sy eie teorie van aangebore drangbehoefte erken. Die probleem hier is dat hy dan die ver-

onderstelling daarop nahou dat nie Freud of Jung nie, maar hý die basiese boustene of radikale van die persoonlikheid in sy teorie weergee. Die erflike is dan die basies-gegewe en beperk die persoonlike potensialiteite wat situatief tot ontplooiing sou kon kom. Daar is dus wel 'n erkenning van die situatiewe veroorsaaking in sy standpunt geleë, met dié pertinente veronderstelling egter dat in die omgewing slegs dit wat erflik-gegewe is, tot ontplooiing kan kom. Wat dan nie erflik-gegewe is nie, kan nie tot stand kom nie, eksplisiet as gevolg van omgewingsfaktore. Dit wil egter, veral in die lig van huidige kennis in verband met die relatiewe bydraes van erflikheid en omgewing tot persoonlikheidsvorming, voorkom asof die standpunt radikaal en aanvegbaar is.

4.2.2 Die lotsbeslissinge van die individu word volgens Szondi deur die ouers langs genetiese weg by konsepsie oorgedra sodat die latente of resessiewe gene inderdaad nie rustend is nie, maar wel 'n dinamiese rol speel om persoonlikheidsontwikkeling binne sekere grense te beperk. Hierdie erflike beslissing is vir hom kenmerkend in families en na bewering bewys hy dit met 'n studie van familiegroepe met sy drangdiagnostiese eksperiment.

4.2.3 Die wesenlike probleem lê hier egter in die stelling van Szondi dat sy toets en teorie nie van mekaar te skei is nie en dat die een inderdaad nie sonder die ander bestaan nie. Wie dan die toets in geldigheidstudies los van die teorie beskou, word sonder meer deur Szondi en sy volgelinge met bogenoemde beswaar afgemaak. Feit bly egter dat Szondi met so 'n stelling die neiging toon om sy teorie byna tot geloof te verhef sodat hy wat nie die teorie aanvaar nie, by voorbaat reeds op 'n dwaalspoor verkeer. Indien die geloof in die teorie egter dan wel bestaan, bestaan daar reeds sekere basiese aannames (waaroor daar dan nie geredeneer word nie, hoe aanvegbaar dit ook al mag voorkom) en is dit gevolglik nie moeilik nê om te bevind dat die toets wel die erflikbepaalde drangbehoefte meet. Dit is hiér waar die kern van die beswaar teen die metode van Szondi lê. Die aannames wat as "korrek" vanuit die teorie aanvaar word, is juis aannames wat nóg meer lig werp op die huidige erflikheids/omgewingstryd-vraag, nóg voldoende antwoorde gee wat 'n sodanige erflikbiologiese benadering tot persoonlikheid regverdig.

- 4.2.4 Waar Szondi aanvanklik die toets voorhou as 'n instrument wat (duidelik) tussen die erflike en situatiewe in gemeenskapstudies sou kon onderskei, neem hy later juis teenoor Webb (1959, bl. 207-208) 'n versigtiger standpunt in met betrekking tot persoonlikheidsstudies met Negergroepe. Die kenmerkende en ooreenstemmende S+ konstellasie wat ondersoekers tussen Kongo- en Amerikaanse Negers aandui (terwyl Blanke groepe in die reël S++ toon) sou geredelik in die lig van die aanvanklike sterk hereditetstandpunt aan erflikheid gewyt kon word; daar sou selfs sprake kon wees van 'n dramatiese illustrasie van hierdie veronderstelling. Maar, sê Szondi self nou, dit is 'n duidelike bewys van die sterk houvas wat kulturele agtergrond op persoonlikheid het en wel in so 'n mate dat die Amerikaanse Neger na jare en eeue se skeiding van sy Afrika-kultuur steeds in sy persoonlikheid "survivals" of oorblyfsels van die houvas daarvan toon! Hierdie stelling sou as 'n aanduiding geneem kon word dat Szondi self later na alle waarskynlikheid die aanvegbaarheid van sy erflik-biologiese radikalisme begin insien het.
- 4.2.5 Waar gesigte op die foto's van die drangdiagnostiese eksperiment juis die radikale van die hele toetstechniek uitmaak, is dit kwalik te begrype waarom dit juis die proefpersoon sou prikkel tot dranggebonde projeksies. Sou kaart 1 van die TAT, waar die seuntjie met die viool sit, dan nie ook in dieselfde sin drangdiagnostiese implikasies kon verkry nie? Gesigsuitdrukking kan tog as kulturele tekens onderskei word wat sekere situatiefgebonde emosies by die waarnemer laat ontstaan, op grond waarvan hy dus gevoelens van antipatie of simpatie sou kon ondervind wat juis sou kon lei tot 'n situatiefgedomineerde keusehandeling soos dié wat basies aan die Szondi-prosedure voorgestel word. Dit is hierop wat daar geen duidelike uitsluitel vanuit die Szondi-kamp voorgestel word nie.
- Die veronderstelling is bloot dat drangdiagnostiese valensies die keuse beïnvloed, sonder om te sê waarom die erflike veroorsaking in hierdie toets 'n rol sal speel, terwyl dit in die geval van ander projeksietegnieke, soos byvoorbeeld die TAT, oënskynlik juis die situatiewe is wat die response beïnvloed.
- 4.2.6 Die vraag ontstaan dus nou: in watter mate slaag die Szondi-toets daarin om 'n geldige persoonlikheidsbeeld van die Suid-

Afrikaanse Bantoe te gee? En hieruit voortvloeiende: in watter mate sou hierdie beeld werklik diagnosties van aard wees? En verder: in watter mate sou hierdie beeld juis situatief verklaar kon word? Dit sou 'n nadere bespreking van die persoonlikheidsbeelde met die huidige ondersoek verkry, vereis.

4.3 'N INTEGRASIE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSBEELDE VAN DIE BANTOE AAN DIE HAND VAN DIE HUIDIGE EKSPERIMENT

4.3.1 Die seksvektor

- (a) Die opvallende seksvektorale konstellasie is by die Bantoe-normgroep, die mans- en vrouegroepe, die Zoeloe- en Sothogroepe S+, wat kwalitatief die basiese posisie in die bevolkingsprofiel van hierdie groepe inneem. By die Venda-groep is die ooreenstemmende dominante kwalitatiewe kenmerk S++, terwyl dit by die Tsongagroep S+o is.
- (b) Die kenmerkende S+ konstellasie geld dus as die dominante persoonlikheidsbeeld by die meeste Bantoe-groepe van die onderhawige studie. Dit het die implikasie dat dit drang-kenmerkend van die groepe as geheel is. Dit is in die diagnostiese sin betekenisvol as kenmerkend van die meer feministiese persoonlikheid met 'n swak integrasie van die manlike behoeftes aan aggressiwiteit en die vroulike behoeftes aan affeksionaliteit.
- (c) Soos aangetoon, sêter Webb dieselfde tipiese konstellasie by Kongo- sowel as Amerikaanse Negers, iets wat Szondi situatief wys aan die volharding van kulturele "survivals" by die Amerikaanse Neger.
- (d) Hierdie swak integrasie van manlike en vroulike eienskappe in die persoonlikheidsamstelling, sou onder meer kon spreek uit 'n duidelike verdeling in geslagsrolle in die Bantoe-gemeenskap, met 'n beklemtoning van die gesegregeerde take van die geslagte, iets wat deur Herskovits (1958, bl. 148-149) gerapporteer word. Ook Hoernle (1958, bl. 221-246) beklemtoon dat alle sosiale aangeleenthede by die sogenaamde natuurvolkere juis geslagspesialisasie as uitstaande kenmerk vertoon. By die Zoeloe word hierdie geslagspesialisasie, soos vroeër bespreek, inderdaad selfs tot 'n rite verhef in die tradisionele gebruike wat met die Nomkhubulwane-verskynsel gepaard gaan.
- (e) Die situatiewe agtergrond wat hierdie kenmerkende persoonlikheidsbeeld ten grondslag lê, word met bogenoemde voorbeelde

geïllustreer. Dit bring mee dat hierdie Szondi-beeld derhalwe geredelik aan die hand van hierdie kultuurkenmerkende verskynsels verklaar kan word, enersyds, en dat dit andersyds juis as die grondslag beskou kan word wat hierdie groepe van die kenmerkende S++ konstellasië van die Blanke groepe van Szondi, Yarritu en Roos onderskei, laasgenoemde met 'n duideliker kultuurkenmerkende integrasie van die geslagsrolle.

- (f) Die tipiese Venda-konstellasië van S++ sluit enersyds aan by genoemde Blanke groepe en andersyds sou dit aansluiting vind by die stelling van Lestrade (1932, bl. VI-VII) dat vroulike status by die Venda van groter belang is as by die meeste ander etniese groepe onder die Suid-Afrikaanse Bantoe met sy dominante patriargale ingesteldheid. Hier word onder meer gedink aan die aangeduide mukomaskapstelsel. So word dit moontlik vir die vrou om selfs 'n outoritêre posisie in die Vendagemeenskap in te neem. Dit sou juis kon dui op 'n psigologies beter "integrasie" van die geslagsrolle by hierdie groep, sodat hierdie beeld eweneens situatiewe implikasies sou kon verkry.
- (g) Die Tsongagroep met sy tipiese S+o konstellasië, dui op 'n vryer uitlewing van seksualiteit, iets wat juis as kenmerkend by hierdie groep deur Junod opgemerk word.
- (h) Die opvallende verskynsel is dat die seksvektorale konstellasië van die groepe kwalitatief sowel as kwantitatief kan verskil, nieteenstaande hul ooreenstemmende rassekenmerke, namate kulturele verskille tussen groepe sodanige beeldverskille skyn te regverdig. Hierdeur word die situatiewe verklaring van die Szondi-beelde eksperimenteel bevestig.

#### 4.3.2 Die paroksismale vektor

- (a) Die P-- konstellasië, kenmerkend van die Zoeloe-, Sotho- en Tsongagroepe, sluit ten opsigte van die kenmerkende bevolkingsprofiële kwalitatief by dié van Szondi en Roos se Blanke groepe aan. By die groep Bantoe mans is die kenmerkende konstellasië P-o, terwyl dit by die groep Bantoe vroue en die Vendagroep P+ is.
- (b) Bloot vektoriaal gesproke sou die P-- konstellasië by sekere Bantoe groepe, daarop dui dat hier geen erflike óf situatiewe implikasies kan wees wat die groepe van dié van Szondi en Roos sou onderskei nie. By al hierdie groepe sou dit op die akkumulasië van wrede affek tot 'n gereedheid vir uitbarsting

dui, wat onmiddellik dié vraag laat ontstaan watter meganismes tot kontrole van die toestand bestaan.

- (c) Soos aangedui in die paragrawe onder 3.4.2, verkry dit egter sindromatiese betekenis by die Bantoe, deurdadig gepaard gaan met sekere tipiese faktoriale konstellasies uit die ander vektoriale gebiede wat op 'n gebrek aan kontrole oor hierdie paroksismale impulse dui. By die Blanke groepe geld hier sekere sindromatiese afweermeganismes wat kontrole verseker. Die tipiese sindrome van die affektiewe en diefstalmoordenaars, spreek uit die Szondi-beelde met betrekking tot hierdie Bantoe-groepe. Veral die e-faktoriale konstellasie gepaard met p-, k- en m- is hier van belang. 'n Bestudering van die jongste misdaadsyfers in Suid-Afrika (1968, bl. G1-G6) bring aan die lig dat die Bantoe juis ten opsigte van die gewelddadige tipe misdade die Blanke oortref, alhoewel die Bantoe op sy beurt hierin deur die Kleurling oortref word. Die gevaar bestaan dat so 'n betrekking van die misdaadsyfer op 'n veralgemening mag neerkom, maar niesteenstaande hierdie gevaar sou dit minstens 'n verklaring kon wees vir die betrokke Szondi-beelde. Die bestaan van 'n gereedheidstoestand in die Blank-westers gedomineerde Suid-Afrikaanse gemeenskap waar statutêre diskriminasie teen die Bantoe lei tot 'n swak verantwoordelikeheidsgevoel en pligsbesef, word tog onder meer duidelik deur Blignault, soos aangetoon, aangedui. Sy onvermoë tot volle uitdrukking in hierdie "vreemde" ongewing sou dan maklik aanklank kon vind in antisosiale en asosiale gedragshandelinge. Hieruit sou dan blyk dat die situatiewe omstandighede wat die ongekontroleerde wrede affek sou kon verklaar, juis meer duidelik op die voorgrond tree as enige moontlike herediteitsfaktor wat onderliggend aan dié gedragsvorme sou kon wees.

- (d) Die P-o konstellasie van die Bantoemans sou volgens Szondi kenmerkend kon wees van die bestaan van meer aggressie en paranoïdiese vrese by hierdie groep. In die situatiewe verband vind De Ridder (1961, bl. 86) dit juis ook sterk aanwesig in die dierlike primitiwiteit waarmee die Bantoeman die Bantoe-vrou seksueel benader. Die vrylike uitlewing van libidonale energie met aggressie, soos uit hierdie Szondi-beeld met betrekking tot die man blyk, spreek ook uit die waarneming van

Strating (1964, bl. 391-392) dat die beheersing van die seksdrang veral by die stedelike Bantoe selde geld. Die paranofidiese element word verder waarskynlik juis deur Du Preez (1962, bl. 65-185) geïllustreer wanneer hy bevind dat diffuse ang wat die innerlike stabiliteit bedreig uit 'n Rorschach-ondersoek met Bantoearbeiders spreek. Dit sou verder aansluiting vind by 'n kenmerkend patriargaal-gedomineerde gemeenskap. Te meer bevestig dit die algemeen kenmerkende verskynsel wat Rainwater (1956, bl. 3-86) juis met die Szondi stipuleer, dat daar naamlik uit 'n vergelyking van (Blanke) skoolkinders meer aggressie by die seuns as by die dogters waargeneem word. Daarmee gepaard gaan die situatiewe verskynsel wat juis by al hierdie onderhawige kultuurgroepe geld, dat die man as die meer aggressiewe wat in die gemeenskap aanvaar word.

- (e) Seward (1956, bl. 173) toon aan dat geslagsverskille in die gemeenskap juis met subkulturele verskille gepaard gaan. Sy wys daarop dat De Beauvoir só ver gaan om te beweer dat die twee geslagte aan verskillende kaste-groepe behoort. Krech et al. (1962, bl. 282-283) toon op hul beurt aan dat Margaret Mead in 1949 daarop gewys het dat die ondervinding van die twee geslagte in dieselfde kulturele verband nogtans só uiteenlopend van aard kan wees dat die geslagte totaal verskillende emosionele betekenis aan essensiële woorde (soos moeder, liefde en huwelik) heg. Die gevolg is dat emosionele kommunikasie tussen die geslagte dikwels hierdeur bemoeilik word.
- (f) Hierteenoor word 'n P-+ beeld by die Bantoevroue- en Venda-groepe aangetref. Dit bring die gedragskwaliteit van die sogenaamde tipiese Kafn aan die lig.
- (g) Van Dyk (1964, bl. 381) toon onder meer aan dat Laubscher akute historiese toestande by die Temboe-vrou waarneem. Dit gaan gepaard met 'n huilhisterie waarin die jong Bantoe-meisie 'n bepaalde man kan beskuldig dat hy haar met affeksie getoor het. Dit sou juis aansluit by die waarneming van Deri dat hierdie vektoriale konstellasië tipies is van die egoïstiese "go-getter" sonder bekommernis van hoe sy gedrag andere raak. Die klem val op ekshibisionistiese gedrag van 'n maniese aard, gepaard met impulsiewe motoriese opwindings wat kenmerkend sou kon wees van die uiteengesette vorm van huilhisterie. Dit kom

selde voor in psigoneurose, maar is kenmerkend van asosiale, histeroïede persoonlikheidstipes, wat weer sou aansluit by die waarneming van Van Dyk (1964, bl. 380-381) dat neurose selde by die Bantoe voorkom; verder sluit dit aan by 'n soortgelyke huilhistorie wat ook by ander Bantoe-groepe onder die vroue gerapporteer word, soos byvoorbeeld onder meer by Blignault (1964, bl. 386) onder Zoeloevroue van Natal beskryf.

- (h) 'n Verklaring vir die bestaan van 'n soortgelyke beeld by die Vendagroep, kom egter vir die huidige minder duidelik voor, sodat dit nóg situatief, nóg erflik bevestig sou kon word. Die bestaan daarvan by die vrouegroep as 'n kenmerk wat vanuit kulturele tendense verklaar kan word, koppel dit egter juis vir die vrouegroep aan die situatiewe werklikheid.

#### 4.3.3 Die egovektor

- (a) Die beeld wat deurgaans in die bevolkingsprofiele van die Bantoe-groepe geld, is Sch—. As sodanig staan die groepe dus nie te onderskei van genoemde Blanke groepe nie. Dit bring mee dat hierdie beeld nie bydra tot 'n kwalitatiewe onderskeid tussen groepe nie.
- (b) Kwantitatiewe implikasies kom egter aan die lig wanneer dit blyk dat die Bantoe-groepe in 8 uit 9 gevalle betekenisvol minder response van hierdie aard as Roos se plaaslike Blankes gee. Dit impliseer dat daar in die Bantoe-groepe betekenisvol minder individue voorkom met die tipiese drilego-persoonlikheid as by Roos se Blankes. Die implikasies hiervan is situatief daarin geleë dat dit op gedissiplineerde gedrag in die groep dui, wat aansluit by 'n opmerking van Van Dyk (1964, bl. 381) dat die kenmerkende sterk ontlading van libidonale energie in die Bantoesamelewing dikwels ".....'n publieke en soms gefnstitutionaliseerde sanksie dra..." Dieselfde gedissiplineerdheid word deur Schapera (1956, bl. 197) onder meer met seremonies wat betrekking op die inisiasieprosedure het gerapporteer. Die dissiplinêre belang van kulturele sanksies by die Bantoe word dan ook deur Herskovits (1958, bl. 425) waargeneem.
- (c) Die permissiewe en minder permissiewe gemeenskappe spreek waarskynlik ook uit hierdie beeld. Dittmer (1962, bl. 78-85) en Mühlmann (1968, bl. 170-172) neem juis die ontwikkeling van die gedissiplineerde persoonlikheid in die sogenaamde natuurvolkere waar as 'n verskynsel van die klem op gefnstitutionaliseerde

sionaliseerde sanksies en waardes. Hierdie beeld word by die Bantogroepe eksplisiet bevestig deur die feit dat Sch-kwalitatief sowel as kwantitatief in die bevolkingsprofiel 'n eerste posisie inneem. Dit het derhalwe sowel horisontale as vertikale betekenis in die groep.

- (d) Dit is verder opvallend dat hierdie beeld ook in die geval van die plaaslike Blanke groep nie betekenisvolle afwyk van dié van die Bantogroep nie; maar soos ook in die geval van die Bantogroepe, wyk dit wel betekenisvol af van dié van die ander twee Europese groepe. Hieruit sou moontlik die beste aanduiding spreek vir 'n stelling dat ons moet onderskei tussen situasies waar die gemeenskap terwille van die individu en situasies waar die individu terwille van die gemeenskap bestaan. Daar sou waarskynlik beweer kon word dat die permissiewe gedagte eweneens in die Suid-Afrikaanse Blank-westerse samelewing met veel minder vrug as elders in die Weste posgevat het. In 'n tydvak waarin dit gaan om internasionalisme, om 'n sogenaamde wêreldregering en 'n gemeenskap (suiwer) terwille van die individu en om die dogma van die sogenaamde massamens hiermee saam wat dan oor die grense van volk, nasie en ras sou kon reik en dink, gaan dit in 'n mindere of meerdere mate in Suid-Afrika egter steeds nog om die grense van volkere, van "a people" in sy nasionale verband. Die massamens wat in 'n sogenaamde internasionale gemeenskap op die voorgrond sou tree as individu sonder bepaalde en onderskeidende kulturele bindinge of nasionale gebondenhede wat hom sanksioneel sou inperk, is dus die dogmatiese produk van die tipiese gemeenskap-terwille-van-die-individu-situasie, terwyl dit in Suid-Afrika juis gaan om die grense van nasionalisme met sy individu-terwille-van-die-gemeenskap-implikasies en -oorweginge. In hierdie onderskeidende lewenshouding vind die feit dat die individualistiese mens ook by die plaaslike Blanke minder in die Szondi-profiel beklemtoon word, waarskynlik gestalte.

#### 4.3.4 Die sirkulêre vektor

- (a) Die kwalitatiefgeldende sirkulêre beeld vir al die Bantogroepe is C+, wat as onderskeid dien met die Co+ konstellasie van die verskillende Blanke groepe van Szondi, Yarritu en Roos.
- (b) Dit kwalifiseer die Bantogroepe as staande in skeiding van

die oorspronklike sekuriteitbiedende (primêre) voorwerp, op soek na 'n nuwe (primêre) voorwerp met dieselfde sekuriteitbiedende valensies. Om verskeie redes kan dit as die mees dramatiese en betekenisvolle bevinding van die huidige ondersoek beskou word. Eerstens kan die waarheid van 'n sodanige verskynsel afgelei word uit die huidige akkulturatiewe invloed wat in 'n mindere of meerdere mate oor al die Bantogroepe van Suid-Afrika heen strek om 'n proses van verwestering (in verskillende stadia) tot gevolg te hê; tweedens is dit eksplisiet 'n situatiewe kenmerk van die tyd, die historiese wording waarvoor geen erflik-biologiese stimulant aangedui kan word nie. Desnieteenstaande word hierdie verskynsel duidelik in die bevolkingsprofile van die groepe deur die Szondi-toets aan die lig gebring.

- (c) Die akkulturatiewe werklikheid waarin die Bantoe verkeer, het aan sy biologiese samestelling nóg deur vermenging, nóg deur genetiese evolusie enige verandering teweeg gebring.

#### 4.4. 'N INTEGRERENDE BESKOUIING

- 4.4.1 Die verkreë Szondi-beelde van die onderskeie Bantogroepe in die huidige ondersoek, kon deurgaans met 'n groot mate van sekerheid aan die situatiewe aspekte van die huidige stadium in akkulturatiewe ontwikkeling gekoppel word. Die resultate van die ondersoek dui dan ook op die persoonlikheid van die Bantoe in krisis; in dié krisis wat soos reeds aangetoon, vir Van Dyk juis voortvloei uit die situatiewe werklikheid van 'n versnelde akkulturasie van die tyd; wat deur BIGNAULT by die Bantoe in die gestalte van die ontwortelde mens op die voorgrond tree, in sy beweging weg van die sogenaamde tradisie-gerigte na die meer Blank-westers ge-oriënteerde kultuurvorm met sy "taal van die Blanke" wat by die Bantoe vreemd aandoen. Bevestiging hiervoor sou ook uit die resultate van Du Preez sowel as De Ridder se ondersoeke gevind kon word.
- 4.4.2 In die lig van die voor-die-handliggende situatiewe verklaarings wat vir die huidige Szondi-beelde by die Bantogroepe aangebied kan word, kom dit dus onwaarskynlik voor dat genetiese oorsake hierdie verskynsels ten grondslag sou kon lê. In sy mees betekenisvolle diagnostiese verband tipeer die toets die Bantoe juis te midde van die akkulturatiewe werklikheid van 'n grootskaalse kulturele transformasie. Te meer slaag dit daarin om dié groepe juis te diagnoseer in

daardie stadium van skeiding van die oue waarin die nuwe nog nie verinnerlik is nie - die tussenstadium van akkulturasie wat dan ook wel deur chaos gekenmerk word.

- 4.4.3 Dit moet dus opvallend wees dat die toets wel "werk," maar oënskynlik om geheel ander redes as dié wat Szondi vir sy sogenaamde gentoets voorhou. Daarmee saam word die klassieke stelling van Szondi, naamlik dat sy genteorie en gentoets nie van mekaar te skeie is nie, dat daar inderdaad sonder die een geen bestaansreg vir die ander is nie, duidelik bevraagteken sodat daar hierom lynreg aansluiting gevind word by dié stelling van Janssen (1952, bl. 85), toe hy 'n soortgelyke proefeksperimentele bevinding gemaak het met die toets, dat die Szondi-toets inderdaad "een dangerous test" is. Dit skyn te werk, nieteenstaande die oënskynlike ongrondigheid van die rasionaal onderliggend daaraan.
- 4.4.4 Die feit dat die huidige ondersoek, soos dié van Janssen, daarop dui dat eerder situatiewe as erflike verskynsels die diagnostiese sinvolheid van die toets onderlê, gee egter nog lank geen rasionaal daaraan nie. En juis hierom voel Janssen die gevaar van die toets aan. Sou die gerigsuitdrukkings van die persone enige diagnostiese implikasies kon inhou? Indien wel, dan hoe? Is ekspressie dan werklik só universeel dat dit nie alleen oor rasse-afstande nie, maar oor die grense van kultuur strek? So 'n stelling sou vanuit die moderne Kommunikasiekunde met min omslagtigheid maar op grond van vele feite pertinent afgemaak kon word.
- 4.4.5 Dit skyn dus asof die Szondi-spesialiste nog veel huis skoon te maak het en self nog veel navorsing in dié verband te doene het ten einde aan die wetenskap 'n toets te bied waarvan die rasionaal minder twyfel laat as wat tans die geval is.
- 4.5 BEHOEFTE AAN VERDERE NAVORSING
- 4.5.1 In 1959 maak Biesheuvel soos aangetoon, dié stelling dat ondersoeke na Bantoepersoonlikheid in daardie stadium slegs 'n mate van sekerheid oplewer in verband met die aanname dat die Bantoe se psigiese tempo stadiger as dié van die Blanke is. Die vraag is nou of die huidige ondersoek enigszins aanspraak sou kon maak op 'n verdere verheldering van die kennis in verband met die persoonlikheid van die Bantoe.
- 4.5.2 Weliswaar sou daar 'n aanspraak kon wees op twee bydraes van betekenisvolle aard uit die onderhawige studie. Eerstens word

persoonlikheid uit die huidige resultate duidelik getipeer in sy beweging van die oue na die nuwe - 'n beeld van persoonlikheid in 'n krisissituasie waarin onsekerheid as 'n opvallende kenmerk duidelik te onderskei is; tweedens bring dit die sinvolheid daarvan aan die lig om persoonlikheid binne die raamwerk van sy etniese werklikheid te bestudeer en word daar deurgaans aangedui hoe hierdie etniese verband kultureel sowel as subkultureel dikwels verantwoordelik kan wees vir totaal anderse persoonlikheidsbeelde nieteenstaande die gemeenskaplikheid van die rasse-aspek wat vir die groepe geld. Dit is trouens dan ook waarskynlik die belangrikste faktor wat tot dusver in sielkundige ondersoeke met die Bantoe oor die hoof gesien is.

- 4.5.3 Vanuit die eerste stelling spreek 'n behoefte aan daardie navorsing wat persoonlikheid binne sy akkulturatiewe verband sal bestudeer. Hierteenoor is die implikasies van die tweede bevinding juis daarop gemik om die waarde van navorsing binne die raamwerk van 'n ideaalmetodologiese uitgangspunt aan te dui.
- 4.5.4 Die internasionale (en nasionale) druk van die tyd met sy klem op selfbeskikking binne 'n Blank-westerse demokratiese verband, stel in die huidige stadium kennis van die behoeftes en motiewe van ontwikkelende groepe pertinent op die voorgrond. Dit is hier waar die Suid-Afrikaanse sielkundige dan ook sy blywende bydrae kan lewer op 'n terrein wat deur die plaaslike Sielkunde tot dusver skromelik verwaarloos is. Slegs deur sinvolle wetenskaplike kennis op te bou van die dryfvere onderliggende aan die gedrag van die mens wat vir die Wes-Europees-gevestigde Sielkunde vreemd aandoen, sou effektiewe kommunikasie langs weë, gevrywaar van enige lukraakmetodes, opgebou kon word. Dit impliseer op sy beurt dat die taak van die navorser hier nog legio is, sodat 'n mens jou nie sou wou waag aan spesifieke voorstelle nie.
- 4.5.5. Dit is egter hier waar die ideaal van 'n sistematiese metodiek ter sprake kom. Daar is aangedui dat Bantoe persoonlikheid die sinvolste bestudeer kan word juis waar dit teen die agtergrond van die situatiewe werklikheid wat dit omgewe, bestudeer word. Trouens, dit kom op geen nuwe ontdekking neer nie, maar is ten beste die herontdekking van 'n waarheid wat in die verlede onder meer deur Ruth Benedick (vergelyk Seward,

1956, bl. 11) in haar bestudering van, onder andere, die Kwakiutlgemeenskap beklemtoon is. Vir die huidige situasie lê die betekenis daarvan daarin dat die beskouing van 'n Bantoekultuur daarmee as 'n dogmatiese begrip afgemaak word, sodat persoonlikheid eerstens in sy etniese verband en tweedens in die kleiner subkulturele verdelings dáárbinne, bestudeer moet word. Daarmee saam sou dit noodwendig kritiek impliseer teen die andersins goed beplande en waardevolle studie van De Ridder, omdat hy in die studie van die stedelike Bantoe die etniese werklikhede terwille van minder pertinente, minder standhoudende verbintenisse links gelaat het. Eweneens het Du Preez in gebreke gebly om sý proefpersone binne 'n meer samebindende verband as die blote feit dat hulle plaasarbeiders was, te bestudeer.

- 4.5.6 Ten slotte word hier nie beweer dat sodanige ondersoeke slegs beperk sou bly tot die Szondi-prosedure nie. Daarvoor het die toets self nog te veel probleme wat ten opsigte van sy eie rasionaal op meer duidelikheid wag. Dit wil vir die huidige voorkom asof daar, wat projeksietegnieke betref, aansluiting gevind sou kon word by dié stelling van Biesheuvel (1958, bl. 161-168) dat veral die TAT hier belofte inhou, juis weens die situatiewe aanpasbaarheid van die toetsmateriaal daarvan.

BYLAE A  
OORSPRONKLIKE TELLING VAN DIE BEVOLKING  
OP DIE SZONDITOETS  
N: 500

VEKTOR	B	VEKTOR	B	VEKTOR	B	VEKTOR	B
S		P		Sch		C	
++	66	-0	59	0-	66	00	17-
0+	23	--	43	+-	74	0+	28
+0	82	+ <u>-</u>	20	-0	47	0-	59
0-	28	+0	29	-+	28	0+	11
+ <u>-</u>	110	0-	35	--	88	-0	17
-0	17	0+	26	++	19	-+	37
-+	25	++	28	+0	23	--	23
--	22	0+	28	+0	17	+ <u>-</u>	12
0+	19	00	28	++	17	+0	52
+ <u>-</u>	34	+0	18	+ <u>-</u>	38	++	42
-+	16	+ <u>-</u>	19	0+	19	++	34
++	10	++	22	0+	11	+ <u>-</u>	121
++	9	++	13	++	5	+0	16
+0	17	++	11	+ <u>-</u>	17	++	13
+ <u>-</u>	13	-+	69	++	14	+ <u>-</u>	14
00	9	+ <u>-</u>	52	00	17	++	4

Kenmerkende Bevolkingsprofiel

	S		P		Sch		C								
ht	292	st	124	et	131	hy+	138	kt	121	pt	83	dt	249	mt	120
h-	80	s-	173	e-	190	hy-	150	k-	180	p-	266	d-	89	m-	217
ho	79	so	125	eo	117	hyo	134	ko	113	po	104	do	115	mo	102
ht	49	s <u>-</u>	78	e <u>-</u>	62	hy <u>-</u>	78	k <u>-</u>	86	p <u>-</u>	47	d <u>-</u>	47	m <u>-</u>	61

BYLAE B  
OORSPRONKLIKE TELLING VAN DIE MANLIKE  
PROEFPERSONE OP DIE  
SZONDITOETS  
N:300

VEKTOR	M	VEKTOR	M	VEKTOR	M	VEKTOR	B
S		P		Sch		C	
++	48	-0	41	0-	41	00	8
0+	11	--	23	+-	42	0+	14
+0	39	+-	13	-0	31	0-	39
0-	14	+0	18	-+	15	0+	8
+-	68	0-	21	--	51	-0	12
-0	8	0+	16	++	14	-+	18
-+	17	++	12	+0	10	--	17
--	14	0+	19	+0	12	-+	7
0+	14	00	14	++	12	+0	37
++	24	+0	17	+-	21	++	22
-+	10	-+	14	0+	12	++	19
++	6	++	13	+	8	+-	72
++	5	++	10	++	2	+0	9
+0	8	++	7	-+	9	++	5
+-	8	-+	31	++	13	+-	10
00	6	+-	31	00	7	++	3

Kenmerkende Bevolkingsprofiel

S		P				Sch			C						
h+	179	s+	82	e+	74	hy+	72	k+	68	p+	53	d+	150	m+	59
h-	49	s-	104	e-	109	hy-	88	k-	106	p-	155	d-	54	m-	138
ho	45	so	61	eo	70	hyo	90	ko	68	po	60	do	69	mo	66
h+	27	s+	53	e+	47	hy+	50	k+	58	p+	32	d+	27	m+	37

BYLAE C  
OORSPRONKLIKE TELLING VAN DIE VROULIKE  
PROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS

N:200

VEKTOR	V	VEKTOR	V	VEKTOR	V	VEKTOR	V
S		P		Sch		C	
++	18	-0	18	0-	25	00	9
0+	12	--	20	+-	32	0+	14
+0	41	+-	7	-0	16	0-	20
0-	14	+0	11	-+	13	0+	3
+-	42	0-	14	--	37	-0	5
-0	11	0+	10	++	5	-+	19
-+	8	++	16	+0	13	--	6
--	8	0+	9	+0	5	-+	5
0+	5	00	14	++	5	+0	15
++	10	+0	1	+-	17	++	20
-+	6	-+	5	0+	7	++	15
++	4	++	9	0+	3	+-	49
++	4	++	3	++	3	+0	7
+0	9	++	4	-+	8	++	8
+-	5	-+	38	++	1	+-	4
00	3	+-	11	00	10	++	1

Kenmerkende Bevolkingsproefiel:

S		P		Sch		C									
h+	111	s+	42	e+	57	hy+	66	k+	53	p+	30	d+	99	m+	61
h-	33	s-	69	e-	81	hy-	62	k-	74	p-	111	d-	35	m-	79
ho	34	so	64	eo	47	hyo	44	ko	45	po	44	do	46	mo	36
h+	22	s+	25	e+	15	hy+	28	k+	28	p+	15	d+	20	m+	24

BYLAE D  
OORSPRONKLIKE TELLING VAN ZOELOE-  
PROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS  
N: 200

VEKTOR	Z	VEKTOR	Z	VEKTOR	Z	VEKTOR	Z
<i>S</i>		<i>P</i>		<i>Sch</i>		<i>C</i>	
++	25	-0	24	0-	30	00	9
0+	6	--	21	+-	28	0+	12
+0	37	<u>+</u>	9	-0	23	0-	21
0-	17	+0	12	<u>+</u>	11	<u>+</u>	6
<u>+</u>	48	0-	20	--	35	-0	3
-0	8	0 <u>+</u>	10	++	6	<u>+</u>	11
<u>+</u>	7	++	10	+0	11	--	8
--	8	0+	13	<u>+</u> 0	6	<u>+</u>	5
0 <u>+</u>	6	00	9	<u>+</u> <u>+</u>	4	+0	21
<u>+</u> <u>+</u>	15	<u>+</u> 0	6	<u>+</u> <u>+</u>	13	++	21
<u>+</u>	5	<u>+</u>	9	0+	7	<u>+</u> <u>+</u>	19
<u>+</u> <u>+</u>	1	++	9	0 <u>+</u>	3	<u>+</u>	53
<u>+</u> <u>+</u>	4	++	3	<u>+</u> <u>+</u>	2	<u>+</u> 0	3
<u>+</u> 0	7	++	3	<u>+</u>	8	++	4
<u>+</u>	1	<u>+</u>	27	<u>+</u> <u>+</u>	5	<u>+</u>	4
00	5	<u>+</u>	15	00	8	<u>+</u> <u>+</u>	0

Kenmerkende Bevolkingsprofiel:

<i>S</i>		<i>P</i>				<i>Sch</i>			<i>C</i>						
<i>h</i> <u>+</u>	125	<i>s</i> <u>+</u>	38	<i>e</i> <u>+</u>	46	<i>hy</i> <u>+</u>	53	<i>k</i> <u>+</u>	47	<i>p</i> <u>+</u>	28	<i>d</i> <u>+</u>	114	<i>m</i> <u>+</u>	48
<i>h</i> -	28	<i>s</i> -	74	<i>e</i> -	81	<i>hy</i> -	65	<i>k</i> -	77	<i>p</i> -	106	<i>d</i> -	27	<i>m</i> -	86
<i>h</i> 0	34	<i>s</i> 0	57	<i>e</i> 0	52	<i>hy</i> 0	51	<i>k</i> 0	48	<i>p</i> 0	48	<i>d</i> 0	48	<i>m</i> 0	36
<i>h</i> <u>+</u>	13	<i>s</i> <u>+</u>	30	<i>e</i> <u>+</u>	21	<i>hy</i> <u>+</u>	31	<i>k</i> <u>+</u>	28	<i>p</i> <u>+</u>	18	<i>d</i> <u>+</u>	11	<i>m</i> <u>+</u>	30

BYLAE E  
OORSPRONKLIKE TELLING VAN SOTHO-  
PROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS

N:200

VEKTOR	Z	VEKTOR	Z	VEKTOR	Z	VEKTOR	Z
S		P		Sch		C	
++	22	-0	23	0-	25	00	4
0+	13	--	13	+-	36	0+	10
+0	26	+-	8	-0	17	0-	24
0-	8	+0	15	-+	12	0+	3
+-	46	0-	10	--	32	-0	13
-0	6	0+	13	++	12	-+	19
-+	13	++	11	+0	8	--	10
--	12	0+	5	+0	5	-+	6
0+	8	00	15	++	7	+0	19
++	13	+0	9	+-	14	++	12
-+	4	-+	4	0+	9	++	8
++	8	++	8	0+	5	+-	77
++	4	++	9	++	2	+0	9
+0	4	++	7	-+	6	++	7
+-	10	-+	26	++	6	+-	8
00	3	+-	24	00	4	++	4

Kenmerkende Bevolkingsprofiel:

S		P				Sch			C						
h+	107	s+	56	e+	58	hy+	51	k+	58	p+	40	d+	83	m+	48
h-	35	s-	76	e-	66	hy-	55	k-	67	p-	107	d-	48	m-	86
h0	32	s0	39	e0	43	hy0	62	ko	43	po	34	do	41	mo	45
h+	26	s+	29	e+	33	hy+	32	k+	32	p+	19	d+	28	m+	21

BYLAE F  
OORSPRONKLIKE TELLING VAN VENDA-  
PROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS

N:50

VEKTOR	Z	VEKTOR	Z	VEKTOR	Z	VEKTOR	Z
<i>S</i>		<i>P</i>		<i>Sch</i>		<i>C</i>	
++	10	-0	7	0-	6	00	2
0+	2	--	3	÷-	2	0÷	3
+0	12	±-	1	-0	3	0-	6
0-	1	+0	1	-÷	4	0±	0
+-	8	0-	4	--	11	-0	0
-0	2	0±	1	÷÷	0	-÷	4
-+	3	++	5	÷0	3	--	2
--	1	0+	5	±0	3	-±	1
0±	2	00	2	±±	4	÷0	7
±±	3	±0	0	±-	7	÷÷	2
-±	2	-±	3	0÷	0	±±	3
±±	1	±±	2	0±	1	±-	16
±±	1	±±	1	÷÷	1	±0	2
±0	1	±±	0	-±	3	±±	1
±-	1	-+	9	±±	0	±-	1
00	0	+-	6	00	4	±±	0

Kenmerkende Bevolkingsprofiel:

<i>S</i>		<i>P</i>				<i>Sch</i>				<i>C</i>					
<i>h+</i>	33	<i>s+</i>	16	<i>e+</i>	14	<i>hy+</i>	20	<i>k+</i>	6	<i>p+</i>	8	<i>d+</i>	28	<i>m+</i>	10
<i>h-</i>	8	<i>s-</i>	11	<i>e-</i>	22	<i>hy-</i>	14	<i>k-</i>	21	<i>p-</i>	26	<i>d-</i>	7	<i>m-</i>	25
<i>h0</i>	5	<i>s0</i>	15	<i>e0</i>	12	<i>hy0</i>	10	<i>k0</i>	11	<i>p0</i>	11	<i>d0</i>	11	<i>m0</i>	11
<i>h±</i>	4	<i>s±</i>	8	<i>e±</i>	2	<i>hy±</i>	6	<i>k±</i>	12	<i>p±</i>	5	<i>d±</i>	4	<i>m±</i>	4

## BYLAE G

OORSPRONKLIKE TELLING VAN TSONGA-  
PROEFPERSONE OP DIE SZONDITOETS

N:50

VEKTOR	Z	VEKTOR	Z	VEKTOR	Z	VEKTOR	Z
S	.	P	.	Sch	.	C	.
++	9	-0	5	0-	5	00	2
0+	2	--	6	+-	8	0+	3
+0	7	+-	2	-0	4	0-	8
0-	2	+0	1	-+	1	0+	2
+-	8	0-	1	--	10	-0	1
-0	1	0+	2	++	1	-+	3
-+	2	++	2	+0	1	--	3
--	1	0+	5	+0	5	-+	0
0+	3	00	2	++	2	+0	5
++	3	+0	3	++	2	++	7
-+	5	-+	3	0+	3	++	4
++	0	++	3	0+	2	-+	8
++	0	++	0	++	0	+0	2
+0	5	++	1	-+	0	++	1
-+	1	-+	7	++	3	-+	1
00	1	-+	7	00	1	++	0

Kenmerkende Bevolkingsprofiel:

S		P		Sch		C									
h+	27	s+	13	e+	13	hy+	14	k+	10	p+	7	d+	24	m+	14
h-	9	s-	12	e-	21	hy-	16	k-	15	p-	27	d-	7	m-	20
ho	8	so	14	eo	10	hyo	11	ko	11	po	11	do	15	mo	10
h+	6	s+	11	e+	6	hy+	9	k+	14	p+	5	d+	4	m+	6

## B I B L I O G R A F I E

## I GEPUBLISEERDE WERKE

A. Boeke

1. Achtnich, M. *The theory of probability in relation to the Szondi test (In Szondi, L. Moser, U & Webb, M.W. The Szondi test in diagnosis, prognosis and treatment. Philadelphia, Lippincott, 1959. p. 158-171)*
2. Allport, G.W. *Personality - a psychological interpretation.* London, Constable, 1955. 588p.
3. Allport, G.W. *The historical background of modern social psychology. (In Lindsey, G. e.a. Handbook of social psychology. London, Edison-Wesley, 1959, p. 3-56)*
4. Allport, G.W. *Pattern and growth in personality.* New York, Holt, Rinehart & Winston, 1961. 593p.
5. Anastasi, Anne. *Psychological testing.* New York, Macmillan, 1961. 657p.
6. Anastasi, Anne. *Individual differences.* New York, John Wiley, 1965. 301p.
7. Andor, L.E. *Aptitudes and abilities of the black man in sub-saharan Africa, 1784-1963.* Johannesburg, NIPN, 1966. 174p.
8. Arieti, S. (red.) *American handbook of psychiatry. 2 dle.* New York, Basic books, 1959 (I) & 1966 (II). 2098p.
9. Ashton, H. *The Basuto.* Oxford, Oxford university press, 1949. 355p.
10. Beale, R.L. & Hoijer, H. *An introduction to anthropology.* New York, Macmillan, 1956. 658p.

11. Bellak, L. *On the problems of projection.* (*In* Abt, L.E. & Bellak, L. (Eds.) *Projective psychology; clinical approaches to the total personality.* New York, Grove, 1959. p. 7-32.
12. Benedict, Ruth. *Patterns of culture.* London, Routledge & Kegan Paul, 1968. 211p.
13. Boeszöerményi, G. *A statistical study of the Szondi test; a determination of factorial variability; the method of inconsistency.* (*In* Szondi, L. Moser, U. & Webb, M.W. *The Szondi test in diagnosis, prognosis and treatment.* Philadelphia, Lippincott, 1959. p. 138-157.
14. Bidney, D. *Theoretical Anthropology.* New York, Columbia University Press, 1953. 483p.
15. Boyd, W.C. *Blood groups and soluble antigens.* (*In* Burdette, W.J. (Ed.) *Methodology in human genetics,* San Francisco, Holden-Day, 1962. p. 335-365.
16. Bressler, M. *Sociology, biology, and ideology.* (*In* Glass, D.C. (Ed.) *Genetics.* New York, Rockefeller university press, 1968. p. 178-210.
17. Brown, J.A.C. *Freud and the post-freudians.* New York, Penguin, 1964. 222p.
18. Bruwer, J.P. *Die Bantoe van Suid-Afrika.* Johannesburg, APB, 1956. 240p.
19. Buckley, W. (Ed.) *Modern systems research for the behavioral scientist.* Chicago, Aldine, 1968. 525p.
20. BURO VIR STATISTIEK. *Suid-Afrikaanse statistieke.* Pretoria Staatsdrukker, 1968. Verskillend gepagineer.



31. Esser, P.H. *Karakterkennis en neurosenleer.* Kampen, Kok, 1957. 185p.
32. Eysenck, H.J. *The structure of human personality.* New York, John Wiley, 1965. 448p.
33. Freud, S. *Totem and taboo.* New York, Vintage, 1918. 207p.
34. Fuller, J.L. *Genotype and social behavior.* (In Glass, D.C. (Red.) *Genetics.* New York, Rockefeller university press, 1968. p. 111-117).
35. Gedda, L. *A study of racial and subracial crossing.* (In Kuttner, R.E. (Red.) *Race and modern science.* New York. Social science press, 1967. p. 123-139).
36. Gottesman, I.I. *Beyond the fringe; personality and psychopathology.* (In Glass, D.C. (Red.) *op. cit.*, 1968. 260p.
37. Hadfield, J.A. *Dreams and nightmares.* London, Penguin, 1954. 243p.
38. Hall, C.S. & Lindsey, G. *Theories of personality.* London, John Wiley, 1957. 572p.
39. Hamburg, D.A. & Lunde, D.T. *Relation of behavioral genetic, and neuro-endocrine factors to thyroid function.* (In Spuhler, J.N. (Red.) *op. cit.*, 1967.
40. Hawkes, Jaquetta. *Prehistory and the beginnings of civilization.* London, George Allen and Unwin, 1960. 873p.
41. Hebb, D.O. *Heredity and environment in mammalian behavior.* (1953). (In Anastasi, Anne. *op. cit.*, 1965. p. 170-186).

42. Herskovits, M.J. *Cultural anthropology*. New York, Knopf, 1958. 569p.
43. Hirsch, J. & Tryon, R.C. *Mass screening and reliable individual measurement in the experimental behaviour genetics of lower organisms (1956)*. (In Anastasi, Anne. *op. cit.*, 1-65. p. 148-154).
44. Hoernlé, A. Winifred. *Magic and medicine*. (In Schapera, I. *The Bantu-speaking tribes of South Africa*. Kaapstad, Miller, 1956. p. 221-246).
- ✓ 45. Hofmeyr, J.D.J. *Racial biology of the Bantu of South Africa*. (In Kuttner, R.E. *Race and modern science*. New York, Social science press, 1967. p. 69-94).
46. Holt, R.H. *The thematic apperception test*. (In Anderson, H.H. & Anderson, Gladys. (Eds.) *An introduction to projective techniques*. Englewood-Cliffs, Prentice-Hall, 1958. p. 181-229).
47. Hudson, W. *Introduction*. In Andor, *op. cit.*, p. 24-29.
48. Janssen, H. *De Diagnostische waarde van de Szondi-test*, Amsterdam. N.V., 1952. 95p.
49. Jung, C.G. *Two essays on analytical psychology*. London, Routledge & Kegan Paul, 1953. 329p.
50. Jung, C.G. *Symbols of transformation, Vol. I*. New York, Harper, 1956. 273p.
51. Jung, C.G. *The psychogenesis of mental disease*. London, Routledge, 1960. 312p.
- ✓ 52. Junod, H.A. *The social life of a South African tribe*. London, Macmillan, 1927. 559p.

53. Kallmann, F.J. *The genetics of mental illness.*  
(In Arieti, S. e.a. op. cit., 1959. p. 175 - 196)
54. Klineberg, O. *Social psychology.* New York, Rinehart,  
Winston & Holt, 1954. 578p.
55. Kluckhohn, C. & *Personality in nature, society and cul-*  
Murray, H.A. *ture,* 2nd. ed. New York, 1961. 701p.
56. Krech, D., Crutchfield, *Individual in society ; a textbook of*  
R. & Ballachey, E.L. *social psychology.* New York, McGraw-Hill,  
1962. 564p.
57. Krige, Eileen. *The social system of the Zulus.* Pieter-  
maritzburg, & Shooter, 1962. 420p.
58. Kuttner, R.E. *Race and modern science.* New York,  
*Social science press,* 1967. 406p.
59. Landis, C. & Bolles, M. *Textbook of abnormal psychology.* New  
Marjorie. *York, Macmillan,* 1957. 634p.
60. Laubscher, B.J.F. *Sex, custom and psychopathology.*  
2nd. ed. London, Routledge, 1951. 347p.
61. Leahy, Alice. *Nature-nurture and intelligence (1935).*  
(In Anastasi, Anne. op. cit., 1965. p. 132 - 136)
62. Lestrade, G.P. *Some notes on the political organization*  
*of the Venda-speaking tribes.* (In Van Warmelo, N.J. *Contributions*  
*towards Venda History, religion and tribal ritual.* *Etnologiese*  
*publikasie, Vol. III. Pretoria, Staatsdrukker, 1932. p.I - XXVIII)*
63. Lubin, A. *Bespreking* (In Buros, O.K. e.a. *The*  
*fourth mental measurement yearbook.* New Jersey, Gryphon, 1953.  
p. 255 - 256.)

64. Lundman, B. *Race and anthropology.* (In Kuttner, R.E. (Red.) op. cit., 1967. P. 3-26).
65. Macfarlane, J. - & Tuddenham, R. *Problems in validation of projective techniques.* (In Anderson, H.H. & Anderson, Gladys. (Reds.) *Introduction to projective techniques.* Englewood-Cliffs, Prentice-Hall, 1959. p. 26-54.
66. Maslow, A.H. & Mittleman, Bela. *Principles of abnormal psychology* (rev. Ed.). New York, Harper, 1951. 665p.
67. McClearn, G.E. *Social implications of behavioral genetics.* (In Glass, D.C. (Red.) op. cit., 1967. p. 164-168.
68. Morgan, C. *Introduction to psychology.* New York, McGraw-Hill, 1961. 727p.
69. Moser, U. *The application of the Szondi test to the diagnostics of Schicksal analysis.* (In Szondi, L., Moser, U. & Webb, M.W. op. cit., 1959. p. 26-88.)
70. Mühlmann, W.E. *Geschichte der Anthropologie.* Bonn, Athenäum Verlag, 1968. 328p.
71. Murdock, G.P. *Africa; its peoples and their culture history.* New York, McGraw-Hill, 1959. 456p.
72. Nemiah, J.C. *Neurotic aggression.* (In Arieti, S. op. cit., 1959. p. 103-114).
73. Oliver, C.P. *The races of man and human genetics.* (In Kuttner, R.E. op. cit., 1967. p. 171-195).
74. Ostow, M. *The biological basis of human behavior.* (In Arieti, op. cit., 1959. p. 58-87).

75. Page, J.D. *Abnormal psychology; a clinical approach to psychological deviants.* New York, McGraw-Hill, 1947. 441p.
76. Rabin, A.I. *Bespreking (In Fourth mental measurement yearbook, New Jersey, Gryphon, 1953. p. 381-386.)*
77. Rainier, J.D. *New topics in psychiatric genetics. (In Arieti, S., op. cit., 1966. p. 273-289).*
78. Rapaport, S.R. *Foreword (In Buckley, W. op. cit., 1968. p. XIII-XXII),*
79. Rees, L. *Constitutional factors and abnormal behavior. (In Eysenck, H.J. Handbook of abnormal psychology. London, Pitman, 1960. p. 344-392).*
80. Rife, D. *Race and heredity. (In Kuttner, R.E. op. cit. 1967. p. 141-168).*
81. Roberts, J.A. *Inherited diseases, (In Burdette, W.J. (Red.) Methodology in human genetics. San Francisco, Holden-Day, 1962. p. 129-143).*
82. Rosenthal, D. *The genetics of intelligence and personality. (In Glass, D.C. (Red.) op. cit., 1968. p. 69-78).*
83. Rousek, J. & Warren, R. *Sociology; an introduction. New Jersey, Littlefield, 1961. 303p.*
84. Rumney, J. & Maier, J. *The science of society. New York, Gerald Duckworth, 1953. 208p.*
85. Sargent, S. & Williamson, R. *Social psychology. New York, Ronald, 1950. 649p.*

86. Savage, J.M. *Evolution.* New York, Holt, Rinehart & Winston, 1963. 126p.
- ✓ 87. Schapera, I. *The Bantu-speaking tribes of South Africa.* Kaapstad, Miller, 1956. 453p.
88. Schapera, I. *Married life in an African tribe.* London, Faber & Faber, 1939. 126p.
- ✓ 89. Schwidetzky, Ilse. *Race and the biological history of peoples.* (In Kuttner, R.E. (Red.) op. cit., 1967. p. 95-119).
90. Sebard, Georgene. *Psychotherapy and culture conflict.* New York, Ronald Press, 1956. 299p.
91. Shiedle, J. & Slater, E. *Heredity and psychological abnormality.* (In Eysenck, H.J; (Red.) *Handbook of abnormal psychology.* London, Pitman, 1960. p. 298-343).
92. Sonnekus, M. *Die kenlewe van die mens.* (In Nel, B.F. *Grondslae van die psigologie.* Stellenbosch, Universiteits-uitgewers, 1965. 456p.
93. Sorokin, P. *Contemporary sociological theories.* New York, Harper, 1928. 785p.
94. Spuhler, J.N. *Behavior and mating patterns in human populations.* (In Spuhler, J.N. (Red.) *Genetic diversity and human behavior.* Chicago, 1967. p. 241-268).
95. Spuhler, J.N. *Sociocultural and biological inheritance in man.* (In Glass, D.C. (Red.) *Genetics.* New York, Rockefeller university press, 1968. p. 102-110).
96. Stagner, R. & Karwoski, T.F. *Psychology of personality.* New York, McGraw-Hill, 1952. 582p.

98. Steinmetz, S.R. *Inleiding tot de sociologie.*  
Haarlem, De erven F. Bohn, N.V., 1958. 192p.
99. Szondi, L. *Experimental diagnostics of drives.*  
New York, Grune & Stratton, 1952. 220p.
100. Szondi, L., Moser, U.  
& Webb, M.W. *The Szondi test in diagnosis, prognosis and treatment.* Philadelphia, Lippincott, 1959. 309p.
101. Szondi, L. *Schicksal psychology.* (In Szondi,  
Moser & Webb, op. cit., 1959. p. 95-103).
102. Thompson, W.R. *Genetics and social behavior.* (In  
Glass, D.C. (Red.) op. cit., p. 79-101).
103. Thorpe, L.P. &  
Schmuller, A.M. *Personality; and interdisciplinary approach.* New York. Van Nostrand, 1958. 368p.
- ✓ 104. Tomlinson, F.R. e.a. *Samevatting van die verslag van die kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika.* Pretoria, Staatsdrukker, 1955. 214p.
105. Tryon, R.C. *Genetic differences in maze-learning ability in rats (1940).* (In Anastasi, Anne. op. cit., 1965. p. 138-139).
106. Valentine, W.I. &  
Wickens, D.D. *Experimental foundations of general psychology.* New York, Holt, Rinehart & Winston, 1959. 472p.
- ✓ 107. Van den Berg, G. *The nature and nurture of intelligence.* (In Glass, D.C. (Red.) op. cit., p. 3-58).
108. Van Lennep, D.J. *The four picture test.* (In Anderson & Anderson, op. cit., 1959, p. 149-180).

109. Van Warmelo, N.J. *Contributions towards Venda history, religion and tribal ritual. Etnologiese publ. Vol. III, Pretoria, Staatsdrukker, 1932. 207p.*
110. Van Warmelo, N.J.  
& Phophi, W.M.D. *Venda law. Part I, Etnologiese publ. nr., 23. Pretoria, Staatsdrukker, 1948. 223p.*
111. Venter, J.D. *The incidence of juvenile crime in South Africa. Pretoria, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike navorsing, 1964. 70p.*
112. Von Bertalanffy, L. *General system theory - a critical review. (In Buckley, op. cit., 1968. p. 11-36.)*
113. Walder, H. *Drive structure and criminality. (Rev. Ed.) Springfield, Charles C Thomas, 1959. 174p.*
114. Walter, P.F. *Race and culture relations. New York, McGraw-Hill, 1952. 482p.*
115. Webb, M.W. *The application of Szondi test results in a study of the psychology of hermaphroditism. (In Szondi, Moser & Webb, op. cit., 1959, p. 107-136).*
116. Webb, M.W. *The rational, validative procedures, materials and administration of the Szondi test, (In Ibid., p. 3-25).*
117. Webb, M.W. *The Szondi test as an aid in forensic psychiatry and psychology. (In Ibid., p. 172-248).*
118. Wiener, N. *Cybernetics and society. (In Matson, F.W. & Montagu, A. (Eds.) The human dialogue. New York, Free Press, 1967, p. 15-24).*

B. Tydskrifartikels

1. Ames, R.G. & Sakuma, A.F. *Criteria for evaluating others. A re-examination of the Bogardus social distance scale. (In Sociology and social research, Vol. 54, Nr. 1, 1969. p. 5-24).*
2. Balint, M. *On Szondi's "Schicksalanalyse" and "triebdiagnostik". (In International Journ. psychoanalysis, Vol. XXXX, nr. 4, 1948. p. 221-226).*
3. Bereiter, C. *The future of individual differences. (In Harvard educational review, Vol. 39, Nr. 2, 1969. p. 310-318).*
4. Biesheuvel, S. *The study of African ability. (In African studies, Vol. 11, nr. 2, 1952. p. 45-58).*
5. Biesheuvel, S. *Methodology in the study of attitudes of Africans. (In Journ. soc. psychol., Vol. 47, 1-58. p. 169-184);*
6. Biesheuvel, S. *Objectives and methods of African psychological research. (In Journ. soc. psychol., Vol. 47, 1958, p. 161-168).*
7. Biesheuvel, S. *Further studies on the measurement of attitudes towards western ethical concepts. (In Journ. Nat. Inst. Personnel res., Vol. 7, 1959. p. 141-155).*
8. Blignault, A.P. *Preventiewe aspekte van Bantoeopsigiatrie. (In Geneeskunde, Vol. 6, Nr. 26, 1964. p. 383-388).*
9. Bloom, J. *Self concepts and social status in South Africa; a preliminary cross-cultural analysis (In Journ. S. psychol. Vol. 51, 1960, p. 103-112).*
10. Borstelman, L.J. & Klopfer, W.G. *Does the Szondi test reflect individuality? (In Journ. of personality, Vol. 19, Nr. 4, 1951. p. 421-439).*



21. Du Toit, B.M. *Pictorial depth perception and linguistic relativity.* (In Psychologia Africana, 11, 1966. p. 51-63).
22. Elkin, A.P. *Comment* (In The mankind quarterly monographs, VI, *The anatomy of a controversy*, Part II, 1963, p. 44-47).
23. Elkind, D. *Piagetian and psychometric conceptions of intelligence.* (In Harvard educational review, Vol. 39, Nr. 2, 1969. p. 319-337).
24. Epps, E.G. *Negro academic motivation and performance; an overview.* (In Journ. soc. issues, Vol. XXV, Nr. 3, 1969. p. 5-11).
25. Garai, J.E. & Scheinfeld, A. *Sex differences in mental and behavioral traits* (In Genetic psychology monographs, Vol. 77, Nr. 2, 1968. p. 176-241).
26. Garrett, H.E. *Klineberg's chapter on race and psychology.* (In The mankind quarterly, Vol. I, Nr. 1, 1960, p. 15-22).
27. Garrett, H.E. *The scientific racism of Juan Comas* (In The mankind quarterly, Vol. II, Nr. 3, 1961a. p. 100-106).
28. Garrett, H.E. *The equalitarian dogma.* (In The mankind quarterly, Vol. 1, Nr. 4, 1961b, p. 253-257);
29. Garrett, H.E. *The SPSSI and racial differences.* (In American psychologist, Vol. 17, Nr. 5, 1962, p. 260-263).
30. Garrett, H.E. *Comment* (In The mankind quarterly Monographs, VI. *The Anatomy of a controversy*, Part III, 1963. p. 49-52).
31. Garrett, H.E. *The relative intelligence of Whites and Negroes.* (In The mankind quarterly, Vol. VIII, Nr. 2, 1967. p. 64-79).

32. Gates, R.G. *The Kurumbas in the Nilgiri hills of South India* (In The mankind quarterly, Vol. I, Nr. 4, 1961. p. 25a-287).
33. Gayre of Gayre, R. *The mankind quarterly under attack.* (In The mankind quarterly, Vol. II, Nr. 2, 1-61. p. 79-84).
34. Gayre of Gayre, R. *The Lembas and Vendas of Vendaland.* (In The mankind quarterly, Vol. VIII, nr. 1, 1967. p.3-15)
35. Gilfillan, S.C. *Some racial comparisons of inventiveness.* (In The mankind quarterly, Vol. IX, Nr. 3, 1969. p. 106-119).
36. George, W.C. *Equalitarianisms what does the evidence say?* (In The mankind quarterly, Vol. VIII, Nr. 1, 1967. p. 46-48).
37. Gini, C. *The testing of Negro intelligence; a review* (In The mankind quarterly, Vol. I, Nr. 2, 1960. p. 120-125).
38. Gregor, A.J. *Comas' chapter on racial myths; a review.* (In The mankind quarterly, Vol. II, Nr. 1, 1961. p. 30-34).
39. Gregor, A.J. *Juan Comas: critic and scholar* (In The mankind quarterly, Vol. III, Nr. 1, 1962. p. 37-47).
40. Gregor, A.J. *Introduction* (In The mankind monographs, VI, *The anatomy of a controversy*, Part II, 1963. p. 3-9).
41. Gregor, A.J. *Notes on a scientific controversy* (In *ibid.* Part III, 1964. p. 4-23).
42. Guertin, A. *A comparison of the stimulus values of Szondi pictures with those of normal Americans.* (In Journ. clinic. psychol., 1951. p. 163-166).

43. Hector, H. & Hudson, W. *Pattern specificity in a sample of Mozambique tribesmen on the 7-squares test.* (In J. Nat. inst. personnel res., Vol. 7, 1959. p. 156-161).
44. Hofmeyr, J.D.J. & Hitzeroth, H. *Differences in facial conformation of four sub-groups of the Bantu of South Africa.* (In The mankind quarterly, Vol. II, Nr. 1, 1961, p. 16-19).
45. Hudson, W. *Pictorial perception and educational adaptation in Africa.* (In Psychologia Africana, Vol. II, 1962. p. 51-63).
46. Hudson, W. *Pictorial depth perception in sub-cultural groups in Africa.* (In Journ. S. Psychol., Vol. 52, 1960. p. 183-208).
47. Jensen, A.R. *How much can we boost IQ and scholastic achievement?* (In Harvard educational review, 1959a, Vol. 39, Nr. 1, 123p.).
48. Jensen, A.R. *Reducing the heredity-environment uncertainty; a reply.* (In Harvard educational review, Vol. 39, Nr. 3, 1969b. p. 449-483).
49. Josey, C.C. *Who makes the environment?* (In The mankind quarterly, Vol. V, Nr. 2, 1964. p. 104-109).
50. Kagan, J.S. *Inadequate evidence; and illogical conclusions* (In Harvard educational review, Vol. 39, Nr. 2, 1969, p. 274-277).
51. Katz, I. *A critique of personality approach to Negro performance, with research suggestions.* (In Journ. soc. issues, Vol. XXV, Nr. 3, 1969. p. 13-27).
52. Light, R.J. & Smith, P.V. *Social allocation of intelligence; a methodological inquiry.* (In Harvard educational review, Vol. 39, Nr. 3, 1969. p. 484-510).

53. Macrae, D.G. *Cybernetics and social science.* (In Br. Journ. Soc., Vol. 2, 1951. p. 135-149).
54. Males, B. *Racial biodynamics in the study of population.* (In The mankind quarterly, Vol. V, Nr. 1, 1964. p. 3-20).
55. McGurk, F.C. *Psychological test score differences and the "culture hypothesis".* (In The mankind quarterly, Vol. 1, Nr. 3, 1961. p. 165-175).
56. Osborne, R.T. *School achievement of White and Negro children of the same mental and chronological ages.* (In The mankind quarterly, Vol. II, Nr. 1, 1961. p. 20-25).
57. Phillips, N.R. *The biological foundations of Hellenic civilization.* (In The mankind quarterly, Vol. VIII, Nr. 1, 1967).
58. Porteus, S.D. *Ethnic group differences.* (In The mankind quarterly, Vol. 1, 1961. p. 187-200).
59. Possony, S.T. *Unesco and race; a study in intellectual oppression.* (In The mankind quarterly, Vol. VIII, Nr. 3, 1968. p. 115-146).
60. Putnam, C. *These are the guilty!* (In The mankind quarterly, Vol. IV, Nr. 1, 1963. p. 12-27).
61. Rabin, A. *Szondi's pictures; identification of diagnosis.* (In Journ. abnorm. & soc. psychol., Vol. 45, 1959. p. 401-402).
62. Rainwater, L. *A study of personality differences between middle and lower class adolescents. The Szondi test in culture-personality research.* (In Genetic psychology monographs, Vol. 54, Nr. 1, 1956. p. 3-86).

63. Rytina, Joan, Form, W. & Pease, J. *Income and stratification ideology; belief about the American opportunity structure.* (In American Journ. Soc., Vol. 75, Nr. 4, Deel II, 1970. p. 703-716).
64. Sabin, A.R. *Progress of integration.* (In The mankind quarterly, Vol. VII, Nr. 2, 1967. p. 94-105).
65. Schumann, T.E.W. *The unpreparedness of civilized countries for twentieth century racial revolution.* (In The mankind quarterly, Vol. VIII, Nr. 2, 1967. p. 80-93).
66. Stinchcombe, A.L. *Environment; the cumulation of effects is yet to be understood.* (In Harvard educational review, Vol. 39, Nr. 3, 1969, p. 511-522).
67. Strating, A. *Aspekte van die geestesgesondheid van die Bantoe.* (In Geneeskunde, Vol. VI, Nr. 13, 1964. p. 383-388).
68. Swan, D.A. *Juan Comas on "'Scientific' racism again?"*. (In The mankind quarterly, Vol. II, Nr. 3, 1962. p. 231-245).
69. Swan, D.A. *The biological processes of race formation.* (In The mankind quarterly, Vol. V, Nr. 2, 1964. p. 110-116).
70. Swan, D.A. *Racial differences and physical anthropology.* (In The mankind quarterly, Vol. V., Nr. 3, 1965. p. 149-160).
71. Thayer, Kathleen. *Cultural differences - a discussion of their effects and causes.* (In The mankind quarterly, Vol. VIII, Nr. 3, 1968. p. 161-165).
72. Tien, H. *Pattern recognition and psychosynthesis.* (In Am. Journ. Psychotherapy, Vol. XXIII, Nr. 1, 1969a, p. 53-66).
73. Tien, H. *Psychosynthesis; a cybernetic system of psychotherapy.* (In Conference record, 6th annual Rocky Mountain bio-engineering symposium, 1969b. p. 78-81).

74. Van Dyk, T.A.                      *Enkele aspekte van die sielkunde van die Bantu ('n Kultureel-psigologiese benadering)*. (In Geneeskunde, Vol. VI, Nr. 13, 1964. p. 378-383).
75. Vuijk, Rita.                        *De waarde van de Szondi-test*. (In Nederlandse Tijdschrift voor de psychologie en haar Grensgebieden, Vol. II, 1956. p. 447-468).
76. Wallen, R.                            *Factors effecting the choice of certain Szondi test pictures*. (In Journ. consult. psychol., Vol. XV, 1951. p. 210-215).
77. Weyl, N.                                *The Arab world; a study of biogenetic disintegration*. (In The mankind quarterly, Vol. VIII, Nr. 1, 1967. p. 26-43).
78. Weyl, N.                                *Some comparative performance indexes of American ethnic minorities*. (In The mankind quarterly, Vol. IX, Nr. 3, 1969. p. 106-119).
79. Wilcock, J.                            *Gene action and behavior; an evaluation of major gene pleiotropism*. (In Psychol. Bull., Vol. 72, Nr. 1, 1969, p. 1-29).
80. Wintringer, G.                        *The intelligence of the African Negro*, (In The mankind quarterly, Vol. V, Nr. 1, 1964. p. 35-44).

II. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

A. Verhandelinge en proefskrifte

1. Breedt, J.                              *Oorsig oor die moderne Noord-Sotho-letterkunde tot 1954*. M.A. (Verhandeling), U.P., 1955. 109p.
2. Du Preez, P.H.                        *Die verkryging van verhoogde werkverrigting by die Bantoe in die landbou*. M.Sc. (Landbou), verhandeling, U.P., 1962. 205p.

3. Lee, S.G. *A preliminary investigation of the personality of the educated African by means of a projective technique. M.A. (Sielk.), verhandeling, Pietermaritzburg, Universiteit van Natal, 1950. 181p.*
4. Robbertse, J.H. *Die bydrae van enkele nie-intellektuele faktore tot die voorspelling van waarskynlike skoolprestasie met behulp van die nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets met spesiale verwysing na die rol van moderatorveranderlikes. D.Phil. (Sielk.), proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968. 362p.*
5. Roos, J.G. *'n Diepte-sielkundige ondersoek na die motiveringswaarde van drangbehoeftes ten opsigte van beroepskeuse en -beoefening; vergelyking en ontleding van Szondi-toetsresultate van verskeie beroepsgroepe. D. Phil. (Sielk.), proefskrif, U.P., 1962. 351p.*
6. Smit, P. *'n Vergelyking van die geografiese studie van grondgebruik in die Bantoegebiede van Noord-Transvaal. D. Phil. (Aardrykskunde), proefskrif, Pretoria, UNISA, 1965. 294p.*
- B. Verslae
1. Nelson, G.K. *A neuropsychological study of the comparative intoxicating effects of various alcoholic beverages. (In NIPN, finale verslag, G30/62, 1962, 57p.*
2. Nelson, G.K. *The electroencephalogram studies in sequelae of kwashiorkor and other diseases in Africans. (In Sentraal-Afrikaanse wetenskaplike en mediese kongres, Lusaka, Sambië, 26-30 Aug. 1963, NIPN, verslag. p. 777-787).*

3. Nelson, G.K. e.a.

*Psychological, nutritional and  
sociological studies of kaffir beer,  
Pretoria, NIPN, 1964. 54p.*